

SIR THOMAS MUIR  
EN  
DIE ONDERWYS IN KAAPLAND TYDENS SY  
BESTUUR AS SUPERINTENDENT-GENERAAL  
VAN ONDERWYS, 1892—1915

---

*Akademiese Proefskrif ter verkryging van die Graad van  
Doctor Educationis aan die Universiteit van Stellenbosch.*



HERMAN M. DALEBOUDT

---

(Promotor: Prof. dr. H. P. CRUSE).

## VOORWOORD

---

Die studie wat hier volg, het as onderwerp die lewe en werk van 'n merkwaardige man. As daar ooit 'n persoon gewees het wat hom hart en siel beywer het vir die verspreiding van onderwys in Suid-Afrika, dan was dit sir Thomas Muir. Hy het groot dienste aan die onderwys in Suid-Afrika bewys en heelwat van blywende aard tot stand gebring.

Treffend is die heldere insig wat sir Thomas Muir onmiddellik na sy aankoms in die land in die toestand van onderwyssake gekry het en die deeglikheid en deursettingsvermoë wat hy aan die dag gelê het om die onderwys op gesonde voet te bring. Sy uitstaande diens aan die onderwys in Kaapland was die skepping van die masjinerie wat die latere uitbreiding onder sy bekwame bestuur moontlik gemaak het. Ook het hy groot bydraes tot alle vertakkings van die onderwysstelsel gemaak: die leerplan van die primêre skool het hy hersien en verryk met die voorheen verwaarloosde vakke soos sang, teken, naaldwerk, houtwerk en huishoudkunde; sekondêre onderwys het hy van vooraf georganiseer en doeltreffende hoërskole in die lewe geroep; die opleiding en status van onderwysers het hy verbeter en verhoog; deur sy toedoen het die skoolraadstelsel ontstaan; en die nasionalisasie van skoolgeboue het hy teweeggebring.

Nadruk moet veral gelê word op sir Thomas se aandeel in die totstandkoming van die „Armskole” waardeur die minderbevoordele ook in staat gestel is om onderwys te kan geniet. Onder die suiwer vrywillige onderwysstelsel van destyds was dit uiter moeilik vir die armes om sonder hulp 'n skoolopvoeding te bekom. Sy optrede in verband hiermee verdien alle lof en waardering.

Hierdie studie gaan uit van die standpunt om 'n billike en regverdig oorsig van sir Thomas Muir en sy werk te gee. Daar word dus gewys op dié dinge deur hom verrig waarvoor ons dankbaar moet wees en waarvoor hy in die verlede miskien nie genoeg erkenning ontvang het nie. Aan die ander kant moet daarop gewys word dat sir Thomas

Muir gedurende sy loopbaan dikwels in ernstige botsing gekom het met sekere dele van die bevolking en die skrywer vertrou dat dit hom nie ten kwade sal gedui word nie ingeval hy hom onomwonde uitspreek oor die geskilspunte.

Aangesien behandeling van ons onderwerp tematies en nie kronologies geskied nie, verskyn daar reeds vroeg kritiek op Muir se beleid en optrede. Die kritiek het veral betrekking op sy enigsins outokratiese optrede in soveel sake en ook op sy houding teenoor die taalvraagstuk. Hoe ons ook van sir Thomas Muir en sy optrede verskil, bly die een onweerlegbare feit, deur enigeen met 'n heldere en onpartydige oordeel erken, dat hy voortrefflike deugde besit het wat hy in die lig van sy eie oortuiging heelhartig in diens van sy aangename vaderland gestel het.

Die skrywer betuig graag sy dank aan die Kaapse Departement van Onderwys vir goedgunstige afstaan van Onderwysrapporte wat feitlik onmisbaar was; en ook aan mej. Helen Scholtz van Somerset Wes vir haar gewaardeerde dienste as tikster. Ten slotte word besondere dank gerig aan prof. dr. H. P. Cruse onder wie se leiding en aanmoediging die werk tot voltooiing gekom het.


#### DIE SKRYWER.

Somerset Wes,  
Oktober 1942.

## INHOUDSOPGawe

---

Hoofstuk		Bladsy
I.	Kaapland soek na 'n Onderwysstelsel	1
II.	Thomas Muir ...	35
III.	Reorganisasie ...	69
IV.	Inspeksie ...	103
V.	Die Bestryding van Onderwysgebrek ...	140
VI.	Die Ontwikkeling van die Skoolstelsel	170
VII.	Die Ontwikkeling van die Skoolstelsel—vervolg	203
VIII.	Die Hersiening van die Leerplanne ...	236
IX.	Die Taalvraagstuk ...	286
X.	Die Opleiding en Status van Onderwysers ...	328
XI.	Die Opkoms van Skoolrade en gedwonge Onderwys	362
XII.	Nie-blanke Onderwys ...	402
XIII.	Slot ...	427
<hr/>		
Aanhangsel A—Tabelle van Regeringstoelae		446
Bibliografie ...		451
Illustrasies :		
Dr. Thomas Muir ...		<i>Frontispiece</i>
Groei van Onderwyskantoor ...		47a
Vermeerdering van die Skoolbevolking, 1892—1915		169a
Vermeerdering van die Skole, 1892—1915		201a
Blanke Skoolstelsel, 1892 ...		220a
Blanke Skoolstelsel, 1915 ...		220b
Sir Thomas Muir byna 90 jaar oud ...		327



DR. THOMAS MUIR  
SUPERINTENDENT-GENERAAL VAN ONDERWYS, 1892-1915.

HOOFSTUK EEN.KAAPLAND SOEK NA 'N ONDERWYSSTELSEL.Sewe Pogings.

Die geskiedenis van die onderwys in Kaapland is die geskiedenis van die soek na 'n stelsel. Tot die aankoms in Suid-Afrika in 1892 van dr. Thomas Muir, die derde Superintendent-generaal van Onderwys, was daar nie minder as sewe afsonderlike pogings tot die invoer van 'n deeglike en doeltreffende onderwysstelsel nie. Ses van hierdie pogings het alreeds na meer of minder sukses op mislukkings uitgeloop. Die sewende stelsel het die effstuk van die derde Superintendent-generaal van Onderwys geword.<sup>1</sup> As gevolg van die veelbewoë geskiedenis van die onderwys hier te lande is die onderwysstelsel van Suid-Afrika tot groot mate die produk van opeenvolgende byvoegings van stelsels en brokkies van stelsels van die buiteland af sodat daar tereg gesê is: "There is perhaps no country in the world where the educational system has had so many buffettings and tamperings from without as the education of South Africa".<sup>2</sup>

Gedurende die eerste sestig jaar van die volksplanting in die suidhoek van Afrika kan daar nie eintlik sprake wees van 'n

1. Lct Wel. Daar dit moontlik misleidend kan wees wanneer van sewe pogings gepraat word, dien opgelet te word dat elke nuwe stelsel nie die vorige totaal vervang het nie. Die stelsels het inmekkaar gevleg en dikwels het die ou skole langs die nuwes bly voortbestaan.

2. Malherbe: Education in South Africa, bls. 7.

Georganiseerde stelsel van Onderwys nie. Dic nedersetting is nog steeds in die lig van 'n verversingspos van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie beskou, gevvolglik het die onderwys van owerheidsweë maar skamele behandeling ontvang en die opvoeding van die jeug is grotendeels aan die sogenoende boereskoolmeesters of huisonderwysers oorgelaat.<sup>3</sup>

#### Eerste poging - de Chavonnes se Skoolordonnansie.

Die begin van die 18de eeu was jare van woelig<sup>4</sup> en onsekerheid sodat daar van regeringskant af nien aandag aan onderwyssake geskenk is. Na die herroeping van Willem Adriaan van der Stel as goewerneur van die Kaap het daar egter 'n man aan bewind gekom wat die onderskeiding sou geniet om die eerste te wees om 'n skoolwet in te voer - 'n wet wat feitlik die hele 18de eeu deur, die onderwyswet van die land gebly het. Hierdie "ordonnantie van de School ordenning" van Goewerneur Maurits Pasques de Chavonnes in 1714 was die eerste stelselmatige poging om die onderwys aan die Kaap onder 'n behoorlike beherende liggaam te plaas en die stigting van skole te reël. Alhoewel die volksplanting teen hierdie tyd die distrikte van Stellenbosch, Drakenstein en Waveren ingesluit het, is die skoolwet hoof-

- 
3. Vgl. in hierdie verband Franken: Huisonderwys aan die Kaap (1692 - 1732), bls. 1 en 2.
  4. Gedateer 21 Augustus 1714, C.9. (Kaapse Argief).

saaklik in die onmiddellike omgewing van Kaapstad toegepas, maar waar skole op die platteland bestaan het, en waar omstandighede dit toegelaat het, is gepoog om die bepalings van die wet na te kom. Voldoende godsdienstige kennis vir toelating tot lidmaatskap van die kerk was die einddoel van die destydse onderwys maar behalwe in die hoofstad was die uitslae maar ka rig. In die buitewyke is vordering op onderwysgebied gedurig belemmer weens die gebrek aan geskikte onderwysers en onder die plattelandse bevolking het die boereskoolmeesters - meestal uitgeweke of uitgehuurde dienaars van die Kompanjie - nog hoogty 5 gevier.

Die liggaam wat die onderwys sou beheer, die "Heeren Scholarchen", het bestaan uit die Sekundus, die Predikant van Kaapstad en die Kaptein van die Garnisoen. Dit was hulle plig om die skole te inspekteer en om toe te sien dat die skoolwet behoorlik gehoorsaam word. Behalwe die reëeling van skole en leervakke was de Chavonnes se vernaamste doel met sy wet om doeltreffende beheer uit te oefen oor die gehalte van persoon wat as onderwyser sou optree, en gevolglik is indienstredende onderwysers aan 'n grondige ondersoek onderwerp aangaande hulle ge loof en hulle gehegtheid aan die leerstellings van die Gereformeerde Kerk.  
6

5. Vgl. J. Hoge: Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de Eeu, bls. 7 - 10.
6. Sien Ordonnansie van de Chavonnes, C.9. (Kaapse Argief).

Dit het spoedig geblyk dat die werking van die skoolwet nie met welslae bekroon sou wees nie en aan die einde van die 18de eeu was die toestand van die onderwys weinig beter as toe die ordonnansie in 1714 in werking getree het. Daar het skole bestaan, ja, en daar is wel 'n soort onderwys gegee, maar bevoegde onderwysers was daar nie te kry nie, terwyl die onderwysers wat wel te kry was van 'n betreurenswaardige gehalte was. Hieraan is die mislukking van die eerste poging tot die invoer van 'n onderwysstelsel in Kaapland toe te skrywe. "Neen, zoo men de waare oorzaak van den slegten toestand onzer Schoolen begeert te weeten," het die Raad van Skolarge in 1791 verklaar, "zoo kan men die zeker nergens in zoeken dan in de gesteldheid der schoolmeesteren zelve. Deeze lieden nooit tot zulke bedieningen opgelijd; - naauwerlijks meer dan een tamelijke hand kunnende schrijven; - dikwerf de spelkunst niet dan gebreklig, en het rekening menigmaal op zijn best tot de regel van driën verstaande, is men uit gebrek van bekwaamer stoffe dikwels genoodzaakt geweest het onderwijs en opvoeden den jeugd aan dezelve toe te vertrouwen. Wat kan men nu van sulken menschen arbeid wagten!"<sup>7</sup>

#### Tweede Poging - Die Skolarge tree op.

Ten volle bewus van die treurige toestand van die

7. Resolusies van die Politieke Raad III, 12 Oktober 1790. C.89. (Kaapse Argief).

onderwys, het die Raad van Skolarge in 1791 met medewerking van die regering 'n kragdige poging aangevend om verbetering aan te bring maar ongelukkig was die Oos-Indiese Kompanjie op hierdie tydstip juis op so 'n stadium van verval dat daar van enige praktiese bydrae van hulle kant geen sprake was nie. Deur twee van die Skolarge, di. J.P. Serrurier en C. Fleck, predikante van die Gereformeerde Kerk, is van die inwoners van Kaapstad destyds ongeveer 5,000 in getal, die aansienlike bedrag van 60,000 Kaapse Gulden (huidige waarde ontrent £6,000) as vrywillige bydrae tot verbetering van die onderwysstelsel versamel. Hierdie blyk van erns aan die kant van die inwoners van die Kaap het die Raad van Skolarge in staat gestel om 'n nuwe en doeltreffender onderwysstelsel op te stel bestaande uit 'n reeks sogenoende Hollandse skole, 'n Franse skool, en 'n Latynse skool met gevorderde onderwys wat die leerlinge sou voorberei vir toelating tot die Europese universiteite. Verder sou goedtoegeruste onderwysers met heelwat verbeterde besoldiging van Holland na die Kaap gebring word.<sup>8</sup> Hierdie poging om 'n beter onderwysstelsel in te voer, moes weer misluk, want, ternouernood is die stelsel gedeeltelik in werking gebring, of die Kaap het in die hande van die Engelse oorgegaan en die ingewikkeldheid van die vraagstukke in verband met die oorname deur die nuwe bewind was geensins bevorderlik vir die voortsitting van die nuwe op-

8. Vgl. Plan van Skolarge vir die verbetering van die Onderwys, Res. Pol. Raad 16 Maart 1792 II, bls. 857 - 874, C.96. (Kaapse Argief).

voedkundige werk wat pas begin het nie. Die fondse wat by-eengebring is, is deur die uiteindelike verval van die Latynse skool in 1837 aan die Suid-Afrikaanse Atheneum oorge-  
maak.  
9

Derde poging - Jacob de Mist betree die Toneel.

Kragtens die vredesbedrag van Aniens het die Kaap in 1802 weer in die hande van die Hollanders (Bataafse Republiek) oorgegaan en nogmaals sou daar 'n poging aangewend word om aan die Kaap 'n onderwyssstelsel te besöre. Hierdie keer sou die poging aangewend word deur een van die verligste administrateurs wat nog ooit in Suid-Afrika voet aan wal gesit het - dr. Jacob de Mist. As kommissaris verteenwoordigende die Bataafse Republiek, het hy die Kaap van die Engelse oorgeneem en tydens sy kort verblyf alhier nie net die regeringstelsel in orde gebring nie, maar ook sy beroemde Skoolorder na grondige ondersoek en raadpleging van die plaaslike ingesetenes in 1804 op die wetboek geplaas.

Die skoolwet van hierdie besonder begaafde regsgelerde was 'n alomvattende maatreël wat bepaal het dat die belangrike saak van opvoeding «niet verder aan wisselvalligheden, tegenstrijdige werkingen, en niet samehangende beschikkingen, of eindelijk, uit gebrek aan toereikende Fondsen tot derzelver instandhouding, misschien aan een geheel

9. Vgl. Rapport van Ond. Kom. 1863, bls. VIII tot XI vir vollediger oorsig oor hierdie tydperk.

veral overtelaaten, Hy Commissaris Generaal overzulks geoordendeelde heeft, dat het belang der gemeene zaak vordert, dat daar  
omtrent, eens voor altijd, een vasten voet beraamd worde!<sup>10</sup>

Die eerste hoofstuk van die wet het die skoolstelsel uiteengesit, en die tweede, wat egter nooit uitgevaardig is nie, sou die bepalings insake die beskikbaarstelling van die nodige fondse om die nuwe stelsel ten uitvoer te bring bekragtig.

Belangrikste onder die bepalings van die Mist se Skoolorder was die volgende: (a) 'n vergrote en breër Kommissie of Raad van Skolarge met die goewerneur as opperskolarg; (b) die stigting van 'n opleidingskool vir onderwysers; en (c) 'n stelsel van elementêre skole met 'n gevorderde Latynse skool.<sup>11</sup>

Die stelsel wat die Mist beoog het, het op twee ingrypende punte verskil van die stelsel wat dit sou vervang. Eerstens was dit 'n stelsel los van kerk en tweedens sou die onkoste daaraan verbonde deur algemene en plaaslike belastings bestry word. Dit is juis om hierdie twee redes saam met die feit dat die Kaap in 1806<sup>12</sup> finaal in die hande van die Engelse oorgegaan het dat die derde, en tot dusver die mees verligte, poging tot die daarstelling van 'n opvoedkundige stelsel aan die Kaap misluk het. Die deurlugtige de Mist was, wat die Kaap altans be-

10. School-ordre voor de Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop,  
11 September 1804. B.R.117, bls. 265 et seq. (Kaapse Archief).

11. Ibid.

12. Kragtens die Konvensie van Londen het dit eintlik amptelik in 1814 geskied.

tref, sy tyd ver vooruit, en al sou daar in 1806 geen verandering van bewind plaasgevind het nie, is dit sterk te betwyfel of sy stelsel ooit met groot welslae sou bekroon gewees het.<sup>13</sup> Dic Kapenaar van destyds was bereid om die Franse republikeinse idee net ope arms te ontvang maar hy kon egter nie so 'n onding soos 'n sekulêre onderwysstelsel (ook van Franse oorsprong) omhels nie en wat die stelsel nog minder aanneemlik gemaak het, was die tot nog toe in Suid-Afrika ongehoorde voorstel van 'n regstreekse onderwysbelasting.

#### Vierde Poging - Voorleserskole.

Die stelsel van 1804 het natuurlik nie met een haal van die pen verdwyn nie, maar na die herverskyning van die Engelse op die toneel, het die dienende Skoolkommissie bly funksioneer en tot die beste van hul vernoë die voorskrifte van die Skoolorder probeer uitvoer. Hierdie pogings wat Kaapstad self betrek, het 'n mate van sukses gehad maar op die platteland het die ordonnansie van de Mist uit die staanspoor uit maar min invloed uitgeoefen. Bitter weinig is egter deur die nuwe bewind gedoen om die treurige toedrag van sake wat betrek die toestand van onderwys op die platteland te verhelp.

In 1812 het die goewerneur, sir John Cradock, egter hand bygesit om 'n nuwe skoolstelsel in te voer wat veral vir die

13. Word in die sin gebruik van inwoner van die hele Kaapland en nie net van Kaapstad nie.

14

platteland bedoel was. As gevolg van sy verordening is skole gestig te Swartberg (later Caledon), Uitenhage, Paarl, Zwartland (later Malmesbury), Tulbagh, Swellendam, Graaff-Reinet, George en Simonsbaai en hierdie skole is op elke plek onder die onmiddellike beheer van 'n distrikskoolkommissie geplaas. Die vraagstuk van leerkrakte vir hierdie nuwe skole is opgelos deur die voorlesers of kosters van die gemeente, indien hulle na ondersoek bevoeg geag is, as onderwysers te gebruik. Hierdie skole het dus die naam gekry van Voorleser- of Kosterskole.


'n Jaar later is die Skoolkommissie (Raad van Skolarge) waarvan die konstitusie intussen gewysig is, weer verder gewysig deur hierdie liggaan in te lyf by 'n nuwe kommissie - die Bybel- en Skoolkommissie - bestaande uit die predikante van al die ver-  
skillende kerkgenootskappe en verskeie regeringsamptenare.  
15

Hierdie Kommissie het, tot die skepping van die amp van Superintendent-Generaal van Onderwys met 'n Departement van Openbare Onderwys, in neer of mindere mate na gelang van die opdrag van agtereenvolgende goewerneurs, die beherende liggaan oor die stelsel van openbare skole gebly.

Die eerste werk van die nuwe Bybel- en Skoolkommissie was om by die publiek aan te klop om geldelike ondersteuning van 'n plan om die Bybel op groter skaal onder die bevolking te ver-

14. Sien Regeringsmemorandum, 16 April 1812, C.O. 1469 bls.8 (Kaapse Argief).

15. Sien "Government Minute", 1 Julie 1813, in "Cape Town Gazette & African Advertiser", No.390 van 3 Julie 1813.



sprei en die onderwys op hegter grondslag te plaas. 'n Tuumlike som van 35,000 riksdalers is byeengebring. 'n Aanvang is genaak met die stigting van vry-skole eers in Kaapstad, en later op die platteland maar daar het spoedig min van die plan terug gekom. Die ou moeilikheid van gebrek aan onderwysers het weer opgedui en alhoewel 'n paar van Holland ingevoer is, kon hulle, ironies genoeg, geen werk kry nie of die nodige fondse het ontbreek om hul te besoldig. Met leedwese noes die Bybel- en Skoolkommissie in 1816 rapporteer:

"The worst, however, is that during the three years in which public schools and schoolmasters have existed, not much advantage has been derived from those institutions; at least it is certain that the schools established by public authority are not much frequented, nor are the public schoolmasters, as might have been expected, preferred by the inhabitants to the private ones, whom every colonist procures as he can ... Masters sent out from Europe, and offered by the Bible and School Commission to the district school commissions, could not be supported by them!"<sup>16</sup> Hierdie poging van Cradock om die skoolstelsel te verbeter het dus nie die gewenste resultate opgelewer nie.

#### Vyfde Poging - Somerset probeer die volk verenig.

Ooreenkonsig die Verdrag van Londen in 1814 het Holland

16. Brief van die Bybel- en Skoolkommissie aan die regering, 24 Junie 1816. C.O. 175 (Kaapse Argief).

finaal van die Kaap afstand gedoen en kort hierna is die stelselmatige verengelsing van die nuwe Britse kolonie, wat alreeds onder die eerste Engelse goewerneurs 'n aanvang gemaak het, kragdadig voortgesit. Die onderwys in die nuwe skole van sir John Cradock was nog oorweldigend Hollands maar, kragtens 'n proklamasie van 5 Julie 1822, deur lord Charles Somerset uitgevaardig, is 'n tydperk van vyf jaar vasgestel waarna alle amptelike en geregtelike sake in die kolonie slegs in die Engelse taal sou verrig word.<sup>17</sup> Skotse predikante is in die Hollandse kerke aangestel en die verengelsing sou verder geskied "by having ... competent and respectable instructors ... employed at public expense, at every principal place throughout the Colony, for the purpose of facilitating the acquirement of the English language to all classes of society!"<sup>18</sup>

Die "instructors", waarvan hier melding gemaak word, ses in getal, is op die volgende plekke gevestig: Graaff-Reinet, Uitenhage, George, Tulbagh, Stellenbosch en Caledon met die doel om onderrig te gee uitsluitlik deur medium van Engels. Hierdie skole was skoolgeldvry. Die stelsel is verder uitgebrei deur 'n reeks soortgelyke vry skole op die "monitorial"-stelsel op verskeie ander plekke te stig. Van die begin van die eeu af was dit dus al die derde onderwysstelsel wat inge-

17. Sien "Cape Town Gazette and African Advertiser", no. 860 van 6 Julie 1822.

18. Proklamasie van lord Charles Somerset, 5 Julie 1822.

voer is en in 1824 het die onderwysstelsel van die Kolonie bestaan uit die volgende bonte mengeling van skole: (a) die gewone elementêre, Hollandse skole in Kaapstad soos bestaan het voor die skoolordonnansie van de Mist; (b) die platte-landse, Hollandse skole deur sir John Cradock in 1812 gestig; (c) die vry skole deur die Bybel- en Skoolkommissie in 1813 gestig; en (d) die vry Engelse skole deur lord Charles Somerset in 1822 gestig. Van die paar skole kragtens die ordonnansie van de Mist destyds in Kaapstad gestig het niks meer oorgebly nie.

Alhoewel die Engelse skole van Somerset oënskynlik die eerste jaar na hul stigting blyke van vordering getoon het, het die stelsel weens die verengelsingsproses wat dit ten doel gehad het, doodgeloop. „De verbittering veroorzaakt door de lastgeving om Engels in de plaats ten stellen van Hollands als de officiële taal der Kolonie was juist toen ten toppunt gestegen. Vele ouders beschouwden de scholen bloot als werktuigen ter vernietiging hunner moedertaal en weigerden hun kinderen de school te doen bywonend, zodat het in een of twee gevallen noodzakelik werd de onderwijzers terug te trekken!<sup>19</sup>

Dr. Malherbe haal aan uit 'n memorandum van die S.G.O. in 1844 om aan te toon dat in die regeringskole in Kaapstad in 1828 daar 675 leerlinge in hierdie skole was. „But with the exclu-

---

19. Theal: Geschiedenis van Zuid Afrika, bls. 107.

sion of the Dutch language at that date, the attendance in a few years sank below 500. In 1839 the united attendance was 84!<sup>20</sup>

### Sesde Poging - die „Herschel-stelsel”!

In 1837 sou 'n sesde poging om die onderwys van die land op gesonde grondslag te plaas aangewend word. Hierdie keer het die beweging uitgegaan van Kolonel John Bell, destyds sekretaris van die regering. Hy het 'n memorandum aan die goewerneur voorgelê bevattende kritiek oor die bestaande stelsel van skole en 'n tentatiewe skema ter vervanging daarvan. Sy belangrikste wenk was egter die laaste, naamlik, „In conclusion, there seems to be one thing absolutely required to ensure the proper working of the system now suggested, - of the present with all its defects, and of any other system which it might be deemed expedient to adopt, namely: the appointment of a sound clear-headed man, either not belonging to the ministry or so untinctured with prejudice in favour of this or that form of the Christian Protestant faith as to constitute him an impartial Director-general of Public Schools in this colony!”<sup>21</sup>

Die memorandum is verwys na sir John Herschel, die beroemde sterrekundige, wat toe huis tydelik aan die Kaap vertoeft het. In sy antwoord op die memorandum het hy die stelling beklemtoon

---

20. Malherbe: Education in South Africa, bls. 58.

21. Memorandum van Kol. John Bell aan sir Benjamin D'Urban, 28 Augustus 1837. Herdruk in Rapport van Onderwyskommisie 1863, aanhangsel V, no.21.

dat onderwys die funksie van die staat behoort te wees en dat die staat die onkoste van die opvoeding van sy bevolking moet dra. Met Bell se voorstel betreffende 'n onpartydige direkteur van die onderwysstelsel was hy dit roerend eens. In 1838 is die nuwe skema deur die Minister vir Koloniale Sake in Engeland goedgekeur. Die skema was 'n suiwer staatstelsel. 'n Superintendent-Generaal van Onderwys in die persoon van dr.James Rose-Innes, een van die onderwysers wat deur Somerset ingevoer is, is aangestel. Verder is 'n reeks vry skole in die lewe geroep om die skole wat in 1822 deur Somerset gestig is te vervang, en onderwysers is uit Engeland ingevoer. Daar sou twee soorte skole onder die skema wees, Eersteklas-skole met 'n sekondêre sowel as 'n primêre afdeling, en Tweede-klas-skole wat alleen primêre werk sou verrig.

Die nuwe Superintendent het al dadelik tot die besef gekom dat hierdie skole nie tot al die dele van die Kolonie sou deurdring nie en toevlug is toe in 1841 tot 'n splinternuwe middel geneem, naamlik, die stelsel van staatsondersteuning aan skole. Dit is vereers bedoel vir skole onder beheer van sendinggenootskappe en "certain other schools not on the Government establishment", maar is later ook tot plaasskole uitgebrei.<sup>22</sup> <sup>23</sup> Toelae ten behoeve van onderwysersalarisse is aan

22. Government Minute, 10th June, 1841. Herdruk in Rapport van Onderwyskommissie 1863, Aanhangsel V, no.26.
23. Government Minute, 14th September, 1843. Herdruk in Rapport van Onderwyskommissie 1863, Aanhangsel V, no.29.

skole betaal wat deur die mense plaaslik opgerig is op voorwaarde dat die Superintendent-General die reg sou hê om hierdie skole te inspekteer, dat die regering se toelae uitsluitlik sou gebruik word vir die salaris van die onderwyser, en dat die Engelse taal een van die leervakke sou wees en so sou moontlik die omgangstaal van die skool word.

Aanvanklik is min van hierdie regeringsubsidies gebruik gemaak, hoofsaaklik omdat die nuwe bepalings in daardie dae van trae nuusverspreiding maar stadig tot die binneland deurgebring het. Geleidelik het die nuwe bepalings egter begin posvat sodat die gesubsidiéerde skole die regeringskole (Established Schools) later feitlik heeltemal verdring het. Wat hier van belang is, is dat daardie idee dat om die doeltreffendste onderwys te verkry die mense self hul eie skole moes oprig, self hulle onderwysers moes aanstel en tot die onkoste van die opvoeding moet bydra, <sup>het</sup> in so 'n mate ontwikkel, dat dit een van die belangrikste faktore in die onderwys van Kaapland geword het.

Weens gesondheidsredes het dr. Rose-Innes in 1859 sy amp as Superintendent-General neergelê en hy is opgevolg deur dr. Langham Dale, wat ook soos sy voorganger, 'n tyd lank as professor aan die Suid-Afrikaanse Kollege gedien het. Dr. Dale het op 'n tydstip aan bewind gekom toe die onderwysstelsel van 1841 reeds in sterwensnood was. Die sesde onderwyspoging het misluk hoofsaaklik omdat "there was no bond of connection between it and the people. It was too liberal and governmental; in

24

addition, it was badly administered from its very commencement!"

### Sewende Poging - Die Onderwyswet van 1865.

Die opgang van die gesubsidiëerde skole in die tydperk 1841 tot 1865 moet hoofsaaklik toegeskrywe word aan die ontwaking van die volk op politieke gebied. In 1854 is 'n verteenwoordigende regeringstelsel in Kaapland ingestel, terwyl met die ontdekking van diamante in die sestiger jare die land 'n tydperk van ongekende maatskaplike en stoflike vooruitgang beleve het. Dit alles het 'n uitwerking op die onderwys gehad. Die skoolbevolking het met ~~rasse~~ skrede toegeneen en dit het al moeiliker vir die swakgeorganiseerde departement van onderwys geword om die toenemende en vinnig uitbreidende stelsel van gesubsidiëerde skole te behartig. Op onderwysgebied het 25 groot ontevredenheid begin heers en uiteindelik is in 1861, na besluit van die parlement, 'n kommissie deur die goewerneur aangestel "to enquire into the present state of the established schools in the colony of the Cape of Good Hope, and into the conditions on which grants of money are made from the colonial treasury in aid of the salaries of teachers of schools not on the establishment; and to consider and report what measures, if any, it might be desirable to adopt for the exten-

24. Rowan: Our Educational System - Rede gehou voor die S.A.T.A., 6 Julie 1878.

25. Op 1 Augustus 1861.

sion of sound elementary instruction to all classes of the  
 26 people." Hierdie kommissie, bestaande uit agt lede onder voorsitterskap van regter E.B. Watermeyer, het twee jaar lank beraadslaag en in 1865 'n lywige en baie waardevolle verslag uitgebring. Die verslag, behalwe die getuienis van gesaghebbendes op onderwysgebied en 'n reeks aanbevelings, het ook 'n bondige opsomming van die geskiedenis van die verskeie onderwyspogings van die verlede met afskrifte van al die belangrikste stukke en proklamasies insake die onderwys bevat van die stigting van die volksplanting af. Dit is seker die gewigtigste dokument wat tot op daardie datum oor die onderwys in Suid-Afrika verskyn het.

Die vernaamste aanbevelings van die kommissie het op die volgende neergekon: (a) die geleidelike afskaffing van die "established schools" omdat hulle nie langer die onkoste daarvan verbonde veregverdig het nie; (b) uitbreiding van die regeringssteun op die pond-vir-pond-stelsel aan alle skole (dit sou beteken dat vir onderwysersalarisse plaaslik 'n som byeengebring moes word netjyk aan die regeringsbydrae, terwyl alle ander uitrawes van die skool vorder plaaslik gedra moes word); (c) instelling van 'n kweekelingstelsel om 'n gereelde toevoer van onderwysers te verseker; (d) herhaaldelike en stelselmatige inspeksie van skole deur die regering; en (e) aanstelling van twee inspekteurs om die Superintendent-Generaal van Onderwys

met laasgenoende behulpsaam te wees.

As gevolg van die rapport van 1863 is in 1865 die berroende Onderwyswet No.13 van daardie jaar deur beide huise  
<sup>27</sup>  
van die parlement aangeneem. Ten spyte van die feit dat hierdie wet die eerste parlementêre wetgewing in Suid-Afrika in verband met elementêre onderwys was, was die wet besonder kort - skaars ses artikels - maar as aanhangsel tot die wet was daar 'n skedule van regulasies betreffende die soorte skole en hul bestuur en die toelae aan skole betaalbaar. Die wet het eintlik niks nuuts bevat nie behalwe dat die beginsel van 'n stelsel van staatsondersteunde skole in plaas van blote staatskole, soos deur die Kommissie aanbeveel, daarin opgeneem is.

'n Belangrike bepaling van die wet was die eerste klousule waarin vasgelê is dat deur besluit van beide huise van die parlement, die regulasies insake onderwys te eniger tyd gewysig of aangevul kon word en dat hierdie wysigings of aanvullings die volle krag van die wet sou dra. Dit is ongetwyfeld hieraan toe te skrywe dat die wet van 1865 veertig jaar van krag sou bly gedurende 'n tydperk wanneer daar in alle lande van die wêreld 'n ontwaking op gebied van die onder-

27. Hierdie wet, met alle wysigings en aanvullings tot op 1905, is saamgevat in 'n Blouboek G.97 - 1904. Alle aanhalings uit en verwysings na die wet in die volgende bladsye is hieruit geneem. Daar bestaan 'n verdere samenvatting van die wetgewing oor onderwys, „Education Acts and Regulations framed thereunder”, opgestel deur sir Henry Juta in 1898. Sien Blouboek A2 -'98.

wys plaasgevind het en verligte wetgewing orals aan die orde van die dag was, terwyl die Kaap ten spyte van die geweldige ekonomiese, politieke en sosiale ontwikkeling in die land op die gebied van direkte onderwyswetgewing agtergely het. Kragtens klousule een van die wet van 1865, was dit egter tot 'n sekere mate noontlik om die onderwys van Kaapland by die steeds veranderende omstandighede aan te pas deur die aanneming van gewysigde regulasies - 'n  
28 middel waartoe in die jare na 1865 dikwels toevlug geneen is.

#### Die Indeling van Skole.

Onder die wet is die skole in die land in drie range verdeel - A, B, en C. Die A-skole (onsektarise publieke skole) was vir blankes, die B-skole was sendingskole wat deur beide blankes en kleurlinge bygewoon is en die C-skole was vir inboorlinge. Die verskeie soorte skole is verder elk onderverdeel in drie klasse - die A1-, die A2- en A3-skole, die B1-, B2- en B3-skole en die C1-, C2- en C3-skole.

Die Eersteklas-skole (A1) is bedoel vir die vernaamste stad of dorp van elke fiskale afdeling en het primêre (of elementêre) sowel as sekondêre (superior) onderrig verskaf. Die leervakke wat deur die wet voorgeskryf is, het bestaan uit lees, skrif, reken, Engelse grammatika en beskrywende aardrykskunde in die primêre afdeling; en ook Grieks, Latyn, Engelse letterkunde, geskiedenis, matesis en elementêre natuurwetenskap in die sekondêre afdeling.

---

28. Vgl. G.97 - 1904.

Die jaarlikse toelaag betaalbaar aan die skool is vasgestel op 'n maksimum van £200 - £125 vir die salaris van die hoofonderwyser en £75 vir die van die assistent. In geval aparte skole vir seuns en meisies gestig is, sou die toelaag vir 'n onderwyseres van 'n meisieskool £50 per jaar beloop. Die leervakke in so 'n meisieskool het bestaan in die sekondêre afdeling uit Engelse taal en stel, geskiedenis en aardrykskunde, reken,  
29 naaldwerk en huishoudkunde, so ver as uitvoerbaar was.

Die Tweedeklas-skole (A2) is bedoel vir die kleiner stede en groot dorpe waar 'n Eersteklas-skool nie gestig kon word nie en in hierdie geval is ook sekondêre sowel as primêre onderrig verskaf behalwe dat in die sekondêre afdeling net elementêre Latyn, meetkunde en algebra by die primêre leervakke bygevoeg is. Die jaarlikse toelaag aan Tweedeklas-skole is vasgestel op 'n bedrag variërend van £50 tot £75 - in die geval van 'n meisieskool £30. In 'n meisieskool moes naaldwerk een van die leervakke wees.

Onder die wet is dit Munisipale en Afdelingsrade veroorloof, mits hul aan al die gestelde voorwaardes kon voldoen, om  
30 die bestuur van Al- en A2-skole op hul te neem.

Die Derdeklas-skole is bedoel vir buitewyke onder die landelike bevolking en het net primêre onderrig verskaf en

29. Sien Skedule tot Onderwyswet no.13 van 1865, Class I (G.97 - 1904, bls. 3 en 4).

30. Sien Skedule tot Onderwyswet no.13 van 1865, Class II (G.97 - 1904, bls. 4, 5, en 6).

wel die volgende leervakke: lees, skrif en elementêre rekenkunde. Die jaarlikse toelaag is vasgestel op £30 maar in districts where the distance of farms from each other prevents the assembling of the scholars at one central locality, a grant not exceeding £45 per annum will be made towards the salary of the teacher having charge of two school stations!"  
 31

Alvorens enige toelaag aan hierdie skole van Rang A uitbetaal is, moes die volgende bepalings nagekom word:- (a) die bestuurders van 'n skool moes onderneem om vir 'n tydperk van drie jaar die helfte van die salaris van die onderwyser te waarborg. In die geval van Al-skole moes die minimum-waarborg vir die hoofonderwyser se salaris £125 wees en vir die assistent £75, wat dus beteken het dat die salarisse van die hoof en assistent respektiewelik £250 en £150 per jaar sou beloop terwyl in die A2- en A3-skole die waarborg minstens gelyk aan die bedrag van die regeringstoelaag moes wees. (b) Die bestuurders moes die nodige skoolgebou en skoolmeubels verskaf sowel as 'n woning vir die skoolhoof of in plaas hiervan 'n toelaag gelykstaande aan ten minste een-vyfde van sy salaris. (c) Die name van die bestuurders van elke skool moes deur die regering goedgekeur word. (d) Die skool was onderworpe aan inspeksie deur die Superintendent-Generaal van Onderwys of sy plaasvervanger, en hy was geregtig om die geboue, meubels en vordering van die leerlinge te ondersoek. (e) Die

---

31. Sien Skedule tot Onderwyswet no.13 van 1865. Class III, par.1, (bls.6).

skoolure is vasgestel op 'n minimum van vier uur per dag.

(f) Die medium van onderwys moes in die Eerste- en Tweedeklasskole uitsluitlik Engels wees, terwyl in die Derdeklas-skole binne twaalf maande van die stigting van die skool die medium ook Engels moes wees. (g) Godsdiensonderrig van een uur per dag is toegelaat mits dit buite die gewone skoolure gehou is en geen kinders sonder toestemming van hul ouers gedwing is om dit by te woon nie.

Die Sendingskole (Rang B) is bedoel vir daardie deel van die bevolking wat glad nie in staat was om self skole te stig nie. In die geval van hierdie skole was die indeling as volg. Waar 'n skool 'n kleinkinderafdeling, gewone skool en fasiliteite vir ambagsopleiding gehad het, is dit as B1 gegradeer. So 'n skool het 'n jaarlikse toelaag van £75 ontvang. As B2 is beskou 'n gewone sendingskool in 'n dorp en die toelaag in hierdie geval was £30 per jaar. In buitewyke is die sendingskool as B3 gegradeer met 'n jaarlikse toelaag van £15.

Die bestuur van hierdie sendingskole moes onder beheer staan van 'n kerk- of sendinggenootskap en, soos in die geval van die A-skole, moes geskikte geboue en meubels deur die bestuurders verskaf word terwyl die skole ook onderhewig was aan inspeksie. Die skoolure is ook op 'n minimum van vier uur per

32. Vermeerder tot 'n minimum van vyf uur per dag kragtens Proklamasie No.80 van 1886. (G.97 - 1904).

vasgestel dag /en die medium van onderwys moes „as far as practicable"  
 33 deur Engels geskied.

Onder die inboorlingskole is die inrigtings wat twee gekwalifiseerde onderwysers, bevoegd om deur Engels te onderrig, en 'n inskrywing van minstens honderd leerlinge gehad het, as C1 gegradeer. Die jaarlikse toelaag in hierdie geval was £100 vir die eerste onderwyser, £40 vir die assistent en £10 vir 'n naaldwerksuperintendent. 'n C2-inrigting moes 'n inskrywing van minstens vyftig leerlinge hê met 'n gekwalifiseerde onderwyser bevoeg om in beide Engels en die naturelletaal onderwys te gee. Die toelaag was £40 vir die onderwyser en £10 vir die naaldwerksuperintendent. In die geval van 'n skool met 'n inskrywing van minstens 25 en 'n onderwyser wat slegs deur middel van 'n naturelle-taal kon onderwys, is 'n toelaag van £20 betaal en die skool is as C3 gegradeer. Behalwe bestaande toelae is met die oog op die bevordering van industriële onderrig onder die naturelle, 'n onderhoudstoelae van £15 per seunsleerling per jaar aan hierdie inrigtings betaal vir diogene wat hul ingeskrywe het as vakleerling van een van die vakke, timmerwerk, wamestry, smidswerk, kleremakery, skoenmakery, drukwerk of boekbindery. Vir naturellemeisies is 'n toelaag van £10 betaal vir inskrywing as  
 34 leerling-huishoudsters.

33. Sien Skedule tot Onderwyswet no.13 van 1865, Order B.  
 (G.97 - 1904 bls. 7 en 8).

34. Sien Skedule tot die Onderwyswet no.15 van 1865, Order C.  
 (G.97 - 1904, bls. 8 en 9).

### Die Stelsel brei uit.

Na die in werking treding van die wet van 1865 het die onderwys in Kaapland 'n tyd van ongekende bloei tegemoet gaan. Plaaslik is groter belang in onderwysaangeleenthede gestel en groter geldelike bydraes gedoen. Die getal skole en kinders het jaar na jaar toegeneem. Die stelsel van staats-hulp aan skole is in die volgende jare deur middel van aanvullende regulasies steeds uitgebrei. In 1873 is 'n poging aangewend om die skool nader aan die leerlinge te bring deur Distrikskoskole in dié lewe te roep - die sogenoende Rang D-skole -  
35  
bedoel vir die plattelandse afdelings. Ter aanvulling van di salaris van die hoofonderwyser is £100 bygedra, £50 vir die assistent, £50 vir die ambagsafdeling in die skool, en £6 vir die onderhoud van elke kind in die inrichting wie se huis nie minder as ses myl van die naaste publieke skool of dorp geleë was nie. In die geval van distrikskoskole vir meisies was die bydraes vir die hoofonderwyseres, assistente en industriële afdeling £50, £30 en £10 respektiewelik. Hierdie koskole het egter nooit talryk geword nie, deels omdat ouers jong kinders nie aan 'n kosinrigting wou toevertrou nie en deels omdat die insluiting van ambagsonderrig in die leerplan nie op die platteland gunstig ontvang is nie.

In die regulasies van 1865 is in Eersteklas-skole alleen

35. Kragtens Skoolregulasies van Junie 1873. (G.97 - 1904).

bydraes gedoen tot die salaris van die hoof en een assistent in elke skool terwyl in al die ander skole slegs tot die salaris van een onderwyser in elke soort skool bygedra is. Met die vinnige toeneming van die skoolbevolking en die gevolglike groei van die individuele skole moes die personele van die skole ook vergroot word. Om hierdie stygende onkoste in verband met skole te verlig, is die pond-vir-pond-stelsel in 1874 in alle Eerste-Tweede- en Derdeklas-skole tot die salaris van enige aantal assistente uitgebrei wat na die mening van die Superintendent-Generaal van Onderwys in 'n skool nodig sou wees.

36

Nieteenstaande die ongeëwenaarde vooruitgang wat op onderwysgebied gemaak is na die wet van 1865 op die wetboek geplaas is, was alles nog nie pluis met die onderwys in die land nie. Op bladsy 16 is verwys na die politieke ontwaking van die volk na die invoering van 'n verteenwoordigende regeringstelsel in 1854. Die logiese gevolg van hierdie stap was die instelling van Verantwoordelike Bestuur in 1872 wat die bevolking tot 'n nog groter besef van hul verantwoordelikheid en hul potensiële politieke mag laat kom het. By die Hollandssprekende gedeelte van die volk het die reeds lank sluimerende gevoel van nasionale samehorigheid met die politieke gebeurtenisse in die Transvaal, veral net die vir die Transvaal gunstig afgelope oorlog van 1880-81, tot ontwaking gekom. Kragtens die onderwyswet van 1865 is Hol-

36. Proklamasie No.56 van 1874. (G.97 - 1904).

lands as medium in die A1- en A2-skole nie toegelaat nie - trouens nie eers as skoolvak genoem nie - en dit het langsa-nerhand groot ontevredenheid met die hele onderwysstelsel on-der die Hollandssprekende bevolking laat ontstaan. Selfs in die skole van laer rang moes die medium „as far as practicable"  
<sup>37</sup>  
 Engels wees.

Die regering het dus in 1879 weer 'n kommissie van onder-soek aangestel onder voorsitterskap van sir Henry (later lord) de Villiers. Onder die belangrikste aanbevelings van hierdie kommissie was die volgende:- (a) aanstelling van 'n minister van onderwys; (b) verdeling van die werk verbonde aan die amp van Superintendent-Generaal van Onderwys deur die aanstelling van 'n Inspekteur-Generaal van Kolleges en Skole vir die pro-fessionele sy van die werk van die onderwysdepartement, ter-wyl die Superintendent-Generaal van Onderwys verantwoordelik sou bly vir die administratiewe deel van die departement se werksaamhede; (c) vermeerdering van die getal inspekteurs; (d) verpligte onderwys in die stede en groot dorpe; (d) in-deling van die kolonie in skooldistrikte en die instelling van 'n skoolraad in elke distrik; (f) afskaffing van die waarborgstelsel; (g) Eersteklas-skole nie net beperk te wees tot die vernamaanste stad of dorp van elke fiskale afdeling nie; (h) groter faciliteite vir onderrig in die Hollandse taal en verwydering van die restriksies in verband met die medium

van onderwys in die skole.

Sekere van hierdie aanbevelings is nettertyd deur die regering aangeneem. In 1882 is die knellende regulasie in verband met die taalmedium herroep terwyl vanaf dieselfde jaar toegelaat is dat Eerste-, Tweede- en Derdeklas-skole nie langer tot 'n sekere grootte van stad of dorp beperk sou bly nie maar opgerig sou word in enige stad of dorp waar die regering van mening was dat daar behoefte aan so 'n skool was.<sup>39</sup>

Die aanbeveling insake die verdeling van die worksaamhede van die Superintendent-Generaal van Onderwys is ook aangeneem en in 1882 is mnr. Donald Ross, 'n skoolinspekteur uit Skotland, ingevoer om die amp van Inspekteur-Generaal van Kolleges en Skole te aanvaar. Hierdie pos was nie ondergeskik aan die van die Superintendent-Generaal nie en 'n ongemaklike en gespanne houding tussen die twee amptenare was die onvermydelike gevolg. Tussen Ross en Dale was daar geen sprake van samewerking nie. Eersgenoemde het onmiddellik met prysenswaardige ywer te werk gegaan en 'n grondige ondersoek na die hele stelsel van skole ingestel deur die land kruis en dwars te deurreis. Spoedig regende het dan ook circulaires waarin de heer Ross aan Schoolcommissies en onderwiziers allerlei mogelijke en onmogelijke vragen deed. Sommige antwoordden hem niet eens; anderen begrepen zijn vragen

38. Vgl. Rapport van Onderwyskommissie 1879, bls. ix tot xxxix.

39. Proklamasie No.113 van 1882. (G.97 - 1904).

niet recht, gaven hem verkeerde antwoorden of vroegen om duidelijker verklaring van wat hy eigenlijk wilde weten. Dit gaf den heer Ross aanleiding om bitter te klagen over de domheid van schoolcommissies en onderwijzers in Zuid-Afrika, die niet eens een eenvoudige circulaire konden beantwoorden!<sup>40</sup>

In 1883 het mnr. Ross se treffende en opspraakwekkende "Voorlopige Rapport oor die Toestand van die Onderwys" verskyn.<sup>41</sup> Ross het verklaar dat slegs een-sesde van die blanke kinders van skoolgaande ouderdom gereeld die skool besoek het, dat die statistiek deur die Departement van Onderwys uitgegee nie alleen opgedrewe was nie maar heeltemal misleidend. Die gehalte van die skoolgeboue in die land het hy as gunstiger beskrywe as die toestand heersende in Engeland in 1870. Die belangrikste vraagstuk van die onderwys, soos hy tereg insien het, was die besondere moeilikhede in verband met die onderwys op die platteland. Die gebreke op die platteland het hy toegeskrywe aan "the enormous extent of the pastoral districts, the great size of the upland farms, the thinly scattered population, the defective ideal of elementary education presented for generations to the rural districts, the mixture of intense conservatism and pronounced republicanism which the farming community have inherited!"<sup>42</sup> Hy het dus rondgaande

40. Ons Land, 7 November 1895.

41. Blouboek, G.12 - 1883.

42. Ross: Preliminary Report, 1883, Bls. 22.

onderwysers aanbeveel om sodoende die skool na die kind te bring maar hy het terselfdertyd gewys op die ernstige tekort aan opgeleide onderwysers in die land.

Die onderwysstelsel het hy as onvattend, sinmetries en uiters liberaal beskou, wat goed gepas het by die aard van die bevolking behalwe dat teveel aandag aan die hoër inrigtings geskenk is en die elementêre onderwys onontwikkeld bly het. Die administrasie van die onderwysstelsel het hy as enig van sy soort bevind, "an autocracy in the midst of a responsible form of government";<sup>43</sup> en hy was van mening dat die Superintendent-Generaal nie 'n alleenheerser behoort te wees nie maar onder strenger beheer van die parlement moet staan.

Dat daar groot ontevredenheid <sup>was</sup>oor die optrede van Ross met sy taklose en meedoënloos openbarings is lig te begryp. Dr. Dale was uiters verontwaardigd en hy het getrag om Ross se bewerings en veral sy aanbeveling ten gunste van die instelling van skoolrade te ontsenu deur 'n teenrapport uit te bring. In rondgaande onderwysers het Dale geen heil gesien nie maar hy het 'n stelsel van private plaasskole voorgestaan. Dat mnr. Ross hom nie onder die volk bemind genask het nie, spreek vanself. Dit het gelyk asof daar in die Departement van Onderwys 'n hele onmekeer sou plaasvind toe heel onverwags tyding gekom het dat mnr. Ross oorlede is - hy was teringagtig toe hy hierheen gekom het. Sy ske-

---

43. Ross: Preliminary Report, 1883, Bs.17.

ma van reorganisasie van die onderwysstelsel het dus onvoltooid gebly en van die amp van "Inspekteur-Generaal van Kolleges en Skole" is nooit weer 'n woord verder gerep nie.

In 1884 is 'n stelsel van plaasskole in die lewe ge-  
 44 roep. Dic skole het bekend gestaan as Private Boere- of  
 Plaasskole en hulle kon opgerig word op plekke waar min-  
 stens vyf kinders byeengebring kon word en wat nie minder as  
 ses myl van die naaste publieke skool af was nie. In die ge-  
 val van hierdie Private Plaasskole is afgewyk van die alom-  
 heersende pond-vir-pond-beginsel en in plaas daarvan het die  
 45 46 regering hoofdelike toelae volgens die volgende skaal betaal:-

Vir elke kind teenwoordig op die dag van die inspeksie en wat minstens twaalf maande gereelde onderrig ontvang het:

Onder 'n gesertifiseerde onderwyser	...	£2. 0. 0.
Onder 'n ongesertifiseerde onderwyser	...	£1. 0. 0.

Boonop is die volgende hoofdelike toelae betaal vir kinders wat, na ondersoek deur 'n inspekteur, hul standerds geslaag het:

1ste (laagste) standerd geslaag	...	...	5. 0.
2de "	"	...	10. 0.
3de "	"	...	15. 0.
4de "	"	...	£1. 0. 0.
5de (hoogste)	"	...	£1. 5. 0.

'n Verdere poging is in 1887 gemaak om die verstoke deel van die platteland van onderwysgeriewe te voorsien deur die aanstelling van rondgaande onderwysers soos deur mnr. Ross in sy Voorlopige Rapport aanbeveel. Rondgaande onderwysers het

44. Proklamasie No.183 van 1884. (G.97 - 1904).
45. Hierdie toelae sowel as die aan die skole van Range A, B en C is van tyd tot tyd verhoog. Sien Aanhangsel A vir tabelle wat al die toelae uiteensit.
46. Vgl. Proklamasie No.183 van 1884 (G.97 - 1904).

al van die 17de eeu af onoffisiël in die land bestaan. Veertien van hierdie onderwysers is in 1887 deur die Departement van Onderwys aangestel en binne twee jaar was daar slegs neentien van hierdie skole wat in die behoeftes van ongeveer 500 kinders <sup>47</sup> voorsien het.

Hierdie pogings om verbetering in die toestand van onderwysfasiliteite teeweeg te bring het egter min vrug afgewerp. Teveel kinders van skoolgaande ouerdon het nog buite die skole gebly terwyl die stelsel van skoolbesture en uitbetaling van toelae geleidelik in 'n toestand geraak het wat na aan wanorde was. Die inherente swakheid van die wet van 1865 was dat daar geen voorsiening gemaak is vir die behoorlike kontinuïteit in die bestaan van skoolbesture nie. Daar is nie eers vasgestel hoe hierdie besture moes gekies word nie en netertyd het daar talle van onreëlnatighede en wanprakteke by die verkiesing van hierdie besture ingesluip. Die opleiding van onderwysers in die Kolonie was gebrekkig en ondoeltreffend en behoorlik opgeleide onderwysers was moeilik om te bekom.

Onder die ernstige besef van die tekortkominge en gebreke in die onderwysstelsel en die dringende vraagstukke wat op oplossing gewag het, het die regering in 1891 weens sy toevlug tot 'n onderwyskommissie geneen. Hierdie kommissie het gedien onder die voorsitterskap van sir Jacob Barry en aan die kommissie is opdrag gegee om ondersoek in te stel na: (a) die kwessie van

47. Onderwysrapport van S.G.O., 1889, bls.116.

ewigdurende regsoopvolging en eiendomsreg van skoolbesture;

(b) die verdere uitbreiding van onderwysgeriewe tot die kinders van die boerebevolking en die spoorwegwerkers op afgeleë plelike; (c) die taalkwessie; en (d) onreëlmatige skoolbesoek,  
48 veral in die stede.

In 1892 het die laaste van die drie dele van die verslag van die kommissie verskyn en weereens is 'n droewige tafereel ontrent onderwyssake geskilder. Daar is bereken dat skaars een-derde van die kinders van skoolgaande ouderdom op die skoolbanke gesit het en daar is aanbeveel dat skoolrade in steedlike gebiede ingestel word en dat verpligte skoolbesoek in hierdie gebiede toegepas word. Die belangrikste aanbeveling van die kommissie was dat die vrywillige stelsel afgeskaf word en dat die onkoste van die onderwys gelykop deur regeringsbydraes, skoolgelde en plaaslike belastings bestry word. Tegen hierdie aanbevelings van die kommissie was dr. Dale hardnekig gekant. Hy het aangevoer: „The people are so used to the present system. I think if you were to take the voice  
49 of the country, they would say, leave it as it is!“ Hy was heeltemal tevreden met die stelsel soos dit was en hy het die kommissie se aandag gevestig op die reeks verbeterings wat ingebring is na die verskynning van die verslag van die Kommissie van 1879, naamlik, (1) aansienlike verhoging van die toelae ten

48. Vgl. Rapport van Onderwyskommissie 1891. (G.3 - 1892) Bs.1.

49. Dale: Rapport van Kommissie van 1891, Vraag 41.

50

behoewe van onderwysersalarisse in 1882; (2) volledige hersiening van die leerplan van skole, en veral die wyer omvang van die onderrig in wetenskappe; en verder die spesiale aandag geskenk deur die departement aan Hollands, teken, en sang deur toelae vir hierdie vakke beskikbaar te stel; (3) die invoer van 'n pensioenskema vir onderwysers in 1887; (4) die instelling van Private Plaasskole en Rondgaande Skole met hoofdelike toelae by die slaag van standerds; en (5) die instelling van koshuistoeplaes vir behoeftige leerlinge. Al ernstige gebrek in die stelsel wat dr. Dale toegegee het, was die onbestendigheid en onsekerheid van die bestaan van die skoolbesture en hul onmag om grondbesitters te word.

51

By die tyd dat die finale deel van die verslag van die onderwyskommissie verskyn het, het dr. (nou sir) Langham Dale al in 1890 by die regering op sy ontslag aangedring.<sup>52</sup> Daar was toe sprake van die aanstelling van iemand uit die vreende as sy opvolger. Hierdie voorstel het egter by die publiek geen byval gevind nie en om verdere tyd te win om 'n geskikte opvolger te soek, het die regering vir Dale oorreed om 'n tyd langer aan te bly. Om die Superintendent se werk lichter te maak het die regering ook in September 1891 'n sekere mnr. J.H. Brady, destyds skoolinspekteur, aangestel in die amp van Assistent-Superintendent.

50. Vergelyk Aanhangsel A, Tabel 1.

51. Sien Dale, Getuienis voor Kommissie 1891, vraag 32.

52. Ibid., vraag 31.

dent-Generaal van Onderwys teen 'n salaris van £700 per jaar om die Superintendent behulpsaam te wees. Kort hierna het sir Langham se gesondheid egter so agteruit gegaan dat hy finaal verplig was om sy amp na 'n dienstyd van drie-en-dertig jaar neer te lê. Hy was alom bemind en sy bedanking is van alle kante met oopregte leedwese aangesien. „Wij gelooven dat ... hij als weldoener aan land en volk by de Hollands-sprekende kolonistenbevolking nog ruim zo hoog staat aangeschreven als by de Engelsche!"<sup>53</sup>

Sir Langham Dale se opvolger sou dus in sommige opsigte 'n droewige nalatenskap erwe - 'n onderwysstelsel "antiquated,<sup>54</sup> unsatisfactory, unorganised" Daar was 'n skreiende tekort aan opgeleide onderwysers, skoolbywoning was uiters onbevredigend, die gemiddelde skoollewe van die meerderheid van die kinders was spreekwoordelik kort van duur en die kinders het die skool veels te vroeg verlaat. Die departementele en skoolorganisasie het nie tred gehou met die natuurlike ontwikkeling nie. 'n Hervormer het broodnodig geblyk. In die volgende bladsye sal nagegaan word hoe die derde Superintendent-Generaal van Onderwys van Kaapland die reuse-vraagstukke van die sewende poging tot die instelling van 'n onderwysstelsel aangepak en uiteindelik opgelos het.

53. De Zuid Afrikaan, 26 Mei 1892.

54. Cape Times, 30 Junie 1915.

HOOFSTUK TWEE.THOMAS MUIR.

Dr. Muir word as S.G.O. benoem.

Teen die einde van 1890, nog neer as 'n jaar voordat sir Langham Dale sy amp as Superintendent-Generaal van Onderwys sou neerlaai, het die regering met Cecil Rhodes as eerste minister begin soek na sy opvolger. Op een punt was mnr. Rhodes onwrikbaar, naamlik, dat die betrekking aan geen kolonialer moes aangebied word nie.<sup>1</sup>

Dat die regering besig was om in die buiteland 'n superintendent-generaal van onderwys te soek, het 'n goedbewaarde geheim gebly en alleen na dit 'n voldonge feit was, is dit aan die publiek bekend gemaak. Die nuus omtrent die aanstelling is in die Kaap met gemengde gevoelens ontvang.<sup>2</sup> Die Engelse pers het die aanstelling toegejuig en daardie deel van die Hollandse pers goed gesind teenoor Rhodes, het die saak probeer regpraat deur aan te voer dat 'n buitestaner onpartydiger sou kon optree as iemand wat bekend was met die heersende toestande en missien bevoordeeld in sy optrede sou wees. „That we do possess men who could fill this high office, with honour to themselves as well as to the colony cannot be denied, but no one who is at all acquainted with the state of affairs can fail to understand that

---

1. Sien bls. 37.

2. Vgl. Cape Argus, 24 November 1891; De Zuid Afrikaan, 8 November 1891; ens.

any such appointment would cause great dissatisfaction amongst a large proportion of our population. Whoever might have been selected was sure to cause dissatisfaction to one party or the other. Every step taken by such an official would have been closely watched by the dissatisfied party, by whom every new move would have been ascribed to prejudice and partiality. In this way the cause of education would certainly not have been advanced, nor the language question solved. It is, therefore, far better that an outsider has been selected to whom such motives cannot be attributed.<sup>3</sup>" Dit was van die blad wat binne weinige jare die felste kritiek oor die nuwe Superintendent-General se bewind sou uitoefen! Die oorgrensdeel van die Hollandse pers het die aanstelling egter as 'n ongelooflike flater baskou.

Mnr. Rhodes en die destydse minister verantwoordelik vir die onderwys, mnr. J.W. Bauer, het aan mnr. (later sir) T.E. Fuller, Lid van die Wetgewende Vergadering vir Kaapstad, die taak opgedra om in Brittanje 'n geskikte persoon te soek om die pos te vul. Sir David Gill het ook intussen in verbanding getree met lord MacLaren, regter van die Hooggereghof van Skotland, oor dieselfde saak. Laasgenoende, saam met sir John Murray en Prof. Chrystal van die Universiteit van Edinburgh en mnr. Fuller, het die saak breedvoerig bespreek en die slotson waartoe gekom is, was dat daar net een

3. Ons Land: Engelse inleidingsartikel, 7 Junie 1892.

keuse kon wees: dr. Thomas Muir, senior onderwyser van matesis in die Hoërskool, Glasgow. Fuller het so 'n gunstige indruk van Muir gekry dat hy besluit het om hom vir die betrekking aan te beveel.

Mnr. Fuller het later die geskiedenis van die aanstelling breedvoerig vertel.<sup>4</sup> „On the appointment of a successor to Sir Langham Dale, Mr. Rhodes refused to accept the nominees of the Bond Party, believing that it was far better to import fresh educational blood from Europe!“ Mnr. Fuller het verder vertel hoe hy &eur Rhodes en Sauer gevra is om 'n geskikte persoon te kry. „Mr. Rhodes was visiting England about the time that the choice was made, and I invited Dr. Muir to meet him and myself at the Agent-General's office. We all lunched together with Sir Charles Mills and Sir Charles Dilke. After the meal was over, Mr. Rhodes took me into another room and warmly approved the choice I had made, adding, 'Let us frame a cable at once to tell the cabinet to make the appointment.' A short but memorable conversation accompanied this decision. After I had written the cable, Rhodes said to me, 'I know you and some of your friends think I am too subservient to the Country party; but I would throw up my position tomorrow, rather than hand over the youth of the Cape Colony to any person not in my judgment fully qualified for such a responsible position, however ardently he might be supported by local authorities.'<sup>5</sup>“ In verband met die

4. Fuller: C.J. Rhodes, bs. 167 et seq.

5. Ibid.

Geskiedkundige gebeurtonis in Londen wat hier verhaal word,  
 word 'n verdere staaltjie van Rhodes vertel. Na die ontmoeting  
 tussen Rhodes en Muir, het 'n amptenaar van die Agent-  
 Generaal se kantoor die menig uitgespreek dat dit raadsaam  
 sou wees om dr. Muir se getuigskrifte na te sien. „Dann  
<sup>6</sup>  
 the testimonials," het Rhodes gesê, „I have seen the man."

Alles was egter nog nie pluis met die aanstelling nie.  
 Rhodes moes by sy partygenote verby kom. Die Afrikaner-Bond  
 het self 'n sterk mededinger om die betrekking in die persoon  
 van ds. A.A. Moorrees gehad en brie meande moes verloop voor-  
<sup>7</sup>  
 dat Rhodes die andersdenkendes tot sy sienswyse kon oorhaal.

Selfs mnr. Fuller wat so 'n leidende rol in die verrig-  
 tings gespeel het, noes hom oor die vertraging by dr. Muir  
 verontskuldig met die verskoning, „You know what those poli-  
<sup>8</sup>  
 ticians are." Intussen is dr. Muir deur die Universiteit  
 van Kalifornië genader in verband met 'n professoraat in die  
 wiskunde aan daardie inrigting. Hy het alreeds begin dink  
 dat daar van die aanstelling in Suid-Afrika niks sou kom nie  
 toe mnr. J.X. Merriman in Januarie 1892 skielik in Engeland  
 opgedraag het. Hiervandaan het sake vinnig geloop en op 30  
 April van dieselfde jaar, was Muir en sy familie aan boord

6. Anders: Muir at 89, Cape Times, 24 Augustus 1933.

7. Aan my neegedeel deur wyle senator F.S. Malan.

8. Aangehaal deur Muir by geleentheid van afskeidsfunksie  
 gereël deur die Burgemeester van Kaapstad. Sien Cape Times, 10 Julie 1915.

van die stoomboot, "Spartan", op weg na die Kaap. Op Vrydag,  
20 Mei, het hy hier aan wal gestap en dit was kenmerkend van die  
man se onvermoeide ywer dat hy die daaropvolgende Maandag onmid-  
10 dellik sy werkzaamhede op die onderwyskantoor aanvaar het.

Toe dr. Muir na Suid-Afrika gekom het, het hy alreeds op  
die vasteland van Europa en Amerika 'n groot naam verwerf - nie  
eintlik as opvoedkundige nie, maar as wiskundige. Die grootste  
huldeblyk wat hom nog ooit toegebring is, was seker die lof-  
spraak van lord Kelvin, die beroemde Skotse wetenskaplike,  
"Thomas Muir was not only the greatest living mathematician, but  
11  
the greatest mathematician that ever lived." Dit ten spyte van  
die feit dat matesis op skool nie sy lievelingsvak was nie maar  
wel Grieks. Die loftuiting van lord Kelvin sal vandag ietwat  
oordewe voorkom, maar dit dien as bewys van die hoë aansien  
waarin Muir onder sy landgenote gestaan het.

12

### Vroeë lewensloop.

Thomas Muir het op 25 Augustus 1844 te Stonebyreswaterval  
op die rivier Clyde, Lanarkshire, Skotland die eerste lewenslig

9. Meegedeel deur Muir by afskeidsfunksie. Sien Cape Times  
10 Julie 1915.
10. Sien Obituary, Cape Times, 22 Maart 1934.
11. Cape Times: aanhaling uit Inleidingsartikel, 22 Maart 1934.
12. Die lewensfeite wat hier volg is verkry van familielede en  
van aantekeninge deur Muir self gemaak. Sien in laasge-  
noemde verband: Cuttings, Sketches and Life of Thomas Muir,  
Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

aanshou. Sy vader was oorspronklik van 'n naburige stad, Bingar. Terwyl Muir nog 'n klein seuntjie was, het sy vader verhuis na die dorpie, Overtown, af myl van Stonebyres af, en hom daar op klein skaal as boer gevestig. Die oue Muir het as boer maar 'n swaarverdiende bestaan gevoer en hy is later gedwing om 'n nederige betrekking by die "Caledonian Railway Company" te aanvaar as sneerde van lokomotiewe teen 'n loon van dertien sjielings per week. Hy was diep godsdienstig en 'n getrouwe ondersteuner van sy kerk.

George Muir, Muir se vader, was tweemaal getroud en Thomas was die oudste seun van die tweede huwelik. Sy broer, Andrew, was twee jaar jonger as hy en sy suster, Margaret, nog jonger. Uit die eerste huwelik was daar verder nog vier seuns. Thomas Muir se moeder was Mary Brown, 'n vrou van sterk en standvastige karakter. Sy was die tipiese Skotse huisvrou, bekwaam, ywerig en hardwerkend. In tye van siekte en nood in die dorp van Overtown was sy altyd onder die eerstes om haar dienste aan te bied. Muir was baie gehou aan sy moeder en sy het groot invloed op die vorming van sy karakter gehad. Van haar het hy waarskynlik daardie ywer, standvastigheid en onwrikbare selfvertroue geërwe wat so kenmerkend van Muir, die man, was.

Die Muir-familie was nie ryk bedeel met wêreldsgoedere nie maar broodsgebrek het hulle nie gely nie. Die tuin waarin die seuns in die namiddae na skool en in die vakansietye ywerig ge-

werk het, het meer as genoeg vir die daelikse benodighede opgelever. In hierdie dae was die skole in Skotland nog nie skoolgeldvry nie en dit was vir George Muir 'n harde stryd om die middels te bekom om sy kinders op skool te hou. Ten spyte van sy harde arbeid en die gebrek aan geld het die oue Muir die tyd en middels gevind om veel te lees. Hierdie liefde vir lees het gedien as voorbeeld vir die huisgesin en die intellektuele atmosfeer deur die vader geskep, het stellig stimulerend op die verstand van sy seuns ingewerk.

Van die eerste twaalf jaar van Thomas Muir se lewe is daar geen betroubare rekord nie, maar dit is seker dat hy saam met sy broers 'n gesonde, bedrywige lewe gelyk het en getrou sy pligte in sy vader se tuin nagekom het. Die dorpie, Overtown, was geleë in die dikbevolkte omgewing wat die sentrum van die steenkoolnywerheid was. Wishaw was die hoofdorp van die distrik en Muir het die groot publieke skool van hierdie dorp bygewoon waarheen hy daeliks twee myl heen en weer moes stap. In Augustus 1856 het Muir op hierdie skool die eerste van 'n lang reeks pryse verwerf wat gedurende sy skool- en universiteitsloopbaan aan hom toegeken is. Dit is interessant om te weet dat die boek "The History of Sandford and Merton", deur Thomas Day, wat by hierdie geleentheid aan hon geskenk is "for excellence in Arithmetic" nog in besit van sy dogter, mev. Karl Spilhaus, is.

Die hoofonderwyser van die Publieke Skool van Wishaw, 'n sekere mnr. Macaulay, het al gou die goeie hoedanighede van die

jonge Muir ingesien en hy het in Julie 1858, net voordat Muir veertien jaar oud was, vir hom as kwekelingonderwyser in die skool laat inskrywe. As kwekeling moes Muir belowe, "to conduct himself with honesty, sobriety and temperance, and not be guilty of any profane or lewd conversation or conduct, or of gambling or any other immorality", maar hy moes onderneem om "diligently and obediently to assist in the instruction and discipline of the said school..." Die pligte van die meester is egter ook noukeurig uiteengesit: "That he, the master, party hereto, shall at all times during the said term ... to the best of his ability, teach the pupil teacher the business of a school master as carried on in the said school, under the superintendence of him, the master, party hereto..." Die kontrak het verder vasgelê dat die kwekeling anderhalf uur per dag onderrig van die meester moes ontvang en dat die kwekeling die orige tyd van die dag as assistent van die meester moes dien. Jaarlikse eksamens is vir die kwekeling voorgeskrywe en sy aanvangsbesoldiging van £10 per jaar is deur jaarlikse verhogings van £2.10.0. vermeerder, onderhewig aan sukses in die eksamens. Muir het nooit 'n normaal-skool bygewoon nie en hy het sy volle tyd as kwekeling uitge-  
13  
dien.

Uit hierdie skrale inkomste het Muir dit reggekry om vir

13. Die oorspronklike Kwekelingkontrak van Muir is in besit van sy dogter, mev. Spilhaus.

sy eie klere te betaal, 'n bietjie te spaar en af en toe sy familie met klein sommetjies te help. Die strenge besuiniging van hierdie dae, tesame met die godsdienstige, hardwerkende invloed van sy ouerhuis het gedien as 'n kragtige invloed op die jonge Muir. Selfs in hierdie vroeë tyd was hy presies, netjies en noukeurig in al sy werk en handelinge. Vanaf 1861, die derde jaar van sy kwekelingskap, tot 1868 het Muir 'n dagboek gehou waarin hy noukeurig opgeteken het die werk wat hy daeliks verrig het en die boeke wat hom besonder geïnteresseer het. Die dagboek moes blykbaar vir hom dien as 'n soort selfdisciplinêre maatreël want in die dagboek het hy vir homself 'n program van werk voorgeskrywe en hy het met die grootste ywer en vlyt die hoë standaard wat hy vir homself gestel het uitgevoer. Onnodige tydverspilling het hy altyd berou en sy ontevredenheid daaroor in sy dagboek aangeteken. Die handskrif van sy dagboeke is fyn en netjies. So pragtig is sy handskrif deur sy hoofonderwyser beskou dat aan Muir altyd die taak opgedra is om die sertifikate van die skool uit te skrywe, die etikette van die boekpryse uit te maak, en die boeke van die skool te hou. Muir was in al sy doen en late uiters netories en in sy dagboeke kom daar netjies opgestelde kontantstate voor waarin hy al sy uitga-wes aangeteken het tot in die fynste besonderhede.

Nadat Muir sy dagtaak in die skool afgehandel het, het hy saans sy opwagting by die hoofonderwyser se huis gemaak waar hy

---

14. Die dagboek is in besit van nev. Spilhaus.

verdere hulp met Grieks, Latyn en Matesis ontvang het. Muir se tyd is so in beslag geneen deur sy studies dat hy werklik geen tyd vir ontspanning geniet het nie. Aan voetbal, atletiek en ander seunsport het hy nooit deelgeneem nie omdat dit te veel van sy kosbare tyd sou gevry het. Die daelikse wandeling van sy huis na die skool was sy enigste ontspanning. Op skool het Muir egter al vroeg tekens van besondere skranderheid openbaar en veral uitgeblink in Engels, Latyn, Grieks en Matesis.

So fluks en oppassend was Muir dat hy toegelaat is om sy kwekelingskap ses maande eerder te voltooi as die voorgeskrewe tydperk vereis het. Sy buitegewone bekwaamheid het die aandag van die beskermhere van die skool getrek, veral die van 'n sekere lady Bellhaven. Laasgenoende dane het besonder belang in die seun gestel en hom aangemoedig om na voltooiing van sy skoolloopbaan sy studies aan die universiteit van Glasgow voort te sit.<sup>15</sup> So het dit gekom dat Muir net £34.6.10 in sy sak en 'n skitterende getuigskrif van sy hoof-onderwyser, hom in 1863 aan die universiteit bevind het. "Mr. Thomas Muir", het sy skoolhoof gesê, "has just completed his apprenticeship as a pupil teacher in the Wishaw Public School. The managers of the school entertain a very high opinion of

15. Sien uitknipsel uit "Musical Times" van 1 Februarie 1906 in Newspaper Cuttings, etc. bearing on the Lifework of Thomas Muir, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

Mr. Muir's character and talents, and consider him preeminently qualified as a teacher. His attainments in all the ordinary branches of education are both accurate and extensive. In classical and mathematical studies he has given proof of distinguished ability. Mr. Muir's method of teaching is simple and most effective. He possesses a peculiar power of interesting and swaying the minds of his pupils."<sup>16</sup>

### Die Universiteitstydperk.

Aan die universiteit het Muir 'n skitterende loopbaan gehad. Hy het kop en skouers bo sy mede-studente gestaan en die hoogste onderskeiding in die vakke Grieks en Wiskunde behaal. Van sy prestasies op die universiteit is deur sy professore met die hoogste lof en waardering gesproek. Die professor van Matematis het van Muir verklaar: "While a student he gained the first prizes in all of my Mathematics classes, and I consider him one of the very best students of mathematics I have seen during my professorial experience of twenty-five years. I have found him a person of rare judgment and tact in the management of his classes, and the most skilful teacher of elementary mathematics with whom I have had to do."<sup>17</sup>"

Muir se dagboek van hierdie tyd bevat 'n pittige en hu-

16. Getuigskrif van die hoof van die Wishaw-skool, 11 November 1863; in besit van mev. Spilhaus.
17. Prof. H. Blackburn, Univ. van Glasgow, in 'n getuigskrif, 13 Junie 1874. (Muir-versameling, Openbare Bibliotheek, Kaapstad).

christiese reeks aantekeninge oor sy eerste senester aan die universiteit; sy leefswyse, sy kwellings as gevolg van geldelike tekorte, en ook 'n lewendige beskrywing van sy daelikse werk.<sup>18</sup> Redding het egter gekom in die vorm van werk gedurende die universiteitsvakansies en ook net private onderwys. Sy eerste vakansie, byvoorbeeld, het hy deurgebring as onderwyser aan die Hamilton-„academy“. Die geld wat hy hier verdien het, het hom nie net in staat gestel om sy studies voort te sit nie maar ook om sy klerekas aan te vul. Na 'n verdere tydperk van harde werk het hy in April 1865 tot sy ontsteltenis ontdek dat sy bankstaat tot £1.14.3½ gekrimp het. Hiervoor was net een genade. Hy moes uitspring en werk gaan soek. Weereens het die hoof van die Hamiltonskool redding gebring deur hom 'n betrekking aan te bied teen 'n salaris van £70.0.0 per jaar maar op voorwaarde dat hy agtien maande daar sou deurbring. Dit sou beteken dat hy sy studies moes onderbreek en 'n hele sessie van die universiteit misloop maar daar was geen ander uitweg nie.

Terwyl Muir net hierdie werk besig was, het sy vader sy lewe in 'n spoorwegongeluk verloor. As oudste seun van die familie is hierdeur nog verdere verpligtings op hom geleë. Gelukkig het Muir se broers van hulle kant ook hul pligte nagekon en net die vir hom aansienlike som van £51.4.3. kon hy in Desember 1866 sy studies aan die universiteit hervat.

18. Sien Dagboek vir 1864.

Met hernude krag en ywer het hy weer sy onderbroke werk aangepak en in 1868 het hy die graad M.A. verwerf. Voor hy nog sy graad behaal het, is hy in die laaste paar weke van die eindsemester deur die universiteit gevra om tydelik die werk van die assistent-professor in matesis op hom te neen. Nie alleen was dit 'n groot eer wat hom aangedoen is nie, maar alhoewel hy studente van sy eie ouderdom moes onderrig, het hy hom so goed van sy taak gekwyf dat die studente self, hom die grootste lof <sup>19</sup> toeseswaai het.

Pas van die universiteit af en belaai met pryse vir sy vakkundigheid in Grieks, Latyn en natuurwetenskap sowel as matesis, het Muir die betrekking van "Sub-warden" en lektor in matesis aan "College Hall" in die beroende universiteit van St. Andrews aanvaar. Aan hierdie inrigting moes Muir hard werk. Die "Warden" onder wie Muir gewerk het, het maar 'n geringe mate van bekwaamheid besit met die gevolg dat daar groot verantwoordelikheid op die jong dosent gerus het. Wat sy werk hier nog verder bemoeilik het, was die feit dat die Universiteit van St. Andrews studente uit die hoogste range van die bevolking getrek het. Baie van hierdie studente het die universiteit bygewoon omdat dit mode was om dit te doen, en nie omdat hul toekons daarvan afgehang het nie. Dit het dus vir Muir groot inspanning gekos om 'n sukses van sy werk te maak. Sy werk aan hier-

---

19. Vgl. Uitknipsel uit "Musical Times" van 1 Februarie 1906.

die inrigting is later deur die hoof van die Universiteit van St. Andrews as volg beskrywe: "At no time has the mathematical teaching in the College Hall (St. Andrews) been so effective and successful as is proved by the large number of the Hall students who then stood high in the Mathematical Honour Lists of the University... I have seldom met with a young teacher who threw such energy into his work and who so communicated <sup>20</sup> that energy to others". Eienaardig genoeg is tydens hierdie tydstip van Muir se loopbaan van hom voorspel dat hy eerder in die toekoms as klassikus sou bekend staan as wiskundige.

Gelyktydig met sy werk aan St. Andrews het Muir privaat gestudeer vir 'n honneursgraad (M.A.) in matusis. Die aanhoudende werk sonder enige ontspanning het egter uiteindelik sy gesondheid aangetas en hierdie voorneme moes hy tydelik prysgee. Gedurende die lang universiteitsvakansie het hy daarin geslaag om die betrekking van private onderwyser van die seun van die hertogin van Argyll te verkry. Hierdie werk het hom in staat gestel om 'n rustige vakansie in een van die pragtigste dele van Skotland deur te bring. Kort hierna, in November 1870, verkwik in liggaam en gees, het hy sy eksamen afgelê en die graad M.A. met eersteklas-honneurs verwerf.

Na twee jaar op St. Andrews het Muir hom genoop gevoel

20. Prof. J.C. Sharp: Getuigskrif aan Muir, 12 Junie 1874.  
(Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad).

on die vasteland van Europa te besoek om verder in moderne tale en matusis te studeer. In 1871 het hy hom dus begewe na die universiteite van Berlyn, Cöttingen en Leiden en op elke plek 'n kort rukkie vertoeft. Om behoorlik op hoogte van sake te bly in die matematisese wetenskappe, het hy die behoefté gevoel aan die kennis van daardie tale waarin baie van die wêreld se wetenskaplike tydskrifte en boeke verskyn het. By sy terugkeer na Skotland in dieselfde jaar het hy hom die betrekking van assistent-professor van matusis aan die Universiteit van Glasgow laat welgeval. In hierdie omgewing van stille dog drukke werkzaamhede het Muir vir homself 'n beroendheid as dosent van matusis verwerf en van hierdie tydperk af dateer ook die geweldige groot aantal wiskundige geskrifte wat in die loop van jare van sy pen gevloei het. Hierdie ywer het sy alma mater dan ook in 1882 beloon deur aan hom die ere-graad LL.D. te verleen.

#### Die voor-Suid-Afrikaanse tydperk.

In 1874 het die gesogte betrekking van senior matusis-onderwyser aan die oud-gevestigde Hoërskool van Glasgow vakant geraak en Muir is uit verskeie sollicitante in die betrekking aangestel. Universiteitswerk het hy versaak nie alleen omdat hy in sy nuwe betrekking 'n ruimer salaris sou geniet nie, maar ook omdat 'n skool hom groter geleentheid sou aanbied om sy ongetwyfelde organisievernoë tot uiting te laat kom as 'n assistent-professoraat dit sou toelaat. Agtien jaar lank sou hy met groot ywer en bekwaamheid sy kragte in hierdie inrigting

wy aan die meegeel van sy kennis van matesis en moderne wetenskappe aan die jeug van Glasgow.

Gedurende hierdie tydperk het die matusis-afdeling van die skool wat getalle en personeel betrek, meer as verdubbel. In die universiteit het sy studente van die hoërskool gedurig bo die studente uitgeblink wat van ander skole afkomstig was en van 1880 tot 1892 het sy studente aan universiteitsbeurse <sup>21</sup> en pryse die verbasende som van meer as £6000 verwerf. Sy net skitterende sukses as onderwyser het hom nie/in hierdie opsig openbaar nie, maar „a better criterion of his success, however, is the influence he exerts on every individual within his department. Without any apparent effort he kindles an intellectual interest in his pupils, and his mere presence <sup>22</sup> seems to provoke a spirit of work and pleasure in work".

Hiervan het talle van Muir se oud-studente nog jare na sy vertrek uit Skotland getuig. So het een van sy onderskeie oud-leerlinge later in sy gedenkskrifte hom herinner: „I was undoubtedly more stimulated by the teaching of Dr. Thomas Muir than by that of anyone else. He was a born teacher, and it was a real inspiration to work under him. Just at first he struck one as rather too hard and cold. He had not much ge-

21. Sien lys van beurse deur sy studente behaal in Newspaper Cuttings, etc. bearing on the Lifework of Thomas Muir, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

22. South Africa: Artikel oor Muir by sy vertrek uit Skotland, 30 Mei 1892. (Uitknipsel in Muir-versameling, Openbare Biblioteek).

niality of manner, and he did not bear fools gladly; but one soon got to know that he took a very deep interest in his pupils  
and that he thoroughly understood the art of teaching them".<sup>23</sup>

In 1876 is Muir getroud met Margaret, die jongste dogter van Dugald Bell van Glasgow. Uit die huwelik is vier kinders gebore, twee seuns en twee dogters. Die seuns is nie langer in Suid-Afrika woonagtig nie, maar beide dogters wat as jong kinders met hul ouers in 1892 na Suid-Afrika gekom het, het na hul huwelik vir hul hier gevestig. Die oudste dogter, vandag mev. Karl Spilhaus, het nie alleen 'n skitterende skool- en kollegeloopbaan gehad nie, maar aan haar het die onderskieding te beurt gevall om die eerste dame te wees wat as lid van die Kaapse Provinciale Raad gekies is. Sy is vandag nog lid van die Raad en tegelykertyd 'n vooraanstaande lid van die Kaapse Skoolraad. Die jongste dogter is getroud met mnr. Cornish-Bowden, gewese landmeter-generaal van die Kaap-Kolonie. Mevr. Muir het reeds lank nie die beste gesondheid geniet nie. Was dit nie die geval gewees nie, sou dr. Muir miskien nooit na die Kaap toe gekom het nie. Toe die keuse tussen die aanstelling in Kalifornië en in Suid-Afrika gelê het, het die aantreklikheid van die Kaap se klimaat wat moontlik bevorderlik vir mevr. Muir se gesondheid sou wees, die deurslag gegee. Dat Suid-Afrika se sonskyn wel 'n heilsame uitwerking gehad het, blyk daaruit dat mevr. Muir sewe-

---

23. Prof. J.S. McKenzie, M.A., LL.D. van Cardiff-universiteit. (Uitknipsel in Muir-versameling, Openbare Biblioteek).

on-twintig jaar lank in Suid-Afrika gelewe het en in April 1919 oorlede is.

In 1877, kort nadat Muir sy betrekking aan die Hoërskool te Glasgow aanvaar het, het hy kandidaat geword vir die vakante betrekking van professor van matusis aan die Universiteit van St. Andrews.<sup>24</sup> Ten spyte van die feit dat Muir sterk aanspraak op die betrekking kon maak en kragtig ondersteun is selfs deur vooraanstaande professore van daardie universiteit, het hy nie daarin geslaag om die benoeming te kry nie maar 'n sekere dr. Chrystal is aangestel. Een van sy getrouste ondersteuners het hom getroos deur te sê: „I need scarcely assure you I am very sorry you have not been successful, both for your own sake and because I believe a safer and better appointment could not have been made otherwise than by appointing you. I am sure, however, that your candidature will do you good, and no harm; for it is no discredit to be beaten by such an able man as Chrystal sets the credit of being. Add to this that you have failed in excellent company: Niven, Porter,<sup>25</sup> Aldis, all good men." Die ongunstige uitslag van Muir se kandidatuur was vir hom 'n gevoelige teleurstelling, en toe binne twee jaar 'n soortgelyke professoraat aan sy ou universiteit oopval, wou hy nie, ten spyte van sterk aandringing

24. Afskrif van die oorspronklike aansoek is te sien in die Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

25. Prof. Swan's brief aan Muir, 29 Oktober 1877. (Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad).

daarop deur sy vriende, daarom aansoek doen nie. Prof. Chrystal het die betrekking op St. Andrews in hierdie selfde jaar verruil vir 'n soortgelyke in Edinburgh en Muir het byna weer aansoek om die vakature gedoen - sy aansoek was kant en klaar opgestel - maar weens geldskaarste aan die universiteit wat die owerheid genoop het om die salaris aan die betrekking verbonde tot 'n karige £400 per jaar te verminder, het Muir besluit om sy aansoek <sup>26</sup> daar te laat. Aan 'n verandering van werkkring het Muir nie weer gedink nie totdat sy eggenote se gesondheidstoestand hon feitlik gedwing het om Skotland vaarwel te sê.

#### Muir as matematikus.

Sy hele lewe deur het Thomas Muir student gebly en hy het hon veral besig gehou net matematisiese navorsing. Reeds in 1872 het hy begin met die uitgee van dissertasies en verhandelinge oor verskillende aspekte van matesis. In 1874 het sy eerste boek oor die kwadraatwortelvorn verskyn en hy is in dieselfde jaar gekies as „Fellow of the Royal Society of Edinburgh”, 'n vereniging waartoe alleen die geleerdstes toegang verkry het. Verder is hy ook lid genaak van die „London Mathematical Society”. Jarelang het hy ook opgetree as eksaminator in matesis vir die universiteite van Glasgow en St. Andrews sowel as vir die Skotse sekondêre eksamens.

26. Oorspronklike aansoek is te sien in Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

Reeds vroeg is deur die vooraanstaande wetenskaplikes die vindingrykheid en presiesheid van Muir se wiskundige beskouings ingesien. Hy het groot indruk gemaak met die forse selfvertroue en onbevreesde kritieke beskouings wat hy daarop nagehou het. Hy het hon in 1876 noedig genoeg getoon om in sy eerste bydrae tot die verslae van die Britse Genootskap vir tot Bevordering van Wetenskap die lank bestaande en in wetenskaplike kringe aanvaarde bevindings van Lagrange, die geleerdste wiskundige van die agtiende eeu, in verband met konvergerende breuke, in twyfel te trek en te weerlê. Hieruit is af te lei dat Muir eweseer belanggestel het in rekenkunde as in stelkunde. Sy ondersoekings in hierdie vakke het gelei tot die uitgawe van 'n rekenkundige handboek,<sup>27</sup> enig van sy soort, en 'n handboek oor determinante wat vir die eerste maal die onderwerp verstaanbaar vir die gewone matusisstudent gemaak het.<sup>28</sup> Beide boeke is vandag nog van die grootste waarde vir diogene wat iets meer van die opvoedkundige metodiek van reken- en stelkunde wil weet.

'n Ideale rekenkundige handboek behoort wiskundig, logies en omvattend en tog prakties te wees. Dus sê Muir:

„In writing the present text-book the aim has been to produce a work which should be accurate from the point of view of the

- 
27. Text-book of Arithmetic, Isbister & Co., Ltd., London, 1878.
  28. A Treatise on the Theory of Determinants, MacMillan & Co., 1882.

mathematician, which should be rational in its mode of treatment as far as this is possible or expedient, which should present the essentials of the subject with the accessories in their proper place as accessories, and which, while suited for the purpose of general mental training, should be equally adapted for

29

the practical business of life."<sup>29</sup> Die slothoofstuk van die boek bevat 'n geskiedkundige oorsig oor die rekenkundige handboeke wat tot die jaar 1878 verskyn het. Dit sou later tipies van Muir se werk word, want hy was later matematiese historikus sowel as matematikus self.

Sy lewenswerk was eintlik die studie van determinante en die taak wat hy hom ten doel gestel het, was om die geskiedenis van determinante noukeurig na te gaan. Hierin het hy hon die meester in die wêreld getoon. Sy geskrifte oor determinante het in 1882 begin met 'n lys van al die bestaande werke oor die onderwerp. Dit het verskyn in die „Quarterly Journal of Mathematics.“ Alles te same, het hy in die loop van jare ag sulke lyste uitgeregee. Dit was uiter moeilike en inspannende werk waar dit was noodsaaklik vir die uitbreiding van die onderwerp. Die opstelling van die lyste is inderdaad so volledig en deellik gedaan dat vooraanstaande matematiци die mening uitgespreek het

30

dat die werk vir altyd afgehandel is. Sy eie oorspronklike verhandelinge oor hierdie onderwerp alleen, het 256 getel - meer

29. Voorwoord tot die „Text-book of Arithmetic.“

30. Sien Cape Times, 20 Desember 1921, toespraak van prof. Crawford by geleentheid van toekekening van D.Sc. aan Muir.

as enige ander skrywer oor die onderwerp gelewer het. So het in 1890 van sy pen verskyn „History of Determinants," en in 1906 die eerste deel van sy meesterstuk, „The Theory of Determinants in the Historical Order of Development," wat uiteindelik uit ses boekdelle sou bestaan. Die skrywer se doel was nie net om elke bestaande geskrif oor determinante te boek te stel en tegelykertyd elke werk te beskrywe nie, maar om dit sy behoorlike plek in die geskiedenis van die onderwerp toe te ken om as gids vir toekomstige skrywers te dien. Hierdie werk bevat dus die volledigste bibliografie oor die onderwerp wat in die wêreld bestaan, en ook 'n kritiese ontleding en vergelyking van al die geskrifte vanaf die ontstaan van die onderwerp tot sy nuutste ontwikkeling. Dit is interessant om te weet, as bewys van Muir se veelsydigheid, dat die opstel van hierdie monumentale werk die kennis van minstens ses moderne tale moes beteken het.

Muir se matematisese werk het nie onbeloond gebly nie. Die hoogste onderskeidings van die wêreld se wetenskaplike verenigings het hom te beurt gevval. Die "Royal Society of Edinburgh" wat hom alreeds in 1874 met 'n „Fellowship" vereer het, het hom in 1884 en weereens in 1899 die hoogste eerbewys geskenk wat in hul vermoë was, naamlik, die „Keith"-medalje. Dit is 'n toekenning wat alleen vir die skitterendste wetenskaplike prestasies aan iemand gedoen word, en Muir is die enigste wat meer as eenmaal die onderskeiding geniet het. By

die toekenning van die medalje die tweede maal, het die "Royal Society of Edinburgh" gesê: "In awarding the Keith medal and prize to Dr. Thomas Muir, the Royal Society of Edinburgh desires to express its sense of the continuation of Dr. Muir's researches in the Theory of Determinants and its Applications. Since 1883 he has enriched the proceedings and transactions of the Society with a continuous stream of papers, many of them containing new results of permanent importance, others co-ordinating, extending and tracing to their sources theorems already known, and all of these marked by the peculiar analytical sagacity which is familiar to the readers of Dr. Muir's mathematical writings.... This monograph (*Geskiedenis van Determinante*) will form a monument of the learning and mathematical acumen of its author more enduring than the Keith medal; for it cannot fail to remain a permanent chapter in the history of mathematics, which will no doubt be added to by future investigators but which will never be wholly superseded."<sup>31</sup> In 1900 is Muir gekies as "Fellow of the Royal Society," van Engeland hierdie keer, ook 'n onderskeiding wat nie verkwisterig uitgedeel word nie. Die "Royal Society of Edinburgh" het Muir later weer verder vereer deur aan hom toe te ken die "Gunning-Victoria Prize" "for important and continuous investigations into determinants and their connected forms."<sup>32</sup> In Suid-

31. Oorspronklike brief in Book bearing on the Lifework of Thomas Muir, Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

32. *Ibid.*

Afrika het erkenning van Muir se uitstaande geleerdheid nie uitgebly nie. In 1910 was hy President van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bevordering van Wetenskap en in Desember 1921 het die Universiteit van Kaapstad vir hom geëer deur aan hon die ere-graad D.Sc. te verleen - die eerste maal dat hierdie graad sedert die stigting van die universiteit in 1918 aan enigeen toegeken is.

Toe dr. Muir na Suid-Afrika gekom het, was hy besig met die opstel van die tweede deel van die eerste boekdeel van sy geskiedenis van determinante. Weens die drukke werkzaamhede van sy nuwe amp, is hy gedwing om die werk tydelik op sy te skuiwe. Gedurende die moeilike dae van die Tweede Vryheidsoorlog het hy die werk weer aangepak „as a kind of relief from the strain of those days.”<sup>33</sup> So het dan in 1906 die tweede deel van die eerste boekdeel verskyn, in 1911 die tweede boek en in 1920, na hy reeds sy amp as Superintendent-General van Onderwys neergelê het, die derde. Die vierde het kort daarop gevolg en die vyfde in 1930 toe dr. Muir reeds 86 jaar oud was. Die navorsing en arbeid aan die werk verbonde moes geweldig gewees het. Elke woord en algebraïese symbool het hy eiehandig geskrywe. Die vierde deel alleen het die nasien van meer as 800 gepubliseerde geskrifte ingesluit. Nie dit alleen nie, maar 'n naslaanbibliotheek hier ter plase was daar

---

33. Muir in 'n onderhoud met die Cape Times (Muir at 84), 22 September 1928.

-39-

nie. Ses duisend nyl ver was sy naaste bronne en dit het die werk tot so 'n mate bemoeilik dat Muir so ontmoedig gevoel het, dat hy hierdie deel van sy werk byna laat vaar het. Gedurende al sy jare van arbeid as onderwyser, as Superintendent-Generaal van Onderwys, en as skrywer, het sy geestelike kragte tot by sy neëntigste jaar ongeskonde gebly. Die sesde doel van sy geskiedenis van determinante sou die werk heeltemal op datum gebring het, maar toe hy in 1928 gevra is of hy die boekdeel sou kon voltooi, het hy geantwoord dat hy dit nie sou kon verwag nie,  
 "for that would take me up to 1940, and I cannot reasonably hope  
 to live as long as that."<sup>34</sup> Muir het alles tesame 508 boeke, pamphlette en verhandelinge oor matusis geskrywe.

Gedurende sy leeftyd het Muir 'n groot aantal boeke versamel, veral oor matusis. Na hy sy amp as Superintendent-Generaal neergelê het en van sy ruime ou woning, "Mowbray Hall",  
 op Rosebank, na 'n kleiner huis getrek het, is hy genoodsaak om van baie van sy boeke afstand te doen. Sy matusisbibliotheek alleen, het bestaan uit 2500 boeke en pamphlette en in 1920 het hy besluit om die versameling aan die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad te skenk. Van hierdie inrigting was hy jarelank die geëerde voorsitter van trustees. Die versameling bevat geen leerboeke nie behalwe sulke boeke van besondere waarde of belang. Die belangrikste boeke onder die versameling is

34. Cape Times: Obituary, 22 Maart 1934.

35. Elmcote, Portlandweg, Rondebosch.

die volledige stelle matematiiese tydskrifte wat hy uit byna elke land van Europa bymekaar genaak het. Sonnige van hierdie stelle was reeds seldsaam toe hulle jare tevore deur Muir aangekoop is, en is vandag onverkrybaar en van groot geldelike waarde. Dit word gesê dat die vier groot universiteite van Skotland saam nie so 'n volledige reeks besit nie en dat die versameling verder enig van sy soort in die suidelike halfrond is.<sup>36</sup> Tweede van belang na die tydskrifte is die versameling van geskrifte oor determinante en verwante onderwerpe. So ver bekend, is hierdie die volledigste in die wêreld. Dr. Muir het nie geld verkwis aan swierige bande vir die boeke nie, maar die hele biblioteek is in 'n goeie en ongeskonde toestand. Al die boeke is behoorlik op 'n kaartstelsel gekatalogiseer en die versameling is 'n bron van onskatbare waarde vir studente en navorsers. Die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek en die publiek van Suid-Afrika is onder 'n dure verpligting teenoor dr. Muir vir hierdie grootmoedige geskenk. Dit is te betreur dat die versameling op die oomblik in die biblioteek nie die beste huisvesting geniet nie en dat daar blykbaar deur studente naar min gebruik van genaak word.

#### Ander Belangstellings.

Muir se belangstelling in sake was van omvattende omvang.

36. Sien Cape Times, ongedateerde uitknipsel in Newspaper Cuttings, etc. bearing on Lifework of Thomas Muir, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

Behalwe matematikus was hy ook geograaf. Sy liefde vir en belangstelling in aardrykskunde en aardrykskundige ontdekkinge het nooit verflou nie. Toe hy lid was van die Filosofiese Vereniging van Glasgow het hy hom daarin beywer om 'n spesiale afdeling van die vereniging ter bevordering van die studie van aardrykskunde gestig te kry. Later was hy behulpsaam met die stigting van die „Royal Scottish Geographical Society." Van laasgenoemde is hy as „Fellow" gekies asook van die Engelse „Royal Geographical Society."

Muir het van sy vroegste dae af 'n groot liefde vir musiek gekoester en hy was self musikant van boniddelmatige bekwaamheid. Behalwe dat Muir as wiskundige belang gestel het in die matematische teorie van klank en as universiteitstudent 'n grondige studie van hierdie wetenskap gemaak het, het hy aan die Andersonian-universiteit van Glasgow ook as musiekstudent sy aandag gewy aan harmonie en toonsetting. Toe hy in Duitsland was, het hy 'n groot voorliefde vir kamermusiek gekry.<sup>37</sup> As onderwyser op die Hoërskool, Glasgow, het hy tot die besef gekom van die groot waarde van die onderrig van sang en musiek op skool en die plek wat hierdie vakke op die skoolleerplan behoort in te neem. Dit was van veel betekenis by sy optrede in verband met sang op skool na hy na Suid-Afrika gekom het. In Kaapstad was hy 'n steunpilaar van verskeie musiekverenigings, en jarelang

---

37. Vgl. Musical Times van 1 Februarie 1906, Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

was hy voorsitter van die „Chamber Music Union“ en president van die Kaapstadse Musiekvereniging. Wyle dr. Barrow Dowling, die welbekende orrelis, koormeester en musiekliefhebber, het van dr. Muir gesê: „I never opened up a new movement without first consulting him, and whether it was during the busy hours of office time or at his house in Mowbray late in the evening, he always affected the greatest interest in my plans and gave me sound advice".<sup>38</sup> Saam met sy voorliefde vir musiek het ook 'n lewendige belangstelling in die skone kunste gepaard ge gaan. Dr. Muir het jarelank gedien as voorsitter van die trustees van die Suid-Afrikaanse Kunsgallery, president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Skone Kunste, asook trustee van die Suid-Afrikaanse Museum.

Alhoewel dr. Muir se geliefde ontspanning in sy latere jare die beoefening van Skotland se nasionale spel, gholf, was - 'n spel wat hy by die bakernat van gholf, St. Andrews, geleer het en waarvan hy een van die eerste spelers in Suid-Afrika was - was sy intellektuele tydverdryf behalwe musiek, ook letterkunde. Ligte leesstof was 'n gebied waarop hy altyd na nuwe talent gesoek het en hy het hon daarop geroen dat hy onder die eerste bewonderaars was van sulke skrywers soos Robert Louis Stevenson, Olive Schreiner en Rudyard Kipling.

38. Barrow Dowling: Cape Times, 18 Julie 1923.

Muir self, het 'n reeks gedigte geskrywe meestal in die Skotse dialektstaal, vol pittige humor en diepe gevoel. By al sy veelvuldige werkzaamhede het Muir nog boonop tyd gekry om 'n geskiedenis op te stel van die Glasnowse Hoërskool waar hy soveel jare gearbei het.

#### Was Muir die rente man vir S.G.O.?

Toe dr. Muir na Suid-Afrika gekom het, het hy alreeds die gevorderde leeftyd van 48 jaar bereik - 'n stadium wanneer meeste mense al begin dink aan aftree. Soos alreeds op gewys, was dit grotendeels die resondheid van mevr. Muir wat hom gedwing het om 'n beter klimaat op te soek as die cure, onvriendelike klimaatstoestand van Skotland. Die invloed van Cecil Rhodes het egter ook neegewerk om hom hierdie besluit te laat neem.

"I don't think I should ever have gone to South Africa if it had not been for Mr. Rhodes. I met him in London after I had been in negotiation with the Cape Government for a considerable time and fell under the glamour of his personality. It was his influence that decided me to go to the Cape, and I cannot say that I have ever regretted it."

39

Alhoewel die amp van Superintendent-Generaal van Onderwys van die Kaap-Kolonie 'n geweldige verhoging van status vir Muir beteken het, was dit vanuit 'n finansiële oogpunt beskou, geen

39. Muir: In 'n onderhoud met „South Africa“, 19 Aug. 1905. Uitknipsel in Muir-versameling.

aansienlike vordering nie. Sy salaris in Skotland tesame met die honoria wat hy as eksinator ontvang het, het nie eintlik opgeweeg teen die salaris van £1200 wat hy as Superintendent-Generaal sou ontvang nie. Boonop sou hy die pensioenrente wat sy agtienjarige diens aan die Glasgowse Hoërskool hom alreeds verseker het, moes prysgee. Om hierdie verlies gedeeltelik te vergoed, het Rhodes dit in 1892 in die Kaapse parlement bewerkstellig dat ag jaar tot sy pensioenbare dienstyd toegevoeg word om hom dus van 'n ooreenstemmend hoër pensioen by sy aftrede te verseker.

Behalwe die geldelike oorweging het Muir se verhuis na Suid-Afrika beteken dat hy hom afgesonder het van die Europese gedagtestroninge, van die ongang met die geesverwante met wie hy soveel jare in noue aanraking was, en van al sy geliefde matematische verenigings. Voortaan sou sy naaste naslaanbiblioteek 6000 myl ver wees en dit sou daardie wetenskaplike ondersoekings waaraan elke oomblik van sy ledige tyd gewy is, oneindig noeiliker en lastiger maak. Nietemin moes die betrekking hom in Suid-Afrika aangebied aanloklik voorgekom het. Die land het 'n belowende toekoms gehad; die onderwysveld het braak gelê, wagtende op die hand van 'n kragtige organiseerde. Hier was dus 'n kans vir 'n man met talent en organisasievermoë. Of Muir uiteindelik beter daaraan toe sou gewees het deur in sy vaderland te bly, is 'n ope vraag. Alreeds voor hy na Suid-Afrika gekom het, het hy as wetenskaplike hoog aan-

geskrewe gestaan on hy was in die voorste rang van geleerde, maar wens sy gevorderde leeftyd is dit te betwyfel of hy in sy eie land dit ooit verdor sou gebring het as matematis-onderwyser - 'n betrekking waarin daar veel minder ruimte was vir die verbaalende organisasietalent wat hy hier openbaar het. In die Kaap-Kolonie het hy aan die hoof te staan gekom van 'n uitgebreide onderwysstelsel waar hy na hartelus kon organiseer en waar hy sy matematische brein kon laat geld in die oplossing van die ingewikkelde vraagstukke aan die stelsel verbonden.

Die aanstelling van 'n matematikus as hoof van 'n onderwys-departement is deur 'n groot deel van die bevolking kopskuddend gadegeslaan. Sou so 'n man bekwaam wees vir die betrekking? Die vereistes waaraan 'n Superintendent-Generaal van Onderwys moes voldoen, is by die instelling van die amp bepaal. Deur sir John Herschel is die nodige cienksappe as volg gestel:

"Good, plain sense, or general good education, with a high impression of its value, and a proper appreciation of its ends and means, together with the talent of supervision and insight into human character, seem all the positive qualifications needed. The absence of party spirit and religious bigotry seem to include the negative."<sup>41</sup> 'n Verdere en vollediger uiteensetting

40. Bell: Memorandum aan die Goeverneur, 28 Augustus 1837. Sien bls. 13.
41. Herschel: Brief aan die Sekretaris van die regering, 17 Februarie 1838. Herdruk in Rapport van Onderwyskommissie 1863, Aanhangsel V, no. 22.

van die gewensde bevoegdhede van die ampsdraer is soos volg geformuleer: „(1) Sincerely attached to the British Government, Name and Nation; (2) Able to estimate at their practical value, or rather at their real nothingness, with respect to his office, the microscopic differences of colour, Nation, Language, Rank, and the sectional distinctions of Religion; - (3) He should entertain a high respect for the office of a Teacher, and be willing to rest his reputation on rendering the System of Instruction more and more comprehensive and complete; - (4) He should regard the education of the People as the main pillar in the temple of Civilisation and good Government; (5) He should be qualified and disposed to correspond with the most eminent men in the profession everywhere; and also with those who as Philosophers or Statesmen, cultivate Education as a branch of moral and Political Science.”<sup>42</sup>

Het dr. Muir aan hierdie vereistes voldoen? Muir het na Suid-Afrika gekom met 'n hoë en ongeskonke reputasie. Skotse geleerde was van mening dat in hul land geen geskikter persoon die amp van Superintendent-Generaal van Onderwys in die Kaap-Kolonie kon beklee nie. „In the first place Dr. Muir is a distinguished man of science whose reputation will at once secure his recognition in any cultured society ...

42. John Fairbairn: Brief aan die Goewerneur, 19 Feb. 1838. Herdruk in Malherbe: Education in South Africa, bls. 86 en 87.

He is a man of wide culture.... Master of the more important European modern languages, he would be well qualified to obtain for the Colonial Administration any information they might require regarding continental systems of education; and he would not be likely to take narrow and unsympathetic views on the delicate questions that arise in a bilingual colony. Dr. Muir stands distinctly at the head of his profession as a teacher of mathematics. He is deeply interested in and fully conversant with the many problems of Education, both Primary and Secondary, which exist at present in Scotland - problems in many respects analogous to those that require solution in Cape Colony..."<sup>43</sup>

In die Kaap-Kolonie, soos alreeds gesien is, is Muir se aanstelling nie so geesdriftig begroet nie. 'n Paar jaar tevore is Geeksperimenteer met die invoering van 'n Inspekteur-Generaal in die persoon van Donald Ross en sy optrede het nog altyd 'n slechte smaak in die mond gelaat. Hierdie voorbeeld het getoon hoe moeilik dit vir 'n vreemdeling was om sommer dadelik die onderwysvraagstukke alhier te vat. Toegegee dat dit geen maklike taak vir die regering was om 'n plaaslike man aan te stel sonder om heelwat aanstoot te gee nie, veral daar daar geen regstreekse bewys was dat ds. Moorrees, die gewildste onder die noontlike plaaslike kandidate, die vereiste eienskappe besit het, is die aanstelling van Muir tog op hierdie tydstip van die land se ge-

---

43. Prof. Chrystal: In 'n brief aan die "Cape Times", 20 Mei 1892.

skiedenis as 'n misslag en 'n verkeerde politiek beskou. Sou so 'n vreemdeling met sy gesette idees, onbekend met die landsonstandighede en met die taal van die meerderheid van die bevolking ook die reeds ontluikende Afrikaner-gevoelens en aspirasies kon verstaan en lei?

Die Departement van Onderwys verrig 'n werk wat in die nouste verband met die maatskaplike ontwikkeling en die daagliks lewe van die volk staan. Een van die eerste vereistes van 'n Superintendent-Generaal van Onderwys sou dus wees, bekendheid met die toestande van die volk. In die loop van sy werk kon die Superintendent-Generaal in aanrakinig met elke deel van die bevolking, arm en ryk, geleerd en ongeleerd. Hoe sou hy sy dure pligte getrou kon nakom sonder 'n kennis van die volkskarakter en die onstandighede waarin die volk hom bevind? Muir se twee voorgangers het reeds geleenheid gehad om ondervinding in die land op te doen alvorens hulle die amp van Superintendent-Generaal van Onderwys aanvaar het maar Muir daarenteen is uit die buiteland ontbied en het dadelik die teuels in hande geneem. Sou die nuwe Superintendent-Generaal sy nasionale vooroordele opsy kon skuiwe en sake onpartydig en billik kon oordeel?

---

HOOFSTUK DRIE.REORGANISASIE.Die S.G.O. se Pligte.

Onmiddellik by sy aankoms in Kaapstad is dr. Muir voorsien van 'n "Memorandum of Instructions for the Guidance of the Superintendent-General of Education" die ontvangs waarvan op 25 Mei 1892 in 'n brief aan die Minister belas met Onderwyssake deur Muir erken is.<sup>1</sup> Die Memorandum wat deur dr. Dale opgestel is, het die volgende bevat:

- (1) Die Superintendent-Generaal van Onderwys word belas met en dra die verantwoordelikheid vir die behoorlike administrasie van alle gelde deur die parlement vir openbare onderwys gestem ooreenkomstig die regulasies wat van tyd tot tyd deur die Goewerneur-in-rade goedgekeur en in die Staatskoerant geproklameer word.
- (2) Die Superintendent-Generaal van Onderwys stel jaarliks 'n uitvoerige verslag op oor die toekennint van al sulke gelde, welke verslag jaarliks voor die parlement gelê moet word binne een maand van die aanvang van die sitting; hy stel verder jaarliks 'n verslag aan die parlement op aangaande die aanwending van die rente op die fondse van die Bybel- en Skoolkommissie en die Slawekompensasiefonds aantonende waaraan sodanige rente in die afgelope jaar bestee is.

---

1. Oorspronklike Memorandum en brief C.O.4364. (Kaapse Argief).

(3) Dit is die plig van die Superintendent-Generaal van Onderwys om in besonderhede toe te pas en te ontwikkel sulke onderwysskemas soos die wetgewende liggaam vasstel, en die regering van raadgewing te bedien betreffende alle sake in verband met die uitvoering van sulke skemas en die openbare onderwys in die algemeen; ook om self en met die hulp van die Gedeputeerde Inspekteurs 'n deeglike en gereeld inspeksie van alle staatsondersteunde instellings en skole instand te hou; en self sulke reise deur die Kolonie te onderneem dat hy in staat gestel sal word om persoonlik kennis te maak met die onderwysers en skoolbestuurders, die algemene werking van die stelsel en die behoeftes van die bevolking insake die hoeveelheid en gehalte van die openbare onderwys wat in die verskeie afdelings bestaan.

(4) Deur middel van die korps van Gedeputeerde Inspekteurs sal die gereeld inspeksie van skole instand gehou word sonder enige langdurige afwesigheid van die Hoof van die Departement van sy kantoor waar sy teenwoordigheid nodig sal wees vir korrespondensie en die daaglikse oorweging van die tallose vraagstukke wat uit die werking van so 'n wydvertakte stelsel ontstaan.

(5) Om die Superintendent-Generaal van Onderwys in staat te stel om 'n diepgaande kennis van die opvoedkundige werk wat in die verskeie afdelings gedoen word te verkry, sal hy voorlopig die dienste van 'n kantoorassistent tot sy beskikking

hê maar daardie assistent sal nie aanspreeklik gehou word vir die administrasie van die Departement nie. Die Assistant-Superintendent-Generaal van Onderwys sal algemeen behulpsaam wees met die amptelike briefwisseling en aan hom sal spesiaal opgedra word die registrasie en eksamינering van onderwysers en van persone wat hulle as sulks wil aanmeld; die uitreiking van goedgekeurde skoolbenodighede; die hersiening van ooreenkomsste met skoolbestuurders aangegaan; en die sorg van alle rekords aangaande die professionele status en pligte van onderwysers.

(6) Terwyl die Superintendent-Generaal van Onderwys op hoofkantoor is, en mits onstandighede op kantoor dit toelaat, sal die Assistent die inspeksie van skole onderneem in sy hoedanigheid as Gedeputeerde Inspekteur van skole, óf in die nabijheid van hoofkantoor óf op ander plekke indien dringend nodig.

#### Die Onderwyskantoor.

Dr. Huir se eerste werk na hy sy amp aanvaar het, was 'n sorgvuldige en uitgebreide ondersoek na die toestand van die Departement en die onderwys in die algemeen. Die eerste maand het hy hom met kantoorraangeleenthede besiggehoud. Die Onderwyskantoor was rehuisves op 'n boerdieping in die gebou langs die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Adderleystraat op die plek waar tans die nuwe moderne gebou deur die Kerk opgerig is. Behalwe die Superintendent-Generaal en die Assistant-Superintendent-Generaal, mnr. J.H. Brady, het die kantoorpersoneel uit ses bestaan. Die kantoor is in twee afdelings ingedeel - die korrespondensie- of

sekretariële afdeling behartig deur die sekretaris van die Departement, mnr. C. Murray met een klerk, J.H. Shea; en die rekeningsafdeling behartig deur die rekenmeester, mnr. A.J. Kuys, met die hulp van twee klerke by name J. Spyker en P.E. Scholtz. Daar was verder 'n algemene kantoorhulp in die persoon van G.H. Freeman.<sup>2</sup>

Die rekeningsafdeling het Muir in 'n taanlik bevredigende toestand bevind en die werk is getrou en sistematies verrig. Met die korrespondensieafdeling was dit egter anders gesteld. Kort voor Muir aangekom het, is die sekretaris, mnr. G. Machonachie, wat vanaf 1874 in die Onderwyskantoor werksaam was en sewentien jaar as sekretaris gedien het, skielik oorlede. Met sy dood was die ondervinding, tradisie en ongeskrewe wette van sewentien jaar daarnee heen.<sup>3</sup> Die sekretaris was vertroud met al die werksaanhede tot in die fynste besonderhede en sy opvolger, mnr. Murray, het 'n moeilike taak gehad om op hoogte van sake te kom. Daar moet onthou word dat dit ook die dae was toe die tikmasjien en masjienkopiëring in Suid-Afrika iets seldsaams was en elke brief wat uit die kantoor uitgegaan het, moes eiehandig deur die sekretaris geskrywe word en dan deur een van die klerke in 'n boek oorgeskrywe word.

Dr. Muir het dadelik ingesien dat 'n sterk georganiseerde

2. Civil Service List, 1892.

3. Sien Onderwysrapport 1892, bls.3.

kantoor noodsaaklik was vir die behoorlike en gladde werking van die onderwysstelsel. Hy het nie net besef dat die kantoor goed georganiseer moes wees nie maar dat die organisasie gedurende net toekomstige uitbreiding moes tred hou. Hierdie stelling het dr. Muir neerstaan in sy eerste jaarverslag. "De les voor de toekomst.....is dat organisatie gelijken tred moet houden met groei. Bij het lezen van deze acht afdeelingen (van die rapport), ben ik zeker dat ieder die iets weet van de werking van de verschillende onderwijsstelsels in de wereld, zeggen zal: 'organiseer, organiseer'. Het is waar dat hy ook waarschijnlik aanraden zal het land te verdeelen in school-distrikten en een schoolcommissie voor elk distrikt aan te stellen en dat, als de onverschilligheid van ouders omtrent onderwijs onder zijne aandacht gebracht wordt, hij niet aarzelen zou verplicht onderwijs aan te bevelen; naar ik zou mij zeer vergissen als hij niet in de eerste plaats zou aandringen op departementeel organisa<sup>4</sup>tie." Dit was Muir se beleid dwarsdeur sy hele bestuur - eers die organisasie in die haak bring en dan die uitbreiding daarop laat volg. Met alles wat hy aangepak het, was hy uiter versigtig en hy het nooit met iets begin aleer hy die saak deeglik deurdink en van alle kante goed beskou het nie. Gevolglik was daar nooit tydens Muir se régime skielike rewolusionêre veranderings nie. Hy het geglo aan ewolusie nie rewolusie nie.

Om doeltreffendheid in die hand te werk is dadelik 'n nuwe

4. Onderwysrapport 1892, bls.44.


afdeling in die kantoor geskep - die vir nagtiging van toelae. Voortaan sou alle sake betreffende die outerisering van toelae en alles wat daar mee in verband gestaan het, onder die sorg van hierdie afdeling staan. Die werk is aan die Assistant-Superintendent-Generaal opgedra en weldra het sake vlot ge-loop en daarby is die sekretaris se werk heelwat verlig. Die toenemende werksaamhede van die Departement het in 1893 weer die noodsaaklikheid geskep van die instelling van 'n aparte afdeling vir die behartiging van eksamen en die diplomering van onderwysers, en 'n ander afdeling vir opvoedkundige statistieke en rapporte. Hierdie gedrag slyn het Muir dwarsdeur gevolg. Sodra daar uitbreiding plaasgevind het, is 'n nuwe afdeling in die kantoor geskep om die werk te behartig en 'n amptenaar vir daardie afdeling verantwoordelik gestel. In elke geval is die amptenaar aan die hoof van so 'n afdeling aange-noedig om hom 'n deskundige op sy eie gebied te maak „so as to be able and willing to give sound advice on all subjects within their sphere of duty.”<sup>6</sup>

Met genoëe kon Muir in 1894 rapporteer: „The greatest improvement which has been effected during 1894 has taken place in the Statistical Branch, the work of which now proceeds with machine-like accuracy, and yet with sufficient evidence


5. Onderwysrapport 1892, bls.4.

6. Onderwysrapport 1909, bls.2.

ONDERWYSKANTOOR EINDE VAN 1891.



ONDERWYSKANTOOR IN 1915.



7

that there is intelligence inside the machine." Dit was tipies van Kuir. Alles in die kantoor moes met wiskundige en natuurwetenskaplike presiesheid loop. Doeltreffendheid en stiptheid was sy wagwoord en hierdie eienskappe het hy van elke amptenaar gevorder. Aarseling en onbekwaarheid onder sy kantoorpersoneel het hy nie geduld nie. Hy self was in staat om na oorweging van die feite van 'n saak tot 'n onwrikbare gevolgtrekking te kom en as hy eenmaal 'n besluit geneem het, het hy daarby gebly.

Iemand wat onder hom gewerk het, het gesê: "Wat sy manier van bestuur, sy amptelike houding betref, was hy 'n model as S.G.O. Hy was 'primus' in sy kantoor, nie 'Primus inter pares' nie."<sup>8</sup> Hoë eise het hy aan sy personeel gestel en hulle het hul lojaal van hul taak gekwy. Liefde vir sy persoon het hy nie by hulle inneboesen nie maar van die hoogste tot die laagste het 'n heilige ontsag vir hom gehad. In sy kantoor het Kuir geen langdradigheid verdra nie. "As jy direk na sy kamertegaan het, moet jy as jy enige indruk wil maak, sonder omslag, kort en saaklik, maar volledig, jou saak voor hom lê en hy het sy antwoord klaar: 'Ja' of 'Nee', 'good morning!'"<sup>9</sup> Die onderhoud is verby en jy weet presies waar jy aan of af is." Dit was dan die atmosfeer van stroewe presiesheid wat daar in die kantoor heers het.

Van 'n man wat 'n hoogontwikkelde besef gehad het van sy

7. Onderwysrapport 1894, bls.iv.

8. C. Hofmeyr: 'n Oud-inspekteur kyk terug, Die Huisgenoot, 8 Maart 1935.

9. Ibid.

eie bekwaamheid en organisasievermoë, kan ook verstaan word dat hy nie veel gediend sou wees met die bestaan van die pos van Assistent-Superintendent-Generaal van Onderwys nie.

Alhoewel dr. Dale kort voor Muir se aankoms in 'n brief aan die Minister belas met die onderwys gerig, die mening uitgespreek het: „I do not contemplate my successor getting through his work without Mr. Brady's assistance especially as he must yet get a personal acquaintance with the main institutions and this will involve absence from headquarters," het dr. Muir duidelik laat verstaan dat hy bekwaam was om alleen die werk te behartig sonder die belemmering van 'n assistent wat noontlik sy planne kon kortwiek.

Tot sy verbasing noes Brady eendag skielik verneem dat sy aanstelling as Assistent-Superintendent-Generaal van Onderwys maar 'n tydelike maatreël was. Hier teen het Brady heftig maar vrugtelos ge protesteer, en uiteindelik het hy ingestem om 'n ander amp in die Departement te aanvaar op voorwaarde dat hy die salaris van £700 per jaar aan die assistentskap verbonde en sy senioriteit as bearppte in die Onderwyskantoor sou behou. Dit is toegestaan en in Maart 1893 het dr. Muir hon laat aanstel as Gedeputeerde Inspekteur van Skole vir die afdeling Kaapse Skiereiland en Registrateur en Opsiener van Eksamens.

10. Gedateer 30 Maart 1892, C.O. 4364 (Kaapse Argief).

11. Vgl. bls. 33.

12. Sien briefwisseling hierontrent in C.O. 4364 (Kaapse Argief).

Brady se gesondheid het egter kort hierna begin aasteruitgaan. 'n Besoek aan Engeland het geen verbetering gebring nie en hy het in 1897 met pensioen uit die diens van die Departement getree na 'n dienstyd van dertien jaar. Van hom het Muir gesê: „No inspector had a truer conception of the functions of a school or a more accurate judgment of the qualities which go to make a good teacher. He had also certain gifts which particularly fitted him for office work, and the Examining Branch profited much by his guidance.”<sup>13</sup>

Na 1894 het Muir geleidelik voortgegaan met die stigting van nuwe afdelings in die kantoor sodat daar by sy aftrede in 1915 nege afdelings bestaan het, naamlik, Eksamens, Statistiek, Otorisasie, Geboue, Onderwys-gaset, Skoolrade, Spoorwegskole, Registrasie en Algenene Briefwisseling. Ofskoon hierdie stelsel deur Muir in sommige opsigte nie as ideaal beskou is nie, het dit tog die verlangde deeglikheid ten gevolge gehad. Dit was in so 'n mate doeltreffend dat Muir se opvolgers daarop voortgebou het en tot vandag toe word die onderwyskantoor op dieselfde stelsel gedrywe.

Binnekort het die kantoorruinte in die gebou in Adderleystraat te beklop vir die groeiende personeel geword en in 1895 is die kantoor na die ongebruikte magistraatshof op Kerkplein verskuwe.<sup>14</sup> Dit het heelwat meer ruimte verskaf en daar was ook

13. Onderwysrapport 1897, bls.4.

14. Sien skematische voorstelling op bls. 74a.

15. Die gebou is later gesloop. Vandag staan die gebou van die "National Mutual of Australasia" op die plek.

'n saal by wat gedien het vir die uitstalling van boeke en skoolbenodigdhede maar die gebou was in 'n taamlik bouvallige en onhygiënisce toestand. Daar is selfs beweer dat dit aan die toestand van die gebou te wyte was dat 'n magistraat eens die lewe ingeskiet het. Hoe dit ook al sy, die gebou is in orde gebring en dit het veertien jaar lank die Departement gehuisves sonder enige ernstige ongeval. Weereens in 1909 het hierdie gebou te klein geword en die personeel het na die kelder verdieping van die Parlementshuis verhuis. Die verblyf hier was nie van lange duur nie, want met die totstandkoming van Unie in 1910, het die Proviniale Administrasie die Hugenote-gedenkgebou in Koningin Victoriastraat van die Nederduits-Gereformeerde Kerk aangekoop en die Onderwyskantoor is in dielselfde jaar daarheen verskuwe. Na die lang verblyf hier sal die kantoor eersdaags weereens nuwe huisvesting kry en wel in die nuwe gebou van die Administrasie wat tans op die terrein van die ou Administrateurskantoor in Waalstraat verrygs. Dr. Muir, met die pittigheid en geestigheid aan hom eie, het die geskiedenis van die huisvesting van die Onderwyskantoor as volg opgesom: "Then came a brief stay in the basement of the Houses of Parliament which brought to the minds of the staff the fact that they were under the heel of the Legislature! Finally they had reached their present haven - the Huguenot Memorial Buildings - a spot sanctified by association with the church. In other words, they had begun in a garret, they

79

had continued in a Police Court, they had suffered a period of  
<sup>16</sup>  
 abasement but they were now living in an odour of sanctity."

Hierbo is nagegaan hoedat dr. Muir die masjinerie van die Onderwyskantoor ontwikkel en uitgebrei het om aan te pas by die steeds veranderende omstandighede. Verdere verbeterings wat hy in die kantoorroetine aangebring het met die oog op groter doeltreffendheid, het in verband gestaan met die uitbetaling van wissels, die inspekteursrapporte en die vorms in gebruik deur die Departement. Tot op 1894 moes alle toelaes direk aan skoolbestuurders dwarsdeur die Kolonie per skatkiswissel uit die kantoor gestuur word. Weens die steeds toenemende aantal skole het dit beteken dat daar later van tyd 'n byna onhanteerbare hoeveelheid wissels uit die kantoor moes gestuur word. In 1894 is dus reellings getref dat alle toelaes deur die magistraatskantore in elke distrik sou uitbetaal word.<sup>17</sup> Na 1905 het sulke betalings deur die skoolraadskantore geskied. In plaas dat inspekteursraporte 'n kwartaal lank opgehoop het en gewoonlik eers ses maande na die inspeksie in die hande van die skoolbesture gestel is, het dr. Muir 'n gedrukte rapportvorm ingevoer. Dit het die werk van die inspekteur en die kantoor oneindig vergemaklik en tegelykertyd bewerkstellig dat nie meer as tien dae sou verloop vanaf die datum van die inspeksie tot die aflewering van die rapport by die skool nie.<sup>18</sup> Die departementele vorms is ook in hersiening geneem en

16. Muir in sy vaarweltoespraak aan die personeel van die Onderwyskantoor: Cape Times, 26 Junie 1915.
17. Onderwysrapport 1894, bls. iv.
18. Onderwysrapport 1892, bls. 2.

verbeter.

'n Baie belangrike werk wat ook deur die Onderwyskantoor aangepak is, was die stigting van 'n naslaanbiblioteek. Dr. Muir het besondere aandag aan die uitbreiding van hierdie biblioteek bestee. Mettertyd het dit 'n taamlike reeks boeke bevat oor die filosofie, geskiedenis en metodiek van die onderwys. Die doel was om 'n verteenwoordigende reeks boeke in die biblioteek byeen te bring oor die teorie van die onderwys van verskillende eue, oor die stelsels en vakke van onderwys van die belangrikste lande van die wêreld sowel as werke oor die onderwys in die verskillende stadia vanaf die kleinkinderskool tot by die universiteit. Weldra is 'n groot en steeds toeneemende aantal boekdele bynekaargebring. Behalwe die onderwerpe bo genoem, is verskeie werke oor die lewens van groot opvoedkundiges en opvoedkundige hervormers byeengebring sowel as geskiedenis van baie van die bekendste universiteite en skole van die wêreld. Amtelike rapporte van al die onderwysdepartemente van die Britse Ryk is ook ingesluit en ook 'n hele reeks van die belangriker Engelse en Amerikaanse opvoedkundige tydskrifte. Spesiale ruimte is ook afgestaan vir werke oor vakke nou verwant aan die onderwys soos skoolgesondheid, skoolargitektuur, en fisiese en verstandelike ontwikkeling van die kind. Die biblioteek bestaan vandag nog en bevat 'n aantal baie waardevolle boekdele.

Die „Education Manual” en Departementele Pamflette.

Die Departement se skakel net skole en die publiek was destyds die „Education Manual”, 'n handboek wat vanaf dr. Dale se tyd jaarliks deur die Departement uitgegee is. Die handboek het inligting bevat aangaande die skoolleerplanne, regeringstoelae, kwartaalstate, ensovoorts. Die handboek is gratis uitgereik. Vir skoolbestuurders en onderwysers was die handboek onontbeerlik, want behalwe die voorskrifte aan onderwysers betreffende baie aspekte van hul werk, het dit ook die voorskrifte bevat omtrent die prosedure wat gevolg moes word by die kiesing van skoolbesture en by die aansoeke van regeringstoelae aan skole.

Vanaf 1895 het Muir die uitgawe van die Handboek gestaak omdat die onkoste van die drukwerk daaraan verbonde taanlik hoog geloop het en veral omdat wanneer 'n persoon missien inligting omtrent 'n ondergeskikte onderwerp wou hê, die hele handboek aan hom moes gestuur word. In 1899 is toe besluit om die handboek deur 'n reeks maklik hanteerbare pamflette te vervang en dan die pamphlette teen 'n geringe prys te verkoop. Die reeks pamphlette het uiteindelik uit een-en-twintig bestaan en het belangstellendes in staat gestel om in geskikte vorm die regulasies te verkry waarby hulle direkte belang gehad het. Die pamphlette was sowel by die Departement as alle boekhandelaars verkrygbaar.

Die volledige lys pamphlette het die volgende omvat:-

- No.1. Leerplan vir Laerskole. No.2. Opleiding en Eksamining van Onderwysers.

- |                                           |                                              |
|-------------------------------------------|----------------------------------------------|
| No.3. Skoolgeboue.                        | No.4. Skoolbesoek, Registrasie en Inspeksie. |
| No.5. Leerplan vir Hoërskole.             | No.6. Handearbeid vir Seuns (Houtwerk).      |
| No.7. Eksamenvraestelle.                  | No.8. Opleidingskollege, Kaapstad.           |
| No.9. Goeie Dienstoelae en Pensioene.     | No.10. Handearbeid vir Meisies. (Naaldwerk). |
| No.11. Tekenskool, Kaapstad.              | No.12. Landbouskool, Elsenburg.              |
| No.13. Toelae aan Skole.                  | No.14. Instruksies aan Inspektors.           |
| No.15. Kindertuin.                        | No.16. Kwekelingeeksanens.                   |
| No.17. Katalogus van Kantoorbiblioteek.   | No.18. Skoolbiblioteke.                      |
| No.19. Natuurstudie-versamnelings.        | No.20. Skoolraadwet en Regulاسies.           |
| No.21. Voorskrifte vir Tekenonderwyscurs. |                                              |

Die pamphlette het 'n goeie diens aan die onderwys in die algemeen bewys. Waardevolle inligting en voorskrifte is daar-in verskaf en dit het boonop die Departement onthef van tyd- en geldrowende briefwisseling. Die pamphlette het feitlik elke deel van die Departement se werkzaamhede gedek en in geval van navrae kon die inligting dadelik verskaf word deur afsending van die betrokke pamphlet in plaas van 'n verduidelikende brief.

Onder die lys van pamphlette het daar egter een groot leente gebly. Tot 1905 het die Onderwyswet van 1865 van krag gebly. In die eerste klousule van die wet, soos reeds

aangetoon is, is voorsiening gemaak vir die toekenning van regeringsondersteuning aan publieke skole volgens sekere regulasies vervat in 'n skedule aan die wet toegevoeg.<sup>19</sup> Hierdie wet saan met die wet van 1874 betreffende hoër onderwys, het die grondslag van die hele stelsel van die onderwys in Kaapland gevorm. Genoende skedule is verskeie male deur besluite van die Parlement gewysig. Verder is daar ook van tyd tot tyd wette deur die Parlement gepasseer bepalende onder watter voorwaardes geld deur die regering geleen sou word vir die oprigting van Skoolgeboue, onderwyserswoningen, ensovoorts. Die regulasies waaronder die onderwys in die land bestuur is, was dus vervat in (1) die skedule tot die wet van 1865; (2) wysigende en aanvullende regulasies van tyd tot tyd deur die Parlement aangeneem en in die Staatskoerant geproklameer; en (3) dic spesiale wette met betrekking tot die toekenning van lenings vir geboue vir onderwysdoeleindes.

Hierdie skedule, besluite en wette was egter onvolledig omdat hulle nie genoegsaam voorsien het in die administrasie van die Departement nie. Dit was dus die plig van die Superintendent-Generaal as hoof van die Departement om toe te sien dat enige leemtes in die regulasies volgens Klousule Een van die Onderwyswet van 1865 deur die Parlement aangevul sou word. Dit is egter nooit gedoen nie maar in plaas hiervan, het die Departement op sy eie verantwoordelikheid regulasies uitgevaardig wat streng ge-

---

19. Sien bls. 18.

sproke glad nie die krag van die wet gehad het nie. So is daar al onder die administrasie van dr. Dale regulasies opgestel oor die verkiesing van skoolbesture. Dr. Muir het nog verder regaan en op eie houtjie die deur die Departement self opgestelde regulasies betreffende die aanstelling van onderwysers en die toekekening van staatstoelae strenger gemaak. Hierdie regulasies is nooit gedruk nie en die Departement is geadministreer sonder dat sodanige regulasies ooit deur die Parlement bekragtig is.

#### Onderwys-gaset.

Seker een van die belangrikste instellings van dr. Muir se bewind was die stifting in 1901 van die „Education Gazette”,  
20 ook later in Afrikaans bekend as die „Onderwys Gaset.” Voor 1901 het alle kennisgewings of regulasies van die Departement van Onderwys in die Staatskoperant verskyn maar dit het reeds lank nutteloos geblyk as middel van oongang tussen die Departement en die onderwysers en skoolbesture.

Behalwe kennisgewings in die Staatskoperant wat die grootste gedeelte van die skole nie bereik het nie, is die Departement verplig gewees om sy toevlug tot tallose gedrukte omsendbriewe te neem om seker te maak dat belangrike kennisgewings

20. Waaron hierdie afskuwelike en boonop ongrammatikale benaming aan die blad vasgekoppel is in plaas van „Onderwyskoperant” of 'n soortgelyke verstaanbare naam bly nog altyd 'n raaisel.

die regte persone sou bereik. Dit het aansienlike inspanning van die onderwyskantoor se kragte gevryg. „The issue of all these separate notices, the number of which was increasing from year to year has become a great strain on the resources of the office. During the last six months of the present year, for example, there have been fifty-six separate notices varying in size from one foolscap page to forty-two and amounting in the aggregate to over two hundred foolscap pages.”<sup>21</sup>

Ofskoon die blad aangevang is bloot as amptelike orgaan van die Departement, is dit later nie net gebruik vir amptelike mededelings aan onderwysers en skoolbesture nie maar ook vir die verspreiding van inligting wat moontlik van nut kon wees vir die verbetering van klasonderwys en skoolbeheer in die algemeen. Die eerste uitgawes van die blad het skaars vier bladsye getel maar mettertyd het dit in onvang gegroei en teen 1915 was dit 'n lywige blad van soms meer as veertig bladsye. Die nuwe Gaset is gratis aan alle belangstellendes in die onderwys gestuur en dit is spoedig deur onderwysers en skoolbestuurders as onmisbaar beskou geword. Die Gaset, toe in folioformaat, het elke veertien dae verskyn maar dikwels was daar uitgawes met slegs weeklikse tussenposes.

'n Kenmerk van die Gaset was die broksgewyse verskynning daarin van die belangrikste dele van die Superintendent-Generaal se jaarrapport nog voor die volledige rapport beskikbaar was en

---

21. Education Gazette, Deel 1, no.1, 12 Julie 1901.

dit het die uiterste belangstelling van die publiek sowel as die onderwyswêreld gewek. Veral aan statistiese inligting is 'n prominente plek verleen en een uitgawe per kwartaal is uitsluitlik aan skoolstatistiek gewy en die bywoning en inskrywings van elkeen van die meer as 4000 skole is sorgvuldig weergegee. Elke jaar het daar meer as 300 bladsye vol statistieke verskyn. Die gewone nommers van die Gaset het artikels en inligting oor die toestand van die onderwys in die algemeen en die vordering van skole bevat. Nie die mins belangrike rubriek in die blad was die vakaturelyste van onderwysers-betrekings wat vandag nog 'n uitstaande kenmerk van die Gaset is. Vanaf 1909 het die Gaset ook gedien as advertensiemiddel vir boekhandelaars en leweransiers van skoolbenodigdhede en daarneé gehelp om die onkoste aan die steeds groeiende blad verbonde te bestry.

Die Gaset is oorspronklik net in Engels uitgegee maar spoedig is 'n beweging op tou gesit om dit ook in die Hollandse taal te laat verskyn. Na gedurige vrae in die Parlement is in 1907 deur die Wetgewende Vergadering ingestem dat dit wenslik sou wees om die blad in beide tale te laat verskyn maar hiervan het nijs gekom nie omdat die beswaar deur die Departement geopper is dat die geldelike middelle daarvoor ontbreek het. Met die totstandkoming van Unie en kragtens die bepalings van Artikel 137 van die Unie-akte is die Departement egter in 1910 verplig geword om beginnende met die eerste nom-

mer van daardie jaar 'n Hollandse sowel as 'n Engelse uitgawe te laat verskyn. Iemand wat 'n Hollandse in plaas van 'n Engelse uitgawe wou hê, moes skriftelik by die Departement daarvoor aansoek doen. Hierdie verergelike bepaling het onmiddellik ontevredenheid afgegee en daar is dus besluit om Hollandse eksemplare aan diegene met Hollandse vanne te stuur terwyl diegene met Engelse vanne nog die Engelse uitgawe sou ontvang. Alles was egter nog nie daardeur in orde nie.

Daar is bitterlik gekla oor die onbevredigende gehalte van die taal in die Hollandse uitgawe. „Is het niet een schande voor 't opvoedings departement zo 'n prul te laten drukken en het dan nog 't land in te sturen? Is het niet een belediging aan onderwijzers en schoolraadsleden so 'n ding te sturen om gelezen te worden? Wij vragen....wat zou er wel gebeuren als men uit het departement van onderwijs een blad met zulk Engels het land inzond? Begrijpt het goed, lezers, dit blad met deze taal kont uit ons opvoedings departement. Onze S.G.O. is ervoor verantwoordelik! En dan horen we nog al dikwels, dat onze onderwijzers in hun korrespondentie net het departement niet in staat zijn Engels of Hollands te schryfven. Nu weten we, onderwijzers, toch ten minste een ding, en dat is, dat ons departement geen Hollands kent." Boonop, alhoewel vereenvoudigde Hollands al enige jare in swang was en in nuusblaaise en op die skole steeds gebruik is, was die Gaset se taal nog in die ou Nederlandse spelling. Hierdie

klagtes het gou die gewenste uitwerking gehad en vanaf Julie 1910 het die Departement 'n beter vertaler aan die werk gesit. Vanaf dieselfde maand het ook die Engelse en Hollandse uitgawes saam in een band verskyn sodat daar geen verdere onaangevaarheid kon ontstaan wanneer byvoorbeeld 'n Hollandse uitgawe onwetend aan 'n verengelste net 'n Hollandse van gestuur is nie.

Die Onderwys-gaset vervul tot vandag toe sy nuttige taak alhoewel dit nie meer die lywige statistiese tabelle van die verlede bevat nie en nie meer as 'n soort leerboek vir onderwysers beskou word nie. Dit het ook 'n gedaantewisseling ondergaan. Die lomp folioformaat is vervang deur die hanteerbaarder rojaalformaat en die ontsierlike handelsadvertensies het verdwyn.

#### Muir kry teenstand.

Deur Muir se forse optrede het hy spoedig die onderwyskantoor tot die uiterste peil van doeltreffendheid georganiseer en die hele masjinerie het weldra glad en met werktuiglike presiesheid geloop. Die laissez faire-beleid van Dale was nou iets van die verlede en in die plek daarvan het 'n strenge sentrale beheer ontstaan. Dale se verklaarde beleid was dat dit die funksie van die regering was om te help met die daarstelling van plaaslike onderwysgeriewe maar nie om absolute beheer uit te oefen nie. Die plaaslike liggame handel op eie inisiatief, onderneem die waarborg, en vra dan

om hulp van die regering. As die skool eenmaal gestig is, word die beheer daarvan aan die plaaslike bestuur oorgelaat "om te handel soos hy wil, selfs met betrekking tot die leerplan, mits daar gesorg word vir die handhawing van 'n behoorlike standaard van Engelse lees en spel en van reken."<sup>23</sup> Dour strenger inspeksie, opknapping van die leerplan, stipter ondersoek na die bevoegdhede van onderwysers,<sup>en</sup> strenger beheer van toelae het dr. Muir daarin geslaag om die nagsewewig van die plaaslike liggeme na die Departement te verskuiwe. Hierdie beleidsverandering is dan ook nie stilswyend deur die publiek van die Kolonie aanskou nie. Dit het nie lank geduur nie of Muir is van alle kante bitterlik aangeval en gekritiseer. Sekere koerante het keer op keer in inleidingsartikels en in hul korrespondensiekolonne die nuwe bewind needoënloos aangeval.<sup>24</sup> Baie van hierdie klagte was van 'n oppervlakkige aard en het daardeur ontstaan dat die strenger beheer oor onderwyssake nie na die smak van diogene was wat in die verlede kon bak en brou soos hulle wou nie.

Dit is teen die hoof van Muir geslinger dat die Departement nie genoeg in aanraking met die publiek daarbuite was nie en dat die verordeninge van die kantoor uitgevloeи het sonder om rekening te hou met die landsonstandighede. Dit was tot sekere mate waar daar hiervan was Muir nie die oorsaak nie. Dit was die natuurlike gevolg van onstandighede en voor Muir se tyd was sake

23. C. Hofmeyr: Op cit., Die Huisgenoot, 4 Januarie 1935.

24. Veral De Volksbode en Ons Land van die jare 1893 tot 1896.

in hierdie opsig nie veel beter nie. Die Superintendent-General van Onderwys het 'n eiendaardige en ietwat teenstrydige posisie in die regeringstelsel beklee. Die amp van Superintendent-General het reeds in die tyd van Dale in 'n soort van outokrasie oorgegaan en die Superintendent kon feitlik na willekeur handel sonder dat iemand hom kon teëgaan. In die hande van 'n simpatieke administrateur soos dr. Dale het sake goed geloop maar in die hande van een minder simpatiek, en een besiel met 'n gees van hervorming soos dr. Muir, het dit ontaard in 'n vorm van dwingeland.

Dale was nooit begerig om alleen baas te speel nie en hy het by een geleentheid verklaar: „There are some indications that public opinion is growing adverse to what has been termed  
25  
the personal rule of the S.G.E." Hy het tegelykertyd 'n verdeling van die verantwoordelikheid en pligte van die Superintendent-General bepleit deur aan te dring op die in die lewe roeping van 'n Onderwysraad met 'n hoofsekretaris in die plek van die Superintendent-General, die aanstelling van 'n parlementêre minister van onderwys en die skepping van 'n nuwe amp - die van  
26  
Inspekteur-General van Skole. Hierdie aanbevelings van Dale is, soos alreeds aangetoon, in een opsig uitgevoer - die aanstelling  
27  
van 'n Inspekteur-General. In 1883 het Dale weereens aangedring op die aanstelling van 'n minister van onderwys en

25. Dale se Memorandum aan die Onderwyskommissie van 1879, Aanhangsel IV.

26. Ibid.

27. Bladsy 26.

hy het daarby die mening uitgespreek, „dat de vooruitgang van het openbaar onderwijs zeer bevorderd zou worden door de direkte vertegenwoordiging van onderwijsbelangen in het Parlement." Op aanbeveling van 'n Gekoste Komitee oor onderwyssake in 1907 het die Wetgewende Vergadering eenparig die aanstelling van 'n verantwoordelike minister vir onderwys goedgekeur maar daar het nooit iets van gekom nie sodat daar tot die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika nooit in Kaapland 'n minister van onderwys as sodanig was nie. Die Departement van Onderwys het egter altyd onder die beheer van 'n minister gestaan, naamlik, die sogenoende Koloniale Sekretaris wat onderwysbelange saam met 'n menigte ander sake in die parlement behartig het. Teoreties het hierdie minister volle beheer oor die Departement gehad maar geen koloniale sekretaris het ooit die moed of durf gehad om hon regstreeks met die Departement van Onderwys se interne sake in te meng nie. Prakties gesproke, het die Departement dus tot 1910 altans, onder die alleenheerskappy van die Superintendent-Gencraal gebly. Muir het hon nooit gedurende sy ampstyd oor die kwessie van 'n verantwoordelike minister of beheerraad van onderwys uitgelaat nie. Hy het hon bekwaam genoeg gevoel om self sake te bestuur.

Dat die hoof van die Departement dus werklik nie in noue aanraking met die publiek was nie, was waar, maar soos hierbo duidelik blyk, was dit nie Muir se skuld nie. Die groter pu-

blyk het egter 'n aanknopingspunt met die Departement gehad in die persone van die skoolinspekteurs wat met die wye opdrag wat hulle van Muir ontvang het, nie alleen ondersoekers van skole sou wees nie maar ook op die onderwysbehoeftes van hul <sup>29</sup> ongange moes let en opvoeding in die algemeen moes bevorder.

Die klag is orals gehoor dat dit uiters moeilik was om geld uit die nuwe Superintendent-Generaal te kry, en aler die geld kon verkry word, allerlei vorms moes ingevul word. Alhoewel hierdie klag geregtig was as in aanmerking geneem word hoe vrylik en mildelik die vorige Superintendent-Generaal regeringstoelae uitgedeel het, tog moet erken word dat Muir met tipiese Skotse nougesetheid te werk gegaan het wat geldsake betref. Hy was versigtig en nooit verkwisterig nie.

Een van die klakte en die wat die neeste ergenis veroorsaak het, was dat die Departement teveel vorms daarop nagehou het, en dat daar teveel briefwisseling moes gevoer word voordat die Departement kon beweeg word om iets te doen. Lede van skoolbesture, veral predikante, omdat dit gewoonlik die predikant was wat net die briefwisseling belas was, het gekla oor die oortollige werk wat hierdie optrede van die Departement vir hulle besorg het. Dr. Muir het stiptheid en akkuraatheid in alle skoolopgawes en vorms geëis. Die onnoukeurigheid en slorderigheid wat baie van die briefwisseling en vorms van die verlede gekenmerk het, het Muir nie geduld nie en hy het glad

---

29. Sien bladsy 111.

nie geskroon om 'n vorm vir behoorlike voltooiing terug te stuur of om brieue te wissel totdat hy volledige inligting gekry het nie. Hierdie optrede het Muir dikwels die voorwerp van bittere aanvalle gemaak. „Ten minste eene zaak is duidelik," is by een van hierdie geleenthede gesê, „dat het hoofd van dit Departement, omdat hij als vreemdeling de werkelijke behoeften van land en volk niet vatten kan, niet in harmonie is met hen van wie hij voornamelijk afhankelijk is in de bevordering van het volksonderwijs. Het moge waar zijn dat ontevredenheid verwacht moet worden als een man van dit vak uit chaos orde scheppen wil. Doch al zou men dit ook voor een oogenblik willen toestemmen, dan blijft het toch waar dat zelfs de Engel Gabriël, als S.G.O., zijne groot-sche plannen niet zal kunnen uitvoeren met ontevredene onderwijzers, ontevredene schoolcommissies en eene ontevredene bevolking. Integendeel zou de bekwaamste man onder zulke omstandigheden schade kunnen aanbrengen aan het goede werk dat reeds verricht is."<sup>30</sup> Dit was moeilike dae vir Muir. Hy wou graag alles in die haak hê en 'n einde maak aan die laksheid en losheid wat die bestuur van die verlede gekenmerk het. Dit is te verstaan dat daar baie mense was wat nie van die nuwe, strenge bestuur gehou het nie.

Muir se onbuigsaamheid en sy in die oog lopende veronagting van die raadgewings van die ou ingesetenes van die land wat jare van ondervinding in verband met die onderwystoestande gehad

---

30. De Volksbode, Inleidingsartikel, 23 November 1895.

het, het hom 'n menigte vyande besòre. Herhaaldelik is in die Hollandse koerante aanvalle in die volgende trant gedoen. "Dat hij knap is daaraan twijfelt niemand; dat hij zoo hard werkt als een ezel dat weet een ieder die hem kent; dat zijn hart in zijn werk is dat is ook waar; dat nieuwe scholen gesticht zijn sedert hij aan het roer van zaken staat is een feit en iets uiterst natuurlijk - al die dingen zijn waar en zijn door de hollandsche pers erkend. Maar waar de zaak eigenlijk op aankont is o.a. dit, dat hij mannen die tot hiertoe de zaak van 't onderwijs gesteund hebben en vooral in die buitendistrikten, en steunpilaren er van geweest zijn het onnodig lastig maakt met al zijn redtape enz., wantrouwt en tracht te ontmoedigen..... Door zijn regulaties, vormen enz. - de manier waarop hij werkt en den geest waarin hij werkt, heeft hij getoond de omstandigheden en behoeften van de buitenbevolking niet te verstaan en daarbij bedankt hij nogal voor alle raad, advies en medewerking - indien niet door zoovele woorden dan toch door zijn wantrouw als anderzins - die de menschen die bekend zijn met die omstandighede en behoeften gereed zijn hem aan te bieden."<sup>31</sup>

Die publiek het onwillekeurig vergelykings begin tref tussen die bestuur van die "goeie ou dae" en die van die nuwe Superintendent-Generaal. Sir Langham Dale, weens sy lang verblyf in die land, het die behoeftes en die swakhede van die volk geken en daarnee rekening gehou en dus het hy hartlike en

---

31. De Volksbode, Inleidingsartikel, 28 Desember 1895.

vriendelike medewerking gekry. „Schoolcommissies misten den meesterachtige toon en gevoelden dat zij iets meer waren dan slechts onbesoldigde dienaren van het Opvoedings Departement." Dr. Muir was haastig om sake op gesonde voet te kry en het niskien takloos opgetree. Hy was vir sommige egter te haastig en het mense wat jare lank hul kragte vir die bevordering van die onderwys ingespan het, aanstoot gegee. „Het kan zijn," is verder gekla, „dat wij 50 jaren achter den tijd zijn doch verstandig en menschkundig is het zeker niet om met een sprong over <sup>32</sup> vijftig <sup>33</sup> jaren heen te willen komen."

Skoolkommissies het gekla dat Muir, onkundig omtrent plaaslike onstandighede, wette en regulasies in sy kantoor in Kaapstad opgestel het en hierdie deurgevoer het sonder om rekening te hou met die moontlike skade wat die opvoeding in daardie streke kon ly. Interessant is dit om te weet dat selfs 'n man soos advokaat (later generaal) J.C. Smuts hom ook in die stryd teen Muir gewerp het deur 'n bydrae te lewer in die vorm van 'n inleidingsartikel in die „Ons Land" waarin hy kragtig teen die nuwe bewind uitgevaar het met die woorde: „Murmureeringen en ontevredenheid van alle kanten. Schaars was de nieuwe S.G.O. hier, of de wijze politiek van Sir Langham Dale, om op het plaatselijke initiatief zoveel mogelijk te steunen, moest plaats maken voor een systeem van centralisatie dat maar slecht met de toestanden des lands en het karakter van het volk overeenkwam. Wat vroeger gedaan,

32. De Volksbode, Inleidingsartikel, 23 November 1895.

33. Ibid.

en dikwijls goed gedaan word door lokale schoolbestuuren, moet nu onmiddellijk door het Departement van Onderwijs gedaan worden. En een kleingeestig systeem van 'red tape'<sup>34</sup> begin het handelen van dat Departement te kenmerken." Skole wat met die grootste moeite en konner in stand gehou is, en wat gekoester en vooruit gehelp moes word, is verwag om te voldoen aan die eise van die regulasies of te gronde te gaan. „Op eigenwillige en dikwijls onhandige wijze drijft hij (Muir) alles door, en de gevolgen daarvan worden voor ons al ernstiger. Waar kennis van de landsonstandigheden en de sympathie met ons volk boven-al hem noesten leiden, daar wil hij zoo te zeggen alles met den regel van drieën uitcijferen en recht dwingen, en als met één sprong doen aanlanden op eene hoogte die men in Schotland eerst na vele eeuwen heeft bereikt."<sup>35</sup> En verder: „Alles gaast in het Opvoedings Kantoor volgens bestereotipeerde wetten van Meden en Perzen. Geene plaatselijke omstandigheden worden in aanmerking genomen."<sup>36</sup>

In die dae van Dale se bestuur was die Departement altyd bereid om 'n bietjie skiet te gee en die regulasies breed te interpreteer naar Muir het by die letter van die wet gebly. Dit was nou eenmaal sy karakter om onbuigsaam te wees en as daar eenmaal 'n regulasie was, het hy daarby gebly. Geen

34. Inleidingsartikel, Ons Land, 22 Oktober 1895.

35. Verbum Sep. sat. in Ons Land, 7 November 1895.

36. H.C. de Wet in Ons Land, 12 Mei 1903.

skool of distrik het hy bo 'n ander begunstig nie. Dit het alles gedien om Muir 'n onpopulêre figuur te maak en daar is selfs 'n agitasie op tou gesit om hom uit sy amp te lig. "Waaron is dr. Muir niet beter geslaagd in zijn werk," is gevra. "Eenvoudig omdat hij niet de rechte man is voor S.G.O. Wij zeggen niet dat hij altijd onbekwaam sal blijven, want tenzij hij zich verbeeldt dat hij reeds alles weet, zal hij nog veel leeren, en dan zullen 37 de zaken wel over een jaar of tien beter gaan."

Meer as eenmaal het gerugte die rondte gedoen dat Muir vervang sou word deur die destydse ouditeur-generaal, Abercrombie-Smith. Hierop het die "Ons Land" gesê: "Wij gelooven niet dat er iets van waar is, doch indien de regering werkelijk van den doctor ontslagen wil wezen dan kon zij stellig geen geschikter betrekking voor hem krijgen. Als mathematicus is hij gewoon met cijfers te werken, en zooals de philosophen ons vertellen, zijn de talenten van zulke geniën te stroef en te onrekbaar voor 38 betrekkingen waarin tact en overleg vereischten zijn." Ander name wat van tyd tot tyd as moontlike plaasvervangers genoem is, was Elliott, algemene bestuurder van die Kaapse Regeringspoorweë en prof. H.E.S. Fremantle, parlementslid vir Uitenhage, wat op onderwysgebied baie bedrywig was en later as voorsitter van die Onderwyskommisse van 1910 gedien het. Dit het egter alleen by gerugte gebly.

37. Ons Land, Inleidingsartikel, 25 Januarie 1896.

38. Ibid.

Aan al die onophoudelike persaanvalle het Muir hon klaarblyklik min gesteur en hy het slegs eenmaal in die openbaar daarna verwys. Hy het homself verdedig deur daarop te wys dat hy hon steeds binne die perke van die wet gehou het en dat al die geskreeu hon dus maar bitter weinig geskeel het. Hy het dit daren betreur dat as gevolg van die agitasie diegene wat hon begin vertrou het, hon nou gewantrou het en hy het gekla dat in die jare van die felste aanvalle, naamlik 1893 tot 1896,  
 39  
 minder skole gestig is.

#### Die N.G. Kerk en Muir.

Soos in 'n later hoofstuk op gewys sal word,<sup>40</sup> het die predikante van die Nederduits-Gereformeerde Kerk 'n leidende en belangrike rol by die onderwys in Kaapland gespeel en dit is lig te begryp dat dr. Muir ook spoedig in botsing met die predikante gekom het. Muir se onsimpatieke optrede het agterdag aan die kant van die kerk teenoor hon verwek en dit het steeds aangegroei. 'n Gerug het die rondte gedoen dat Muir by een of ander geleentheid verklaar het dat die predikante van die Nederduits-Gereformeerde Kerk te veel in die saak van opvoeding te sê gehad het. Dit is egter ondenkbaar dat Muir in die openbaar so onversigtig en onverstandig kon gewees het om so 'n uit-

39. In 'n toespraak by geleentheid van die opening van die Publieke Skool te Claremont. Sien verslag in Ons Land, 4 April 1896.

40. Hoofstuk Elf.

lating te maak al was hy hierdie mening toegedoen. Dit staan egter vas dat die vertroue van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Muir geskok is en dat die geskille tussen hom en die kerk groot afmetings geneen het. Die sinode van 1903 het 'n kommissie onder voorsitterskap van ds. A. A. Koorrees aangestel om op die grieve teen die onderwysdepartement in te gaan en tydens dieselfde sitting van die sinode is 'n verslag deur hierdie kommissie uitgebring waarin 'n opsomming van al die klagtes uiteengesit is. Volledigheidshalwe word die lys van grieve hier weer-  
41  
gegee.

"(1) Het gebrek aan een behoorlijk opgesteld Reglement, waaraan zoowel het parlement aan de eenen als de schoolcommissies aan den anderen kant zich zullen te houden hebben, daar de bestaande regulaties niet dan met groote moeite, en soms in het geheel niet te krijgen zijn.

"(2) Ten tweede, het recht door het departement geëischt om zich in te laten met de samenstelling van de schoolbesturen, hetwelk aanleiding geeft tot het vermoeden, dat in sommige gevallen de bekraftiging van de kiezing van comitéleden wordt geweigerd om andere dan louter opvoedkundige redenen.

"(3) Het feit dat op de billijke rechten van schoolbesturen vroeger door de regering erkend, allengs meer en meer inbreuk wordt gemaakt, daar deze nu een over heerschende stem eischt by de aanstelling en ontslag van onderwijzers zich op on-

rechtfattige wijze inlaat met het huishoudelijke beheer van de school, en er maar al te dikwijls wantrouwen schijnt te bestaan tegen de goede trouw der besturen, en het geleend wordt aan geheime beschuldigingen, waarop niet voorbijgaan van de schoolcommissies wordt gehandeld.

"(4) Het versuim om te letten op de volksbehoeften bij de aanstelling van inspekteurs, daar in enige gevallen mannen zijn benoemd, wien het ontbreekt aan de gewenschte hoffelijkheid of aan de noodige bekwaamheid voor dat ambt, terwijl zij toch als de beoordeelaars van schoolwerk en schoolcommissies een overwegenden invloed uitoefenen.

"(5) De gedurige vermenigvuldiging van inspeksies, waardoor zooveel onderwijzers als leerlingen in gestadige spanning worden gehouden en het geregelde schoolwerk wordt belennerd.

"(6) De bijna stelselmatige verwaarloozing van het Hollands bij de inspeksie van scholen.

"(7) Het toekennen en onthouden van toelagen zonder eenig gewicht te hechten aan het oordeel der betrokken schoolbesturen.

"(8. Het gebrek aan een uniform beginsel in het stichten van nieuwe en het overnemen van bestaande scholen, daar op sommige plaatsen de Regeering aandringt op de vereeniging van schoolbesturen, terwijl elders concurrentie tussen scholen van denzelfden standaard in de hand wordt gewerkt."

Die verslag van die Sinodale Kommissie is net 'n krag-

42

tige toespraak van ds. Moorrees ingedien. Die vernaanste grieë en die wat die predikante die meeste geraak het, was die gebrek aan 'n behoorlik opgestelde skoolreglement. Op hierdie leente is reeds op bladsy 83 gewys. Ds. Moorrees het daarop gewys dat by afwesigheid van so 'n reglement 'n ontsettende mag in die hande van die Departement geplaas is. Die gevolg was dat die sentrale mag hon al hoe meer versterk het ten koste van die mag van die plaaslike skoolkommissies. Ds. Moorrees en die meerderheid van die sinode was nie ten gunste van die stigting van private kerkskole nie alhoewel so 'n voorstel ingedien is, maar daar is wyslik besluit om by die bestaande stelsel te bly, die reglemente behoorlik bekragtig te kry, en liewers die kragte van die kerk te wy aan die verbetering en uitbreiding van die bestaande onderwysstelsel. 'n Waaksaarheidskommissie van die sinode is toe aangestel „die letten zal op wat in het parlement op het punt van onderwijs zal gedaan worden; te waken over de belangen der kerk in deze; en dan bij de aanstaande Synode een rapport over deze drie punten in te dienen."<sup>43</sup>

Ten spyte van die hewige aanvalle en kritiek waaraan die Departement van Onderwys en sy persoon onderwerp is, het dr. Muir doodbedaard sy beleid uitgevoer. In die parlement het hy aan die kant van die regeringsparty gedurig sterk ondersteuning geniet en die pogings om hom van die kussings te lig of hom te

42. Sien verslag van toespraak in Ons Land, 14 November 1903.

43. Acta Synodi, 1903.

dwing om sy beleid te verander het vrugteloos geblyk. Wat dr. Muir soveel mag gegee het, was dat hy werklik nie op daardie stadium kon vervang word nie en dit het nie gehelp om te kritiseer as daar niemand was om die werk beter te kan doen nie. Met al die verwylte en gebrom teenoor die stelsel van onderwys het niemand eintlik kans gesien om iets in die plek daarvan te stel nie. Wat het sy teenstanders voorgelê om die plek van sy organisasie in te neem?

Elke organiseerde en elke publieke figuur stel hom bloot aan kritiek. Dat Muir wel takloos en oorhaastig opgetree het, moet erken word maar dit hoef nie 'n mens se oë te sluit vir die bewonderenswaardige organisasievermoë wat hy aan die dag geleê het nie. „Daarom kon dr. Muir doen alsof hij niets hoorde van het gebrom, of, als hij het hoorde dan zeide hij zeker bij zich self in het Schots: ‚Blaffende honden blyt niet.' En zijn haan bleef koning krasien, van het begin tot  
44 het eind."

---

44. „Hollander" in De Unie, Oktober 1915.

HOOFSTUK VIER.INSPEKSIE.Oorsprong van die Inspeksiestelsel in Kaapland.

Gelyktydig met die reorganisasie van die kantoorangeleenthede het dr. Muir ook in 1892 onmiddellik sy aandag aan die hersiening en die uitbreiding van die inspeksiestelsel geskenk. Hoe het Suid-Afrika eintlik aan hierdie stelsel gekom? Vanaf die vroegste dae van die bestaan van skole in die Kaapse nedersetting is die noodsaaklikheid van skoolinspeksie ingesien. Dat die staat hom die reg voorbehou om onderzoek in te stel na die besteding van staatsgeld is 'n algemeen erkende beginsel. In alle lande is dit 'n bekende grondstelling dat waar die staat 'n onderwysstelsel beheer of ondersteun inspeksie as vanselfsprekend daarmee gepaard gaan. Suid-Afrika was in hierdie opsig geen uitsondering nie.

In Suid-Afrika het die staat van die begin af aan die initiatief in onderwyssake geneem en so vind ons dat reeds in die skool-instruksie van 15 Julie 1685 deur Kommissaris van Rheede tot Drakenstein uitgereik, melding van inspeksie gemaak word, naamlik, „dat de predikant twee maal ter weke de school sal visiteren, en vernemen hoe zij (die kinders) al vorderen.”<sup>1</sup> Ook in die onderwysordonnansie van de Chavonnes van 21 Augustus 1714 is

---

1. Van Rheede: Instruksie aan S. van der Stel, 15 Julie 1685, C.708 (Kaapse Argief).

die bepaling neergelê dat „de secundo persoon, predikant en capitain als scholarchen onder 't oppergezag van de Heer Gouverneur en den raad, op 't selve school en wat daaraan gehoord,  
<sup>2</sup>  
 altoos goed acht zal wijden." Die beroemde Skoolorder van de Mist het ook neergelê dat die skolarge van tyd tot tyd 'n ondersoek mog en moes instel na die toestand van hul skole of dat hulle die skole moes laat ondersoek deur die landdroste of predikante as ereskolarge, en dan verslag van hul bevindings  
<sup>3</sup>  
 aan die Raad van Skolarge doen.

Na die inname van die Kaap deur die Engelse in 1806 het sake wat inspeksie betref 'n hele tyd hul ou gang gegaan, d.w.s. skoolinspeksie het selde of ooit plaasgevind. In die jare onmiddellik voorafgaande 1839 moes die inspeksie van skole deur die Bybel- en Skoolkommissie wat die ou Raad van Skolarge ver-  
<sup>4</sup>  
 vang het in Kaapstad waargeneem word en in die buitedistrikte deur die skoolkommissies, maar hierdie inspeksie was gewoonlik maar oppervlakking van aard. Kol. Bell het van die Kommissie gesê: „The present board is just/able to superintend the schools of the Eastern <sup>as</sup> distant ones of the Western division; that is, their superintendence in either case is next to nothing, for they cannot visit and examine these schools."  
<sup>5</sup>

2. „Ordonnantie van de School Ordenning", 21 Aug. 1714. C.9. (Kaapse Argief).
3. Skoolorder van 1804, par. 17. B.R. 117 (Kaapse Argief).
4. Sien bls. 9.
5. Bell: Memorandum, 28 Aug. 1837, herdruk in Rapport van Onderwyskommissie van 1863, Aangangsel V, no. 21.

Toe sir John Herschel die aanstelling van 'n Superintendent-General van Onderwys aanbeveel en verwelkom het, het hy ook die inspeksievraagstuk behandel en verklaar: "I should think it highly desirable, or rather indispensable that he (the Superintendent-General) should visit personally, at least, the most important, and, by deputy, all the schools at uncertain but not too distant intervals (say annually) but not at fixed seasons; and call,  
<sup>6</sup>  
not for public examination of the pupils, but for the ordinary routine of their daily instruction to be gone through in his  
<sup>7</sup>  
presence." Na aanleiding van die optrede van Bell en Herschel is op 23 Mei 1839 die regeringsmemorandum uitgevaardig wat die volgende ingesluit het: "In order to maintain the efficiency of the system, and to secure its improvement as circumstances require, a General-Superintendent of Public Education has been appointed under the sanction of Her Majesty's Government, whose duty it will be to visit every school at least once a year, to examine the ordinary routine of daily instruction, the arrangements of subjects, classification of pupils, etc., and to institute a strict enquiry into the state and progress of schools generally."  
<sup>8</sup>

Hierdie opdrag het 'n geweldige las op die skouers van die

6. Ek kursiveer.
7. Herschel: Brief aan die Regering, 17 Feb. 1838, herdruk in Rapport van Onderwyskommisie, Aanhangsel V, no.32.
8. Regeringsmemorandum, 23 Mei 1839, herdruk in bovenoemde rapport, Aanhangsel V, no.24.

Superintendent-Gencraal geleê. Alleen moes hy die uitgestrekte gebied van die Kaap-Kolonie van die een uithoek tot die ander deurreis. Dr. Innes het tot die neerlegging van sy amp in 1859 die taak met onvermoeide ywer deurgevoer. Dit was die dae voor die bestaan van spoorweë in ons land en die inspeksiereise is dus per kar, te perd en te voet afgelê. Dr. Dale, na hy die bestuur oorgeneem het, het die steeds uitbreidende werk voortgesit en dit was nie voor 1872 dat die regering ingesien het dat dit nie langer deur een man allcen kon behartig word nie en uiteindelik verligting aan die Superintendent-Gencraal geskenk deur die eerste hulp-skoolinspekteurs, mrs. Hogarth en Rowan te benoem.

Daar sal opgelet word dat in die verskeie verordenings hierbo genoem daar deurgaans gepraat word van algemene inspeksie of klasinspeksie soos dit vandag verstaan word, maar van individuele inspeksie is geen woord gerep nie. In 1863 het die Onderwyskommissie wat in daardie jaar verslag uitgebring het, die saak glad 'n ander kleur gegee deur soos volg oor inspeksie uit te wei: "Inspection is, in fact, the key-stone of a system of aided schools. To be efficient it should be frequent, not less than once a year, but not necessarily at regular intervals, and should embrace the buildings, fittings, and apparatus; the necessary out-offices and play-ground; the mode of appropriating the Government grant; and a thorough ex-

amination of all the children in the various branches of secular  
10

instruction." Hierdie aanbeveling van die Kommissie is opge-  
neem in die Onderwyswet No.13 van 1865 waar as voorwaarde by die  
toekenning of hernuwing van 'n toelaag aan 'n skool bepaal is:

"The school...shall be subject to inspection by the Superintendent-  
General of Education, or his deputy duly appointed by the Governor,  
who shall have the right of entering the school at any time du-  
ring school hours, of examining into the state of the buildings,  
and the school furniture, of ascertaining the progress of the  
children under instruction, and of enquiring generally into the  
efficiency of the school..." Van hierdie tyd af dateer daardie  
11 stelsel wat later van tyd in die hande van dr. Muir sulke wrange  
vrugte sou afwerp.

Taarom het die Kommissie van 1861 skielik so 'n ingrypende  
verandering in die metode van inspeksie voorgestel? Wat het aan-  
loiding daartoe gegee? Honderd-en-tachtig jaar lank het die stel-  
sel van skoolinspeksie alreeds bestaan voor daar ooit aan indiwi-  
duele inspeksie gedink is. Dic verslag van die Kommissie stip  
geen rede daarvoor <sup>aan</sup> nie. Daar is alreeds aangetoon dat inspeksie  
vanself altyd met finansiële regeringsteun gepaard gaan en sango-  
sien die wet van 1865 vir die eerste maal 'n reeks regeringstoe-  
lae aan skole vasgestel het, volg dit dat daar moes toegesien  
word dat die skole behoorlik gedrywe word, dat die gehalte van

9. Ek kursiveer.

10. Rapport van Onderwyskommissie 1863, par.136.

11. Skedule tot Wet No.13 van 1865, Klas I, par.5.

die werk nagegaan word, en dat die geld goed bestee word.

'n Groter beweegredé wat die Kommissie egter daartoe gelei het, was die feit dat kort voor die benoeming van die Kommissie van 1861 'n „English Royal Commission" onder voorsitterskap van die Hertog van Newcastle 'n verslag die lig laat sien het. Dit is ongetwyfeld hieraan te danke dat die stelsel van individuele inspeksie in Kaapland ingevoer is. „Het kan niet betwyfeld worden, dat het sijsteem in Zuid-Afrika met onvoldoende overweging geheel overgenomen werd van Engeland, want er was niets in Zuid-Afrika, overeenkomende met de toestand van zaken, die tot de verandering in Engeland aanleiding gaf, en het is duidelik, dat de diepe betekenis van de verandering in 12 geen van beide landen destijs algemeen bevroed werd." Die verwysing na die verandering in Engeland het betrekking op die stelsel wat op aanbeveling van bogenoemde „Commission" in 1861 ingevoer is waarvolgens die salaris van 'n onderwyser of deel daarvan afgehang het van die getal kinders wat jaarliks in die betrokke onderwyser se klas na eksamen deur 'n inspekteur afgeneem, geslaag het - die sogenoende „payment by results." Teen so 'n stelsel was dr. Dale hewig gekant en hy het dit met sterk woorde in sy rapport vir 1883 veroordeel. „The teacher ought to prepare his pupils for a life of intelligent usefulness," het hy verklaar, „and the habits of order, obedience, industry...are far more important...than the meagre acquire-

---

12. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 113.

ments which are now annually tested by an Inspector and paid for on a purely commercial plan of so many pence for so many correct replies and so many regular attendances."<sup>13</sup> Hy het verder sy blydskap daaroor uitgespreek dat die koloniale onderwysers nog was van hierdie slaafse sisteem en het die hoop uitgespreek dat, "no changes in the Colonial regulations will put the teachers under a servile system which exacts from them indiscriminately a tale of bricks or else mulcts them of a serious part of their incomes."<sup>14</sup> Ten spyte van hierdie kragtige veroordeling is so 'n stelsel van "payment by results" tog toegepas op die private plaasskole wat in die volgende jaar in die lewe geroep is.

Gelukking is dit die enigste geval gewees waar hierdie verderflike sisteem in die Kaap-Kolonie toegepas is behalwe later in 'n gewysigde vorm in verband met kwekelingonderwysers.<sup>15</sup>

Ons sien dus dat die stelsel van individuele inspeksie in Groot-Britanje sy oorsprong gehad het vanwaar dit tot Suid-Afrika uitgebrei het. Dit is sommer netso hier ingevoer sonder om die afwykende toestande in hierdie land in aanmerking te neem. Eienaardig genoeg is alreeds in 1890 in Skotland en in 1895 in Engeland ingesien dat die sielloose individuele inspeksie 'n uiter nadelige invloed op die werk van die skole uitgeoefen het en die

13. Onderwysrapport 1883, par.53 tot 58.

14. Proklamasie No.183 van 1884. (G.97 - 1904).

15. Onder die regulasies van 1874 in verband met kwekelingonderwysers het hoofde van skole wat kwekelinge opgelei het 'n toelaag ontvang as hul kwekelinge geslaag het. In Natal het "payment by results" die algemene stelsel geword.

16

stelsel is in daardie jare daar afgeskaf,<sup>16</sup> maar soos 'n  
 "oorgeërfde sickte",<sup>17</sup> soos een dit uitgedruk het, „bestaat h<sup>et</sup>  
 nu nog maar in Suid-Afrika en enige van die Kroon Kolonie<sup>n</sup>.<sup>18</sup>"  
 Hier in Kaapland het dit dwarsdeur die Muir-régime en nog daar-  
 na deurgevoed en meegehelp on sy steeds strenger wordende be-  
 heer oor die onderwysstelsel van die land te bevorder.

Muir knap die Inspeksiestelsel op.

Toe dr. Muir die bewind oorgeneem het, het die Departement van Onderwys reeds oor ag inspekteurs beskik waarvan drie uitsluitlik hul aandag aan die naturellegebiede geskenk het.<sup>19</sup> Voor 1892 is aan die inspekteurs geen duidelik omlynde inspek-  
 sie-omgange toegeken nie. Aan elke inspekteur is eenvoudig 'n gebied toegesê en hy moes tot die beste van sy vermoë trag om al die skole in hierdie gebied te besoek, die kinders individueel te eksamineer en 'n skriftelike verslag oor elke skool te lewer.

Muir se eerste stap tot verbetering en groter doeltref-  
 fendheid was om 'n bepaalde wyk aan elke inspekteur toe te ken en elke wyk is so vasgestel dat dit sou saamval met die fiskale afdelings van die land. Dit het verhoed dat twee of meer dele van 'n fiskale afdeling, soos in die verlede, deur twee

16. Vgl. Rapport van Onderwyskommissie 1910, seksie 44 (c).

17. Malherbe: Die Geskiedenis en Ideale van ons Inspeksiestelsel, Re Unie, Maart 1920.

18. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls.113.

19. Nege as die Assistent-S.G.O., Brady, bygereken word.

inspekteurs bearbei word. Soos in Hoofstuk Drie aangestip is, is deur die invoer van inspeksievorms die werk van die inspekteurs baie vergemaklik want met behulp daarvan kon hulle gouer <sup>20</sup> hul verslae oor elke skool opstel. Die verslae is ook makliker en vinniger deur die kantoor gehanteer en hulle het gouer in die hande van die betrokke skoolowerheid gekom.

Dr. Muir, saam met die meeste opvoedkundiges van sy tyd, was van mening dat „efficient inspection is the corner-stone of any state-aided system of education.” <sup>21</sup> Van wat die pligte en funksies van 'n skoolinspekteur behoort te wees, het Muir 'n bair breeë opvatting gehad. Dit het hy duidelik aangetoon toe hy kort na sy aankoms 'n omsendbrief aan elke inspekteur gestuur het waarin hy die omvangrikheid van die inspekteur se werkzaamhede <sup>22</sup> uiteengesit het. Volgens hierdie dokument moes elke inspekteur, as 't ware, homself as die direkteur en opwekker van staatsondersteunde onderwys in sy wyk beskou en dus op hoogte bly met die behoeftes en moontlikhede van elke hock en draai van sy omgang. Waar onderwysfasiliteite ontbreek of gebrekbaar was, moes hy deur middel van persoonlike onderhoude die vooraanstaande mense aanspoor om verbetering aan te bring. Die inspekteur moes dus met die oog hierop deeglik vertroud wees met die voorwaardes aangaande die regeringstoelae in verband met die verskillende

20. Sien bls. 79.

21. Rapport van Onderwyskommissie 1891, bls. 43.

22. Gepubliseer as Goewernentskennisgwing no. 805 in die Staatskoerant van 12 Augustus 1892.

soorte skole. Behalwe hierdie uitgebreide pligte moes die inspekteur homself ook beskou as voorligter van skoolmetodiek insy wyk. Na die inspeksie van 'n skool was dit sy plig om, waar nodig, die aandag van die onderwyser te vestig op foutiewe onderwysmetodes, verkeerde rangskikking van klasse, en op foute in registers en roosters. Ongesertifiseerde onderwysers moes aangemoedig word om vir die onderwyserseksamens in te skrywe en die inspekteur moes raad aangaande sulke kursusse verskaf. Verder moes noukeurig opgelet word „of de Regeringsuitgave ten volle gerechtvaardigd is, d.w.z., of de bestaande skool tot die klasse behoort die geschikt is voor de behoeften van de streek, of de onderwijzer bekwaam, de kweekeling veelbelovend is en behoorlik onderricht ontvangt, de ambachtsklas stelselmatig bestuur, en goed bijgewoond word, de kostinrichting behoorlik bestuur word en in een werklike behoefté voorziet, de hoofdelike toelaag welverdiend is, en alle aangelegenheden <sup>23</sup> van dergelyke aard." Al hierdie pligte moes waargeneem word behalwe die eksaminering van die kinders vir bevordering na 'n hoër standerd waarvoor die hoofvereistes was, lees, skrif, <sup>24</sup> diktee en skriftelike en hoofrekenen. Aan die einde van Desember van elke jaar is vanaf 1892 van elke inspekteur 'n rapport oor die onderwysaangeleenthede van sy omgang geëis en hierin moes die inspekteur verslag doen oor (a) bewyse van vooruit-

23. Omsendbrief aan Inspekteurs, par.6.

24. Omsendbrief aan Inspekteurs, par.7.

gang in elke afdeling van sy wyk; (b) die persentasie van die skoolgaande bevolking in verhouding tot die totale bevolking (veral blankes); (c) die gemiddelde duur van die leerlinge se verblyf op skool; (d) die standerds waarop die verskeie klasse van kinders die skool verlaat; en (e) statistiese gegewens om 'n aanduiding te gee van die hoeveelheid en gehalte van die skoolwerk in die verskeie distrikte van die Kolonie verrig.  
25

Dit was alles 'n pragtige opvatting en uitcensitting van die inspekteur se funksie en Muir het later sy standpunt weer helder toegelig toe hy gesê het: "Every opportunity has been made use of to impress upon the Inspectors the absolute necessity of taking a wider view of the duties of their office than the name of it would imply; for the Inspector who is content to play the parts of detective and critic will be but a poor producer in the educational field. The ideal official is he who inspects because he wishes to know how to help. He inspects his district because he wishes to have schools started where the need exists; he inspects schools because he wishes to help managers and teachers towards the attainment of the best educational ends. He knows the people of his circuit who are interested in education and can work with all of them, let their opinions on debatable questions be what they may; he seeks to secure good teachers for his circuit, and he tries to further the interests of those  
26  
who show exceptional skill and devotion."

25. Onderwysrapport 1892, bls.3.  
26. Onderwysrapport 1893, bls.4.

Ongelukkig vir al die betrokkenes het hierdie model van voortreflikheid wat hy in die inspekteur verwesenlik wou sien, nie eintlik bewaarheid geword nie. Ten spyte van Muir se verhewe menings betreffende die inspekteur en sy werk, het hy in die praktyk soveel van sy inspekteurs geëis, veral met betrekking tot die eksaminering van elke individuele kind, dat dit onmoontlik was vir die oorwerkte inspekteur om die "wider view" toe te pas.

#### Die Inspeksiestelsel brei uit.

Die nege inspekteurs wat die Departement in 1892 tot sy beskikking gehad het, moes die inspeksie van al die skole van die Kolonie, Temboeland, Griekwaland-oos en die Transkei behartig. Uit die aard van die saak was die taak onmoontlik en die gevolg was dat honderde skole elke jaar onbesoek gebly het. Vinnige vervoerniêdels het die inspekteurs nog nie tot hul beskikking gehad nie en met die perdekar, donkiekar en selfs in baie gevalle die ossewa, het dit uiters moeilik gegaan om vinnig van die een plek na die ander te beweeg. Gedurende die jaar eindigende 31 Maart 1891 het die inspekteurs dit reggekry om 1286 besoeke aan skole af te lê maar aangesien daar 1605 skole onder beheer van die Departement gestaan het, het dit beteken dat 319 skole oninspekteerd gebly het.<sup>27</sup> Die volgende jaar het dit ietwat beter gegaan daar 1376 uit 1590 skole be-

---

27. Alle syfers i.v.m. geïnspekteerde skole is verkry uit die Onderwysrapporte van die betrokke jare.

soek is.

Behalwe die wyer opvatting van die inspekteur se funksie, met Muir hom ten doel gestel om elke skool minstens eenmaal elke jaar deur 'n inspekteur te laat besoek. In sy eerste rapport het Muir<sup>sy</sup> ontevredenheid oor die destydse toestand uitgelaat met die woorde: „Zoolang echter het aantal bestaande scholen verreweg het aantal overtreft dat het mogelijk is in een jaar te inspekteeren, moet die toestand beshouwd worden als hoogst onbevredigend. Alle mannen van onderwijs stemmen overeen dat degelelike inspectie de hoeksteen is van alle door het Gouvernement ondersteunde onderwijsstelsels, en daar het zeer gevaarlijk voor 28 het publiek zou zijn dit te vergeten...” Hy het verder nadruk gelê op die gevvaar as skole van jaar tot jaar die inspeksie ontsnap. „Eloquent testimony in support of this warning cropped up later,” sê hy in 'n verdere rapport, „when a few schools were discovered which had remained uninspected for four years, and 29 every one of them was found to be in a languishing condition.”

Die bestaande aantal inspekteurs sou egter nooit die agterstand kon inhaal nie veral daar die aantal skole jaarliks met groot getalle vermeerder het. In 1893 is 366 meer inspeksies as die vorige jaar uitgevoer maar hierdie getal was maar vyf meer as die aantal nuwe skole gedurende daardie jaar gestig. Toevlug moes dus tot toevallige eksaminatore geneem word en wanneer 'n

28. Onderwysrapport 1892, bls.44.

29. Onderwysrapport 1893, bls.9.

inspekteur nie die inspeksie van al die skole van sy wyk binne die tyd tot sy beskikking kon afhandel nie, het hy die dienste van predikante en selfs van onderwysers ingeroep. Gewoonlik is die hoofonderwyser van die hoogste klas publieke skool in die afdeling hiervoor aangestel. Die toevallige eksaminatore is neestal in diens geneem om die buiteskole en plaasskole te ondersoek terwyl die inspekteur self sy aandag aan die groter skole gewy het. Die indiensneming van toevallige inspekteurs het veel te wense oorgelaat, want in die geval van die predikante sou 'n mens kon aanneem dat hulle nie op hoogte van sake aangaande die departementele vereistes was nie terwyl die gebruik van een onderwyser op die werk van 'n kollega te ondersoek 'n uiters ongewenste toestand geskep het. Die ondersoeking van skole deur ander dan die permanente amptenare van die Departement het Muir met die sterkste afkeuring beskou waar dit is as 'n onvermydelike euwel toegelaat. Dit was 'n onbevredigende stelsel en/beide onderwysers en skoolbestuurders het dit nie in die snaak geval nie. So gou as moontlik het Muir dus probeer om toevallige eksaminatore uit te skakel deur meer inspekteurs aangestel te kry en om die kwota skole per inspekteur binne 'n hanteerbare beperking te hou. Al in die eerste jaar van sy dienstyd het Muir die regering beweeg om vyf addisionele inspekteurs te benoem.

So goed het Muir se organisasie gevlot dat hy reeds twee jaar na sy aankoms kon verklaar: "...everything connected with

the Inspectorate, - the examining of schools, the recommending of new schools, the collection of statistics at the time of inspection, the reporting of excellencies and deficiencies in the teaching and management of schools, the office preparation of these reports for the use of School Committees, - all this now proceeds with a smoothness and efficiency that are most encouraging.

<sup>30</sup> "In sy rapport vir 1894 kon Muir met groot tevredenheid aankondig dat vir die eerste naal die aantal inspeksies die aantal skole ingehaal het en dat met weinig uitsonderinge elke skool in die Kolonie geïnspekteer is. Sommige skole is ook tweemaal besoek.

Hierdie toestand is darem nie sonder die toevallige inspekteurs reggekry nie en in 48 gevalle moes nog in hierdie <sup>31</sup> jaar van hulle dienste gebruik gemaak word. Siekte in die gele-

dere van die inspekteurs het dikwels die berekenings onvergegooi en Muir het herhaaldelik maar tevergeefs gepleit om 'n aflosinspekteur aangestel te kry om in die geval van siekte of verlof 'n inspekteur af te los sodat die inspeksiewerk nie sou agter raak nie. Op die kwessie van toevallige eksaminatore het Muir ook keer op keer gehamer en gedurig sy standpunt gestel dat „de uitgestrektheid van den cirkel van den Inspekteur en het aantal zijner scholen behoort zoodanig te zijn dat hij in staat is elke school formeel eens per jaar te examineeren en een of twee extra bezoeken te bring aan die scholen die onbevredigend zijn ten

30. Onderwysrapport 1893, bls.29.

31. Onderwysrapport 1894, bls.12.

opzichtie van onderwijs of bestier."

Aan die einde van 1899 kon Muir rapporteer dat 2628 inspeksies deur die inspектeurstal wat nou al tot sewentien aangegroei het, voltooi is. Ongelukkig is nog 70 hiervan deur toevallige inspekteurs uitgevoer. Ingesluit in hierdie inspeksies was nie minder as 921 informele besoeke aan skole nie en die Superintendent-Generaal het getuig van die heilsame uitwerking van hierdie besoeke.<sup>33</sup> Inspakteurs het by die informele besoeke oorvloedige bewyse van die sorgloosheid van sekere onderwysers omtrent die nees elementêre wette van skoolbestuur gelewer.<sup>34</sup> Gevalle van ongeoorloofde afwesigheid van onderwysers, verwaarlozing van registers en ander onreëlmatighede wat in die verlede volop was, is langsaanerhand as gevolg van hierdie informele besoeke uitgeskakel.

Ten spyte van die verstoorde toestand van die land as gevolg van die Anglo-Boere-oorlog het die aantal inspeksies gedurende die eerste jaar van die oorlog toegeneem - dit in weerwil van die feit dat in die distrikte Gordonia, Hay, Kenhardt en Mafeking die vyandelikhede inspeksie in hierdie inspeksies ongange onnoontlik gemaak het. Met die verdere verloop van die oorlog is die inspeksiewerk egter taanlik gestrem en in die rapport van 1902 noes verneld word dat 234 skole glad nie deur

32. Onderwysrapport 1895, bls.13.

33. Sien Onderwysrapport 1898, bls.8.

34. Onderwysrapport 1896, bls.12.

die inspekteurs bereik kon word nie. Normale toestande het egter gou weer ingetree sodat <sup>die</sup> agterstand binnekort ingehaal is.

In 1904 het Muir se geduringe klagtes omtrent die ontoreikende getal inspekteurs uiteindelik by die regering ingang gevind en sewe addisionele inspekteurs is aangestel. Die getal inspekteurs het dus van 21 tot 28 vermeerder. Met die 2734 skole wat toe bestaan het, het dit 'n gemiddelde aantal skole van 98 onder die sorg van elke inspekteur geplaas. Hierdie aantal het Muir as redelik beskou en hy het die mening uitgespreek: "In view of the great distances which separate schools in some parts of the Colony, the average number might well be fewer; it would, at least, be a vast mistake to allow the average to increase."<sup>35</sup>

Soos redelik kan verstaan word, was die vergrote inspekteurskorps in staat om 'n baie groter aantal skole as voorheen te besoek. Nieteenstaande die groot vermeerdering in die aantal skole gedurende 1906, die jaar na die invoering van die Skoolradestelsel, kon die Superintendent-Generaal rapporteer dat nie minder as 3244 gedetailleerde inspeksies gehou is behalwe 2331 informele besoeke. Hierdie het hy gevoeg: "...and it is gratifying to be able to report that ...the work of inspection was duly overtaken within the year, and that for the first time in the history of the Department it has not been found necessary to call in any outside assistance."<sup>36</sup> Dit was 'n hoë prestasie as in aan-

35. Onderwysrapport 1904, bls.2.

36. Onderwysrapport 1906, bls.14.

merking geneem word die uitgestrektheid van die land en die moeilike verkeerstoestande. "In some of the more arid districts of the North-west the Ox-waggon must still be used as the means of transport."<sup>37</sup> Die gedurige aangroei van die getal skole het egter verhinder dat die inspekteurs sonder hulp van buite kon klaarkom. In 1910 moes gekla word dat in nie minder as 227 gevalle die hulp van toevallige inspekteurs moes ingeroep word om die inspeksie van skole te voltooi.

#### Spesiale Inspekteurs.

Die jaar 1906 was van belang omdat vir die eerste maal afgewyk is van die sedert 1865 heersende stelsel van individuele inspeksie deur in die twee hoogste klasse, standerds C en D, van hoërskole klasinspeksie in te voer. Tegelykertyd is 'n spesiale inspekteur aangestel wat uitsluitlik sy aandag aan hoërskole sou wy. Sy opdrag was om skoolroosters, klassifisering van leerlinge, onderwysmetodes en die algemene bestuur van die hoërskole onder sy sorg te neem. Voor die skepping van hierdie spesiale inspekteurskap het die gewone omgangsinpekteur al die skole, primêr en sekondêr ondersoek, en die leerlinge van beide aan die gebruiklike individuele inspeksie onderwerp. Die keuse van 'n persoon om hierdie belangrike pos te beklee, het geval op mnr. W.A. Russell, gewese hoof van die Suid-Afrikaanse Kollegeskool en later Onder-direkteur van

37. Onderwysrapport 1906, bls.14.

38. Ibid.

Onderwys van die Oranje Vrystaat. Muir het eintlik die aanstelling van drie inspekteurs vir hoërskole beoog sodat daar aparte manne kon wees vir moderne naas klassieke tale en wetenskappe. Dit is hom nie geoorloof nie en mnr. Russell moes al die vakke van die hoëskoolkursus behartig. Mnr. Russell het jarelank hierdie taak as enigste inspekteur van hoërskole vervul totdat hy in 1925 met pensioen uit die diens van die Departement getree het. Sy pos is nooit weer gevul nie maar die status quo ante is weer herstel en tot vandag toe neem die gewone inspekteur die inspeksie van alle range van skole waar.

Ten einde die organisasie in verband met die opleiding van onderwysers te verbeter en veral om die beste resultate te verkry van die verskeie opleidingskole wat teen hierdie tyd opgerig is, is aan die einde van 1906 besluit om 'n spesiale inspekteur aan te stel wat belas sou wees met die inspeksie van opleidingsinrigtings en begin 1908 is 'n sekere mnr. H.J. Anderson van oorsee ingevoer om die werk te behartig. Deur middel van hierdie aanstelling was die Departement in staat om 'n nog beter beheer oor die opleiding van onderwysers uit te oefen. Die nuwe inspekteur het nie alleen sy aandag aan die opleidingsinrigtings geskenk nie maar ook daardie skole ondersoek wat kwekelingsklasse aangehou het.

As gevolg van die gelykstelling van Hollands met Engels as amptelike tale by die totstandkoming van Unie in 1910 is ook oorgegaan tot die aanstelling van 'n spesiale inspekteur vir Hollands. In hierdie pos is aangestel mnr. S.F.N. Gie wat ook gelyktydig as

aflossingsinspekteur opgetree het. Niesteenstaande die aanstelling van hierdie spesiale inspekteurs het die inspekteurs nog oor die algemeen 'n onbenydenswaardige bestaan gevoer. Vanaf 1905 toe die inspektoraat met sewe vermeerder is, het die aantal leerlinge in die publieke skole met byna 50,000 aangegroei en die addisionele inspeksielas moes gedra word deur die manne wat alreeds voor hierdie tyd genoegsame werk op hul skouers gehad het.<sup>40</sup> In 1912 is dus 'n verdere drie inspekteurs aangestel en die inspeksie-omgange gewysig. Dit het egter min gehelp om die las te verlig want binne een jaar (1911) is nie minder as 212 nuwe skole gestig - 'n getal wat op sigself die aanstelling van 'n verdere drie inspekteurs geregtverdig het.

Teen hierdie tyd het die getal inspekteurs op 34 gestaan met 'n gemiddelde van ongeveer 131 skole per inspekteur. Dit het nog 'n hele ent kortgekom van die ideaal wat Muir voor oë gehou het as 'n redelike standaard vir doeltreffende werk, naamlik, een inspekteur vir 100 skole. In 1915 by Muir se aftrede kon gerapporteer word dat die aantal omgangsinspekteurs verder vermeerder is tot 38 behalwe die drie wat verantwoordelik gehou is vir hoërskole, opleidingskolleges en die onderwys van Hollands respektiewelik. Ten spyte van hierdie uitbreiding

39. Mn. Gie is die volgende jaar opgevolg deur dr. B.J. Haerhoff.

40. Sien bls. 201 vir grafiese voorstelling van die aanwas in die getal skole.

het 'n paar van die inspeksie-omgange geweldig groot gebly soos  
 41  
 onderstaande opgaaf aantoon:-

Omgang onder Inspekteur	Oppervlakte in vierkante myle
S.G.E. Rosenow	45,579
G. Siddle	30,130
J.A. Kelly	25,924
H.Z. van der Merwe	22,582
S.B. Hobson	19,682

In verband met hierdie syfers mag onthou word dat Engeland 'n oppervlakte van 50,890 vierkante myl het. In hierdie omgange met die groot afstande en verspreidheid van die inwoners, was die organisasie in verband met die inspeksies alles behalwe maklik. Die inspekteurs het egter hul bes gedoen maar soos Muir in sy finale rapport opgemerk het: „Had het aantal inspekteurs gelijke tred gehouden met die hoeveelheid arbeid, die gevoeld werd op het Departement te drukken, dan zou er veel groter vooruitgang gemaakt zijn, en zou die verkregen zijn met minder wrijwing wat betreft alle pogingen die in verband daarmede aangewend word.”  
 42

### Instrukteurs.

Met die drie-en-veertig inspekteurs en die duisende individuele inspeksies wat hulle jaarliks uitgevoer het, was die storie in verband met inspeksie nog nie uit nie. Alreeds vroeg in 1893 het dit vir Muir duidelik geword dat indien besondere vakke wat tot op hierdie tyd in die skole verwaarloos en selfs veronag-

---

41. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls.10.

42. Ibid., bls.3.

sarm is, behoorlike aandag sou geniet, dit nodig sou wees om die pogings van die inspekteurs wie se tyd meer dan in beslag *geneem* is met die nagaan van die werk van die ondervysers en die bevordering van die leerlinge te steun. Met hierdie doel is die plan ten uitvoer gebring om Instrukteurs aan te stel op wie die plig sou val om onderwys van die spesiale vakke in die skole in te voer en toesig oor die vakke te hou. 'n Begin is gemaak met naaldwerk en sang en dit is later gevolg deur houtwerk en teken, kindertuinmetodiek, kookkuns en natuurstude.

Voorlopig is veel van die tyd van die instrukteurs en instruktrises gewy aan die opleiding van onderwysers en kwekkelinge in die juiste metodes om hierdie besondere *valke* te onderwys maar later van tyd moes die instrukteurs en instruktrises die skole besoek en rapport uitbring oor hul besondere vak. Dit is eintlik nooit bedoel dat hulle soortgelyke inspeksies aan die van die gewone inspekteurs moes hou nie maar al gou het hul besoeke ontaard in 'n strenge ondersoek met individuele toetse. Aan die einde van Muir se dienstyd in 1915 was daar dertien sulke instrukteurs of instruktrises aan die werk en in hierdie jaar is nie minder as 2651 besoeke aan skole deur hierdie beamptes afgelê nie.

43. Die aanstelling en werk van hierdie instrukteurs word in Hoofstuk Ag volledig nagegaan.

Individuale inspeksie strem die onderwys.

Soos in 'n volgende hoofstuk aangedui sal word, is 'n vaste leerplan vir elke afsonderlike klas in die skool deur die Departement voorgeskrywe. Dwarsdeur die land was hierdie leerplan dieselfde vir elke skool, blank of gekleurd. Met die onbuigsame, „cast-iron"-stelsel van individuale inspeksie het Muir absolute eenvormigheid in al die skole beoog. Kinders van die rykes sowel as van die armes, stedelinge, dorpelinge en plattelanders, gekleurd, blank of inboorling is almal in een vorm gegiet. Die vaardigheid van die leerlinge by die jaarlikse inspeksie is byna met matematisiese presiesheid bereken en beoordeel en dit, ten spyte van die „wider view", was die Departement se enigste maatstaf om die doeltreffendheid van die gehalte van die onderwys van 'n skool te meet.

Die gevolg hiervan was dat die onderwysers al hul kragte ingespan het om die voorgeskrewe werk so gou moontlik deur te kom en die orige tyd voor die inspeksie te gebruik om die werk te herhaal en nogmaals te herhaal sodat die kinders in staat kon wees om die groots moontlike indruk op die inspekteur te maak. Dit was alles ten voordeel van die swak leerling maar ten koste van die skrandere wat soos Stucki gesê het, „begin valg het van alles wat in betrekking tot 'n leerboek gestaan het." Laasgenoemde spreek verder sy verbasing uit dat „daar uit dié skole manne en vroue te voorskyn gekom het wat 'n eer is vir ons volk;

---

44. Stucki: Die Skool op Blaauwvallei, bls.81.

dog nie omdat die skole so goed was nie, maar ondanks die af-  
keurenswaardige stelsel van onderwys het hul dit geword."<sup>45</sup>

Die onvermydelike neiging was dat die swaartepunt van die onderwys verskuiwe het na die meganiese vakke en geleei het tot verdowing van belangstelling in die vormende vakke. Weens die groot aantal skole wat elke inspekteur jaarliks moes besoek en die duisende kinders wat hy jaarliks aan die individuele inspeksie moes onderwerp, het die eksamen baie haastig gegaan en dit was noodwendig oppervlakkig.<sup>46</sup> Die inspekteurs moes 'n geweldige en uitgestrekte gebied dek en hul kon uit die aard van die saak nie anders as so gou moontlik by elke skool klaarmaak. Die besoek van die inspekteur aan 'n skool in plaas van "the brightest day in the history of each school he visits," het 'n dag geword wanneer die arme skoolkinders met vrees en bewing die koms van die inspekteur tegemoet gesien het. Aangehits deur die onderwysers wat in baie gevalle self met die grootste senuweeagtigheid die koms van die gevreesde inspekteur afgewag het, het die kinders in 'n oorspanne toestand die inspeksietoetse afgelê. Dit het alles 'n stremmende invloed op die onderwys gehad.

Dit was heeltemal verstaanbaar dat onderwysers om 'n goeie indruk op die inspekteur te maak, hul oorspronklikheid onderdruk het en hul toegespits het op die bevrediging van sy

45. Stucki: Die Skool op Blaauwvallei, bls.81.

46. Ross: Preliminary Report 1883, bls.44.

grille. Die uitwerking kan nie anders as uiters nadelig vir die onderwys in die algemeen en die kind in die besonder geword het nie. "The work becomes mechanical, the teachers and taught lose interest, work like machines, and the school time is diverted from its proper use. The children suffer in having to submit to what is to many a physical torture. They are not stimulated to growth, but unmercifully pruned that they may be presented on examination day all after one model, and as near the same pattern as possible."<sup>47</sup>

Die maatstaf wat die inspekteurs by die inspeksie moes toepas vir die bevordering van die leerlinge is haarfyn deur die Superintendent-Generaal vasgelê en kon nie van afgewyk word nie. Daar moes dwarsdeur die noukeurigste eenvormigheid gehandhaaf word en in elke skool en by elke kind moes dieselfde maatstaf toegepas word. Die inspekteur moes in elke klas 'n stukkie diktee laat skrywe uit die leesboek in gebruik in die skool. Een reël leesbaar geskrywe met nie meer as twee foute in Standerd twee, ses reëls met nie meer as ses foute in Standerd drie en ag reëls met nie meer as vier foute in Standerd vier is voorgeskrywe om in een van hierdie klasse te slaag.<sup>48</sup> As spelwoorde by die diktee gevoeg is, is die getal woorde en die wyse waarop hulle uitgesoek moet word ook vastgestel, soos byvoorbeeld in Standerd drie is bepaal: "to write on slate six lines dictated from the reading

47. Cowling: Aanhangsel tot Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls.cxxix.

48. Vgl. Special Reports, Deel V, bls.168.

book and ten other words selected from a single page of the  
 49  
 same."

In rekenkunde is gelyksoortige voorskrifte aan die inspekteur opgedra en geen kind kon na 'n hoër klas bevorder word sonder dat hy 'n voorgeskrewe aantal somme reg gemaak het nie. Inspekteurs is wel volgens hulle instruksies toegelaat om 'n leerling se bekwaamheid in geskiedenis en aardrykskunde in aanmerking te neem ingeval hy in die meganiese vakke gedruip het maar in die praktyk is dit nie dikwels toegepas nie. As 'n kind nie die vereiste vaardigheid in die spelkuns, rekenkunde, en lees behaal het nie, dit wil sê, as sy diktee meer as die maksimum toelaatbare foute bevat het, al was dit maar een fout meer; of as hy een minder as die vereiste getal somme reggehad het, moes hy nog 'n jaar in dieselfde klas deurbring.

'n Groot nadeel van hoofdelike inspeksie wat miskien meer as enige ander faktor stremmend op die onderwys ingewerk het, was die feit dat alle skole in die land nie gelyktydig kon ondersoek word nie. Elke skool moes wag op die koms van die inspekteur voordat die kinders van een klas na die ander kon bevorder word, want die inspekteur was die enigste wat die oordeel kon vel. In die meeste gevalle het dit die inspekteur 'n volle jaar geneem om elke skool in sy omgang te kan besoek en dikwels kon hy selfs nie binne 'n jaar al die skole bereik nie. Die tyd wanneer bevordering van die een klas na 'n hoër klas plaasgevind het, het dus van skool tot skool afgewissel. Wan-

neer 'n kind van die een skool na 'n ander wou oorgaan en die inspeksie in die nuwe skool pas verby was, was daar min kans om bevorder te word al het die kind miskien in sy laaste skool al byna 'n jaar in die klas deurgebring. Heel dikwels het dit gebeur dat die inspekteur nie presies in dieselfde maand van elke jaar dieselfde skool kon besoek nie maar dat sy besoek vertraag is. In so 'n geval was daar niks aan te doen nie en die leerlinge moes eenvoudig in dieselfde klas bly sit totdat die inspekteur die inspeksie afgehandel het. Met klasinspeksie sou dit moontlik gewees het vir alle skole om gelyktydig die leerlinge te laat bevorder, soos vandag die gebruik is, sonder dat die kinders onnodig deur verskuiwing van die een skool na 'n ander benadeel word.

#### Muir staan vas op individuele inspeksie.

Tot die einde van sy bestuur as Superintendent-General van Onderwys was dr. Muir vas oortuig dat individuele inspeksie die enigste moontlike stelsel vir die skole in Kaapland was. Hierdie sienswyse het hom soos in ander gevalle waar hy so 'n diktatoriale en onbuigsame houding ingeneem het, spoedig in botsing met die onderwysers gebring en kongres op kongres van beide die "South African Teachers Association" en die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie het heftig hul stemme teen die nadelige invloede van die individuele inspeksie laat hoor maar Muir was nie van sy sienswyse af te bring nie.

Dr. Muir het sy standpunt geregtverdig deur daarop te wys dat die Kaap-Kolonie 'n hoë persentasie van ongekwalifiseerde of swak ge-

klassifiseerde onderwysers gehad het. Die groot aantal plaaskole en dordeklas-skole met klein inkomstnings kon natuurlik maar kariege salarisso aanbied en gevolglik kon so 'n skool maar een onderwyser aanhou wat dikwels geen of slegs min ondervinding gehad het. Om die klassifisering van die kinders uitsluitlik aan die oordeel van sulke onderwysers oor te laat, was onmoontlik en die handhawing van individuele inspeksie deur 'n inspekteur was dus, volgens Muir, noodsaaklik om 'n behoorlike en eenvormige standaard dwarsdeur die Kolonie te handhaaf. Nog 'n rede wat aangevoer is vir die handhawing van die individuele metode van inspeksie was dat ouers nie tevreden sou wees met die onderwyser se oordeel nie maar dat die sertifikaat van 'n inspekteur groter waarde by die publiek sou dra. Baie onderwysers was heeltemal tevrede met die stelsel en het geen verandering verlang nie omdat hulle in die individuele inspeksie deur 'n inspekteur 'n mate van beskerming geniet het teen daar-die soort van ouer wat aangedring het op die bevordering van sy kind of hy nou daarvoor bevoeg was of nie. Alhoewel bestaande beweegredes nie as oortuigend kan genoem word nie, was hul feitlik die enigste wat aangevoer kon word ten gunste van die handhawing van so 'n stelsel.

Dit was nie alleen die onderwysers wat besware teen die individuele inspeksie geopper het nie maar in die Sinodale Vergaderings van die Nederduits-Gereformeerde Kerk is herhaalde male beswaar teen die veelvuldige skoolinspeksies gemaak. Ds.

Moorrees het met besorgdheid verwys na die ongesonde toestand met die woorde: "Met zorg diende men te letten op de toeneming van dat heir van inspekteurs, dat over het land ging als een zwerm sprinkhanen. Wat moet op die manier worden van onze jong-en kinderen, die onophoudelik in spanning verkeerden over de komst van een inspekteur."<sup>50</sup>"

Die ernstigste veroordeling van die inspeksiestelsel van dr. Muir het egter gekom van die Onderwyskommissie wat in 1910 deur die regering van Kaapland aangestel is net voor die finale ontbinding van die Kaapse Parlement. Die Kommissie onder voorsitterskap van prof. H.E.S. Fremantle het verder bestaan uit mnre. J.W. Jagger, D.J. Pienaar, P.W.H. Kettlewell en A.C.A. van Rooy. Die Kommissie het 'n deurtastende ondersoek ingestel na al die aspekte van die onderwys in Kaapland en het ook sy aandag geskenk aan die stelsels in swang in die ander drie provinsies van Suid-Afrika. In 'n lywige verslag wat die Kommissie opgestel het, is nie minder as een-en-twintig bladsye gewy aan 'n bespreking van die inspeksiestelsel nie. 'n Groot hoeveelheid getuienis van persone binne en buite Suid-Afrika is ingewin. Veral van betekenis was die menings van vooraanstaande opvoedkundiges van Groot-Brittanje. Die oorweldigende meerderheid van die getuienis was lynreguit teen die sienswyse daarvan gehuldig. Toe laasgenoemde deur die voorsitter van die Kommissie daarop gewys

50. Toespraak voor die Sinode, 1903. Sien Ons Land, 14 November 1903.

is dat in Engeland, waar die individuele inspeksie afgeskaf is, daar 'n groot verbetering in die gehalte van die onderwys plaasgevind het, het Muir geantwoord: "You have no means as yet of judging the efficiency of the new as compared with the old system. Two years ago I found in England a number of educationists who were in dread about the result."<sup>51</sup> Toe hierdie bewering van Muir dat opvoedkundiges die resultate van klasinspeksie vergelyk met dié van individuele inspeksie as minder gunstig beskou het, aan mnr. Household, Direkteur van Onderwys vir Gloucestershire, voorgelê is, het laasgenoemde met nadruk verklaar dat die klasinspeksie sonder twyfel die beste uitslae <sup>52</sup> gelewer het. Hy was van mening dat die ou stelsel "very mischievous" was en dat daar onder die nuwe stelsel baie meer gedoen word vir die knap sowel as die vertraagde leerling. Hy het die kommissie verder verscker dat hierdie mening "byna het eenparig gevoelen van de grote onderwijs-authoriteiten vertegenwoordigden,"<sup>53</sup> en dat die jong inspekteurs, ouers en onderwysers die nuwe stelsel met vreugde verwelkom het. Die Kommissie se verslag voeg hierby: "Wij hebben geen enkel persoon kunnen vinden, die met kennis spreekt over het tegenwoordige stelsel in Groot-Brittanje en afwijkt van de meningen door de Heer Household uitgedrukt."<sup>54</sup>

51. Muir: Getuienis voor Onderwyskommissie 1910, vraag 1128.

52. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls.117.

53. Ibid.

54. Ibid.

Die onderwysersverenigings van Groot-Brittanje het onomwonde hul gevoelens teen individuele inspeksie uitgespreek en getuig van die heilsame uitwerking op kinders en onderwysers wat die verandering in die stelsel teweegbring het. Baie belangrik is die verklaring gemaak deur mnr. Holmes, eertydse Hoofinspekteur van elementêre skole in Engeland, wat gesê het: "When inspectors ceased to examine (in the stricter sense of the word) they realised what infinite mischief the yearly examination had done." Geen veroordeling van die stelsel kon erger gewees het nie dan sy verdere beskrywing van die nadelige uitwerking van hierdie individuele eksamens met „its tendency to arrest growth, to deaden life, to paralyse the higher faculties, to externalise what is inward, to materialise what is spiritual, to involve education in an atmosphere of unreality and self-deception... As an ingenious instrument for arresting the mental growth of the child, and deadening all his higher faculties, it has never had, and I hope never will have, a rival." Sterker kon dit nie uitgedruk gewees het nie.

55

Dit was egter nie net van Groot-Brittanje dat oortuigende getuienis teen die individuele inspeksie gekom het nie. Die meerderheid van die Suid-Afrikaanse onderwysers wat voor die Kommissie verskyn het, was nie minder beslis in hul veroordeling van die stelsel nie. In 1906 het 'n Gekose Komitee oor onderwyssake

55. Sien Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls.106 (Engelse uitgawe).

ook die inspeksievraagstuk in oorweging geneem. Die verslag van hierdie komitee het 'n besliste houding teen individuele inspeksie ingeneem deur te verklaar: „De gewone rondgaande inspeksies hebben te veel ten doel die kennis van elke individuele leerling te onderzoeken, en in vele gevallen is die tijd ter beschikking van die inspekteur te kort om een werkelik bevredigend onderzoek over het algemene werk van die school mogelijk te maken. Het is niet billik, noch voor die leerlingen, noch voor die school, dat die verhoging geheel afhangt van die uitslag van het eksamen van een paar uur, waaraan die inspekteurs <sup>56</sup> ze kunnen onderwerpen." Die komitee het verder met genoë opgemerk, „dat onlangs een nieuwe manier van inspektie, die een klas-, en niet een individuele inspektie is, en die kwestie van verhoging in die handen van die schoolhoofd laat, voor die twee hoogste klassen in Hogere Scholen ingesteld is en uw Kommissie beveelt ten sterkste aan, dat dit stelsel langzamerhand zich uitstrekke tot al die klassen in Hogere Scholen <sup>57</sup> en zoveel mogelijk ook tot die Lagere Schoole." Die jaar daarna het 'n verdere Gekose Komitee ook die mening uitgespreek „dat het wenselik is, het beginsel van klasinspektie uit te breiden <sup>58</sup> en het, waar maar mogelijk, aan te nemen."

Ten spyte van die herhaaldeleike besluite van die onder-

56. Verslag Gekose Komitee oor Onderwys, 1906, Afd.II, par.1.

57. Ibid., par.2.

58. Verslag Gekose Komitee oor Onderwys, 1907. Afd.I, par.8.

wyserskonferensies, die Sinode van die kerk en die aanbevelings van die parlement dat die Superintendent-Generaal versoek word om individuele inspeksie te vervang deur klasinspeksie, het Muir geen haarsbreedte van die rigting afgewyk wat hy ingeslaan het nie. Sy enigste toegewing was die invoering in 1906 van klasinspeksie in die twee hoogste klasse van die hoërskole. Dit was eintlik maar 'n skrale en betekenislose konsessie, want in elk geval het die bevordering van die leerlinge in die twee hoogste klasse berus by die uitslag van die Skoolhoër- en Matrikulasië-eksamens van die Universiteit waarvoor hierdie leerlinge opgelei is, en nie by die inspekteur nie. Prakties gesproke het Muir hier eintlik niks toegegee nie maar in sy rapport waar hy die nuwe metode van inspeksie aangekondig het, het hy duidelik laat verstaan dat hy nie bereid was om die nuwe stelsel van toepassing op enige ander klasse te maak nie. „Met betrekking tot de uitbreiding van deze wijze van inspektie tot alle Standaarden en alle klassen van scholen, doen zich verscheidene moeilikheden voor, waarvan de voornaamste is het buitengewoon groot aantal kleine scholen en de gedurige verplaatsen van leerlingen uit de ene klas van school naar een andere. Onder deze omstandigheden wordt het handhaven van een zekere standaard van kennis onder de leerlingen een zaak van aannemelijk belang. In de kleinere scholen geeft een uitvoerig eksamen van de individuele leerlingen tevens nuttige onafhankelike inlichtingen aan de ouders, betreffende de hoogte, die het kind bereikt heeft in zijn schoolleven, en zijn geschiktheid

om naar een school van hogere rang over te gaan."

Toe Muir deur die Onderwyskommissie van 1910 oor die kwessie ondervra is, het hy hom weereens beslis teen klasinspeksie verklaar op grond daarvan dat die kinders en onderwysers nie ontwikheld genoeg daarvoor was nie en dat die ouers niks van onderwys af geweet het nie.<sup>59</sup> Hy was sterk die mening toegegaan dat die onderwys ernstig benadeel sou word deur die invoering van klasinspeksie maar hiervoor kon hy geen redes of bewyse aanvoer nie. Al wat hy kon sê toe hy om bewyse gevra is, was,<sup>60</sup> „I know it." Die eiesinnige houding wat Muir in hierdie saak ingeneem het, is onverklaarbaar. Die vooraanstaande opvoedkundiges van verskeie lande het kragtige beweegredes gegrond op ruime ondervinding teen individuele inspeksie aangevoer maar Muir kon of wou nie daarvan oortuig word dat sy standpunt vatbaar was vir verbetering nie.

Van die twintig inspekteurs wat deur die Kommissie van 1910 oor die kwessie ondersoek is, was daar vyf wat hulle ten gunste van hervorming verklaar het. Die Kommissie het sy verwondering daaroor uitgespreek dat daar nog so 'n groot persentasie was, want „inspekteurs die als onderwijzers en als inspekteurs gewoon zijn geweest aan een mechaniese stelsel met veel routinewerk, niet maar dadelik een vrijer stelsel zouden volgen, met veel meer intellektuele frisheid en kracht, en het

59. Onderwysrapport 1906, bls.14.

60. Vgl. Muir: Getuienis voor Onderwyskommissie 1910, vr.1127.

61. Ibid., vraag 1133.

is duidelik, dat de feiten, aangaande klasinspektie elders op de wereld, weinig bekend zijn en begrepen worden.<sup>62</sup>" Opvallend is dit dat mnr. W.A. Russell, die inspekteur van hoërskole, wat ondervinding van beide stelsels van inspeksie gehad het, die mening uitgespreek het dat alhoewel individuele inspeksie twintig jaar tevore misskien noodsaaklik was, in die eerste-, tweede-, en derdeklas-skole met 'n deeglike personeel, "class inspection would be better."<sup>63</sup> Muir het egter onbeweeglik gebly.

Dr. Muir is dikwels gedurende sy loopbaan daarvan beskuldig dat hy koppig en eiewys was en selde of ooit raad aangeneem het. Hierin het 'n groot mate van waarheid geskuil. Hoe anders kon die antwoord van Muir op die kongresbesluit van die S.A.T.A. in 1912 verklaar word? Muir se antwoord aan die deputasie wat hom van die besluit kom verwittig het, was, "dat hij niet veel waarde hechtte aan de argumenten die worden ingebracht tegen hoofdelike inspektie van die leerlingen."<sup>64</sup> Sou sy weiering om die inspeksiestelsel te wysig aan koppigheid toe te skrywe gewees het of was Muir werklik daarvan oortuig dat sy eie optrede die beste belang van die opvoeding bevorder het? Ons het reeds opgelet dat Muir 'n verhewe opvatting omtrent die inspekteur se funksie daarop na gehou het. Muir se idee was nie dat die inspekteur net eenmaal per jaar 'n skool moes besoek om die jaarlikse

62. Verslag van Onderwyskommissie 1910, bls.125.

63. Russell: Getuienis voor Onderwyskommissie 1910, vr.6046.

64. De Unie, Desember 1912.

65. Sien bls. 111 et seq.

eksamen af te neem nie, maar hy het geneen dat „if an Inspector takes an interest in his circuit, and knows that a certain school is a good school, once a year may be perfectly sufficient, for he has confidence in the teacher; but if, on the other hand, there is a school that he has a little suspicion about, he should have the power to visit it a dozen times in the year  
<sup>66</sup> if necessary." Dit was maar 'n treurige vooruitsig as dit 'n „suspisie" was wat 'n inspekteur na 'n skool moes bring. Hoe kon so 'n sienswyse gerym word net die ideaal dat 'n inspekteur die voorligter en raadgewer van sy distrik moes wees?

Een ding is seker. As Muir eenmaal 'n koers ingeslaan het, dan het hy daarop gebly. Dit moes sy eerlike oortuiging gewees het wat hom gedwing het om 'n koers te hou wat hom in onguns by publiek en onderwysers gebring het. In 1908 het dr. Muir dit nog as sy oortuiging uitgespreek dat, „it is doubtful if such an advance would have been made without the present system  
<sup>67</sup> of individual inspection." Tegelykertyd moet daarop gelet word dat Muir 'n oogmerk gehad het en sy inspeksiestelsel was een van die magtigste instrumente waarmee hy sy beleid kon uitvoer. Hierdie beleid was om soveel moontlik die beheer van die onderwys in die hande van die sentrale bestuur te koncentreer. Deur middel van sy korps van inspekteurs het hy 'n sterk en magtige organisasie by die hand gehad waarmee hy die

66. Muir: Getuienis voor Gekose Komitee oor Onderwys 1896,  
vraag 638.

67. Onderwysrapport 1908, bls.6.

-139-

werk van die onderwysers noukeurig kon beheer en die wil van di Departement op hulle afdruk. Die inspeksiestelsel was dan ook 'n effektiewe wapen om die Departement se invloed tot in die verste uithoek van die Kolonie te laat geld.

---

## HOOFSTUK VYF.

### DIE BESTRYDING VAN ONDERWYSGEBREK.

#### Onvang van die Onderwysgebrek in 1892.

Die verskyning van die verslag van die Onderwyskommissie van 1891, waarna op bladsy 31 verwys is, was van groot nut vir die nuwe Superintendent-Generaal van Onderwys. Dit het hom onmiddellik na sy <sup>diens</sup> intreding 'n waardevolle en beredeneerde dokument verskaf en hom in staat gestel om dadelik op hoogte van sake te kom aangaande die destydse toestand van die onderwys in Kaapland. Sodra die drukke werkzaamhede van die onderwyskantoor dit toegelaat het, het hy ook self 'n uitgebreide toer deur die Kolonie gemaak en persoonlik soveel moontlik van die skole besoek om sodoende deur eie waarneming ondervinding omtrent die toestand op te doen.

Die deeglike en heldere insig in die gebreke van die heersende onderwysstelsel wat hy dadelik gekry het, word weer-spieël in sy eerste onderwysrapport wat slegs sewe maande na sy aankoms in Suid-Afrika in die Parlement ter tafel gelê is. In hierdie meesterlike oorsig oor die onderwysstelsel het dr. Muir aangetoon dat die dringendste vraagstuk wat opgelos moes word, die daarstelling van doeltreffende middels sou wees om alle kinders in die land van skoolgaande ouderdom op die skoolbanke te bring en om in die behoefté aan behoorlike skoolge-

boue en goedgekwalificeerde onderwysers te voorsien.

Die Kommissie van 1891 het as een van sy opdragte ontvang die ondersoek na die vraagstuk van gebrek aan onderwys onder die bevolking van die Kolonie. Hierdie ondersoek het waardevolle maar tegelykertyd steurende feite opgelewer. In sy onderwysrapport van 1890 het dr. Dale bereken dat daar 58,000 kinders van skoolgaande ouderdom in Kaapland was waarvan slegs 8,000 nie op skool was nie.<sup>2</sup> Dat hy die hele toestand misreken het, blyk daaruit dat hy in sy getuienis voor die Kommissie glad ander syfers voorgelê het wat daarop aangedui het dat uit 'n beraamde blanke skoolgaande jeug van 58,000, ongeveer 42,000 die staatsondersteunde skole, sendingskole en private skole bygewoon het, latende 16,000 waarvan geen rekenskap kon gegee word nie.<sup>3</sup> Die syfers van dr. Dale is almal gegrond op die algemeen aangenome veronderstelling dat een-sesde van die totale bevolking van 'n land die aantal kinders van tussen vyf en vyftien jaar verteenwoordig.<sup>4</sup> Dat Dale nogtans die bal heeltemal misgeslaan het, het verder geblyk uit die syfers van die volkstelling wat juis in April 1891 opgeneem is. Dit is bevind dat die totale aantal blanke kinders van vyf tot veertien jaar in daardie jaar in die Kolonie 99,280 was, of omtrent 26.5 persent van die totale blanke bevolking. As daar dus van hierdie syfer die volgens Dale se berekening 42,000

1. Onderwysrapport 1892, bls.25 et seq.

2. Onderwysrapport 1890, bls.15.

3. Sien Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel III, bls.3.

4. Ibid.

skoolgaande kinders afgetrek word, het daar 57,280 kinders oorgebly wat nie in die skole was nie.

Selfs hierdie laaste syfers van Dale het egter nie die ware toedrag van sake weerspieël nie. Die Onderwyskommissie het die mening uitgespreek: "The probability is that even this large number does not represent the total of our unenrolled European children of school age."<sup>5</sup> Met die hulp van die sensusopgawes is deur die Kommissie bereken dat die ware toestand in 1891 soos volg was:-<sup>6</sup>

Totale aantal blanke kinders van skoolgaande ouderdom (5 tot 14 jaar)	99,280
-----------------------------------------------------------------------	--------

Totaal leerlinge in ondersteunde skole	27,620
" " " private	<u>21,009</u>
	48,629

Trek af vir die bo 15	7,055
" " " onder 5	<u>1,787</u>
	8,842
	39,787

Getal dus nie op skool	59,493
------------------------	--------

---

Hierdie skrikwekkende syfer van byna 60,000 blanke kinders of bykans 40 persent van die skoolgaande jeug wat nie op skool was nie, het die erns van die vraagstuk van die gebrek aan onderwys sterk op die voorgrond gebring. Daar moet egter onthou word dat van hierdie syfer nie moet afgereken word dat bovenoemde groot aantal kinders absoluut geen onderwys ontvang het nie. Die syfers het eenvoudig aangedui dat op die tydstip wanneer die sensusopname gemaak is, hierdie aantal kinders nie

---

5. Rapport van die Onderwyskommissie 1891, Deel III, bls.3.  
6. Ibid., bls.4.

op die oomblik op skool was nie. In daardie dae toe die skoolbywoning van die gemiddelde kind maar kort van duur was, was die moontlikheid nie uitgesluit nie dat baie van hierdie kinders alreeds hul skoolloopbaan agter die rug gehad of dat hul nog in die toekoms 'n tydjie die skool sou bywoon.

'n Groot faktor wat verder in aanmerking geneem moet word in verband met hierdie kwessie van onderwysgebrek, is die gemiddelde standerd waarop die leerling die skool verlaat het. Die omvang van die toestand van gebrek aan onderwys word nie net alleen bepaal deur vas te stel hoe groot die aantal kinders van skoolgaande ouerdom is wat nie skool-toe gaan nie. Soos daar tereg deur dr. Muir op gewys is kan <sup>7</sup> elke kind van schoolouerdom in een land op een bepaalden datum die school bezoeken en toch kan het onderwijs van het land op zeer lagen trap staan."

Die oorsake van die gebrekkige toestand het Muir bevind was toe te skrywe aan (a) die kleinheid van die bevolking; (b) die suiwer vrywillige karakter van die onderwysstelsel; (c) die onverskilligheid van ouers; <sup>8</sup> en (d) armoede. Van hierdie oorsake het hy die onverskilligheid van ouers as die gewigtigste beskou, veral in die plattelandse distrikte. Die Onderwyshommisse was van mening dat die oorsake omvatter van aard was. Behalwe die oorsake hierbo aangehaal, het die Kommissie ook die volgende genoem:- (a) die tekort aan huisbediendes en plaasar-

7. Onderwysrapport 1892, bls.28.

8. Ibid., bls.43.

beiders; (b) die gebrek aan geboue vir skoolgebruik; (c) die gebrek aan onderwysers, boeke en opvoedkundige toerusting; (d) die gebrek aan kennis van die fasiliteite wat deur die Departement van Onderwys aangebied is; en (e) stokkiesdraaiery<sup>9</sup> deur kinders.

Die vraagstuk van onderwysgebrek was van geweldige omvang en dit is terdeë deur die nuwe Superintendent-Generaal besef. Die ander vraagstukke in verband met die onderwysstelsel het maar nietig gelyk in vergelyking met die reusetaak wat dr. Muir hom voor oë gestel het, naamlik, om elke kind van skoolgaande ouderdom op die skoolbanke te kry en om elke kind 'n redelike tyd op skool te hou sodat die kind se skoolopleiding van werklike nut vir sy toekomstige lewe sou wees.

#### Die Opvoedkundige Opmeting.

Met die inligting omtrent onderwysgebrek wat Muir reeds in 1892 uit die verslag van die Onderwyskommissie, die sensusopgawes, sy eie waarneming en inspekteursraporte ingewin het, was hy nog nie tevrede nie. Muir, altyd oorspronklik en deeglik, het die skitterende ingewing gekry om 'n noukeurige opvoedkundige opmeting van die hele Kolonie in te stel. Hiermee is in 1892 'n begin gemaak. Voorkeur is gegee aan distrikte wat as agterlik bekend was. Een van die inspekteurs, mnr. A.H. Murray, is tydelik van sy inspeksiepligte onthef en

9. Rapport van Onderwyskommissie 1891, bls.9, par.31.

aan hom is opgedra die taak om een van die agterlikste wyke van sy inspeksie-ongang uit te soek en 'n sorgvuldige huisbesoek dwarsdeur die afdeling af te lê. Hy moes veral sy aandag skenk  
 10 aan die volgende:-

1. (a) die aantal kinders van skoolgaande ouderdom;  
 (b) die aantal kinders op skool;  
 (c) die aantal kinders nie op skool nie, maar wat wel van skoolgaande ouderdom was;  
 (d) die hoeveelheid en aard van skoolvoorsiening alreeds beskikbaar.
2. (a) Besondere plekke waar skole nodig was;  
 (b) die soort skole geskik vir elke plek;  
 (c) aantal kinders wat elke voorgestelde skool behoort by te woon;  
 (d) die aantal wat moontlik die skool sou bywoon;  
 (e) die plaaslike voorsiening waerop by elke plek gereken kon word vir skoolvoorsiening en vir die salaris van die onderwyser;  
 (f) die regeringstoelaag in elke geval benodig.
3. Enige spesiale oorsake wat die daarstelling van skole belemmer het.

Die inspekteur is verder gelas om 'n verslag op te stel "and in order that both the actual state of affairs and the proposed remedies might be made clear to even the most hurried reader, the matter was as far as possible to be set forth in tabular form, and appropriately presented to the eye upon a map of the Division."<sup>11</sup> Mr. Murray het begin met die afdeling Jansenville en hy het baie sorgvuldig sy pligte nagekom. In 'n netjiese en noukeurige verslag het hy gerapporteer dat hy weke lank die distrik deurreis het, elke hoek en draai ondersoek het,

---

10. Vgl. Onderwysrapport 1893, bls.8 en 9.

11. Ibid., bls.9.

direkte navrae aan mense van alle range en stande gedoen het,  
 en by elke moontlike geleentheid/geraadpleeg het wat belang-  
 stelling in die onderwys getoon het en geneë was om behulpsaam  
 te wees met die uitbreiding van die skoolstelsel.<sup>12</sup>

Met die doel om duidelik te maak wat die bestaande toe-  
 stand met betrekking tot die aantal skole in Jansenville was  
 en die aantal skole wat nodig sou wees om die opvoedkundige  
 toestand op redelik bevredigende peil te bring, het die ver-  
 slag ook 'n kaart van die afdeling ingesluit. Hierop is die  
 ligging van die bestaande skole elk met 'n rooi driehoek aan-  
 gedui waarin die getal kinders wat die skool bygewoon het, ge-  
 plaas is. 'n Rood kring met die getal beskikbare kinders  
 wat moontlik die skool sou bywoon, is gebruik om aan te dui  
 waar nuwe skole behoort gestig te word. Die verslag het ook  
 verder aanbeveel watter soort skool die geskikste vir elke  
 plek sou wees; watter akkomodasie daar beskikbaar was; die  
 plaaslike bydraes waarop aangedring kon word; en hoeveel die  
 regeringstoelaag sou beloop. Deur middel van hierdie onder-  
 soek was die opvoedkundige behoeftes en die moontlikhede van  
 die afdeling Jansenville tot in die fynste besonderhede bekend.

Hierdie proefneming van die Departement het groot byval  
 by die Parlement gevind en 'n bedrag is gestem om die werk  
 voort te sit. Vervolgens is dus in 1894 die distrikte van  
 Aberdeen, Steynsburg en Fraserburg aangepak. Aan mnr. Murray

12. Byvoegsel tot Onderwysrapport 1893, bls. xxxviii.

is eersgenoemde distrik toegesê en aan mnr. J.H. Hofmeyr, 'n ander inspekteur, die ander twee. In die daarop volgende jaar is 'n verdere elf distrikte ondersoek, naamlik, Wodehouse, Barkly Oos, Carnarvon, Herbert, Barkly Wes en Calvinia deur inspekteur Hofmeyr; Prieska en Hopetown deur inspekteur W.J.H. Wilson; Hay en Riversdal deur inspekteur G. Hagen en Humansdorp deur inspekteur Murray.<sup>13</sup> Gedurende 1896 is die opmeting van die hele Kolonie feitlik voltooi. In laasgenoemde jaar is die ondersoek na Uniondale, Sutherland, Piketberg en Betsjoeanaland uitgebrei. Agtien afdelings is dus deurtastend ondersoek en daar is bereken dat teen 'n regeringsuitgawe van £15,634 daar 8,530 addisionele kinders in 571 nuwe skole byeengebring kon word.<sup>14</sup>

Die faktore wat die agterlikheid op onderwysgebied sterk in die hand gewerk het, is deur die onderzoekers soos volg opgesom:-<sup>15</sup>

- (1) Oorsake wat vir alle klasse van die bevolking gegeld het.
  - (a) Gebrekkige begrip van die noodsaaklikheid van onderwys.
  - (b) Onverskilligheid.
  - (c) Gebrek aan onderwysers.
  - (d) Pagtende boere.
  - (e) Verspreide huisgesinne.
  - (f) Gebrek aan skoolakkomodasie.
- (2) Oorsake wat vir 'n groot gedeelte die grondeienaars gegeld het.
  - (a) Groot uitgawes aan die afbetaling van plase verbonde.

- 13. Al die rapporte oor die opvoedkundige opmeting is te vind in die bylaes tot die Onderwysrapport van die betrokke jare.
- 14. Sien Onderwysrapport 1896, bls.9.
- 15. Vgl. Aanhangsel tot Onderwysrapport 1893 bevattende verslag oor Jansenville, bls.xii et seq., asook verslag oor Prieska in Onderwysrapport 1895, bls.65 et. seq.

- (b) Die rentelas.  
 (3) Oorsake wat vir die laer klasse gegeld het.  
 (a) Armoede.  
 (b) Trekgewoonte.

Seker die grootste oorsaak vir die slegte toestand, so is bevind, was dat 'n groot deel van die bevolking maar 'n gebrek-kige begrip van die noodsaaklikheid vir onderwys vir hul kinders gehad het. By baie mense het die opvatting dat 'n goeie op-leiding 'n winsgewende belegging kon wees, nog nie posgevat nie. Die vermoë om te kan lees en skrywe en ook 'n bietjie te kan syfer, is al wat deur 'n groot deel van die bevolking op op-voedkundige gebied verlang is, terwyl die noodsaaklikheid vir 'n kind om onderwys oor 'n aantal opeenvolgende jare te ontvang, deur baie mense nie ingesien is nie. Baie mense het niks meer vir hul kinders begeer dan dat hulle vir aanneming voorberei word nie.

16

In baie gevalle is ook bevind dat daar 'n sterk vooroor-deel teenoor regeringskole bestaan het of teen sekere vakke wat in regeringskole onderwys is. So het een van die onder-soekers gerapporteer: „Onder velen bestaat ook een sterk voor-oordeel er tegen dat kinderen leer en wat zij geheel onnoodig, zoo niet schadelijk achten. Een boer die een private boeren skool op zijne plaats wilde hebben, verzocht mij een onder-wijzer voor hem te krijgen, er bij voegende als een speciale

16. Aanhangsel tot Onderwysrapport 1893, verslag oor Jansenville, bls.xii, en aanhangsel tot rapport van 1895, ver-slag oor Prieska, bls.6b.

instructie, dat hij zijn kinderen goed onderwezen wilde hebben in de Hollandsche en Engelsche talen, maar dat hij 'aardkunde en die wereld' zijn draai en die soort goed' niet begeerde. En in dit vooroordeel was hij geenzins een uitzondering. Bovendien komen er nog gevallen voor van personen die tegen Gouvernements-scholen zijn, ofschoon hun getal gelukkig snel aan het afnemen  
 17  
 is."

Onverskilligheid het ook 'n groot rol gespeel in die bestendiging van die ongunstige toestand. Die kennis van hoe om te werk te gaan om 'n skool te stig, het by die mense ontbreek. Selfs wanneer die noodsaaklikheid van onderwys gevoel is, was die drang nie sterk genoeg om 'n poging aan te wend om dadelik 'n onderwyser te kry, of om die moeite te doen om 'n geskikte skoollokaal en slaapkamer vir die onderwyser beskikbaar te stel nie. Hierdie onverskilligheid was meer in die oog lopend onder die ouer klasse van die bevolking en veral in die geval van die bemiddeldes wat in die „goeie ou dae" in staat was om hul besittings te vermeerder ten spyte van min of geen onderwys te geniet het nie. Hierdie mense het dikwels die inwoners van hul omge-  
 18  
 wing teen onderwys opgestook. „Mannen als deze/autoriteiten in de oogen van hunne minder bemiddelde landgenoten en hun invloed, gevoelen en voorbeeld strekken in geene geringe mate om de zaak van het onderwijs te stremmen en te vertragen."

17. Aanhangsel tot Onderwysrapport 1895, verslag oor Carnarvon, bls.27b.

18. Aanhangsel tot Onderwysrapport 1895, verslag oor Prieska, bls.6b.

Die gebrek aan onderwysers het ook 'n byna onoorkomelike moeilikheid geblyk. Min mans het tot die onderwysprofessie aangetrokke gevoel en van die weiniges wat onderwyser geword het, het die Transvaal en die Oranje Vrystaat weens die hoër besoldiging wat daar aangebied is, 'n groot persentasie soon-toe gelok. Om vir onderwysers te adverteer, het nog nie op daardie tydstip al algemeen geword nie en die meeste mense het maar gewag totdat hulle "gehoor" het van 'n onderwyser wie se dienste beskikbaar was. Selfs wanneer geadverteer is,<sup>19</sup> was die aansoeke naar min in getal en onbevredigend.

Die stelsel van pagphase het ook kragtig meegewerk tot die onwilligheid om skole te stig. Die pagtende boere se verblyf op een plek het afgehang van die voorraad water en weiveld. Hierdie boere was in die meeste gevalle in die vermoë om vir onderwysgeriewe te betaal maar op grond daarvan dat hulle geen vergoeding sou ontvang wanneer die pagtyd verstreke was, was hulle onwillig om behoorlike skoolakkōmodasie te verskaf. Die feit dat 'n aansienlike deel van die bevolking steeds 'n nomadiese lewe daar op nagehou het, het die stigting van skole ook bemoeilik.<sup>20</sup>

Die behoeftes van al die distrikte wat opgemeet is, was nou tot in die fynste besonderhede bekend. Die volgende stap

19. Aanhangsel tot Onderwysrapport 1895, verslag oor Prieska, bls.6b.

20. Ibid., bls.7b.

was dus om die nodige skole gestig te kry. Hier het dr. Muir egter op 'n groot moeilikheid gestuit. Die Departement het oor geen masjinerie beskik om nuwe skole gestig te kry af om kinders te dwing om die skool by te woon nie en die Superintendent-Gene-raal moes in 1897 verklaar, „Sites for over 500 schools had been marked out. No steps, however, have since been taken to bring <sup>21</sup> these schools into existence." Muir het egter nie ontmoedig geraak nie en in 1898 is inspekteur Murray aangesê om die opvoed-kundige opmetings voort te sit deur die distrik van Middelburg te ondersoek. Die ou moeilikheid was daar egter nog. Alhoewel vasgestel kon word waar skole broodnodig was, was die Departement onmagtig om die saak te verhelp en Muir moes volstaan met die patetiese woorde: „Inspector Murray's report may well be commended, therefore, to any influential resident of Middelburg who takes <sup>22</sup> an interest in educational work." In 1899 is die laaste onder-soek ingestel, naamlik, in Colesberg. Die Departement het toe dus oor 'n aantal verslae beskik net 'n magdom se gegewens oor die onderwystoestand van die grootste gedeelte van die land. Al-hoewel hierdie verslae, so knap en behendig opgestel, van groot nut was om aan te dui waar daar opvoedkundige gebrek geheers het, moes Muir egter uiteindelik erken dat hy in sy verwagtings om verbetering aan te bring, bitter teleurgesteld was. „Het is een van de zaken," het hy verklaar, „die het nutteloos is te betreuren

21. Onderwysrapport 1897, bls.8.

22. Onderwysrapport 1898, bls.6.

dat al dit onderzoek werk in 22 van de meest achterlijke af-deelingen der Kolonie, vergeefs arbeid is geweest, daar het weinig baat rond te reizen en honderden geschikte schoolplekken uit te kiezen, indien de machinerie niet bestaat om die scholen op te richten en ze aan de gang te houden wanneer zij <sup>23</sup> opgericht zijn."

Alhoewel die opvoedkundige opmetings nie die vrugte afgewerp het wat dr. Muir rede gehad het om daarvan te verwag nie, tog was die werk nie heeltemal tevergeefs nie. 'n Aansienlike deel van die bevolking het vir die eerste maal met die skoolinspekteur kennis gemaak en die Departement van Onderwys is nader aan hul gebring. Sodoende is die noodsaaklikheid van onderwys pertinent onder die aandag van hierdie mense gebring en hul oë oopgemaak vir die waarde van 'n goeie opvoeding. Praktiese wenke is deur die inspekteurs verskaf hoe om 'n skool te stig en onkundige vooroordeel teen die Onderwysdepartement en sy werkzaamhede is uit die weg geruim.

"Naar mijn oordeel", het een inspekteur gesê, "is het onderzoek naar de toestand van het onderwijs in een district een nuttige zaak, - afgezien van den inhoud van het rapport en de bijzonderheden - waardoor de inspekteur in onmiddellijke aanraking gebracht wordt met bijna elk huisgezin. Schijnbare moeielikheden worden opgehelderd, vooroordeelen in groote mate uit den weg geruimd en men wordt er toegebracht over on-

derwijs na te denken, hetgeen anders misschien niet het geval  
<sup>24</sup>  
zou geweest zijn."

### Klassifisering van Leerlinge.

Die korte duur van die skoollewe van die oorweldigende meerderheid van die leerlinge was 'n saak wat vir dr. Muir in 1892 groot hoofbrekens besorg het. Aan die begin van April 1893 het hy die inspekteurs gelas om in die geval van elke skool wat geïnspekteer is, die aantal kinders op te gee wat by die inspeksie van die vorige jaar teenwoordig was en onmiddellik daaronder die getal van sodanige kinders wat in 'n standerd hoër as in die vorige jaar geslaag het. Dit was 'n saak waaroor daar voor hierdie tyd hoegenaamd geen inligting te kry was nie, „and yet", het Muir geneen, „it is a subject to which the greatest importance is attached among well-educated nations."<sup>25</sup> Hierdie optrede het waardevolle gegewens opgelewer. Die syfers vir een kwartaal van die jaar 1893 word verstrek:-<sup>26</sup>

Getal skole geïnspekteer	...	...	333
Getal kinders teenwoordig	...	...	16,600
Getal hiervan by vorige inspeksie teenwoordig	...	...	9,041
Getal van laasgenoemde wat 'n hoér standerd bereik het	...	...	4,769
Getal wat gedruip het	...	...	4,211
Getal een standerd terug	...	...	61

Hieruit het die teleurstellende feite aan die lig gekom (1) dat

24. Aanhangsel tot Onderwysrapport 1895, verslag oor Prieska, bls.8b.
25. Onderwysrapport 1893, bls.12.
26. Ibid., bls.13.

slegs 54 persent van die kinders teenwoordig by die inspeksie van die vorige jaar in 1893 teenwoordig was; (2) dat slegs 53 persent van die wat die vorige jaar teenwoordig was 'n hoër standerd bereik het; en dat derhalwe byna die helfte van die kinders veroordeel is om dieselfde werk te herhaal waarmee hulle alreeds twee jaar besig was.

Die gegewens vir die hele jaar 1893 het verder die volgende droewige getuienis van die destydse toestand van die onderwys opgelewer. Daar is altesane 67,640 kinders geïnspekteer en die uitslag was as volg:-

Getal kinders onder std.I	...	28,733	of	42.28%
" " in std.I	...	11,829	of	17.48%
" " " std.II	...	10,878	of	16.08%
" " " std.III	...	8,475	of	12.53%
" " " std.IV	...	4,352	of	6.43%
" " " std.V	...	2,036	of	3.01%
" " " std.VI	...	397	of	.58%
" " Bo std.VI	...	798	of	1.17%

Van elke 100 kinders in 1893 deur die inspekteurs ondersoek, was daar dus nie minder as 60 onder standerd twee nie. Uit elke 100 het slegs twee in standerd ses geslaag, d.w.s. hul elementêre kursus voltooi.

Eienaardige gevalle van onreëlnatige en wanpraktyke in verband met die klassifisering van leerlinge het deur die nuwe manier van gegewens insamel, aan die lig gekom. In die Private Plaasskole, byvoorbeeld, het die bedrag van die re-  
geringstoelaag van die aantal geslaagdes in elke klas afgehang.<sup>27</sup>

27. Onderwysrapport 1893, bls.12.  
28. Sien bls. 30.

As 'n leerling nou in 'n bepaalde jaar, sê, standerd twee geslaag het, is die toelaag van tien sjielings betaal, en daar sou verwag word dat hierdie leerling in die jaar daarop vir standerd drie voorberei sou word en dat geen toelaag uitbetaal sou word ingeval hy gedruip het nie. Dit was egter nie die geval nie. Die gebruik was om buitendien weer tien sjielings vir 'n druipling in standerd drie te betaal omdat hy kastig standerd twee 'n tweede maal geslaag het. Gevalle is ook onder die aandag van die Superintendent-Generaal gebring waar leerlinge dieselfde standerd driemaal in drie agtereenvolgende jare geslaag het. Die kind is deur die onderwyser teruggehou slegs om die vereiste persentasie van geslaagdes te behaal om hom van sy Goeie Dienstoelaag te verseker. 'n Ander skreiende geval was van 'n sekere skool waar vyf kinders standerd drie driemaal geslaag het en vier kinders tweemaal; ook het drie kinders standerd twee driemaal geslaag en drie kinders tweemaal. 'n Nog skreiender geval was van 'n meisie wat standerd drie twee jaar tevore geslaag het, weer na standerd twee teruggeplaas is en nie verder gekom het  
<sup>29</sup>  
nie. Die openbaring van hierdie en soortgelyke gevalle het die wysheid van dr. Muir se optrede beklemtoon en die absolute noodsaaklikheid aangetoon om die bevordering van leerlinge strenger te kontroleer.

In 1894 het die inspekteurs 'n baie groter aantal kinders as die vorige jaar ondersoek maar die uitslag het geen bevre-

29. Vgl. Onderwysrapport 1893, bls.13.

digender toestand wat betref die prestasies van die leerlinge openbaar nie. In hierdie jaar was die getal kinders onder standerd een nog 42.69 persent van die totale leerlingtal en <sup>30</sup> die bo standerd ses nog 1.48 persent. Dit het beteken dat van die ongeveer 80,000 kinders op skool, 34,000 nog besig was met die alfabet en die „mysteries of pothooks and figures". Van al die 80,000 kinders was 62,000 nog besig met enkelvoudige syferkuns en hulle het selfs nog geen aardrykskunde begin leer nie terwyl slegs 1,800 die elementêre skoolkursus voltooi het.

„There is no more serious fact connected with our system of <sup>31</sup> education than this," was dr. Muir se kommentaar.

As gevolg van die nuwe reëlings in verband met inspeksieopgawes in 1893 ingevoer, kon dr. Muir in 1894 noukeuriger inligting omtrent die vordering van leerlinge verskaf. Ver eers kon vasgestel word dat van die 80,819 leerlinge in hierdie jaar ondersoek, in die geval van 10,264 geen vergelyking met hul standerd van die vorige jaar getref kon word nie omdat die skole waarin hul ingeskrywe was in 1894 vir die eerste keer deur 'n inspekteur besoek is. Gevolglik kon net van die orige 70,555 leerlinge 'n mate van vergelyking getref word. Van laasgenoemde getal is bevind dat slegs 39,747 of 56.33 persent by beide inspeksies van 1893 en 1894 teenwoordig was - 'n droewige openbaring van die ongereëlde bywoning en kort-

30. Onderwysrapport 1894, bls.xi.

31. Ibid.

stondige skoolbesoek. Verder, van die 39,747 wat by beide inspeksies teenwoordig was, het maar net 26,614 of 54.38 persent een standerd gevorder. Die ander het of in dieselfde klas gebly of 'n klas agteruit gegaan. Die onbevredigende toestand was in hoofsaak toe te skrywe aan die swak prestasies van die kinders in die Private Plaasskole, die Derdeklas-skole, Arnskole, Inboorlingskole en Sendingskole. Die volgende tabel toon die persentasie leerlinge van elke soort skool wat in die jaar 1895 een standerd vooruitgekom het:-

Eersteeklas-skole	...	72.77%
Tweedeeklas-skole	...	72.31%
Kosskole (Rang D)	...	71.76%
P. Plaasskole	...	57.67%
Derdeklas-skole	...	57.51%
Arnskole	...	55.02%
Inboorlingskole	...	43.84%
Sendingskole	...	38.48%

In die geval van die eerste drie was die bevordering van die leerlinge redelik bevredigend, maar die res van die skole, veral die sendingskole, was die oorsaak van die gemiddelde swak vertoning. Dat dit met die minderbevoordele blanke leerlinge maar treurig gesteld was, kom aan die lig wanneer die prestasies van die leerlinge van Arnskole met die van Inboorlingskole vergelyk word. Hulle toon 'n veelseggende ooreenkoms veral as onthou word dat die leerplan en dus die inspeksietoetse in beide soorte skole dieselfde was. Hier volg 'n vergelykende tabel vir die

32. Onderwysrapport 1894, bls.xii.

33. Onderwysrapport 1895, bls.15.

prestasies in 1895 behaal:-

	<u>Arnskole</u>	<u>Inboorlingskole.</u>
Onder std.I	48.96%	52.92%
std.I	21.74%	19.31%
std.II	16.76%	16.80%
Std.III en hoër	12.54%	11.97%

Die duidelike gevolgtrekking uit hierdie tabel te haal is dat die gewone naturellekind dieselfde onderwys as die gewone blanke kind op 'n Arnskool geniet het en dat hulle feitlik gelykop gepresteer het.

'Veens die toenemende verbetering in die gehalte van die onderwysers sowel as in die gemiddelde bywoning het daar stadig-aan vordering gekom in die jaarlikse prestasies van die leerlinge by inspeksies. In die jaar 1899 kon aangekondig word dat 87.8 persent van alle leerlinge by die inspeksies teen-  
35 woordig was in vergelyking met 83.8<sup>34</sup> persent in 1893. 'n Verblydende verskynsel was ook die groot vermeerdering in die aantal kinders bo standerd vier. Terwyl daar in 1893 in die hele Kaapland slegs 3,374 of 4.97 persent van die totale skoolbevolking bo standerd vier was, het die getal in 1899 tot 9,612 of 7.87 persent van die totale inskrywings aangegroei. Tereg kon die Superintendent-Generaal opmerk: „There is no fact to be chronicled more pleasing than this, as it is proof positive, not only of more regular school attendance, but also of a general rise in the quality of the education given by the

34. Onderwysrapport 1895, bls.14.

35. Alle syfers is verkry uit die Onderwysrapporte van die betrokke jare.

36

teachers of the Colony."<sup>36</sup> Vanaf 1899 is ook die hoërskoolstanderds ingevoer en sodoende is meer kinders aangemoedig om hul  
37 skoolkursus te verleng.

Behalwe dat daar in die oorlogsjare 1899 tot 1902 'n mate van agteruitgang was wat betref die vordering van leerlinge, is die stadige opwaartse wending steeds gehandhaaf. Reeds in 1903 het die persentasie van leerlinge teenwoordig by die jaarlikse inspeksie die bevredigende syfer van 90.18% bereik terwyl 9,931 leerlinge bo standerd ses was. Laasgenoende syfer sou wellig hoër gestaan het, was dit nie dat in Sending- en Inboorlingskole die meerderheid van die kinders nog in die sub-standerds te vindé was en verder dat hierdie tipes van skole nie verder as standerd vier gegaan het nie. Blanke skole alleen in rekening geneem, het geblyk dat in 1903 sowat 17.61 persent van die leerlinge bo standerd vier was. Dit was nie juis 'n skitterende vertoning nie. „Zelfs wanneer men bedenkt dat de positie van Standaard IV eenigzins verder is dan het midden van den School cursus," het dr. Muir op hierdie tydstip verklaar, „en zelfs wanneer men het natuurlik overwicht der Junior Klassen in aanmerking neemt in een land dat bezig is zich te ontwikkel, kan deze percentage niet beschouwd word als bevredigend. De percentage blanke kinderen boven Standaard IV behoort dubbel te zijn van wat zij  
38 is."<sup>37</sup>

36. Onderwysrapport 1899, bls.10.

37. Die invoering van die hoërskoolstanderds word in Hoofstuk VI bespreek.

38. Onderwysrapport 1909, bls.13.

Die lae syfer was nog soos gewoonlik te wyte aan die agterlikheid in die Arniskole. In hierdie skole was in 1903 slegs 2.96 persent van die leerlinge bo standerd vier en die jammerlike toestand het nog meer in die oog gevallen wanneer opgelet word dat in Inboorlingskole die persentasie bo standerd vier 3.26 was. 'n Uitstaande kenmerk van die syfers aantonende die getalle aanwesig by inspeksie was die hoë bywoning van Plaasskole op die inspeksiedag. Dit was te wyte aan die feit dat in hierdie skole die jaarlikse toelaag afgehang het van die vordering van die leerlinge - die "payment-by-results." Oor die algemeen was die gemiddelde bywoning in alle range van skole by inspeksies goed tien persent hoër as die gemiddelde jaarlikse bywoning.

In die jaar net voor die totstandkoming van Unie het die aantal kinders wat deur die inspekteurs geïnspekteer is, die groot totaal van 163,419 behaal. Die syfer vir 1891 was 55,794. Dus het die aantal gedurende hierdie tydperk verdriedubbel. Die getalle kinders in standerds vier en vyf het ook in vergelyking met 1891 meer as verviervoudig en die getalle in standerds ses en sewe saam het byna twintigvoud vermeerder.<sup>39</sup> Alreeds in 1909 was van die 73,776 blanke kinders wat deur die inspekteurs ondersoek is, 22,374 in standerd vier of daarbo. Hieruit kan afgelei word dat die groot meerderheid van die blanke kinders die vierde standerd bereik het, maar nietemin

---

39. Onderwysrapport 1909, bls.13.

het nog ongeveer een uit elke vier op hierdie stadium die skool  
 40 verlaat.

By dr. Muir se aftrede in 1915 het die skoolinskrywings die groot totaal van 242,980 bereik waarvan 105,742 blankes en 137,238 nie-blankes was. Die getal blanke kinders het 17.8 persent van die totale blanke bevolking verteenwoordig. Die gemiddelde daaglikse bywoning van blanke kinders dwarsdeur die Provincie het in hierdie jaar die bevredigende syfer van 91 persent behaal - 'n groot verbetering op die gemiddelde van 81.9 in 1892. In die geval van die nie-blankes was die gemiddelde daaglikse bywoning 84 persent en by benadering is bereken dat ongeveer 24 persent van die naturelle- en kleurlingkinders van skoolouderdom  
 41 op skool was.

In 1915 was 100,749 blanke kinders teenwoordig by die jaarlikse inspeksie. Dit verteenwoordig byna 98 persent van die totale inskrywings. Dit moet beskou word as 'n buitengewone hoeë prestasie veral wanneer onthou word dat die regeringstoelae nie van die uitslag van die inspeksie afgehang het nie. In hierdie  
 42 jaar was die indeling na die inspeksie soos volg:-

In sub-standerds	...	31,154 kinders
In Standerd I	...	12,868
In Standerd II	...	13,206
In Standerd III	...	12,106
In Standerd IV	...	10,399

40. Onderwysrapport 1909, bls.13.

41. Vgl. Onderwysrapport 1915, bls.3.

42. Ibid., bls.4.

In Standerd V	...	7,212
In Standerd VI	...	5,042
In Standerd VII	...	2,877
Bo Standerd VII	...	3,410
Kwekelinge	...	1,975

In vergelyking met die syfers van die onmiddellik voorafgaande jaar is bereken dat ongeveer 73 persent van die blanke kinders in Kaapland in 1915 op skool gebly het na hulle standerd vier bereik het. Byna 19 persent van alle blanke leerlinge was in standerd vyf of daarbo en as alle kinders, blank en nie-blank, in aanmerking geneen word, was die persentasie 10.4. In 1893 was laasgenoemde syfer slegs 4.76 persent. In 1915 het die getal leerlinge op hoërskole en ander skole wat sekondêre werk bo standerd sewe gedoen het, op 6,309 gestaan. Dit verteenwoordig byna 6 persent van die totale getal blanke kinders op skool. In die geval van nie-blankes was daar in 1915 slegs 43 leerlinge wat sekondêre onderwys ontvang het.

Bestaande persentasies toon op ondubbelisinnige wyse aan die algemene vordering van die onderwys, veral in die geval van blanke kinders, wat daar in die drie-en-twintigjarige tydperk van Thomas Muir se bewind plaasgevind het. Die gemiddelde skoollewe van die kind is verleng en die gemiddelde daaglikse skoolbesoek het 'n ongekende hoë peil bereik. Saam met die langer skoollewe van die kind het daar ook aanmerklike vooruitgang gekom in die gemiddelde standerd waarop die skool

43. Sien Onderwysrapport 1915, bls.4 en 5 vir alle bogenoemde syfers.

verlaat is. Dit alles kan beskou word as bewys van die hoër waardering van die onderwys wat dr. Muir oor die lang tydperk van sy bewind deur middel van sy onverfloude geesdrif en ywer teweeggebring het.

#### Groei van die Skoolbevolking 1892 tot 1915.

Gelyktydig met die verbetering in die gehalte van die onderwys en die algemene vordering van die leerlinge wat hierbo nagegaan is, het die getal kinders op die skole ook vermeerder. Die toenemende belangstelling van die publiek in die onderwys wat dr. Muir se geesdrif veroorsaak het, het dadelik vrugte afgewerp. Aan die einde van 1893 kon aangekondig word dat die skoolbevolking in daardie jaar met 10,009 of 12 persent toegeneem het.<sup>44</sup> Vanaf hierdie jaar het die getal ingeskreve leerlinge steeds gegroei.<sup>45</sup> 'n Verblydende verskynsel was ook dat die verhouding van die blankes teenoor die kleurlinge stadig maar seker ten gunste van eersgenoende verbeter het. In 1895 was van al die kinders in regeringskole 42.46 persent blank alhoewel die blanke bevolking as geheel veel kleiner as die van die nie-blankes was.<sup>46</sup> Drie jaar tevore was die verhouding slegs 38 persent.

In 1898 het 'n buitengewone styging in die ingeskreve leerlinge plaasgevind. Nie minder as 13,619 addisionele kinders het in hierdie jaar op die skoolbanke gekom nie. Eienaardig

44. Onderwysrapport 1893, bls.8.

45. Sien grafiek van skoolbevolking op bls. 169a.

46. Onderwysrapport 1895, bls.11.

genoeg was daar 'n besonder groot aanwas van nie-blankes terwyl die blankes effentjies afgeneen het. Die verhouding van blankes teenoor nie-blankes het toe op 41.27 teenoor 58.73 persent gestaan. Die opwaartse beweging wat die nie-blankes betref, was te wyte aan die groter inskrywings van naturelle in die Transkei.<sup>47</sup> In September 1899 het die totale inskrywings in regeringskole 147,424 beloop. In 1892 was dit 83,254. Daar was dus in hierdie tydsbestek 'n toename van 64,170, dit wil sê, 'n gemiddelde jaarlikse toename van oor die 9,000. Die blanke skoolbevolking het van 32,356 in 1892 vermeerder tot 59,825 in 1899 - 'n toename van 27,489 of byna 4,000 per jaar.<sup>48</sup>

Die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het onmiddellik 'n nadelige uitwerking op die inskrywings in die skole gehad. In 'n volgende hoofstuk sal nagegaan word hoedat die oorlogstoestande die stigting van nuwe skole belemmer het en hoedat 'n abnormale aantal skole weens die dwang van omstandighede gesluit moes word. Twee maande na die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 het die daling in die skoolbevolking 11,597 beloop, maar teen September van die volgende jaar het die inskrywings weer tot 147,849 gestyg wat in vergelyking met die ooreenstemmende syfers van die vorige jaar 'n vermeerdering van 425 leerlinge beteken het. Alhoewel hierdie vermeerdering toe te skrywe was aan die vermeerderde inskrywings van die sko-

47. Onderwysrapport 1898, bls.6.

48. Vgl. Onderwysrapport 1899, bls.7 en 8.

le in die Transkei, het baie van die blanke leerlinge die geteisterde dele van die land verlaat en in ander en veiliger distrikte in die skole gekom sodat daar in hierdie jaar slegs 'n werklike verlies van 1,204 leerlinge was.<sup>49</sup> Rekening moet ook gehou word met die talle vlugtelinge wat die Kolonie van die Transvaal en die Oranje Vrystaat binnegekom het. Baie vlugtelingskinderen het dus in die Kaaplandse skole gekom. Daar is selfs te Port Elizabeth, Kaapstad en Oos-Londen spesiale skole vir hierdie kinders opgerig.<sup>50</sup> Die teenwoordigheid van hierdie kinders het dus meegehelp om die totale inskrywings van die skole in die Kaap-Kolonie gunstiger te laat vertoon as wat die toestand werklik was. Die tweede jaar van die oorlog het weer 'n gunstiger wending getoon en 'n vermeerdering van 2,484 leerlinge kon aangekondig word.<sup>51</sup> In die derde en laaste oorlogsjaar was daar egter weer agteruitgang en in 1902 moes die Superintendent-Generaal die verlies van 1806 leerlinge aankondig.<sup>52</sup>

Na die vredesluiting het sake gou weer hul normale loop geneen en alreeds in 1903 het die totale inskrywings 154,360 behaal - 'n vermeerdering van byna 6,000 in vergelyking met die voorgaande jaar en byna 7,000 in vergelyking met die jaar 1899.<sup>53</sup> Hierdie syfers vertoon eintlik nie so gunstig as nagegaan word dat van laasgenoemde syfer van 7,000 slegs 7.6 persent of 525 leerlinge

49. Onderwysrapport 1900, bls.5.

50. Sien Onderwysrapport 1900, bls.24.

51. Onderwysrapport 1901, bls.7.

52. Ibid., 1902, bls.7.

53. Ibid., 1903, bls.6.

blankes was en 6,411 nie-blankes. Die verhouding van blankes teenoor nie-blankes in die skole het op hierdie tydstip op 36.88 persent teenoor 63.12 persent gestaan. Die oorlog het dus, heel verstaanbaar, die blankes gevoeliger getref as die kleurlinge en inboorlinge.

Vanaf 1903 het veral die blanke leerlingtal 'n vinnige opwaartse wending getoon. Die nuwe Onderwyswet van 1905 met die daaropvolgende geleidelike toepassing van verpligte skoolbesoek, was oorsaak dat die skoolbevolking veral van die blanke skole met rasse skrede toegeneen het. Behalwe in die jare 1907 en 1908 toe daar 'n geweldige handelsdepressie in die land geheers het, was daar aanhoudende en vinnige vooruitgang. In 1909, net voor die totstandkoming van Unie, het die totale inskrywings van die skole in Kaapland, blank en gekleurd, op die groot totaal van 177,680 gestaan.<sup>54</sup> In vergelyking met 1892 se totaal het dit beteken dat die skoolbevolking meer as verdubbel het. Die bevolking van die land het ook weliswaar gedurende hierdie tydperk aansienlik gestyg en hieraan moet natuurlik tot groot mate die groot vermeerdering in die leerlingtal toegeskrywe word. Wat egter van groter belang is, is dat in die ooreenstemmende tydperk daar 'n groot styging in die gemiddelde skoolbywoning was. Van die 83,254 leerlinge, blank en nie-blank wat in 1892 op skool was, het gemiddeld 60,691 of 72.9 persent die skool bygewoon terwyl van die meer

---

54. Onderwysrapport 1909, bls.9.

as verdubbelde getal kinders in 1909 die gemiddelde bywoning 154,233 of 86.8 persent was. In hierdie selfde tydperk het die blanke inskrywings van 32,336 tot 77,647 verneerde - 'n styging van 157 persent terwyl die gemiddelde bywoning van die blanke kinders alleen, die treffende persentasie van 90 behaal <sup>55</sup> het. Hierdie bevredigende toestand is bereik in weerwil van die nadelige invloed van die oorlogstydperk van 1899-1902 en die van die depressie van 1907-08. In laasgenoemde jaar het die inskrywings 'n daling van nie minder as 9,100 leerlinge getoon <sup>56</sup> nie. Die skole het egter gou weer herstel en teen die einde van 1910 is nie alleen die agterstand ingehaal nie, maar 'n nuwe rekordsyfer wat betref die ingeskreve leerlingtal bereik, naamlik, <sup>57</sup> 188,528. Die vooruitgang het voortgeduur en in die jaar 1915 toe dr. Muir afgetree het, het die totale inskrywings van blank en nie-blank die groot syfer van 242,980 behaal of byna driemaal soveel as die totaal in 1892. Van hierdie getal was 105,742 of 43.5 persent blankes sodat daar in die loop van die drie-en-twintigjarige tydperk 'n geringe verandering ten gunste van die <sup>die</sup> blankes in verhouding van die skoolinskrywings van die twee rasse was. Die gemiddelde bywoning van blankes het in 1915 op <sup>58</sup> 92.44 persent gestaan.

Wanneer die blanke bevolking vir die drie sensusjare 1891,

55. Onderwysrapport 1909, bls.10.

56. Onderwysrapport 1908, bls.4 en 5.

57. Onderwysrapport 1910, bls.6.

58. Onderwysrapport 1915, bls.3.

1904, en 1911 vergelyk word net die persentasie van die bevolking wat in die staatsondersteunde skole ingeskrywe was, is die syfers respektiewelik 8.09, 10.6 en 14.5. Hierdie vooruitgang  
59 word in die volgende tabel weergegee:-


Volks-telling	Blanke Bevolking	Skool-bevolking	Persentasie van Bl. Bevolking
Apr. 1891	376,987	30,521	8.09
Apr. 1904	579,741	61,448	10.6
Mei 1911	582,377	84,630	14.5

Bostaande tabel toon op opmerkenswaardige wyse aan die vooruitgang wat genaak is na die passering van die Onderwyswet van 1905. Teen die einde van 1915 was 17.8 persent van die blanke bevolking op skool. "This is a high percentage, especially when the difficulties to be overcome are taken into account, and compares favourably with the percentage in European countries."<sup>60</sup> Betreffende die Onderwyswet van 1905 met sy klousules oor skoolplig het dr. Muir in 1915 gesê, "Er bestaat geen twyfel, dat het schoolbezoek er groteliks door verbeterd is, wat aantal en regelmaat/betreft; en dat alleen door invoering van het beginsel van schoolplicht in de Wet van 1905. Het opnemen van deze maatregel onder de Wetten, heeft ouders het feit doen beseffen, dat de werklike tucht in het leven in het schoolstadium aanvangt, en niet alleen eerst wanneer de leeftyd van het verdienien van loon aangebroken is.

59. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls.8.

60. Onderwysrapport 1915, bls.3.

Vermeerdering van die skoolbevolking in die tydperk 1892-1915.  
(Donker deel dui nie-blankes aan)



-169-

Schoolplicht heeft inderdaad het nationale geweten tot duideliker besef van zijn plichten en de noodzaaklikheid voor daadwerklike pogingen, die vroeger niet in alle delen van de Provincie erkend werden,<sup>61</sup> gebracht."

—————

---

61. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls.8.

HOOFSTUK SES.DIE ONTWIKKELING VAN DIE SKOOLSTELSEL.Armskole.

Alhoewel die Departement van Onderwys nie oor die massjinerie beskik het om nuwe skole in die lewe te roep nie, het dr. Huir wel middels daargestel wat die stigting van nuwe skole 'n kragtige stoot vorentoe sou gee. In die voorafgaande hoofstuk is gewys op die ernstige gebrek aan onderwys wat daar veral onder die plattelandse bevolking bestaan het. Onder die destyds Kaaplandse onderwysstelsel het diegene wat die grootste plaaslike bydrae bymekaar kon bring die hoogste regeringstoe-laag ontvang. Dit was 'n saak van „Aan dié wat het, sal gegee word," en die armes wat die neeste aanmoediging en hulp nodig gehad het, het die minste gekry. Die feit dat die plattelandse bevolking dun oor die land gesaai was, het dit ook vir hierdie mense moeilik gemaak om noue samewerking onder mekaar te verkry.

In 1893 het dr. Huir die Parlement beweeg om aanvullende skoolregulasies te bekragtig waardeur die armes bo die ander dele van die bevolking begunstig sou word deur gunstiger voorwaardes vir die verkryging van toelaes te stel. Dit het 'n nuwe klas skool in die lewe geroep bekend as die Ekstra-ondersteunde of Armskole. Die nuwe regulasies het voorsiening ge-

naak vir die volgende:-

A. (1) Waar dit tot bevrediging van die Superintendent-Generaal kon bewys word dat die blanke bevolking van 'n plek te arm was om 'n publieke skool onder die gewone voorwaardes te onderhou, of dat 'n aantal mense te arm was om die gewone skoalgeld te betaal, sou ekstra ondersteuning gegee word.

(2) Wanneer op so 'n plek geen skool alreeds bestaan het nie en die bevolking kon waarborg dat die onderwyser van hulle kos en inwoning of 'n ooreenstemmende kontantbedrag in die plek daarvan sou ontvang, sou die Departement die volgende bydraes doen:-

(a) Aan 'n goedgekeurde, gesertifiseerde, en ervare onderwyser £15.0.0. per kwartaal; aan 'n goedgekeurde, maar ongesertifiseerde onderwyser £12.0.0. per kwartaal, mits 'n gemiddelde bywoning van twaalf gehandhaaf is.

(b) Aan 'n goedgekeurde, gesertifiseerde, en ervare onderwyser £20.0.0. per kwartaal; aan 'n goedgekeurde, ongesertifiseerde onderwyser £15.0.0. per kwartaal, mits 'n gemiddelde bywoning van vier-en-twintig gehandhaaf is.

B. Ingeval daar alreeds 'n publieke skool op so 'n plek bestaan het en die skool al sy volle kwota vry leerlinge ingeskrywe gehad het, sou die Departement die skoalgeld betaal van enige addisionele leerlinge wat as behoeftig gesertifiseer is.<sup>2</sup>

C. In die geval van kinders wie se huise nie binne drie myl van 'n skool was nie, en wie se ouers te arm was om vir hulle opvoeding te betaal, sou die Departement 'n toelaag ter ondersteuning van hul onderhou aan 'n goedgekeurde kosinrigting betaal tot 'n bedrag van £12.0.0. per kind per jaar nie te bove gaan nie.

Die instelling van Arnskole wat op hierdie regulasies volg het, was seker die grootste enkele oorsaak wat aanleiding gegee het tot die van 1893 af vinnig toenemende aantal skole in

1. Proklamasie No.388 van 1893 (G.97 - 1904).

2. Onder wet No.13 van 1865 het die regering hom die reg voorbehou om in elke ondersteunde skool 'n bepaalde aantal vry leerlinge te benoem.

die Kolonie. Reeds in sy rapport vir 1894 kon die Superintendent-Generaal rapporteer: „The number of Poor Schools which have been established during the year exceeds that of any other single class.”<sup>3</sup> In hierdie jaar het die aantal Armskole aan die gang alreeds 126 getel. Die Armskole van Muir het die Rondgaande Skole van Dale se tyd nettertyd heeltemal vervang. Die Rondgaande Skole het ook tot 'n sekere mate die versonke deel van die bevolking gedien. In die Rondgaande Skole het die onderwyser slegs ses maande op een plek gebly en dan na 'n ander plek getrek. Die onbestendige aard van hierdie skole was ondoeltreffend. Die Armskole aan die anderkant was permanante skole.

Die Armskole het in 'n werklike behoefte voorsien en daar is geen twyfel aan dat hierdie skole veel gedoen het ter bevordering van die onderwys op die platteland. Die minder gegoeide deel van die bevolking was veel dank aan dr. Muir verskuldig vir sy goedhartige optrede in hulle belang. Dr. Muir het altyd getoon dat hy die belang van die armes op die hart gedra het.<sup>4</sup> Soos maar altyd die geval is waar die regering iets kosteloos aanbied, het die bevolking dit reggekry om misbruik van die Departement se goedhartigheid te maak. Muir noes al vroeg waarsku: „There is not wanting ... a tendency

3. Onderwysrapport 1894, bls. ix.

4. Dr. Muir het self geweet wat dit was on arm te wees en hieruit het waarskynlik sy goeie hart vir die armes gespruit.

in some districts to strain the interpretation of the word 'poor', which needs to be carefully guarded against; and I therefore trust that the promoters of schools and the Inspectors will use all vigilance to see that the money voted by Parliament for the education of the poor really reaches in every instance those  
5  
for whom it was intended."

Hy was teleurgesteld om te ontdek dat Derdeklas-skole wat kort tevore op die pond-vir-pondstelsel ondersteun is, deur Arnskole vervang is, met ander woorde, dat sekere mense bereid was om hul behoeftiges voor te doen om die betaling van skoalgeld te ontduiik. Muir het verwag dat juis die teenoorgestelde die geval sou wees, naamlik, "from Government help to self-help,  
6 from deadening dependence to ennobling independence." Nog 'n minder genoeglike kenmerk van die Arnskole was dat die skoolloopbaan van die meeste kinders van veels te korte duur was. 'n Tipiese voorbeeld was van 'n skool wat sedert Oktober 1894 onafgebroke aan die gang gewees het. By die inspeksie in 1895 het egter geblyk dat ofskoon die aantal leerlinge ongigsins groter was as die jaar tevore, byna al die leerlinge van 1894 verdwyn het en 'n nuwe klomp ingekom het. Slegs drie leerlinge het oor-  
7 gebly van dié wat by die vorige inspeksie teenwoordig was. By beide inspeksies was daar nie 'n enkele leerling bo standerd een nie.

5. Onderwysrapport 1894, bls. ix.

6. Ibid.

7. Onderwysrapport 1895, bls. 8.

In 1896 was die aantal Arnskole reeds vyfmaal soveel as in 1893 en daar moes weer gekla word dat „it is not the poor who mainly benefit by certain of these schools, but the astute well-to-do.”<sup>8</sup> Dit het al moeiliker geword om die Arnskole te bestuur. Een van die inspekteurs wat hom besonder in belang van die armes beywer het, het aan die Superintendent-Generaal gerapporteer: „I find that each year the people expect more to be done by the Government, and their support becomes fine by degrees and lamentably less. In a Poor School in Maclear I found that no fees were any longer paid, that the teacher had nothing but the Government grant to depend upon, and that she had even to keep the school-room in repair. In another, the teacher received, in lieu of board and lodging only £10 per annum, out of which she had to pay the rent of the school-room. In yet a third, the teacher had to secure her own house, and, when the school-room fell in, the Department was asked to pay the cost of a miserable sod-built place, which the people could have put up at little or no expense. Such indifference is very disheartening to those who strive to help up these schools.”<sup>9</sup>

Tydens die oorlog van 1899-1902 het die getal Arnskole sowel as al die ander grade van skole sterk afgeneen. Na die

8. Onderwysrapport 1897, bls.8.

9. Insp. Bennie: Rapport aan S.G.O., Aanhangsel tot Onderwysrapport 1897, bls.9b.

oorlog, toe toestande weer normaal geword het, het dr. Muir besluit om waar moontlik die stigting van nuwe Armskole te keer, "as experience has shown that they tend to promote a low standard of education, and carry with them an influence which stunts local effort."<sup>10</sup> Ten spyte hiervan het die aantal Armskole egter steeds toegeneem en in 1906 het daar 287 sulke skole bestaan met 'n gemiddelde inskrywing van 8,498 leerlinge.<sup>11</sup>

Met die ontstaan van Skoolrade in 1905 het verskeie skoolrade 'n doelbewuste poging aangewend om Armskole heeltenal uit te skakel en hulle deur Derdeklas-skole te vervang waar behoeftige leerlinge óf vry óf teen verlaagde skoolgelde toegelaat sou word. Teen die jaar 1910 kon gekonstateer word: "Het verschil tussen een armenschool en een derde-klas school is nu grotendeels een zaak van het verleden."<sup>12</sup> Onder die nuwe stelsel van skoolrade was daar byna elke jaar 'n aansienlike tekort in verband met die finansies van derdeklas-skole. Kragtens wetgewing in 1909 het die regering onderneem om hierdie tekorte aan te suiwer.<sup>13</sup> Hierdie optrede van die regering het beteken dat die verskil tussen 'n Derdeklas-skool en 'n Armskool feitlik uitgewis is. Mettertyd het die Armskole dus almal Derdeklas-skole geword. Teen 1915 was daar slegs nog 34 sogenannde Armskole in die lewe en kort daarna het hierdie skole as sodanig

10. Onderwysrapport 1902, bls.6.

11. Onderwysrapport 1906, bls.6.

12. Onderwysrapport 1910, bls.2.

13. Sien bls.392.

14

opgehou om te bestaan.

Private Plaasskole.

Saan met die aandag wat dr. Muir in 1893 aan die minder-bevoorregtes onder die bevolking bestee het, het hy die stigting van Private Plaasskole sterk aangemoedig. Private Plaasskole het reeds vanaf 1884 bestaan.<sup>15</sup> Die Private Plaasskole het dieselfde gebreke gehad as wat die Arnskole later openbaar het, naamlik, ongereeld bywoning van die kinders en die korte lewensduur van die skole. "They are the comets of our educational system; they come and go, and their movements are difficult to calculate."<sup>16</sup> Gedurende die jare 1894 tot 1901 is nie minder as 1,754 Plaasskole gesluit - 'n gemiddelde van 219 per jaar.<sup>17</sup> So het een van die inspekteurs ook kort na dr. Muir se aankoms ontrent Plaasskole gerapporteer: "In vele gevallen echter zijn die scholen van korten duur. De onderwijzer vertrekt dikwijls na een jaar dienst en de school wordt dan bijna even dikwijls gesloten. Het ondragelijk ongenak van de omgeving van den onderwijzer geeft gewoonlijk hiertoe aanleiding. Onder deze ongenakken kunnen verneld worden een ongeschikte school en slaapkamer, dikwijls een kleivloer zonder mat, en somtijds zonder een tafel; grof en onsmakelijke voed-

14. Onderwysrapport 1905, bls.2.

15. Sien bls. 30.

16. Insp. Woodroffe: Rapport aan S.G.O., Aanhangsel tot Onderwysrapport 1894, bls.67.

17. Onderwysrapport 1901, bls.5.

sel en lange tusschenpoozen tusschen maaltiden. Er zijn ongetwijfeld vele boerenplaatsen, waar voor het genak van den onderwijzer goed gezorgd wordt, maar bovenstaande beschrijving is  
18 dikwijls maar al te juist."

Die onderwys in die Plaasskole het veel te wense oorgelaat. Hierdie skole het naar swakgekwalifieerde onderwysers getrek. Dr. Muir het ook die gebrek aan die kostelike hulpmiddels by die onderwys en by die vorming van karakter, naamlik, die tug van 'n groot skool, die gesonde naywer deur klasonderwys opgewek, die daaglikse omgang met kinders uit ander huisgesinne, en die 19 daaglikse aanraking met verskillende onderwysers, baie betreur. 'n Ander verskynsel wat dikwels voorgekom het, was dat die boer op wie se plaas 'n Private Plaasskool bestaan het, 'n outokratiese houding ingeslaan het en geweier het om enige kinders in sy skool toe te laat behalwe sy eie. Meer as een inspekteur het klagte enersluidende as die volgende ingedien: „I fail to see what right they have to exclude the children of tax-payers like themselves, and who, though belonging to the poorer classes are quite respectable. The name Private should never have been given to schools of this class. They should be open to all European children; and surely farmers cannot fail to see that the more children they admit the more chance they have of drawing 20 the maximum Government grant." Met die hulp van bure sou

18. Onderwysrapport 1892, bls.22.

19. Ibid.

20. Insp. Baartmann: Rapport aan S.G.O., Aanhangsel tot Onderwysrapport 1895, bls.6.

sulke boere in plaas van 'n Private Plaasskool 'n Derdeklaskool kon opgerig het, maar bekrompenheid, afguns en tweespalt het soiets dikwels belet. „Het spijt mij in sommige deelen de strekking op te merken," het een inspekteur opgemerk, „van Private Boeren Scholen te vermenigvuldigen waar een goede AIII school in al de behoeften zou voorzien. Gebrek aan een-dracht onder de naburige boeren geeft hiertoe dikwijls aan-leiding. Maar velen willen ook de diensten van de gouver-nante gebruiken voor het onderwijs van instrumentaal muziek in hunne huisgezinnen, of als een hulp voor de moeder in huise-lijke aangelegenheden. Sontijds zijn er gevallen waarin een boer de AIII school op zijn plaats laat sluiten. Onmiddel-lijk daarna opent hij een Private Boeren School met zijn doch-ter ongecertificeerd, als onderwijzeres.

21

Die gemiddelde plaasskool se leerplan het gestrek van die kindertuin tot standerd ses maar kinders in standerd sewe is dikwels ook in sulke skole aangetref. Dit was maar 'n moeilike taak vir 'n onderwyser, gesertifiseerd of nie, om die werk van so 'n skool te behartig. „Gathered together un-der one teacher in some big classroom are children of all sizes and capabilities and of both sexes. The toddler in sub-standard Z may be sitting beside some lusty giant in Standard Six or some grown-up woman of sixteen in Standard

21. Insp. Fraser: Rapport aan S.G.O., Aanhangsel tot Onder-wysrapport 1895, bls.40a.

Seven. Fifteen pupils in 15 different classes distract the attention of the unfortunate teacher. There is no rivalry, no class emulation, no enthusiasm, no rubbing up against new playmates, no forming of new school friendships. From this the farmer occasionally calls out children to help on the farm.<sup>22</sup> Onstandighede soos hierdie het dr. Muir beweeg om te verklaar: "There is a general consensus of opinion among Inspectors and Principals of District Schools that the work in Farm Schools should not go beyond Standard 5. Pupils after passing this Standard should be transferred to the central Divisional School."<sup>23</sup>

Die doeltreffendheid van die eenman-skool is ook deur die Onderwyskommissie van 1910 ondersoek en die slotsom waartoe gekom is, was dat groter sentralisasie wat betref die plattelandse skool teweegbring moes word. Die Kommissie het dus aanbeveel „dat een plan om kinderen te koncentreren in scholen met niet minder dan twee onderwijzers ieder, aangenomen en krachtig aangemoedigd worde, en wij beschouwen deze aanbeveling van zo-veel belang, dat wij verder aanbevelen dat, zeg, twee organiserende beamtten ten minste tijdelik aangesteld worden met het oogmerk om het door het gehele land ten uitvoer te brengen."<sup>24</sup>

Die Kommissie was ook van mening dat Skoolrade die vervoer van kinders wat tussen drie en vyf myl van die naaste skool gewoon

22. Inleidingsartikel: Educ. News of South Africa, Junie 1905.

23. Onderwysrapport 1906, bls.7.

24. Rapport van Onderwyskommissie 1910, par.48 (e), bls.177.

het, moes onderneen en dat kinders wat verder gewoon het met  
 25 kosskooltoelae moes gehelp word. Van hierdie aanbevelings  
 26 het gedurende die dienstyd van dr. Muir feitlik niks gekon nie.

Alhoewel die Private Plaasskole, uit die aard van die saak, gedurig aan skerp kritiek onderwerp is, het hierdie tipe van skool in die dunbevolkte dele van die land goed beantwoord. Die onderwys in die Plaasskole het egter net groot administratiewe moeilikhede gepaard gegaan. In 1906 was 1,235 uit die 1,888 blanke plattelandse skole, skole met 'n inskrywing van 5 tot 25. Gewoonlik was hierdie skole twee tot drie uur per 27 perdekar uit mekaar en dikwels was die afstande veel groter. Om 'n Derdeklas-skool te verkry moes die minimumbywoning tien wees maar weens die lang afstande tussen plase veral in die Noord-weste en op die Karroo was dit moeilik om selfs hierdie geringe getal byeen te bring. Om 'n Private Plaasskool te stig was slegs 'n minimum van vyf kinders nodig. Ten spyte van al die gebreke, het dr. Muir gereken dat, "This type of School has, however, done a great deal for Cape Colony by bringing the means of elementary education within the reach of 28 children on the more remote and isolated farms." Die Private Plaasskole het hul hoogste getal in 1907 bereik toe daar

25. Rapport van Onderwyskommissie 1910, par.48(e), bls.177.
26. Die Onderwysrapport van 1915, bls.3, sê: "Some use is made of the power granted to School Boards under the 1905 Act, to provide free transport for children living beyond the three mile radius."
27. Onderwysrapport 1906, bls.7.
28. Onderwysrapport 1909, bls.8.

29

991 van hierdie skole bestaan het.<sup>29</sup> In 1915 was daar 691 Pri-  
vate Plaasskole aan die gang.<sup>30</sup>

### Distrikskoskole.

Daar is reeds op bladsy 23 aangehaal dat in 1873 'n poging aangewend is om groter onderwysgeriewe vir die platteland te skep deur die instelling van Distrikskoskole, die sogenoende D-skole. Aanvanklik het die skole 'n taanlike mate van sukses gehad en dr. Dale kan voor die Onderwyskommissie van 1879 verklaar dat „in the older and more settled parts of the Colony<sup>31</sup> they have been very successful,” en die Kommissie het hierdie verklaring so bemoedigend beskou dat hulle die verwagting uitgespreek het: „We look to the extension of the District Boarding School system as a most useful adjunct to the means of education available to our agricultural population.”<sup>32</sup> Die Onderwyskommissie van 1891 was ook die D-skole goedgesind en het aanbeveel dat verhoogde toelae beskikbaar gestel moes word met die oog op die uitbreiding van die Distrikskoolstelsel. Dit het<sup>33</sup> die regering dan ook gedoen.

Toe dr. Muir in 1892 die bewind oorgeneem het, het daar<sup>34</sup> twaalf D-skole bestaan. Ten spyte van die feit dat die oor-

29. Sien Onderwysrapport 1907, bls.3.

30. Onderwysrapport 1915, bls.2.

31. Rapport van Onderwyskommissie 1897, vr. 257-260.

32. Ibid., par.18 en 19.

33. Sien Proklamasie no.388 van 1893 (G. 97 - 1904).

34. Hulle was op die volgende plekke:- Aberdeen, Aliwal Noord, Barkly Oos, Burghersdorp, Kaapstad (Zonnebloem), Colesburg, Dist. Hay, Dist. Hopetown (twee), Dist. Middelburg (twee), en Pella (Namakwaland).

spronklike toelaag van £6.0.0. per kind per jaar in 1893 tot £12.0.0. verhoog is, het hierdie skole 'n kwynende bestaan gevoer. Dr. Muir het blykbaar nie veel belang in die soort skool gestel nie omdat hy waarskynlik geglo het dat hulle nie veel kon bydra tot die vermindering van gebrek aan onderwys op die platteland nie. Muir het egter die groot dorpskole aangehoedig om koshuise in die lewe te roep om sodoende plaaskinders die geriewe van meer gevorderde onderwys te verskaf. In 1906, byvoorbeeld, het daar nog net vier Distrikskoskole bestaan maar daar was 106 gesubsidiéerde skoolkoshuise met 5,818 kos-  
 35  
 gangers.

Die D-skole, net soos die A-skole, was ook onderhewig aan die pond-vir-pondstelsel en aangesien die D-skole neestal in dunbevolkte plekke gestig is, was dit nie alleen moeilik om waarborgte vir die plaaslike bydraes te kry nie, maar daar was ook 'n gebrek aan geskikte bestuurders vir die skole. Buitendien het die voorwaarde vir die skole se bestaan, „the training  
 36  
 of scholars in industrial habits," maar min in die smak van die boerebevolking gevval. Geskikte onderwysers was ook moeilik te bekom en langsaamhand het die D-skole totaal verdwyn. Vanaf 1910 het slegs die Zonnebloenskool, eintlik 'n kleurlingopleidingskool van die Anglikaanse kerk, en die Roonse koskool  
 37  
 op Pella met 28 blankes en 49 kleurlingkinders nog bly bestaan.

35. Onderwysrapport 1906, bls.8.

36. Skoolregulasies, Junie 1873 (G.97 - 1904).

37. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls.6.

Blanke Sendingskole.

Voor 1894 is in die statistiese opgawes van die Departement van Onderwys geen onderskeiding tussen blank en nie-blank gemaak nie. Dit was dus voor hierdie datum onmoontlik om vast te stel hoeveel blanke kinders en hoeveel nie-blanke kinders die skole bygewoon het. Alleen die groottotaal was bekend. Dit was 'n groot nadeel by die ondersoek na die vraagstuk van gebrek aan onderwys onder blankes. Dit het ook 'n behoorlike vergelyking tussen die statistiek van die Onderwyskantoor en die van die Sensuskantoor onmoontlik gemaak. Die ou vorms waarop die kwaartaalstate van die skole voorheen aan die Departement opgestuur is, is deur dr. Muir hersien en vanaf begin 1894 is 'n behoorlike skeidslyn tussen blanke en nie-blanke inskrywings getrek. In 1894 het geblyk dat daar 43,043 blanke kinders in staatsondersteunde skole/teenoor <sup>was</sup> 58,948 nie-blankes, dit wil sê, 42.2 per-  
38 sent van die skoolbevolking was blank.

Dr. Muir het in 1892 gevind dat as gevolg van die feit dat die Onderwyswet van 1865 ~~waarin~~ <sup>het</sup> Sendingskole (B-skole) nie duidelik omskrywe ~~is~~ nie, hierdie tipe van skool deur beide blank en gekleurd bygewoon is. Betroubare gegewens oor die werklike toestand is nie <sup>te</sup> verkry nie maar dr. Dale het in sy getuenis voor die Onderwyskommissie van 1891 verklaar: "We find that the poorer white children press into these schools, and there are 10,000 white children, ascertained by calculation, attending Mission

Schools, so that the 444 Mission Schools, that were intended for the coloured population, are found to contain 10,000 white children of the poorer classes in towns.<sup>39</sup>" Daar was op hierdie tydstip 38,192 kinders van beide rasse in die Sendingskole.<sup>40</sup> Die skeiding tussen blank en gekleurde was 'n moeilike vraagstuk en dr. Dale se oplossing daarvan was die stigting van 'n nuwe klas skool, die "Fourth Class Undenominational Schools." Hierdie nuwe klas skole wou hy stig „to provide for the white children attending mission schools, so that they might get a better education suited to their wants."<sup>41</sup> Van hierdie voorstel het niks gekom nie.

Dr. Muir het dadelik die onbevredigende toestand raaksien en hom daarin beywer om dit in die reine te bring. „In 1892 en de onmiddellik daarop volgende jaren," het hy gesê, „veroorzaakte deze vermenging van blanke en gekleurde leerlingen in de scholen een zeer ernstige moeilikheid."<sup>42</sup> Muir se oplossing van die vrangstuk was om middels daar te stel om die stigting van „White Mission Schools" noontlik te maak. In 1893 het dus die volgende bepalings van krag geword:- „The Grants at present available for third-class public schools will be available for any white mission school in a town where there exists a public school of a class higher than the third,"

39. Rapport van die Onderwyskommissie, 1891, Deel I, bls. 4.
40. Ibid., bls.5.
41. Rapport van Onderwyskommissie 1891, vr.78.
42. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls.25.

op voorwaarde dat die bestuur van so 'n skool moes bestaan uit die predikant van die sendinggenootskap as voorsitter en twee  
leke deur die Superintendent-General goedgekeur.<sup>43</sup>

Die blanke sendingskole het later bekend gestaan as „Church Third Class Schools," of Derdeklas- Sektarise Skole. Hulle het nooit baie talryk geword nie maar met verloop van tyd het die skole hul doel bereik „without entailing any real inconvenience and with an entire absence of friction."<sup>44</sup> In 1915 het daar nog 56 van hierdie Blanke Sektarise Skole bestaan. Dat Muir se naatreëls 'n goeie uitwerking gehad het, kan afgelei word van die feit dat in 1910 daar in die gewone sendingskole (B-skole) minder as 550 blanke kinders was met inbegrip van 69 in 'n sendingskool op Glen Lily en 59 in 'n sendingskool wat ag kleurlingkinders gehad het op Hermanus. Van die orige blanke kinders in sendingskole was 211 of ontrent die helfte in die Kaapse Skiereiland en 50 in die distrik Springbokfontein.<sup>45</sup> Teen 1915 was 'n blanke kind in 'n sendingskool 'n seldsaanheid.

### Spoorwegskole.

In 1890 het dr. Dale in medewerking net die Spoorwegowerheid 'n spoorwegskoolstelsel in die lewe geroep. Onder hierdie skema, wat heeltemal onreëlmatig en streng gesproke onwettig was omdat die skema nie binne enige van die destydse skoolregulasies

43. Vgl. Proklamasie no.388 van 1893 (G.97-1904).

44. Onderwysrapport 1909, bls.4.

45. Vgl. Rapport van Onderwyskommissie 1910, par.9, bls.7.

geval het nie, het die Departement van Onderwys onderneem om op elke spoorwegstasie of plek langs die spoorweg waar kinders bymekaar gebring kon word, die helfte van die onderwyser se salaris te betaal. Die maksimum-toelaag van die Departement was £30.0.0. per jaar en die plaaslike mense moes 'n gelykstaande bedrag bydra of £10 in kontant en £20 waarde aan kos en inwoning vir die onderwyser, terwyl die Departement van Spoorweë die skoolgebou en die meubels verskaf het.<sup>46</sup> In 1891 het daar 30 sulke spoorwegskole bestaan en hulle is deur die Departement as Derdeklas-skole geklassifiseer.

Ten spyte van die reëlings van 1890 was die onderwys onder die kinders van spoorwegwerkers baie onbevredigend. Die vereistes van die spoorwegdiens het dikwels daartoe geleid dat spoorwegwerkers na plekke langs die spoor verplaas is van enige bestaande skool. Dan weer het verplasings party-maal so dikwels op mekaar gevolg dat dit onmoontlik was om 'n skool behoorlik aan die gang te hou. Die vraagstuk wat dus opgelos moes word, was hoe om in die onderwysbehoeftes van sulke verafgeleë families te voorsien sonder om buitensporige onkoste aan te gaan.

Dr. Muir het in 1896 die saak van die Spoorwegskole aangeroer deur 'n memorandum oor die toestand aan die destydse Minister van Pblieke Werke, waaronder die spoorweë geregor-

---

46. Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel I, vr. 244.

47

teer het, te rig. In die memorandum het Muir gewys op die groot moeilikheid wat die stigting en organisasie van Spoorwegskole aan die Departement van Onderwys veroorsaak het. Vaste skool-bestuurders was op die kleiner plekkies nie te kry nie. Die verplasing van 'n werknemer of 'n verandering in 'n spoorwegtydtafel was dikwels die oorsaak van die sluiting van 'n florerende skool. Muir het dus voorgestel:- (a) dat 'n adviserende Komitee bestaande uit hoër spoorwegamptenare vir elke spoorwegafdeeling gestig word; en (b) dat 'n onderwysbeampte aangestel word om as sekretaris van die adviserende Komitee te dien, om te help met die stigting en organisering van skole, om toesig te hou oor bestaande skole, en om ten behoeve van die skole as korrespondent met die Departement van Onderwys op te tree. Muir se voorstelle het dadelik ingang gevind en hy het die volle medewerking en ondersteuning van die Algenene Bestuurder van Spoorweë verkry. 'n Spoorwegskoolraad is in die lewe geroep en mnr. J.R. Cuthbert, hoof van die Publieke Skool op Burghersdorp, is aangestel as Onderwysbeampte belas met die toesig oor en organisering van Spoorwegskole.

Een van die eerste en belangrikste maatreëls wat onder die nuwe skema geneem is, was 'n sensusopname onder alle kinders van skoolgaande ouerdon van spoorwegwerkers. Die sensusopname

47. Hierdie memorandum, gedateer 30 Oktober 1896, is herdruk in die Onderwys-gaset van 1 April 1909.

het die volgende syfers opgelewer:-

Getal kinders van skoolouderdom	...	5284
Getal kinders op ander dan Spoer- wegskole	...	2203
Getal kinders op Spoorwegskole	...	973
Getal kinders glad nie op skool nie	...	2108

Die getal kinders wat dus op spoorwegskole behoort te gewees het, was 3,081. Die werklike inskrywing in Spoorwegskole was maar 973 en selfs hierdie getal was nie almal kinders van spoorwegmense nie. Van die getal was 250 kinders van boere en ander wat naby die spoorweg gewoon het. Die werklike toestand was dus erger as wat die syfers aangedui het. Van elke 100 kinders van spoorwegwerkers was daar maar 31 op skool.<sup>49</sup>

Die nuwe Onderwysbeampte het met die grootste ywer te werk gegaan en spoedig het daar verbetering begin intree. 'n Spoorwegkoets is deur die spoorwegowerheid tot sy beskikking geplaas en 'n aantal jare lank het hy feitlik in hierdie koets gewoon. In 1902 is weer 'n sensusopname van spoorwegkinders geneem net die volgende uitslag:-<sup>50</sup>

Getal kinders van skoolouderdom	...	6370
Getal kinders op ander dan Spoer- wegskole ... ... ... ...	...	2571
Getal kinders op Spoorwegskole	...	2246
Getal kinders nie op skool nie	...	1553

Hieruit blyk dat die toename in die getal kinders op

48. Spesiale verslag van Onderwysbeampte van Spoorweë, Aanhangsel tot Onderwysrapport 1897, bls.101a.

49. Ibid.

50. Sien verslag van Onderwysbeampte van Spoorweë, Onderwysrapport 1902, bls.149a.

skool 15.5 persent was. In dieselfde tydperk het daar ook groot vooruitgang plaasgevind op die gebied van die onderwys en die gehalte van die skoolgeboue.

Met die totstandkoming van Skoolrade in 1905 het die stelsel van Spoorwegskole heelwat moeilikheid opgelewer. Die Skoolradewet het bepaal dat met sekere uitsonderings alle skole in skooldistrikte binne 'n vastgestelde tyd deur skoolrade oorgeneen moet word maar geen melding is van Spoorwegskole gemaak nie. Verskeie skoolrade het geweier om die Spoorwegskole oor te neem omdat spoorwegeindom nie onderhewig aan belasting was nie en sulke skole dus die tekorte van skoolrade sou vergroot.<sup>51</sup> Met verloop van tyd het die Spoorwegskole soveel kinders van ander dan spoorwegpersoneel ingeskrywe gehad dat hierdie beswaar nie meer geopper kon word nie en nettertyd is al die Spoorwegskole by die gewone skoolstelsel ingelyf.

#### Die Ontwikkeling van die A-skole.

Die grondslag waarop die gradering van die blanke skole van die Kaap-Kolonie gevestig was, is alreeds nagegaan. Mettertyd het die klassifikasie 'n taamlike mate van verwarring veroorsaak. Die indeling Eersteeklas-, Tweedeklas-, en Derdeeklasskole (A1, A2 en A3) in 1865 het goed gepas by die destydse maatskaplike toestande. Volgens die Onderwyswet van 1865 was die bedoeling (1) dat die vernaamste sted van elke fiskale afdeling

51. Sien Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls.195.  
52. Sien bls.19 et seq.

'n Eersteklas-skool sou hê met 'n personeel van twee onderwysers; (2) dat die kleiner stede en dorpe van die afdeling Tweedeklas-skole sou hê met enkele onderwysers; en (3) dat op goedgekeurde plekke onder die plattelandse bevolking daar <sup>53</sup> Derdeklas-skole sou wees ook met een onderwyser elk.

Kragtens die regulasies onder die Wet van 1865 is die leerplanne van die drie soorte skole ook vasgelê. Die Derdeklas-skool moes slegs elementêre onderrig verskaf. Die Tweedeklas-skool, moes, behalwe 'n elementêre kursus, 'n sekondêre kursus aanbied waaronder Latyn een van die vernaamste vakke moes wees. Die Eersteklas-skole moes 'n uitgebreider sekondêre kursus aanbied wat ook Grieks moes insluit. <sup>54</sup> Hierdie indeling van die skole het 'n stelsel beoog waar die plattelandse kind sy aanvangsonderwys aan 'n Derdeklas-skool kon ontvang, dan die Tweedeklas-skool van die naaste dorp kon bywoon, en na voltooiing van die eerste deel van die sekondêre kursus, na die hoër afdeling van die Eersteklas-skool van die distrik kon oorgeplaas word.

Vandat hierdie indeling van skole ingestel is, het die landsonstandighede grootliks verander. Fiskale afdelings is verneeder, en groot stede het ontstaan maar die indeling van skole het dieselfde gebly. Die skoolstelsel moes dus op verskeie maniere gerek word om aan te pas by die omstandighede

53. Sien bls. 19 et seq.

54. Ibid. Sien ook Skedule van Regulasies by Onderwyswet van 1865 (G.97 - 1904).

waaraan die oorspronklike opstellers van die wot nooit gedink het nie. In 1893 moes dr. Muir erken: „On a careful comparison of the schools in respect of the character of the work done the classification turns out to be almost entirely futile. Third Class Schools exist which do better work than several Second Class Schools, and both Third and Second Class Schools are to be found which do as advanced work as one or two First Class Schools. Why, then, are these over-efficient schools not raised in grade? Because the people cannot furnish sufficient guarantee for the higher salary which would then be necessary for the teacher.”<sup>55</sup>

In 1899 het dr. Muir die fondament gelê van 'n stelsel van skole wat sekondêre onderwys op 'n gesonder grondslag sou plaas. Toe hy in 1892 die Departement oorgeneem het, het hy in verband met die „Hoogere Klas Scholen” van destyds gevind: „Schijnbaar is er geen erkende cursus in verband met het gevorderde werk, leerlingen worden eenvoudig voorbereid voor het Hoogere School Examen of voor het Matriculatie Examen - dat wil zeggen, universiteits examens alleén regelen de klassificatie.”<sup>56</sup> Boonop het die Kolleges tot op 1899 ook studente vir die matrikulasië-eksamen opgelei sodat daar tot op hierdie jaar 'n verwarrende stelsel bestaan het. Die Kolleges, Eersteeklas-skole, Tweedeeklas-skole en selfs Derdeeklas-skole het almal leerlinge vir dieselfde eksamen voorberei.

55. Onderwysrapport 1893, bls.24.

56. Onderwysrapport 1892, bls.23.

Deur dr. Muir se toedoen is die matrikulasielasse uiteindelik in 1899 uit die Kolleges verwyder en dit het hom in staat gestel om sekondêre onderwys in die Eersteklas-skole en <sup>57</sup> Tweedeklas-skole te koncentreer. Uit die bestaande Eerste-klas-skole in 1899 het dr. Muir verder 35 skole uitgesoek en aan hulle die rang van „Hoërskole" toegeken. Vereers is die vereiste vir 'n skool om tot hierdie rang toegelaat te word gestel as „het verschijnen en blijvend bestaan van een tweejarige leergang boven Standaard VII." <sup>58</sup> Van die hoërskole is vervolgens verlang dat hulle hulle moes toelê op die verkryging van 'n hoër gekwalifiseerde personeel, groter klasse, beter skoolgeboue en goed toegeruste klaskamers. 'n Verdere stap is in 1906 geneem toe 'n aparte inspekteur vir hoërskole aangestel is om sy volle aandag te skenk aan die werk van dié skole. Aan hom is veral die taak opgedra om langsaamhand 'n verandering in die organisasie en die onderwysmetodes te bewerkstellig deur die skole aan te moedig om gespesialiseerde onderwysers vir elke vak aan te stel. <sup>59</sup> Die nuwe skole het groot sukses gehad. In 1915 was daar 49 Hoërskole in werking, waarvan 24 vir seuns, 18 vir meisies en sewe gemengde skole was. Aan hierdie skole was 707 onderwysers(-esse) werkzaam en die leerlingtal het 13,846 beloop waarvan 1,862

57. Vgl. Hoofstuk VIII waarin hierdie saak breedvoeriger bespreek word.

58. Onderwysrapport 1899, bls.2.

59. Onderwysrapport 1909, bls.7.

kosgangers was.

Teen 1900 is in die groter stedelike gebiede aldrie soorte skole van Rang A aangetref. Die Eersteklas-skool het in die meeste gevalle die Hoërskool geword, die Tweedeklas-skool het 'n elementêre skool van hoër graad geword, terwyl die Derdeklas-skool, oorspronklik net vir die platteland bedoel, die gewone groot elementêre stadskool geword het. In die plattelandse afdelings is die oorspronklike indeling van 1865 nouer gehandhaaf maar hier het ook verskeie afwykings voorgekom. Party van die Eersteklas-skole op plattelandse dorpe het groot koshuisinrigtings bygekry en hierdeur het later groot en goedtoegeruste hoërskole ontwikkel met mooi en ruin geboue. In baie plattelandse dorpe het die Eersteklas-skole hul oorspronklike karakter behou, dit wil sê, hulle het voortgegaan met die verskaffing van 'n goeie algemene opvoeding vir die blanke kinders van die dorp en die kinders van die omgewing wat losies in die dorp kon kry. Die sekondêre afdeling van die skool het leerlinge vir die Junior-Sertifikaat- en Matrikulasic-eksamens voorberei.

Baie Tweedeklas-skole het nettertyd Eersteklas-skole geword veral wanneer die dorp waar die skool gestaan het tot setel van 'n magistraat ontwikkel het. Waar minder belang in die onderwys gestel is, het die skool 'n Tweedeklas-skool gebly. Verskeie dorpe weer, wat nie die setel van magistraatskappe geword het nie, het die tuiste van groot en belangrike opvoedkundige inrigtings

geword. Die Dordeklas-skool in die dunbevolkte dele het die klein elementêre skool gebly net 'n enkele onderwyser en 'n gemiddelde bywoning van 15 tot 20 leerlinge.  
61

Die hele indeling van A-skole het dus heeltemal die oorspronklike plan van 1865 ontgroei. Daar het later van tyd 'n groot mate van onduidelikheid ontstaan oor wat die verskil tussen 'n Eerste- en Tweedeklas-skool was. Gevolglik het dr. Muir in 1908 die hele kwessie van die rangindeling van skole na 'n kommissie van drie inspekteurs verwys. Hierdie kommissie het rapport uitgebring en aanbevelings gedoen wat deur die Departement aangeneem is. Vanaf 1908 dus, moes elke soort skool aan minim vereistes voldoen om as 'n bepaalde graad geklassifiseer te wees. Die beginsel deur die kommissie neergeleg was dat „the main consideration in determining the class of a school should be length and completeness of the curriculum provided and the sufficiency of the teaching staff.”  
62  
Die Kommissie het verder in die fynste besonderhede die punte vasgestel wat in aanmerking geneem moes word voordat 'n skool se graad erken kon word.

Voordat 'n skool as Hoëskool gegradeer kon word, byvoorbeeld, sou in die toekoms op die volgende punte deur die Departement gelet word:- (a) die aantal leerlinge in elke

61. Sien Muir se bespreking oor bestaande in Onderwysrapport 1907, bls. 4 en 5.

62. Sien Memorandum van Kommissie oor Gradering van Skole, Onderwysrapport 1908, bls. 3.

afsonderlike klas; (b) die getalle en kwalifikasies van die personeel; (c) die salarisse van die onderwysers; (d) die skoolgeboue en toerusting; en (e) plaaslike en spesiale omstandighede. Alle Eersteklas-skole wat nie aan die vereistes vir Hoërskole kon voldoen,<sup>nie</sup> is van toe af Eersteklas-skole van die laergraad genoem. In laasgenoende skole, sowel as in die Hoërskole is leerlinge tot op die Matrikulasiestandaard opgelei. Tweedeklas-skole is toegelaat om net tot op Standerd sewe onderwys te verskaf en Derdeklas-skole noes hulle uitsluitlik tot die elementêre skoolkursus bepaal.<sup>63</sup> Vanaf 1910 het 'n vaste komitee van inspekteurs jaarliks byeengekom om die lys van openbare skole na te sien en aanspraak op bevordering tot hoër graad in oorweging te neem.<sup>64</sup>

#### Hoe Skole in die Tydperk 1892 tot 1915 vermeerder het.

Aan die einde van die jaar 1892 was daar in Kaapland 1510 skole van alle soorte. Hierdie skole het uit die volgende tipes en grade bestaan:-<sup>65</sup>

Al	A2	A3	Plaas	D	Rondgaande	B	C	Spesiaal	Totaal
61	83	310	220	11	41	483	296	5	1510

As gevolg van die ontwaking wat Muir deur sy kranige optrede weeggebring het, het daar al spoedig 'n merkbare toenane in die

63. Vgl. Onderwysrapport 1909, bls.7.

64. Onderwysrapport 1910, bls.2.

65. Sien Aanhangsel 14 tot Onderwysrapport 1893,

Vgl. ook die skematiese voorstelling van die blanke skoolstelsel op bls. 202a en 202b.

aantal skole plaasgevind. In 1893 kon Muir rapporteer: "New schools have been started at an average rate of more than one per day."<sup>66</sup> Die totale aantal skole het in hierdie jaar met 361 toegeneem. Merkwaardig was die toename in A3-skole, Plaasskole, en Arnskole. Laasgenoende drie soorte van skole was verantwoordelik vir vyf-sesdes van die totale verneerde ring - 'n duidelike bewys dat die grootste vordering onder die plattelandse bevolking plaasgevind het.<sup>67</sup> Hier moet opgelet word dat die ontwaking op die platteland in die neeste gevalle nie toe te skrywe was aan 'n drang na onderwys wat spontaan onder die mense ontstaan het nie. Die pionierswerk is gedoen deur die inspekteurs, maar, soos dr. Muir verduidelik het, "much the greater portion of the labour connected with it falls upon the local promoters, who are usually the Dutch Church Ministers. Some of these latter...give a very large amount of their time and energy to educational effort."<sup>68</sup>

Ongelukkig noes daar tegelykertyd geneld word dat die toename in die aantal skole ontrent <sup>die</sup> helfte meer sou gewees het as al die bestaande skole aan die gang kon gebly het. Met teleurstelling het die Superintendent-Generaal verwys na die eienaardige kenmerk van die plattelandse skole, naamlik, die kort duur van hul bestaan. "There is scarcely a Division of the Colony which does not illustrate that most disappointing

66. Onderwysrapport 1893, bls.6.

67. Ibid., bls.7.

68. Ibid.

feature of the Cape rural schools, their short life." Die oorsake van die kort bestaan van soveel skole het dr. Muir aan die volgende toegeskrywe:-<sup>70</sup> (1) die ingewortelde geloof onder dele van die plattelandse bevolking dat ses maande of twaalf maande skoolgaan voldoende was; (2) die feit dat skole dikwels gestig is sonder om die koste in aanmerking te neem, en wanneer skoolbestuurders tot besef van hul verantwoordelikhede gekon het, is die skool gesluit as die maklikste uitweg; (3) die korte duur van onderwysers se dienstertym; en (4) die uitstel van pogings om 'n plaasvervanger te kry wanneer 'n onderwyser bedank het sodat dit te laat geword het om betyds 'n onderwyser vir die volgende kwartaal te kry. In baie gevalle en veral by die A3-skole is die sluiting deur Muir toegeskrywe aan oorsake soos, "de bestierders zijn geen mannen van zaken;" "plaatselike geschillen;" "bemoeiing met de onderwijzer;" en "ontmoediging omdat de onderwijzers vertrekken."<sup>71</sup>

Gedurende 1894 is die verblydende vooruitgang van gemiddeld een nuwe skool per dag gehandhaaf maar die sterftesyfer onder skole het nog op 'n droewig hoë peil gebly. In die tydsbestek 1893-94 het nie minder as 385 skole opgehou om te bestaan nie. Hiervan was 88 persent A3-skole, Arnskole en Plaasskole - dus die plattelandse bevolking wat benadeel is.<sup>72</sup> Jaar vir jaar tot 1899

---

69. Onderwysrapport 1893, bls.7.

70. Ibid.

71. Onderwysrapport 1895, bls.7.

72. Onderwysrapport 1894, bls.8.

kon die Superintendent-Generaal 'n aanmerklike toename in die aantal skole aankondig.<sup>73</sup> Tegelykertyd was die sterftesyfer ook skrikwekkend hoog sodat die aanwas eintlik kleiner was as wat moontlik kon gewees het. Nietemin was daar oor die algemeen gedurige vordering.

Met die uitbreek van die oorlog in 1899 het die onderwys in Kaapland 'n gevoelige terugslag gely.<sup>74</sup> Onmiddellik voor die oorlog was daar 2,674 skole aan die gang. As gevolg van die besetting deur die republikeinse magte van Noord- en Noord-oos-Kaapland is baie skole in die noordelike distrikte soos Kimberley, Barkly-wes, Vryburg, Albert, en selfs Graaff-Reinet en Aliwal Noord gesluit.<sup>75</sup> Vanaf Oktober tot Desember 1899 het 215 skole opgehou om te bestaan. Na die terugtrekking van die invallende magte is die gesluite skole, waar moontlik, net verbasend min versuin heropen. Teen die einde van die eerste kwartaal van 1900 het 44 skole reeds herlewe en drie maande lter nog 50. Intussen is 60 addisionele skole elders geopen sodat nege maande na die oorlog daar slegs 61 minder skole bestaan het as toe die oorlog begin het.<sup>76</sup> Dit is opvallend dat alleen blanke skole deur die oorlogstoestande getref is, want in die ooranstennende tydperk het die naturelle-skole net 38 toegeneen.<sup>77</sup> Die Spoorwegskole het ongetwyfeld die ergste

73. Sien grafiese voorstelling op bls. 201a.

74. Onderwysrapport 1899, bls.4.

75. Ibid., bls.26.

76. Onderwysrapport 1899, bls.26.

77. Onderwysrapport 1900, bls.5.

van almal gely. Die skole in die oorlogsgebied moes sonder uit-  
sondering sluit/weens die ontwrigting van die treindienste deur-  
dat die militêre die spoorweë vir krygsdoeleindes moes gebruik,  
het die bywoning van die Spoorwegskole wat nog oorgebly het,  
78  
sleerp gedaal.

Die tweede jaar van die oorlog het, ten spyte van die tyde-  
like herstel, 'n baie droewiger toestand geopenbaar. Daar is  
nie minder as 493 skole gesluit nie en daar is slegs 362 nuwe  
skole geopen. „Om de volle beteekenis van deze sterfte aan te  
toonen," het dr. Muir in 1901 gesê, „kan men bijna zeggen dat  
een uit elke drie scholen aan den gang op 30 September 1899, niet  
langer bestond op den selfden datum in 1901. Dit is echter ge-  
grond op de veronderstelling dat alle scholen geopend na den  
eersten dezer twee datums, nog in leven waren op 30 September  
1901 – eene veronderstelling die ongelukkig een onware is; maar  
zelfs wanneer die nieuwe scholen in aannerking genomen worden,  
zien wij dat bijna twee uit elke 7 in de Kolonie die bestonden  
79  
op 30 September 1899 gestorven zijn voor 30 September 1901."

Natuurlik was dit die plattelandse skole wat die gevoeligste ver-  
liese gely het. In vergelyking met die aantal bestaande skole  
op 30 September 1900 het die helfte, een-vierde, en een-vyfde  
van die Private Plaasskole, Armskole en A3-skole respektiewelik,  
80  
voor 30 September 1901 gesluit.

78. Onderwysrapport 1899, bls.27.

79. Onderwysrapport 1901, bls.4.


80. Ibid., bls.5.

Gedurende die oorlogsjare was die skole ook nie vry van bitterheid, haat en vooroordeel nie. Die militêre owerheid het dit nodig gevind om 35 onderwysers uit hul betrekkings te ontslaan sonder opgawe van redes. 'n Verdere ses onderwysers is deur die Departement ontslaan, vier op instruksies van die militêre, een weens "political action," <sup>81</sup> en/weens "misconduct." 'n Gekose Komitee wat in 1902 ondersoek hierna ingestel het, het as volg rapport gedoen: "Het spijt uw Comité te rapporteren, dat het vindt, dat de militaire autoriteiten het noodig achtten om onder de krijgswet de werking van een aantal scholen ernstigelyk te belemmeren. Volgens een opgave door den S.G.O. werd een aantal onderwijzers door hen bedankt, terwyl ander en deporteerde werden, in vele gevallen veroorzakende schade en de tijdelijke ruinatie van onderwijzers, die geen kans hadden om uit te vinden wat de beschuldigingen tegen hen waren, of <sup>82</sup> om getuigenis voor hun verdediging in te brengen." Veral die geval van die skool op Ceres het die ernstige aandag van die Komitee geniet en die getuenis wat oor die saak ingewin is, het 'n droewige verhaal aan die lig laat kom. Die skoolbestuur is van hul pligte onthef, die hoofonderwyser is geïnterneer, die res van die staflede, vyf in getal, ontslaan kragtens getuenis wat hoofsaaklik deur kinders by die militêre aange-

81. Sien Bylae tot Rapport van Gekose Komitee oor Onderwys-sake 1902, waarin die name van al die onderwysers voorkom.

82. Rapport van Gekose Komitee oor Onderwyssake 1902, par.7.

Vermeerdering in die getal skole gedurende die tydperk 1892-1915.  
(Donker deel dui nie-blanke skole aan)



dra is. 'n Onderwysores sou kastig volhard het by „Orange Free State" vir die herdoopte benaming „Orange River Colony" ('n aanklag wat later bewys is vals te wees), en die skool is verder van dislojaliteit beskuldig omdat as leerboek gebruik is „Kijkjes in onze Geschiedenis," 'n boek wat egter destyds in algemene gebruik in die skole was.<sup>83</sup> Dit was al die getuienis wat teen die skool en sy onderwysers ingebring is en waarop so drasties gehandel is.<sup>84</sup>

Die nadelige uitwerking van die oorlog op die skole van die Kolonie het sy hoogtepunt ontrent drie maande voor die vredesluiting bereik. Die 2,674 skole aan die gang net voor die aanvang van die vyandelikhede het teen Maart 1902 gedaal tot 2,388 - 'n netto-verlies van 286.<sup>85</sup> Die verlies sou egter baie groter gewees het, het die verskynsel van aanhoudende groei hon nie in die naturelle-gebiede geopenbaar nie. Die ses maande onmiddellik na die vredesluiting het weer 'n verblydende herlewing getoon en 'n toenane van 100 skole kon teen die einde van 1902 aangekondig word.<sup>86</sup> In 1903 kon weer gemeld word dat vir die eerste maal in vier jaar daar 'n verneerdering in die aantal skole was, hoewel die syfer van 2,619 nog 55 minder was as die syfer van 1899.<sup>87</sup> In die volgende jaar was die herstel van so 'n aard

83. Die boekie was van die pen van Nico Hofmeyr.

84. Sien getuienis oor die Ceres-saak in Rapport van Gekose Konitee oor Onderwyssake 1902.

85. Onderwysrapport 1902, bls.2.

86. Ibid.

87. Onderwysrapport 1903, bls.23.

dat die Superintendent-Generaal kon rapporteer: „Deze vermeerde ring bewijst dat de gevolgen van de oorlog periode voorbij zijn.”<sup>88</sup>

Na die tydelike agteruitgang van die oorlogsjare het 'n tydperk van byna ongekende bloei ingetree. Toe dr. Muir in 1915 uit die diens getree het, was die aantal skole van alle soorte 4,548 - meer as driemaal soveel as in 1892. Van hierdie totaal was 2,700 skole vir blankes en 1,848 vir kleur-

<sup>89</sup> linge. In 1892 was die getalle respektiewelik 731 en 779.

Uit bygaande tabel sal opgelet word dat die grootste vermeerde ring van skole plaasgevind het in die tydvak 1905 tot 1910.<sup>90</sup>

Dit is te wyte aan die stoot vorentoe wat die onderwys gekry het nadat die Skoolradewet van 1905 op die wetboek geplaas is.

Onder die bepalings van die wet moes alle openbare skole, Private Plaasskole, en Armskole binne drie jaar na die inwerkingtreding van die wet, onder die beheer van die skoolrade kom.

Op 31 Desember 1908 was die skoolrade reeds vir 2,047 skole aanspraaklik. Sedert~~dien~~ dien het die rade met groot sukses gebruik gemaak van die bevoegdhede aan hulle verleent om nuwe skole te stig.

88. Onderwysrapport 1904, bls.3.

89. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls.6.

90. Sien bls. 201a.

HOOFSTUK SEWE.DIE ONTWIKKELING VAN DIE SKOOLSTELSEL.  
(Vervolg).

Behalwe die skole in die vorige hoofstuk genoem, moet die uitbreiding van die skoolstelsel in die rigting van gespesialiseerde onderwys ook nog kortliks nagegaan word. Gedurende die ampstyd van dr. Muir het daar heelwat ontwikkeling op die gebied van industriële en voortgesette onderwys plaasgevind. Die Kolleges het ook in dieselfde tydperk groot vooruitgang getoon, en alhoewel die Kolleges vanaf 1910 nie langer onder die Departement van Onderwys van Kaapland gere sorteer het nie, het dr. Muir veel daartoe bygedra om hierdie inrigtings van hoër onderwys rigting te gee. 'n Verdere belangrike saak wat groot invloed op die groei en bloei van skole gehad het, was die beskikbaarstelling van die nodige fondse vir die oprigting van behoorlike skoolgeboue. Sierlike skoolgeboue het 'n kenmerk van die Muir-régime geword. 'n Bespreking van dr. Muir se werk in hierdie verband vind dus ook 'n plek in hierdie hoofstuk.

Aandskole.

Weens die lae standerd waarop die meeste kinders die skool verlaat het, het die Onderwyskommissie van 1863 al in daardie dae die aanbeveling gedoen dat staatsondersteunde aandskole in die lewe geroep word.<sup>1</sup> Dit het geen praktiese gevolg gehad nie.

---

1. Rapport van Onderwyskommissie 1863, par.141.

Weereens in 1891 het die Onderwyskommisie van daardie jaar aandag aan die saak gegee. Geen oortuigende getuienis ten gunste van die stigting van aandskole is egter voor die Kommissie gelê nie, en die Kommissie het maar trae belangstelling in die kwessie van voortgesette onderwys getoon. Die Kommissie het nietemin aanbevelings gedoen „in favour of village technical schools, undertaken by School Boards, either as adjuncts to day schools or as distinct provisions.”<sup>2</sup> Dr. Muir het egter 'n groot mate van belangstelling in voortgesette onderwys getoon en in die aanvullende skoolregulasies van 1893 het hy gesê dat daar ook voorsiening vir aandskole sou wees. Kragtens daardie regulasies is een-derde van die toelae van toepassing op die gewone skole vir goedgekeurde aandskole beskikbaar gestel. Daar is verder bepaal dat alle leerlinge in aandskole bo die ouerdom van veertien jaar of sodanige ouerdom as die Superintendent-Generaal goedgekeur het, moes wees, en dat die leerlinge minstens ses uur per week vir 'n tydperk van nie minder as ses maande onderrig moes ontvang.<sup>3</sup>

Die plan was om aandskole van verskillende tipes te hê om te voorsien in die afwykende behoeftes van die kinders wat die skool verlaat het en alreeds 'n werkkring gevind het en diegene wat nog tuis was. So was daar dan aandskole waar

2. Rapport van Onderwyskommisie 1891, par.113.  
3. Sien Proklamasie no.388 van 1893 (G.97 - 1904).

elementêre skoolvakke aangebied is. Hierdie skole het maar min aftrek gekry en het nie lank bestaan nie.<sup>4</sup> 'n Ander tipe van aandskool het tegniese en handelsklasse aangebied. Hierdie skole het 'n taamlike mate van sukses gehad. Hulle is hoofsaaklik gestig om elementêre tegniese onderrig aan vakleerlinge te gee. Drie daarvan het bestaan in verband met die spoorwegwerkplase te Soutrivier, Uitenhage, en Oos-Londen en die leerplan het geometrise teken, masjienbou, en koetsbou ingesluit. 'n Vierde skool is in Kimberley gestig vir vakleerlinge van die De Beersmaatskappy. Hierdie skool het tegniese vakke in verband met mynwese aangebied. 'n Vyfde is in Port Elizabeth gestig en die het onderrig in handelsvakke, elementêre wetenskap, skoenmakery en skrynwerk aangebied.<sup>5</sup>

Die Kaapse Skoolraad het, in medewerking met die Suid-Afrikaanse Kollege, aandklasse gehou vir elektrotegniek en masjienboukunde asook vir loodgieterij, boukunde en 'n reeks ander tegniese vakke. In 1911 was daar altesame 19 aandskole aan die gang. Hiervan was dertien in die Kaapse Skiereiland en die res in die ander groot stede van Kaapland. Nie een aandskool het meer op die platteland bestaan nie.<sup>6</sup> In 1915 het daar nog ses-tien aandskole bestaan. Hiervan was vier tegniese skole, twee handelskole en tien elementêre skole.<sup>7</sup>

4. Onderwysrapport 1909, bls.9.

5. Sien Onderwysrapport 1911, bls.7.

6. Ibid., bls.6.

7. Onderwysrapport 1915, bls.2.

### Industriële Onderwys.

Toe die Onderwyswet van 1865 opgestel is, is daar glad nie gedink aan industriële onderwys vir blankes nie, maar spesiale toelae is beskikbaar gestel vir die industriële opleiding van naturelle.<sup>8</sup> Die Onderwyskommissie van 1891 het egter sterk nadruk gelê op die noodsaaklikheid van die oprigting van "Village Technical Schools" en het 'n uitgebreide leerplan vir sulke skole aan die hand gedoen. "In addition to all that belongs to the culture, drying, canning, preserving and packing of fruits, a course of instruction in a village technical school could include instruction in bee-keeping and poultry-keeping, instruction and practical demonstration in grafting, in planting and pruning trees and plants, culinary and ornamental, in the manufacture and preparation of leather, in the branches of domestic economy, including needle-work and laundry-work, in house-cleaning and house-keeping, bread-making and cooking generally, in nursing, and generally in such other directions as may suggest themselves as suitable to the locality and the people."<sup>9</sup><sup>10</sup>

Eers nadat in die Parlement die verwaarloosing van die belang van die blanke arm kinders wat industriële onderwys betref pertinent op die voorgrond gebring is, het die gewysigde

8. Behalwe in die geval van die D-skole. Vgl. Skoolregulاسies van Junie 1873 (G.97 - 1904).

9. Sien Skedule tot Jet. no. 13 van 1865, Order C.

10. Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel III, par.142.

skoolregulasies van 1893 dit moontlik gemaak om 'n nuwe soort skool vir blankes op te rig waarin die onderwys op industriële vakke toegespits sou wees kragtens die bepalings dat „grants similar to those made to Native Industrial Institutions will be available for similar institutions founded for the training of indigent and neglected white children.”<sup>11</sup> Daar is voorsiening deur die Departement gemaak vir twee enigsins verskillende skole. Die verskil was dat in die een, industriële onderrig moes gegee word deur ambagsonderwysers wat deel uitgemaak het van die personeel van die inrigting, terwyl in die geval van die ander, die industriële onderrig moes verkry word in die werksplose van ambagslui<sup>12</sup> en in fabrieke in die omtrek van die skool.

In 1894 is die eerste industriële skool geopen en wel in Kaapstad en 'n tweede in 1895 te Uitenhage. Beide is deur die Nederduits-Gereformeerde Kerk gestig. Laasgenoemde skool het die stelsel van voltydse ambagsonderwysers gevolg terwyl dié in Kaapstad sy seuns uitgestuur het om buite hul ambagte te leer. Leerlinge is tot die skole toegelaat na hulle die ouerdom van dertien jaar bereik het en die leergang het drie of vier jaar geduur. Die ambagte waarvoor voorsiening gemaak is, was wamkery, timmerwerk, smidswerk, kleremakery, skoenmakery, drukwerk en boekbindery.<sup>13</sup>

11. Proklamasie no. 388 van 1893, par. 12. (G.97 - 1904).

12. Sien Onderwysrapport 1909, bls.9.

13. Ibid.

Dat die regering alreeds in 1865 en selfs nog vroeër onderwysgeriewe vir naturelle daargestel het en eers in 1893 soortgelyke geriewe vir blankes beskikbaar gestel het, moet verklaar word deur die destydse opvatting onder die blankes omtrent handearbeid. Van die vroegste dae af was slawe-, kleurling- en naturelle-arbeid volop in Suid-Afrika met die gevolg dat die idee sterk posgevat het dat handearbeid benede die waardigheid van die witman was. Industriële onderwys is dus goed geag vir naturelle maar nie vir blankes nie. Boonop moet onthou word dat destyds maar min industrieë in die land bestaan het sodat daar min aanvraag om geskoolde arbeid was. Die noodsaaklikheid vir industriële opleiding vir blanke kinders in daardie dae is dus nie ingesien nie. Na die geweldige industriële ontwikkeling wat Suid-Afrika in die laaste kwart van die 19de eeu belewe het as gevolg van die ontdekking en ontginning van goud, het industriële onderwys sterk op die voorgrond getree veral as 'n middel om die steeds groeiende getal armblankes in staat te stel om 'n bestaan te maak. Dit het toe aanleiding gegee tot die nuwe bepalings in die Skoolregulasies van 1893 waarna alreeds verwys is.

Aanvanklik was die Industriële Skool te Kaapstad 'n rede-like sukses terwyl die skool op Uitenhage maar 'n kwynende bestaan gevoer het. Dr. Muir het dus aanbeveel dat laasgenoemde liewers in 'n „Farm Industrial School" omgeskep word waar spe-

14

siale aandag aan landbouvakke kon gegee word. Die voorstel is nie deur Uitenhage aangeneem nie maar prof. P.J.G. de Vos van Stellenbosch het 'n sodanige inrigting op Stellenbosch gestig.<sup>15</sup> Weens gebrek aan 'n geskikte hoof van die inrigting het dit min sukses gehad. In die skool op Uitenhage het sake met verloop van tyd so verbeter dat dit die industriële skool in Kaapstad ver oortref het en met die profyte wat die handwerk van die leerlinge ingebring het, was die bestuurders in staat om groot en doeltreffende geboue op te rig.<sup>16</sup>

In 1898 kon die Superintendent-Generaal rapporteer dat twee industriële skole vir behoeftige meisies op Wellington en Graaff-Reinet gestig is om meisies in huishoudkunde op te lei.<sup>17</sup> Teen 1899 was daar nege industriële skole insluitende bogenoemde twee meisieskole. Ongelukkig was die meerderheid van die skole nie op 'n alte hoë peil nie. "Most of them," het dr. Muir gesê, "are managed in an amateurish fashion, the teachers placed in charge having in almost every case had no previous training for such special work...The finances also of most of them are in an unsatisfactory state, no methodical attempt being made to provide a local contribution in some definite ratio to the Government grant." Buitendien is ongeskikte kinders tot die inrigtings

14. Onderwysrapport 1896, bls. 8.

15. Onderwysrapport 1897, bls. 8.

16. Muir: Getuenis voor Gekose Komitee oor Onderwyssake 1902, vr. 1927.

17. Onderwysrapport 1898, bls. 6.

toegelaat en Muir het die oortuiging uitgespreek, „that it would be most imprudent to add a single additional school to the list.”<sup>18</sup> Industriële skole het gevoldlik nie in getalle toegeneem nie.

Toe dr. Muir in 1915 afgetree het, het daar tien industriële skole bestaan - vier vir meisies, naamlik, te Graaff-Reinet, Wellington, Grahamstad en Tulbagh en ses vir seuns. Laasgenoemde skole was respektiewelik te Kaapstad, Uitenhage,<sup>19</sup> Stellenbosch, Worcester, Oudtshoorn en Adelaide. Oor die algemeen beskou, was die industriële skole nie 'n groot sukses nie. Dit moet veral toegeskrywe word aan die gebrek aan belangstelling wat die regering in die kwessie van industriële opleiding gestel het. Die Onderwyskommissie van 1910 het ter reg opgemerk: „Alles samengenomen, is de wettelike voorziening voor de ambachtsopleiding van de blanken nog veel minder doeltreffend dan de wettelike voorziening gemaakt voor de industriële opleiding van de inboorlingen zes en veertig jaren geleden.”<sup>20</sup>

#### Landbou-onderwys.

Die Departement van Landbou het die eerste landbouskool in Suid-Afrika in 1888 op Stellenbosch opgerig. Dit was maar 'n beskeie poging in 'n paar kamers wat van die Victoria-Kol-

18. Onderwysrapport 1899, bls. 6.

19. Sien Onderwysrapport 1915, Aanhangsel I, bls. 15a.

20. Rapport van Onderwyskommissie 1910, par. 51 (b), bls. 187.

lege gehuur is. Die skool het met tien leerlinge begin. Mr. F. Biersch is aangestel as hoof van die skool en 'n paar van die beampies van die Departement van Landbou het as onderwysers opgetree. Onder die ongunstigste omstandighede, met gebreklike apparaat, ondoeltreffende laboratoria en klaskamers is die werk tot 1898 voortgesit. In laasgenoemde jaar is die bestuur van die landbouskole (intussen is 'n tweede landbouskool te Somerset Oos opgerig) aan die sorg van die Departement van Onderwys toevertrou en onmiddellik daarna was daar vooruitgang in die inrigtings te bespeur. Muir het ingesien dat, "the continuation of the schools on the old lines is not to be thought of, it being absolutely necessary to attend much more carefully to the practical side of  
<sup>21</sup>  
the instruction given." Met hierdie doel is toe in 1898 die ou plaas, Elsenburg, in die distrik van Stellenbosch aangekoop en die landbouskool daarheen verplaas. Van toe af moes al die studente op die plaas loseer. Die geboue op die plaas is opgeknap en koshuisgeriewe vir minstens dertig studente is geskep. Sommige van die geboue is in klaskamers omgeskep, 'n behoorlike laboratorium is opgerig en 'n hooggekwalifiseerde onderwyser, 'n sekere Mason, is van Engeland ingevoer om as hoof van die inrigting te dien.  
<sup>22</sup>

Baie moeilikhede is aanvanklik op Elsenburg ondervind. Die plaas het geen vee gehad nie en die grond was in 'n swak toe-

21. Onderwysrapport 1897, bls. 28.

22. Onderwysrapport 1898, bls. 22.

stand, terwyl die geboue bouvallig en die nodige personeel nie maklik verkrygbaar was nie. Verbeterings is mettertyd aangebring en 'n modelmelkery is opgerig. Teen 1899 was daar reeds dertig studente en daar was goeie vooruitgang te bespeur. Binnekort het die aantal studente so toegeneem dat die beskikbare akkommodasie onvoldoende geword het en verdere uitbreiding was noodsaaklik. In 1905 is die beheer van die Elsenburgse landbouskool weereens deur die Departement van Landbou oorgeneem en van daardie datum af het landbouonderwys nie meer onder die Departement van Onderwys geressorteer nie.<sup>23</sup> Die landbouskool op Somerset Oos het nooit floreer nie en na 'n kort bestaan<sup>24</sup> is die inrigting in 1899 gesluit.

#### Skole vir Gebrekkiges.

Skole vir gebrekkiges het hul oorsprong gehad as gevolg van die strewe van die Nederduits-Gereformeerde en Roomse Kerke. Die eerste skole vir doofstommes is te Worcester en Kaapstad respektiewelik deur bogenoemde kerke gestig. Voor 1905 is hoegenaamd geen voorsiening deur die regering gemaak vir skole vir afwykendes nie. 'n Gekose Komitee van die Wetgewende Vergadering het in 1902 aandag aan die saak geskenk en daarop gevwyds dat alhoewel die Instituut vir Doofstommes te Worcester oorspronklik op dieselfde voet gestel is as die Sendingskole wat betref 'n regeringstoelaag, daar in geen bestaande wet of

23. Onderwysrapport 1905, bls. 30.

24. Sien Onderwysrapport 1899, bls. 22.

regulasie voorsiening vir inrigtings van hierdie soort gemaak is nie. Die Konitee het die mening uitgespreek dat die tyd aangebreek het om inrigtings van hierdie aard op 'n bevredigender grondslag te bring.<sup>25</sup> In 1905 is deur die Parlement bepaal dat, "Scholen voor gebrekkigen geklassifiseerd mogen worden als publieke niet-kerkelike scholen en dezelfde toelagen mogen genieten, mits zij in 't algemeen als zodanig bestuurrd worden en onderworpen zijn aan dezelfde voorwaarde."<sup>26</sup>

Aan ander klasse van gebrekkiges soos blindes en swaksinniges is geen aandag gegee nie. Dr. Muir het twaalf jaar lank op breedvoerige wetgewing in verband met gebrekkiges aangedring maar tevergeefs.<sup>27</sup> Voor die Onderwyskommissie van 1910 het dr. Muir gewys op die noodsaaklikheid van die stigting van meer skole vir gebrekkiges en bygevoeg, "De zaak wordt elk jaar hoe langer hoe ernstiger. Hoe langer wij haar verwaarlozen, hoe moeiliker zij zal worden."<sup>28</sup> Ten spyte van aanbevelings van die Onderwyskommissie van 1910 en Muir se aanbevelings is niks verder in die saak gedoen nie. In 1915 was daar slegs drie skole vir gebrekkiges aan die gang - die twee alreeds genoem en 'n skool vir blindes wat op Worcester bygekom het.

#### Die Kunsskool.

In 1880 het die "South African Fine Arts Association" met

25. Gekose Komitee oor Onderwyssake 1902, par.11.

26. Skoolregulasies 1905, par. 7.

27. Muir: Getuienis voor Onderwyskommissie 1910, vr. 19,262.

28. Ibid., vraag 19,266.

regeringsondersteuning 'n Kuns- en Tekenskool in Kaapstad geopen. Die skool het in Nuwestraat (tans Koningin Victoriastraat) gestaan. In 1895 het die Departement van Onderwys die inrigting oorgeneem. Dr. Muir het groot belang gestel in die ontwikkeling van Kunssin onder die jeug en hy het hierin die geleentheid gesien om die tekenkuns te bevorder. In 1900 nadat die tekenklasse tydelik na die Mutualsaal in Darlingstraat oorgeplaas is,<sup>29</sup> het die Kunsskool sy intrek geneem in 'n moderne en doeltreffende gebou wat insmiddels op die perseel van die ou gebou van die „Fine Arts Association“ in Koningin Victoriastraat opgerig is.<sup>30</sup> Die skool het 'n uitgebreide kursus aangebied wat die volgende ingesluit het: Teken, Skilderkuns, Modelleerkuns, Geometriese Teken en Boukonstruksie.

#### Die Kolleges.

Aangesien die beheer oor alle onderwys aan die Superintendent-Generaal van Onderwys toevertrou is, het die inrigtings wat na-sekondêre onderwys verskaf het, ook onder die Departement van Onderwys gevval. Alhoewel hierdie inrigtings, Kolleges genoem, teoreties onder presies dieselfde toesig van die Superintendent-Generaal van Onderwys gestaan het as die gewone skole, was dit in werklikheid nie die geval nie. Aan-

29. Die gebou het ook die Kaapstadse Opleidingskollege gehuisves en alhoewel vandag taamlik verweer, dien dit nog as tydelike kantore van die Provinciale Administrasie.
30. Vgl. Special Reports on Educational Subjects, Deel 5, bls. 183.

vanklik was die Kolleges net soos skole onderhewig aan inspeksie deur die Departement. In 1874 is hiervan afgesien maar op aanbeveling van die Onderwyskommissie van 1879 is die inspeksie van kolleges weer ingestel.<sup>31</sup> Donald Ross wat in 1882 as "Inspector-General of Colleges and Schools" aangestel is, het wyslik nie 'n inspeksie van die kolleges gehou nie, maar slegs 'n algemene oorsig in sy verslag van 1883 oor hul werk gegee. In 1884 het mnr. J.H. Brady, later Assistent-Superintendent-Generaal van Onderwys, werklik 'n inspeksie van kolleges uitgevoer maar alhoewel hy orals deur die doserende personeel met beleefdheid ontvang is, het die professore van die Suid-Afrikaanse Kollege botweg geweier om voor <sup>32</sup> hul klasse te verskyn tydens sy inspeksie. Sedert dié tyd is daar nooit meer 'n poging aangewend om die kolleges te inspekteer nie.

Toe dr. Muir Superintendant-Generaal geword het, het daar vyf kolleges bestaan, naamlik die Suid-Afrikaanse Kollege, Kaapstad, Victoria-kollege, Stellenbosch, Diocesan-kollege, Rondebosch, St. Andrews, Grahamstad, en Gill-kollege, Somerset Oos. Hierdie inrigtings het geen verbinding met mekaar gehad nie maar elkeen was 'n onafhanklike eenheid. Die enigste gemeenskaplike band was die feit dat elkeen studente vir dieselfde eksemens opgelei het. Die kolleges het voor 1874 elk £400 per jaar as toe-

31. Rapport van Onderwyskommissie 1879, par. 21.

32. Sien Brady: Special Report on the Institutions aided under Act no. 24 of 1874, 1884, bls. 6.

laag van die regering ontvang afgesien van die getal en kwalifikasies van sy personeel, die aantal studente of the gehalte van sy onderrig. Hierdie reëeling was onbillik teenoor die groter inrigtings. In 1874 is 'n spesiale wet betreffende hoër onderwys deur die Parlement aangeneem en hierin is bepaal dat £200 deur die regering sou bygedra word ten behoeve van die salaris van elke professor of lektor wie se aanstelling deur die Departement van Onderwys goedgekeur is. Die Departement se seggenskap oor die kolleges was dus beperk tot goedkeuring van aanstellings op die personeel. Oor die inwendige aangeleenthede of leerkursusse het die Departement niks te sê gehad nie.

'n Kenmerk van die kolleges vanaf die vroegste dae van hul bestaan was dat daar 'n voorbereidende skool in verband met elkeen gestaan het. Reeds in 1883 het Ross van die kolleges gesê: "The first glimpse of them gives an unnatural combination of the University and the school." 'n Groot deel van die professore se tyd is in beslag geneem deur die voorbereiding van studente vir die matrikulasië-eksamen terwyl suiwer universiteitswerk verwaarloos is. Van die 333 studente wat in 1893 die vyf kolleges bygewoon het, was daar maar 121 wat na-matrikulasiëwerk gedoen het. Die orige was ongematrikuleerde studente wat besig was met voorbereiding vir

33. Ross: Preliminary Report, 1883, bls. 55.

34. Onderwysrapport 1893, bls. 27.

die matrikulasie-eksamen. In hierdie opsig was die kolleges dus besig met werk wat ook deur die A1- en A2-skole gedoen is.

Hierdie sy van die kolleges se werk het dadelik die aandag van Muir getrek en hy het die kolleges probeer beweeg om van hul matrikulasieklasse ontslae te raak sodat hul uitsluitlik hul aandag aan suiwer na-matrikulasiewerk kon gee. Dr. Muir het geen geleentheid laat verbygaan nie om die rade van die kolleges te wys op die ongeryndheid van die verspilling van „lecturers' energies to the drilling of school boys,”<sup>35</sup> en die „drudgery of purely school work”<sup>36</sup> wat die professore se lot van daardie dae was. Muir se pogings het dadelik 'n mate van sukses gehad, want die Victoria-kollege het besluit om vanaf 1894 die junior matrikulasieklas van die kollege te skei. Teen 1899 is die senior matrikulante ook van die kollege verwyder en die Victoria-kollege was dus die eerste inrigting wat daarop aanspraak kon maak om 'n suiwer universiteitsinrigting in Suid-Afrika te wees. In 1901 het die Suid-Afrikaanse Kollege die voorbeeld van die kollege op Stellenbosch gevolg en sodoende ook sy aansien verhoog. Die gevolg van hierdie maatreëls was dat die aantal gematrikuleerde aan die kolleges stadig toegeneem het. Teen 1899 was die enigste kollege wat nog 'n junior matrikulasieklas gehad het die Diocesan-kollege terwyl die St. Andrews en Gill-kolleges nog hul senior matrikulasieklasses behou het. In 1897 het daar ook tot die getal

---

35. Onderwysrapport 1894, bls. xxv.

36. Onderwysrapport 1896, bls. 27.

kolleges bygetree die Hugenote-kollege op Wellington wat alreeds in 1874 gestig is maar toe eers erkenning van sy status as kollege ontvang het. Teen 1898 het die aantal gematrikuleerde studente aan die ses kolleges alreeds 306 bereik maar daar was tegelykertyd nog die aansienlike getal van 246 nie-gematrikuleerdes aan die inrigtings verbonde.<sup>37</sup>

Die rede waarom daar so swaar afstand van die matrikulasieklasse gedoen is, was dat die kolleges onwillig was om die waardevolle bron van inkomste wat hierdie studente aan hulle verseker het te verloor. Om die kolleges tegemoet te kom, is in 1899 wetgewing voorgestel om verhoogde steun aan daardie inrigtings te gee wat nie langer matrikulasiestudente gehad het nie om hulle vir die verlies aan inkomste te vergoed, en om hulle aan te moedig om addisionele leerkragte aan te stel in die voorheen verwaarloosde vakke. Ongelukkig het die uitbreek van die oorlog die voornemens van die regering verydel en eers na die oorlog kon die nodige maatreël deur die Parlement geloods word. Die nuwe regulasies het die volgende ingesluit: (1) Toelae ten behoeve van die salaris van professore is verhoog van £200 per jaar tot £350 en die addisionele £150 is nie onderhewig aan 'n pond-vir-pondbydrae gestel nie; (2) Die minimum-aantal gematrikuleerde studente vir die stigting van 'n kollege is op 25 gestel; en (3) Kolleges is op dieselfde voet as skole geplaas wat betref regeringslenings

---

37. Onderwysrapport 1898, bls. 24.

38

insake geboue. Veral laasgenoemde regulasie het die kolleges goed te staan gekom. Toe die leningskema in 1893 vir skole ingevoer is, is die skema nie van toepassing op kolleges gemaak

39

nie. In 1902 is egter ingesien dat verhoogde steun aan die salaris van dosente nie veel sou baat as die kolleges nie beskik het oor die middels om klaskamers en laboratoria te voorsien nie.

Teen 1902 het die kolleges te Grahamstad, Rondebosch en Somerset Oos nog skoolwerk verrig. Op laasgenoemde plek was die aantal gematrikuleerde studente slegs vier en in die volgende jaar twee. „This state of affairs cannot be expected to continue,” moes dr. Muir waarsku, „without a reconsideration of the Government grants... In view of the impossibility which the trustees are experiencing of carrying out the wishes of the founder, it is to be hoped that they will at an early date try to obtain power to spend in some more beneficent way the income of the fund entrusted to them!”  
 40

Vanaf 1892 het dr. Muir te velde getrek teen die verspilling van kragte en geld wat plaasgevind het as gevolg van die onnodige groot aantal kolleges.  
 41 In 1895 was die aantal professore in die vyf kolleges 32, „een zeer overmatige staf als men het aantal studenten en klassen in aanmerking neemt,- een ongerijmde staf als men in aanmerking neemt de hoeveelheid universi-

38. Sien Onderwysrapport 1902, bls. 23.

39. Sien bls. 226 et seq. vir bespreking van leningskema.

40. Onderwysrapport 1902, bls. 22.

41. Vgl. Muir on the University, Cape Argus, 22 Des. 1892.


teits werk dat er gedaan moet worden. Jaar op jaar moet deze in het oog loopende verspilling van krachten voor de aandacht gehouden worden. Het zou laakbaar zijn dit uit het oog te verliezen, zoolang als het de noodige professoraten waaraan wij behoeften hebben in den weg staat en de volledige uitrusting van de professoraten die wij hebben."<sup>42</sup> In 1894 moes Muir kla, "there is the same reduplication of lectureships, the same meagre amount of real University work."<sup>43</sup> Hy wou graag sien dat van die kolleges moes saamsmelt om sodende die standaard van hul werk te verhoog. Alhoewel hy in 1893 reeds "signs of a drawing together towards closer union," in die kolleges bespeur het, was dit nie voor 1904 dat die eerste stap tot sentralisasie plaasgevind het nie. Deur die bemiddeling van die trustees van die boedel van Rhodes wat £50,000 geskenk het en die De Beers-maatskappy wat 'n verdere £5,000 bygedra het, is 'n nuwe kollege, die Rhodes-Kollege, te Grahamstad opgerig en die ander twee inrigtings vir hoër onderwys in die Oostelike Provinsie, naamlik, die St. Andrews- en Gill-kolleges het besluit om van hul status as universiteitskollege af te sien. Dat so 'n stap al hoog nodig was, blyk uit die volgende opgawe van leerkragte en studentetal wat die kolleges aan die einde van 1903 gehad het.<sup>44</sup>

42. Onderwysrapport 1895, bls. 29.


43. Onderwysrapport 1894, bls. xxv.

44. Onderwysrapport 1903, bls. 27.

## BLANKE SKOOLSTELSEL IN 1892.



## BLANKE SKOOLSTELSEL IN 1915.



1. S.-A. Kollege	16 professore en 5 lektore	128 studente
2. Victoria-Kollege	7 professore en 5 lektore	124 studente
3. Diocesan-Kollege	5 professore	21 studente
4. St. Andrews-Kollege	4 professore	55 studente
5. Hugenote-Kollege	4 professore	20 studente
6. Gill-Kollege	2 professore	2 studente

Die posisie in verband met die kolleges het in 1911 verder verbeter toe die Diocesan-kollege ook besluit het om sy universiteitswerk prys te gee en hom net by gewone skoolwerk te bepaal. Die universiteitsklaesse van die Diocesan-kollege is toe by die van die Suid-Afrikaanse Kollege ingelyf. Hierdie witskakeling van die swakker inrigtings het veel daartoe bygedra om later die totstandkoming van die onafhanklike universiteite van Stellenbosch, Kaapstad en Suid-Afrika in 1918 te vergemaklik.

'n Verdere saak wat vir dr. Muir baie gehinder het, was die verdubbeling van leerstoele in die verskillende kolleges. In die omtrek van Kaapstad was daar drie kolleges, Suid-Afrikaanse Kollege, Diocesan-kollege en die Victoria-kollege en elk het 'n professor vir dieselfde vakke gehad. "There are three professorships of classics, three of mathematics, in short, three of everything," het Muir verklaar. "Naturally too, this affluence is accompanied by conspicuous poverty. There is no professor of botany, none of geology, or mineralogy, all of these being subjects of vast importance to the Colony; and several more might be

45

added.<sup>45</sup> Toe die belangrikheid van hierdie kritiek ingesien is, is daar heel gou op gereageer. In 1893 het die Suid-Afrikaanse Kollege 'n aparte professor in toegepaste wiskunde en in fisika aangestel en die nodige laboratoria daarvooringerig. "Many a European college, which has done notable work both in teaching and research, could not, until comparatively recently, have shown anything better."<sup>46</sup> Die volgende jaar is 'n verdere stap in die regte rigting deur die Suid-Afrikaanse Kollege geneem deur die instelling van 'n professoraat in geologie en mineralogie. Hierdie voorbeeld is ook binnekort deur die Victoria-kollege gevolg deur die aanstelling van 'n professor in geologie en skeikunde - 'n stap wat die vorige professor in fisika en skeikunde in staat gestel het om die grootste gedeelte van sy tyd te bestee aan fisika alleen.

Die groot oogmerk wat Muir voor oë gehou het, was die sodanige ontwikkeling van die kolleges hier te lande dat hulle die Europese inrigtings wat soveel van die Suid-Afrikaanse studente na Europa gelok het die hoof kon bied. "When one thinks of the splendid laboratories, workshops, museums, and libraries of a European University, and the highly trained specialists who preside over them, one cannot wonder that parents wish to send their promising children out of the Colony for education. And the stream outwards is bound to go on, and the discontent

45. Muir on the University, Cape Argus, 22 Desember 1892.

46. Onderwysrapport 1894, bls. xxv.

of those who cannot go with it is bound to last, so long as we  
 fritter away our resources as we do at present."<sup>47</sup>

Die vakke van die Suid-Afrikaanse Kollege is verder verryk deur die toevoeging in 1896 van 'n professoraat in Hebreeus maar dr. Muir het met onverminderde heftigheid aangedring op die invoering van die biologiese en natuurwetenskappe in die kolleges.

"It is certainly a curious subject for contemplation that in a country that is teeming with plant and animal life and which has so many subjects connected therewith calling aloud for investigation, there is not a single professorship of any of the Biological Sciences."<sup>48</sup>

'n Belangrike uitbreiding van die werkzaamhede van die Suid-Afrikaanse Kollege was egter die invoering van spesiale klasse vir studente wat hulle op mynwese wou toelê. Na die wetenskaplike teoretiese onderrig in Kaapstad, moes die studente na Kimberley gaan waar hulle verdere praktiese opleiding in mynwerk, ingenieurswerk en ondergrondse landmeting op die myne sou ontvang. 'n Professor afkomstig van die „London School of Mines" is in 1895 aangestel om die klasse waar te neem. Later is dit onprakties gevind om die aanvangsklasse in Kaapstad te hou en in 1896 is dus 'n nuwe inrigting te Kimberley geskep bekend as die „Kimberley School of Mines." Hierdie inrigting is in 1904 na die Witwatersrand verplaas en dit het uiteindelik deel uitgemaak van die „Transvaal School of Mines" - die voorloper van die huidige

47. Onderwysrapport 1894, bls. xxv.

48. Onderwysrapport 1896, bls. 27.

Universiteit van die Witwatersrand.

Teen 1905 het die Suid-Afrikaanse Kollege se middele tot so 'n mate ontwikkel dat leerkursusse in die medisyne en ingenieurswese ook aangebied kon word. Eersgenoemde kursus was slegs tot die eerste twee jaar van die mediese opleiding beperk en het geen mediese vakke ingesluit nie maar alleen die voorlopige wetenskaplike opleiding. Studente was nog steeds verplig om hul professionele opleiding in die medisyne en snykuns in Europa te gaan voltooi.

Teen hierdie tyd was daar 'n sterk mededingende gees onder die verskeie kolleges en 'n neiging om ietwat vinnig die aantal professorate te vermeerder. In 1904, ten spyte van slegs 'n vermeerdering in al die kolleges saam van 82 studente, is daar tien addisionele leerkragte aangestel. Muir moes weereens waarsku teen die skerp mededinging en hy het daarop gewys dat „competition in moderation is eminently wholesome, but the prime consideration of the general welfare should be kept in view, or there must ensue a lowering of ideals and a wasteful expenditure of teaching energy." <sup>49</sup> Dat die kolleges min ag op hierdie vermaning geslaan het, blyk daaruit dat die Suid-Afrikaanse Kollege teen 1908 met 'n studentetal van 262 dertig professore en lektore gehad het, die Diocesan-kollege 81 studente met tien dosente terwyl Stellenbosch met die hoogste aantal studente, naamlik, 306, met slegs agtien dosente

---

49. Onderwysrapport 1905, bls. 29.

50

kon klaarkom. Muir het nogeens gewys op die „extravagance of expenditure" in verband met die hoër onderwys alhoewel hy die Victoria-kollege vrygeskeld het van enige verkwisting en selfs gereken het dat sommige van die klasse van die inrigting te groot vir die beskikbare personeel was.<sup>51</sup>

Teen 1910, toe hoër onderwys volgens die Unie-wet 'n uniale aangeleentheid geword het en nie langer onder die Departement van Onderwys van die provinsies geresorteer het nie, het die drie oogmerke van Muir in verband met universitaire onderwys, reeds ver gevorder. Eerstens het die matrikulasieklasse van die kolleges verdwyn en daardeur het die professore meer tyd gekry om hulle kragte aan werklike hoër onderwys te wy terwyl die matrikulasiestudente in die publieke skole gekonsentreer is waar hulle onder dissipline meer geskik vir hul jare gekom het. Tweedens het die aantal professorate, veral in die verwaarloosde wetenskappe, vermeerder sodat daar in 1910 reeds dosente aangestel is in Fisika, Toegepaste Wiskunde, Geologie, Plantkunde en Dierkunde, terwyl daar ook voorsiening gemaak is vir Opvoedkunde, Mynwese, Ingenieurswese en Medisyne. Sy derde oogmerk, die vermindering in die aantal kolleges en groter sentralisasie, het hy slegs in die Oostelike Provinsie verwesenlik gesien deurdat die Gill-kollege en die St. Andrews-kollege plek gemaak het vir die op gesonder voet opgerigte Rhodes-kollege.

50. Onderwysrapport 1908, bls. 15.

51. Ibid.

Meubelering van Skole en Skoolgeboue.

Toe die Inspekteur-Generaal, Donald Ross, in 1883 sy rondreis deur die Kolonie gemaak het, het hy van die skoolgeboue gesê: „First of all...very great progress has been made in recent years in providing school accommodation. Except in Native Kraals I saw very few buildings indeed that I could condemn as unfit for school purposes, ... whilst a large proportion of the public and private schools are commodious, well planned and well adapted for effective educational work. In this respect the country is ahead of what England was in 1870.” Hierby het hy toegevoeg: „If I might venture to express an opinion...it would be that this country with its fine climate, does not require elaborate buildings for ordinary school purposes, and that in other countries too much has been invested in stone, lime and architect's fees.”<sup>52</sup>

Bestaande menings van Ross is glad nie deur dr. Muir bevestig ~~nie~~ toe hy persoonlik en ook deur middel van sy inspek-

teurs in 1892 ondersoek na die toestand van skoolgeboue en skoolmeubels ingestel het nie. Hieromtrent het hy gesê:

„In steden met publieken geest gelijk Kimberley, King William's Town en Port Elizabeth vond ik gebouwen die inderdaad veel lof verdien, ook vooral te Lovedale; maar van dezen is er een lang afdalende schaal, die eindigt in gebouwen die zeer ellendig zijn....Twee gebreken schenen vry dikwijls voorte-

52. Ross: Preliminary Report on the State of Education, 1883.

komen, namelijk, (1) onvolkomene of geene middelen van behoorlike ventilatie van de leervertrekken (2) afwezigheid of ongezonde toestand van secreten (sanitêre geriewe). Een teleurstellend kenmerk bijna overal was de onzindelike toestand van de speelplaats en van de omgeving der school in het algemeen.<sup>53</sup>"

'n Treffende beeld van die destydse toestand word verskaf in die lewendige beskrywing van inspekteur J.R. Cuthbert in 'n pamflet waarin hy die ontwikkeling van die onderwys van 1892 tot 1910 opgesom het. "Of the character of the buildings of twenty years ago the less said the better. They represented a condition of things in the face of which the school teacher of today would stand aghast. Classrooms were almost unknown. Single classrooms in which several classes and as many teachers shouted each other down all day long, were the rule. The cleanliness of desks, floors, walls and ceilings was at a low ebb; cloak-rooms for the children's use were undreamt of and a teachers' room or lavatory did not exist. Playground was found for the most part in the adjoining street and the out-offices were, in most cases, indescribably filthy. It cannot be said that the task of the Education Department in insisting on the removal of these objectional features was an agreeable one."<sup>54</sup> Selfs in die moederstad was die toestand ook ver van bevredigend af. Inspekteur Brady het bevind dat van die skole in Kaapstad 31 persent van die

53. Onderwysrapport 1892, bls. 4.

54. Cuthbert: Education progress in South Africa.

geboue terdeë onbevredigend was, 55 persent taamlik en 14 persent heeltemal bevredigend. "The buildings under the first head are so bad, either in floor and air space, or in ventilation, or in lighting, or in state of repair, or in several or (generally) all of these respects, that they are as a rule un-  
55 fit to be licensed as schools."

Met die meubelering van klaskamers was dit ook nie veel beter gesteld nie. "Uit de 77 scholen," wat in 1892 deur inspekteur Noaks ondersoek is, "zijn er thans 13 die zeer gebrek-  
kige schoolbanken hebben, 18 zijn óf niet voorzien van een zwarte bord, óf zijn van een voorzien dat zoveel behoefté heeft aan vernieuwing dat het praktisch nutteloos is, en 24, insluitende een Publieke School van de Tweede Klasse, hebben kleivloe-  
56 ren." Die meubels van die Eerste- en Tweedeklas-skole was oor die algemeen bevredigend maar die haglikste toestande het in die Derdeklas-skole en Sendingskole geheers.

Dr. Muir het geen gras onder sy voete laat groei nie en hy het dadelik planne beraam om die toestande te verbeter. Daar het verskeie moeilikhede in die pad gestaan. Voor 1892 is skoolgeboue volgens wetgewing in 1882 ingestel, deur middel van 'n regeringstoelaag op die pond-vir-pondstelsel opgerig. Die maksimumtoelaag was dan ook maar 'n karige £1,000 per in-  
57 rigting. Tensy daar 'n ryk gemeenskap was, het die middele

55. Brady: Rapport aan S.G.O., Aanhangsel tot Onderwysrapport 1894, bls. 12.

56. Onderwysrapport 1892, bls. 4.

57. Vgl. Proklamasie no. 113 van 1883 (G. 97 - 1904).

om 'n doeltreffende gebou op te rig dus gewoonlik ontbreek. In die geval van die Roomse en ander kerke of genootskappe wat bydraes van hul ondersteuners in die buiteland ontvang het, was hulle dikwels in staat om groot en sierlike skoolgeboue te laat verrygs.<sup>58</sup> 'n Tweede moeilikheid was dat baie geboue in gebruik nooit vir skoolgeboue bedoel was nie. "Many schools are an agglomeration of rooms added at various times - good singly perhaps - but rendering the management and organisation difficult."<sup>59</sup> Muir het ook gevind dat baie skoolkomitees nooit daaraan gedink het om 'n argitek wat kennis van skoolvereistes gedra het, te raadpleeg wanneer skoolgeboue opgerig moes word nie.

In 1893 het dr. Muir daarin geslaag om parlementêre toestemming te verkry vir 'n splinternuwe skema waardoor die regering aan skoolbesture die volle bedrag voorgeskiet het vir die aankoop, verandering of oprigting van skoolgeboue insluitende die omheining en gruising van die skoolterrein op die beginsel van 'n amortisasiefonds. Die regering het daarby onderneem om die helfte van die rente op die lening te dra.<sup>60</sup> Die lenings moes teen 'n bedrag (insluitende rente en dolging) van £6.7.4. persent per jaar oor 'n tydperk van vyf-en-twintig jaar afbetaal word. Alle eiendom so opgerig of aangekoop moes oorgedra en geregistreer word op die name van die volgende trustees: die Si-

58. Soos op Lovedale, Kimberley, Kingwilliamstown, ens., waar in 1892 alreeds mooi skoolgeboue gestaan het.
59. Onderwysrapport 1893, bls. 15.
60. Vgl. Proklamasie no. 388 van 1893 (G. 97 - 1904).

viele Kommissaris van die distrik, die Superintendent-General van Onderwys en die dienende voorsitter van die skoolbestuur.

Alle geboue so oorgedra is kragtens wetgewing van transportbe-

61

lasting vrygestel. In gevalle waar skoolbesture nie in staat was om eiendom vir skooldoeleindes aan te skaf nie, het die Departement onderneem om die helfte van die huur van goedgekeurde geboue te betaal.<sup>62</sup>

Die nuwe skema het veral twee voordele bo die oue gehad.

Eerstens het dit die jaarlikse las wat op skoolbesture geleë het, aansienlik verminder en tweedens het dit 'n middel verskaf waardeur permanente voorsiening vir skoolgeboue gemaak kon word. Die skema het dus die uiteindelike nasionalisering van alle skooleiendomme moontlik gemaak. Van hierdie tyd af dagteken die groot aantal pragtige skoolgeboue wat op al die dorpe dwarsdeur die Kaap-Kolonie te sien is. In agtereenvolgende uitgawes van die Onderwys-gaset oor 'n aantal jare het dr. Muir afbeeldings van die mooiste geboue laat publiseer.

Onmiddellike sukses het die invoering van die nuwe skema bekroon. Alreeds in die eerste jaar het die aantal aansoeke om lenings die beskikbare geld oortref. Gelyktydig was daar ook verblydende verbetering in die toestand van skoolgronde en baie skole het hul gronde met blomtuine en grasperke begin verfraai. Die idee dat enige soort gebou, selfs 'n ou woon-

61. Wet no. 6 van 1893.

62. Proklamasie no. 388 van 1893.

huis, geskik was vir 'n skoolgebou het vinnig begin uitsterwe. Die gehalte van die skoolmeubels het ook begin verbeter en die vraag na nuwe lessenaars vir skole het so toegeneem dat in 1894 in Kaapstad alleen vier agentskappe vir Amerikaanse en Engelse skoolmeubels tot stand gekom het.  
 63

Baie skole, veral Armskole, was egter weens gebrek aan die nodige middedele nie in staat om in die voorreg van die leningskema te deel nie. Om hierdie armer distrikte tegemoet te kom, het die Departement in 1896 'n aantal vry toelae van £400 nie te bowe gaande nie vir skoolgeboue aangebied en dieselfde jaar is veertig sulke toelae toegeken. In die volgende jaar het die aantal tot 77 gestyg maar die skema het nie die verwagte goeie vrugte afgewerp nie. Teen die einde van 1897 was slegs sewentien van die 77 voorgestelde geboue klaar. Muir het sy teleurstelling uitgespreek met die woorde: „The lack of public spirit, which these numbers indicate, is much to be deplored, and we have thus another proof that progress is not barred through the niggardliness of Parliament, but through the indifference and procrastination of the people.”  
 64

Dr. Muir het die plattelandse en die armer gedeelte van die bevolking verder tegemoet gekom deur in 1898 standaardplanne vir kleiner skoolgeboue te laat optrek en druk vir kosteloze uitreiking aan enige bestuur wat daarom gevra het. Twee volledige stel-

63. Vgl. Onderwysrapport 1895, bls. 17.

64. Onderwysrapport 1897, bls. 15.

le planne met die nodige spesifikasies is opgetrek. Een was vir 'n skoolgebou van een kamer. Al wat 'n komitee moes doen waar behoefte aan so 'n gebou was, was om die nodige terrein te verkry en op die name van die trustees te transporteer, tenders te vra, goedkeuring daarvan by die Departement te verkry, en dan die skool te laat bou. Die ander stel planne was vir 'n gebou van twee kamers en daar was ook voorsiening by vir latere vergroting van die gebou.

Alhoewel daar in die jare na 1893 'n groot aantal skoolgeboue opgerig is, is die leningskema dikwels belemmer deurdat die leningsfondse van die regering opgeraak het. 'n Voorgestelde skoolgebou moes saam met enige ander voorgestelde regeringsgebou deur die Minister van Pblieke Werke goedgekeur word. Aansoeke om lenings vir skoolgeboue is dikwels op die agtergrond geskuiwe omdat ander publieke geboue voorkeur moes kry. Buitendien was die omslagtige manier waarop 'n lening vir 'n skoolgebou toegestaan is, die oorsaak van aansienlike vertraging. Drie departemente moes so 'n aansoek hanteer, naamlik, (1) die Onderwyskantoor, (2) die Departement van Pblieke Werke, en (3) die Departement van Finansies. Boonop was die volgende ook in die saak betrokke, die skoolkomitee, argitek, kontrakteur, die regeringsprokureur, en die prokureur van die skoolkomitee. Deur 'n nuwe wet is die prosedure heelwat vereenvoudig.  
65 Die Minister van Binnelandse Sake, ook belas met die

onderwys, is verantwoordelik gestel vir die toekenning van lenings en verder is 'n spesifieke jaarlikse bedrag van £100,000 deur die Parlement vir nuwe skoolgeboue beskikbaar gestel.<sup>66</sup> Hierdie bedrag is in die volgende jaar tot £150,000 per jaar verhoog maar ook gou weer teruggetrek omdat die beschikbare fondse opgeraak het. Weens vertoë deur verskeie skoolbesture dat die jaarlikse delgingskoste op die lenings swaar gedruk het, is vanaf 1904 toegestaan dat lenings oor 'n periode van veertig jaar kon terugbetaal word. Die jaarlikse onkoste per £100 is hierdeur verminder van £6.7.4. tot £5.0.8. Die nuwe bepaling het die oprigting van geboue weereens 'n groot stoot vorentoe gegee en daar was van hierdie tyd af groot bedrywigheid op die gebied van nuwe skole bou. 'n Spesiale departementeel pamphlet is ook uitgereik waarin die beste metodes in verband met die bou van skole uiteengesit is.<sup>67</sup>

Dr. Muir was daarteen gekant dat groot bedrae aan die aankoop van grond moes bestee word. Hy het gedurig die munisipaliteite in die land probeer beweeg om grond vir skooldoeleindes kosteloos af te staan. Om dit makliker te maak, is in 1898 'n wet gepasseer om sulke skenkings te wettig.<sup>68</sup> Verder is in die Skoolradewet van 1905 'n klousule ingesluit waarvolgens elke munisipaliteit of dorpsbestuur verplig was om 'n stuk grond in elke nuwe aanleg in hul gebied gratis vir skooldoeleindes af te

66. Vgl. Onderwysrapport 1904, bls. 24.

67. Pamflet no. 3.

68. Wet no. 15 van 1898.

69

staan.

Terwyl daar teen 1912 dwarsdeur die land 'n reeks paleis-agtige skoolgeboue verrys het, was die verafgeleë distrikte soos Namakwaland en ander Noordwestelike distrikte nog maar be-roerd daaraan toe wat skoolgeboue betref het. Om die mense van daardie dele tegemoet te kom, het dr. Muir vervoerbare geboue in Kaapstad laat maak en hierdie geboue gestuur na plekke waar daar behoefte aan klein geboutjies was. Hierdie geboue van hout en yster wat dertig leerlinge kon huisves, kon plaaslik teen geringe koste en moeite inmekaaargesit word on  
70 ook net so maklik weer verwyder word.

Voor dr. Muir in 1915 afgetree het, is die hele kwessie van lenings op skoolgeboue in die Kaapprovinsie deur die Unie-parlement in hersiening geneem. Met die totstandkoming van Unie het die Unie-regering die laste en bate van die ou Kaapse regering oorgeneem en hieronder was 'n aansienlike bedrag wat nog op skoolgeboue verskuldig was. Onder die Finansiële Reëlingswet van 1913 is bepaal dat alle verpligtings vir die betaling van rente en delging van kapitaal op lenings voor  
71 1 April 1913 aangegaan op daardie datum sou ophou. Die jaar-likse rente wat die Skatkis hierdeur prysgegee het, was nie minder as £64,000 nie en die totale verskuldigde leningsom het £1,122,374 bedra. Die finansiële verligting wat hierdie wet-

69. Seksie 56 van die wet.

70. Vgl. Onderwysrapport 1912, bls. 29.

71. Sien seksie 9 (3) van die wet.

gewing geskenk het, was dus aansienlik.

Met trots kon dr. Muir in 'n terugblik op sy jarelange pogings in verband met die daarstelling van behoorlike en doeltreffende skoolgeboue verklaar: "Met de verbetering van het schoolgebouw, en zijn onmiddellijke omgeving, is ook, ten dele als gevolg, verandering gekomen in de houding met betrekking tot de belangrijkheid van de plaats die de school in het gemeenschapsleven inneemt. Verre van verwesen te worden naar enig gebouw op enige plek, die beschikbaar mocht zijn, heeft nu de school het hoofd opgestoken, en eist in de meeste steden van de Provincie haar rechtmatige plaats."<sup>72</sup> En hiermee het Muir dan ook een van sy grootste take met uitstaande sukses volbring.

---

72. Onderwysrapport 1914, bls. 35.

HOOFSTUK AG.DIE HERSIENING VAN DIE LEERPLANNE.Die Skoolvalke in 1892.

Met die oprigting van 'n Departement van Openbare Onderwys en die aanstelling van die eerste Superintendent-Generaal van Onderwys in 1839, het laasgenoemde <sup>1</sup> 'n fynuitgewerkte leerplan vir die openbare skole opgestel. Die invoering van die drievoudige klassifikasie van skole kragtens die Onderwyswet van 1865 het egter die noodsaaklikheid vir 'n hersiening van die leerplan meegebring. In die bygaande skedule van daardie wet is in breë trekke die omvang van die leerplan van elke <sup>2</sup> soort skool aangegee. Daarop het dr. Dale in 1873 'n „Hersiene Tabel van standaarden welke bereikt moet word in elementaire onderwerpen volgens welke de schoolinspekteurs de scholieren, na eksamen, moeten klassificeren" opgestel.

In die leerplan van Dale is die skoolklasse vir die eerste maal „Standerds" genoem en vergelyk met die skoolkursus van Innes wat laasgenoemde in 1840 opgestel het, het die elementêre kursus van 1873 af uit vier standerds in plaas van vyf soos voorheen bestaan. Die omvang van die onderwys onder die nuwe leerplan is ook sterk ingekort. Godsdiensonderwys en sede-

1. Aanhangsel II van die Onderwysrapport 1912 bevat 'n Memorandum waarin al die Departementele leerplanne vanaf 1839 in besonderhede weergegee word.
2. Sien Skedule tot Wet no. 13 van 1865. (G.97 - 1904).

leer, geskiedenis, teken, en „object lessons" het nie langer voor-gekom nie. Die hersiene en verkorte kode van Dale het ongetwy-feld sy ontstaan te danke gehad aan die instelling van die stelsel van individuele inspeksie wat met die aanstelling van die eerste twee skoolinspekteurs in 1872 in swang gekom het. Het Kaapse Departement volgde inderdaad de leiding van de Engelse Onderwijsraad toen het 'een nauwkeurig onderzoek van elk kind door een bevoegde autoriteit' instelde ten einde na te gaan of 'de onmisbare begin-selen van kennis d.w.z. lezen, schrijven en rekenen' degelik onder-wezen werden.<sup>3</sup> In 1885 is 'n vyfde standerd tot die elementêre kursus toegevoeg en twee jaar later 'n sesde. Dale het, net soos sy voorganger, in gebreke gebly om 'n amptelike leerplan vir middelbare onderwys op te stel. Om die waarheid te sê, was die aantal leerlinge wat destyds verder as die elementêre kursus gevorder het maar gering, dus was daar geen groot behoefte aan 'n leerplan vir middelbare onderwys nie. Die weinige gevorderde leerlinge wat daar was, is vir die eksamens van die Universiteit voorberei en elke onderwyser het maar tot die beste van sy vermoë sy leerlinge dienooreenkomsdig afgerig.

Toe dr. Muir in 1892 die bewind aanvaar het, het hy die gehalte van die onderwys op die openbare skole op 'n baie lae trap gevind. Lees het in die meeste skole sonder uitdrukking of intonasié geskied terwyl geen pogings aangewend is om die verstand van

3. Memorandum oor Leerplanne, Aanhangsel II, Onderwijsrapport 1912.

4

die kinders op te wek nie.<sup>4</sup> Alhoewel dit met skrif beter gesteld was,<sup>5</sup> het verstandige klasonderwys in die vak ontbreek. Die onderwysmetodes van rekenkunde het Muir besonder ondoeltreffend gevind. Hoofreken was feitlik in die skole onbekend. "De wortel der zaak," was Muir se mening, "ligt in de bijzondere opvatting van rekenkunde die bijna overal heerschend is, namelijk, als een stelsel van cijfers op een lei vertoond, of zorgvuldig op foolscap overgeschreven voor den examiner."<sup>6</sup> Rekenkunde was vir die meerderheid 'n abstrakte vak en dit is nie prakties toegepas nie. "Ik heb herhaaldelik kinderen lange oefeningen in de zogenaamde samengestelde regels zien uitwerken, en toch waren zij volkommen in de war als men hun vroeg hoeveel klein geld zij moesten terugkrijgen als zij drie yds. leken tegen  $4\frac{1}{2}$ d per yard kochten en den verkooper een halve kroon betaalden. In vele scholen waren de leerlingen verwonderd dat zulke vragen hun werden gedaan."<sup>7</sup> Beskrywende aardrykskunde is in die reël bevredigend gevind, maar daar is gekla dat die onderwys van fisiese aardrykskunde dwarsdeur van swak gehalte was. Met geskiedenis as skoolvak was dit niks beter gesteld nie. Een inspekteur het die destydse toestand van die vak as volg geskilder: "Lijsten van veldslagen en koningen, met datums van belangrike gebeurtenissen worden

4. Onderwysrapport 1892, bls. 5.

5. Ibid., bls. 6.

6. Ibid.

7. Ibid.

vrij accuraat geleerd. Er worden weinige of geene pogingen aangewend om het leven van het volk in een bepaald tijdvak afte-schilderen, de hoop die hen bezield, de begeerten die op hen invloed hadden.<sup>8</sup>" Met al die vakke was dit dieselfde gesteld. Die onderwys was stroef, ongeïnspireerd, megalies en dikwels unintelligent.

Aangesien sang, teken, handwerk en liggaamsopvoeding nie deel uitgemaak het van die voorgeskrewe leerplan nie, het dr. Muir gevind dat aan hierdie vakke maar min gedoen is. By die inspeksie van skole het hierdie sogenoemde "non-essential" velke nie in aanmerking gekom nie en uit die aard van die saak is die vakke dus gehelenal verwaarloos of slegs hier en daar aangetref. Muir is kort na sy aankoms in Suid-Afrika getref deur die natuurlike aanleg van die bevolking vir musiek en hy het sy verwondering daaroor uitgespreek „dat er in de scholen weinig gedaan werd om het talent te ontwikkelen, en dat dus het schoolleven veel minder aangenaam gemaakt werd dan het zijn kon."<sup>9</sup> 'n Inspekteur in 1892 spesiaal beles met 'n ondersoek na die toestand van sang in die skole moes erken dat, „met weinige uitzonderingen, de toestand van vocaal musiek best beschreven wordt door het woord betrekurenswaardig."<sup>10</sup> Tekenonderwys het in die meeste skole geskitter deur afwesigheid en dit het dr. Muir genoeg om te sê: „Mijn eigen indruk is dat naast het zingen, tekenen het meest

8. Onderwysrapport 1892, bls. 8.

9. Ibid., bls. 9.

10. Ibid.

veronachtzaamde elementaire schoolvak is in die Kolonie, en ik ben dus van voornemens spesiaal onderzoek naar die zaak te laten doen."<sup>11</sup> Naaldwerk is nie volgens vaste metode onderwys nie. Daar was 'n algehele gebrek aan kennis van die onderwysmetodes van die vak. Handwerk vir seuns, behalwe in een of twee skole, het nie bestaan nie. Dril of liggaamsoefening was ook maar sporadies van aard. Wetenskap as skoolvak was daar ook maar droewig aan toe. Apparaat en ander benodigdhede vir die behoorlike onderwys van die vak het heeltemal ontbreek. „Geene school bezit tot nu toe zelfs het eenvoudigste stol wetenschappelike instrumenten. Slechts in één is er een kern van 'n museum."<sup>12</sup>

Alhoewel die vernaamste oorsaak van die swak gehalte van die onderwys by die onderwysers moes gesoek word, moet daar nie hiervan afgelei word dat die onderwysers onverskillighoid teenoor hul taak getoon het nie. Die onderwysers, oor die geheel, het blykbaar hul bes gedoen soos die Superintendent-Generaal ook geredelik toegegee het. „In het algemeen," het hy verklaar, „vind ik de onderwijzers ijverig, getrouw en nauwgezet in hun werk, begeerig om vooruit te komen, en meer gewillig extra moeite op zich te nemen, dan onderwijzers in Europa gewoonlijk zijn."<sup>13</sup>

Na ondersoek van die toestand van sake het dr. Muir be-

11. Onderwysrapport 1892, bls. 18.

12. Ibid., bls. 12.

13. Ibid., bls. 18.

sluit om 'n nuwe elementêre skoolleerplan in te voer. Dit was nie so 'n maklike taak nie, want die skole het destyds sterk onder die invloed van die eksamens van die Universiteit gestaan - veral die Elementêre Eksamens. „Geene veranderingen, die het menschelike verstand kan uitdenken," het Muir opgemerk, „zullen al de vereischte verbeteringen ten gevolge hebbent, zoolang het School Elementaire Examen het terrein beheerscht. Als het zoover komt dat het erkend word dat het eenig doel van een elementaire schoolopleiding het passeeren is van zeker schriftelik examen in Spraak-kunst, Rekenen, Geschiedenis en Aardrijkskunde, en als deze erkenning zulke vakken als Lezen, en Reciteeren, Teekenen, Natuur-kunde, Zingen, Naaien, Jongens Handwerk, Exerceeren en Lichame-lijke oefening veronachtzaam word, zal er zeer weinig te wach-  
<sup>14</sup>ten zijn voor het opkomend geslacht."

Die „School Elementary Examination" waarna dr. Muir hier so veroordelend verwys het, is reeds in die jaar 1875 deur die Kaapse Universiteit ingestel as gevolg van herhaalde versoeke van  
<sup>15</sup>onderwysers van private skole. Die eksamen is egter aan alle skole oopgestel en die standaard waarna in die syllabus gestreef is, het min of meer ooreengestem met die hoogste standerd van die elementêre kursus van die Departement van Onderwys. Aangesien die openbare skole met groot geesdrif aan die eksamen deelgeneem

---

14. Onderwysrapport 1892, bls. 15.

15. Sien Memorandum oor Eksamens, Bylaag tot Rapport van Gekose Komitee oor Opleiding van Onderwysers, Inspeksie en Eksamens 1906.

het, het die Universiteit met verloop van tyd 'n groot invloed op die kursus van die openbare skole uitgeoefen - "an influence such as no other University has cared or sought to exercise, and which as a matter of fact, the University Act of this Colony never contemplated."<sup>16</sup>

Die Elementêre Skooleksamen het uit vier vraestelle bestaan, naamlik, Rekenkunde, Geskiedenis, Engels en Aardrykskunde en die ander vakke van die skoolkursus het glad nie in aanmerking gekom nie. Wanneer die uitslae van die eksamen bekend gemaak is, het die name van die geslaagdes die kolomme van die Kaapstadse koerante volgestaan. In die koerante het selfs lyste van die skole verskyn gerangskik in orde van verdienste volgens die aantal geslaagde kandidate wat elke skool opgelewer het. In vergelyking met die ander en hoër eksamens van die Universiteit, soos die Skoolhoër, die Matrikulasie, en selfs die graadeksamens, het die "School Elementary"<sup>16a</sup> oneindig meer die aandag van die publiek getrek. "Its influence over schools has become a universal tyranny," het die voorsitter van die S.A.T.A. in 1895 gesê, "for no school can afford to ignore the favour in which it is vulgarly held; it is regarded by the majority of boys and the parents as the ne plus ultra of education, the University's hall-mark and certificate of the completion of a boy's scholastic career."<sup>17</sup>

16. Memorandum oor Eksamens.

16a. Chubb-Meredith: The School Elementary, Educational News, Maart 1895.

17. Ibid.

In die lig van die latere ontaarding van Muir se hele skoolstelsel in 'n soort van eksamenmasjien, is dit interessant om te sien wat dr. Muir in 1892 oor eksamens in die algemeen te sê gehad het. By geleentheid van 'n toespraak op Graaff-Reinet het hy sy verbasing uitgespreek oor die houvas wat eksamens op die land gehad het - „here they had the examination craze in perfection." Hy was verbaas om te sien watter groot belang beide jonk en oud in eksamens gestel het en hy het die verantwoordelikheid vir die „craze" grotendeels aan die misplaaste ywer van die ouers toegeskrywe. „I do not utterly condemn examinations," het Muir gesê, „the character of them at present was that they did not test the real knowledge of the child; they did not train it to think, they generated cram, and they were a worry and bother to young lives....If they looked back on the past and remembered those who started life with them, they would find that it was not always the smartest boys who succeeded best in after life...Why was this? I am inclined to think that those who stood highly in examination and failed in after life, failed because their mental energy was all worked out."<sup>18</sup> Interessant ook, is 'n verdere uitlating van Muir 'n paar maande tevore toe hy die Konvokasie van die Kaapse Universiteit by die gradeplegtigheid toespreek het. „The University authorities must be ever on the watch to prevent the examination system from fostering a false estimate

---

18. Muir: National Education, verslag van toespraak op Graaff-Reinet, Cape Argus, 1 Desember 1892.

of education, from dwarfing imagination and originality and  
 19  
 from endangering the love of learning for its own sake."<sup>19</sup> Hier-  
 die goeie raad het hy egter in sy eie geval veronagsaan.

### Die nuwe primêre skoolkursus.

Vroeg in 1893 is die kwessie van die hersiening van die skoolstanderds deur dr. Muir met sy gebruiklike deeglikheid aangepak. Na hy self 'n konsepleerplan ontwerp het „on gene-  
 ral educational principles and with such knowledge as I then  
 20  
 had of the requirements of the country" het hy ook een ont-  
 vang van die S.A.T.A. wat op hul jaarlikse kongres in 1893 gehou te Oos-Londen, spontaan 'n leerplan opgestel het. Boon-  
 op het 'n konferensië van inspekteurs ook 'n leerplan opgestel.  
 Uit die drie konsepte was dr. Muir toe in staat om die finale vorm van die leerplan op te stel na hy dit deeglik met 'n komitee van onderwysers en met individuele inspekteurs bespreek het. By die opstel van die leerplan is veral drie hoofbeginsels in gedagte gehou, naamlik, (a) dat daar 'n sorgvuldige gradering van die werk van jaar tot jaar moes wees in ooreenstemming met gesonde opvoedkundige waarneming; (b) dat die werk van elke standerd sover moontlik sodanig moes wees dat 'n kind van gemiddelde bekwaamheid dit maklik kon behartig; en (c) dat die vakke sowel van 'n Suid-Afrikaanse as 'n kosmo-

19. Muir: Degree Day Address, 13th August, 1892, University Addresses, Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

20. Onderwysrapport 1893, bls. 13.

politaaanse oogpunt moes beskou word. In sy finale vorm is die konsepleerplan toe onder die onderwysers gesirkuleer om almal die geleentheid te gee om dit te bestudeer alvorens dit in 1894 ingevoer is as die amptelike leerplan vir skole. So ver bekend, was dit die eerste maal dat die onderwysers deur die Departement in so 'n gewigttige beleidsaak geraadpleeg is.

Die vroeër verwaarloosde vakke, sang, naaldwerk, houtwerk, teken, huishoudkunde en liggaamsoefening, is van toe af as integrale deel van die leerplan ingelyf. Die invoer van die nuwe vakke, so is deur dr. Muir ingesien, het spesiale aandag en behandeling vereis. Gevolglik het die invoer van die vakke as gereeld deel van die skoolkursus nie almal onmiddellik plaasgevind nie. Daartoe was die kragte en vermoë van die onderwysers nie in staat nie. Die vakke is na langer of korter tussenpose na gelang van omstandighede ingevoer. „Vroeg in 1893 werd het duidelik, dat indien zekere biezondere vakken, die veronachtzaam waren, behoorlik behandeld zouden worden in de scholen, het nodig zijn zou de pogingen van de Inspekteurs, wier tijd meer dan ingenomen werd voor het bevorderen van het oprichten van nieuwe scholen en het nagaan van het werk van de onderwijzers te steunen. Met dit doel voor ogen werd het plan ten uitvoer gebracht, om biezondere Leraars (instrukteurs) aan te stellen, wier plicht het zou zijn, onderwijs in hun biezondere vakken in te voeren, te

22

regelen en onder toezicht te houden." In elke vak is 'n deskundige as instrukteur of instruktrise benoem om leiding in die vak te gee en belangstelling daarvoor op te wek. Daarna is 'n gegradeerde kursus in die vak opgestel in ooreenstemming met die vereistes van die verskillende standerds. Tegeelykertyd is vakansie- en aandklasse op gesikte sentra gehou ten einde ook aan onderwysers die geleentheid te gee om hulle in die vak te bekwaam. Jaarlikse eksamens is in die vak ingestel en tentoonstellings van naaldwerk is gehou om aan die publiek die waarde en omvang van die werk te toon. Ten slotte, wanneer die tyd geleë was, is die vak ingevoer as 'n gereeld deel van die gewone skoolkursus.

Sang was een van die eerste skoolvakke om spesiale aandag te geniet. In 1893, nog voordat die nuwe leerplan ontwerp is, is twee sanginstrukteurs, mnre. Arthur Lee en James Rodger, aangestel. In 'n verbasende kort tyd was daar groot vordering in die vak te bespeur, en dr. Muir het met geesdrif in 1894 verklaar: "The improvement which has taken place, is far in excess of what I anticipated."<sup>23</sup> Geen departementele eksamens is in hierdie vak ingestel nie, maar onderwysers en leerlinge is ingeskrywe vir die eksamens van die "Tonic Sol-fa College" van Londen. Nog in dieselfde jaar is 1,186 suksesse deur leerlinge en onderwysers in die verskillende afdelings van

22. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls. 3.

23. Onderwysrapport 1894, bls. xvii.

24

die sangeksanens behaal. Daar is verder 'n groot en geslaagde sang- en kooropvoering in Kaapstad deur een van die instrukteurs gehou waaraan 500 skoolkinders deelgeneem het. Dit was die voorloper van menige soortgelyke opvoerings in die ander groot stede van die land. In 1897 is 'n silwer wisselskild uitgeloof vir kompetisie onder die skoalkore van die Kaapse Afdeling. Binnekort het soortgelyke sangkompetisies uitgebrei en 'n hele reeks wisselskilde is deur munisipaliteite en private persone geskenk vir mededinging onder die skole in verskillende skooldistrikte. In 1906 het die aantal jaarlikse skoolkoorkompetisies tot 24 aangegroei en in 1913 tot 34 waarvan ag vir naturelleskole en vyf vir kleurlingskole was.<sup>25</sup> Sang is dus deur die ywer van die instrukteurs tot 'n hoë peil in die skole gebring. Die vooruitgang was verbasend. In 1894 het slegs 545 skole met 34,477 leerlinge sang as vak aangebied. In 1915 het die getalle tot 3,733 en <sup>26</sup> 180,482 respektiewelik aangegroei.

Die vak naaldwerk het vanaf 1893 ook besondere aandag geneem. Die eerste stap was dan ook om 'n deeglik opgeleide instruktrise aan te stel en aan haar die taak op te dra om die onderwys van die vak te lei en om die fondament vir 'n behoorlik gegradeerde kursus op te stel. Mej. H.D. Fuechsel van die Opleidingskollege, Liverpool, is in hierdie betrekking aangestel. Die werk is met groot geesdrif deur haar onderneen. 'n Leerplan

24. Onderwysrapport 1894, bls. xvii.

25. Onderwysrapport 1913, bls. 5.

26. Onderwysrapport 1915, bls. 5.

vir elke klas is opgestel en vanaf 1 Julie 1894 is naaldwerk  
<sup>27</sup>  
'n verpligte vak in alle staatsondersteunde skole verklaar.

In verband hiermee het die Departement bepaal: (1) dat voor-siening op elke skool se rooster vir onderrig in handwerk moes gemaak word; (2) dat skoolbestuurders moes toesien dat min-stens een onderwyseres op die personeel teen bogemelde datum bevoeg was om die onderwys te gee; en (3) dat voorlopig geen vaste en eenvormige trappe van vordering deur die Departement sou geëis word nie maar dat onderwyseresse so gou moontlik hul  
<sup>28</sup>  
onderrig volgens die vasgestelde sillabus moes inrig.

Teen 1897 het die werk van die instruktrise so uitgebrei dat 'n tweede instruktrise moes aangestel word. Op hierdie tydstip is deur die Departement gevoel dat die dienste van die sanginstrukteurs en die naaldwerkinstruktrise wat tot dusver uitsluitlik aan die westelike afdelings van die Kolonie gewy is, ewerediger oor die land moes versprei word. Gevolglik is die Kolonie vir doeleindes van sang en naaldwerk in twee inspeksie-afdelings verdeel - 'n westelike met hoofkwartier Kaapstad, en 'n oostelike met hoofkwartier Port Elizabeth. Mnr. Lee en mej. Fuechsel het die westelike afdeling bly behartig en aan mej. Eaton, die nuwe naaldwerkinstruktrise, en aan mnr. Farrington, wat intussen mnr. Rodger as sanginstruk-

27. Sien School Manual 1894 en ook Onderwys-geset 8 Julie 1909. 'n Vereenvoudigde kursus is ook vir die minder goed georganiseerde skole als alternatief opgestel.  
28. Sien School Manual 1894.

teur opgevolg het, is die oostelike afdeling toegesê. Terloops kan aangestip word dat mej. Eaton haar opleiding in naaldwerk onder nej. Fuechsel in die Kolonie ontvang het.

Sistematiese onderrig in naaldwerk het vinnig uitgebrei. 'n Jaarlikse naaldwerk-tentoonstelling is in 1894 vir die eerste maal gehou en dit het baie daartoe bygedra om belangstelling by die publiek vir die saak op te wek. Teen 1906 het die werk so uitgebrei dat 'n derde instruktrise nodig geword het en 'n dame is aangestel om die naaldwerk van die skole in die naturellegebiede te organiseer. Die aantal skole en leerlinge wat onderrig in naaldwerk ontvang het, het van 1,290 skole met 33,357 leerlinge in 1895 gegroeï tot 3,315 skole en 91,656 leerlinge in 1915.<sup>29</sup> As bewys van die ywer en doeltreffendheid van mej. Fuechsel se leiding op gebied van naaldwerk kan genoem word die departementele panflet wat sy in 1900 opgestel het.<sup>30</sup> Daarin is aanwysings en wenke aan skoolbestuurders en onderwyseresse verskaf in verband met die organisasie van die vak op skool terwyl volle besonderhede gegee is omtrent spesiale toerusting en materiaal. Die panflet het moeilikhede in verband met die kwaliteit en hoeveelheid materiaal vir die gebruik van leerlinge uit die weg geruim en dus gehelp om die onderwys van die vak doeltreffender te sistematiseer.<sup>31</sup>

29. Onderwysrapport 1915, bls. 6.

30. Panflet no. 10.

31. In die Onderwys-gaset van 8 Julie 1909 staan 'n interessante relaas oor die uitbreiding van naaldwerk as vak in die skole onder die titel „The Story of Needle Work.“

Alhoewel houtwerk as een van die vakke van die nuwe leerplan ingesluit is, kon dit voorlopig nie 'n verpligte vak gemaak word nie. Soos in die geval van die ander spesiale vakke, het opgeleide onderwysers ontbreek. Dit is egter vir alle kwekelinge verpligtend gemaak om die bepaalde driejarige kursus in houtwerk van die nuwe leerplan te deurloop en sodende <sup>32</sup> is voorsorg vir toekomstige onderrig gemaak. In 1895 is ook eksamens in houtwerk vir leerlinge ingevoer. Slegs <sup>33</sup> 34 skole met 1,063 leerlinge het toe houtwerk as vak gehad. Vordering was egter stadig en in 1897 is behoefte aan 'n deskundige gevoel wat onderwysers sou kon oplei en uitsluitlik sy aandag aan die ontwikkeling van die vak kon wy. Tot so 'n betrekking is aangestel mnr. S.C. Young, destyds organiseerde van hand arbeid onder die skoolraad van Leeds (Engeland).

Die uitbreiding van houtwerk in skole het met groot moeilikhede te kampe gehad. Dit was hoofsaaklik 'n kwessie van geld. Dit was nie maklik vir skole om die nodige en dikwels duur gereedskap aan te skaf nie. Teneinde skole te help om die uitrusting, soos banke en gereedskap, aan te skaf, het die Departement 'n aanvangstoelaag van £50 aangebied en onderneem om die verdere onkoste op die pond-vir-pondbeginsel aan te sui-<sup>34</sup> ver. 'n Toelaag is ook ten opsigte van die salaris van die

32. Onderwysrapport 1894, bls. xix.

33. Sien "The Story of Woodwork," Onderwys-gaset, 8 Augustus 1909.

34. Proklamasie no. 388 van 1893, par. 15 en 16. (G.97 - 1904).

onderwyser betaal. Nietemin kon baie plattelandse skole nie die vak invoer nie omdat die klein getalle seuns dit nie geregverdig het nie. 'n Verdere moeilikheid was dat daar onder 'n aansienlike gedeelte van die publiek, weens onkunde omtrent die opvoedkundige doel van handwerk, groot vooroordeel bestaan het teen wat beskou is as die „opleiding van timmermans" in die skole. Dit het tyd en geduld gekos om die twyfelaars te oortuig dat houtwerk alleen in die skoolkursus ingesluit is weens sy opvoedende waarde. 35

Die nuwe instrukteur het onmiddellik die leerplan in~~sake~~<sup>35</sup> houtwerk hersien en 'n nuwe driejarige kursus opgestel. Soos voorheen, is die kursus vir standerds vyf, ses en sewe voorgeskryf ooreenstemmende met die drie jare van die kwekelingkursus. Onder die nuwe leiding het die vak met rasse skrede vooruitgegaan. Nie alleen is die gehalte van die onderwys verbeter nie maar die getal leerlinge wat onderrig in die vak ontvang het, het steeds toegenem. 'n Handleiding in die vorm van een van die Departement se pamphlette het in 1899 die lig gesien. 36 Die handleiding het ontwerpe en tekeninge van houtwerk kamers en toerusting bevat en inligting oor gereedskap, tekenbenodigdhede en houtsoorte. Teen die einde van 1901 het 55 skole net 2,259 seuns onderrig in houtwerk ontvang. 37 Die uitgestrektheid van die gebied wat die instrukteur moes dek, het dit onmoontlik vir een man genaak on die

35. Sien „The Story of Woodwork," Onderwys-gaset, 8 Augustus 1909.

36. Pamflet no. 6.

37. Onderwys-gaset, 8 Augustus 1909.

werk behoorlik te behartig. Gevolglik is 'n tweede instrukteur, mnr. F.T. Morrison van Lovedale, benoem om die oostelike inspeksie-afdeling te bearbei. Die werk het steeds uitgebrei en in 1909 was daar 151 skole met 6,332 leerlinge wat houtwerkonderrig ontvang het terwyl die aantal leerlinge wat sedert 1895 die eksamens in houtwerk afgelê het die volgende getalle bereik het: 1ste jaar, 7,~~962~~<sup>38</sup>; 2de jaar, 4,182; 3de jaar 1,729. In 1915 het 239 skole met 9,919 seuns houtwerk as skoolvak gehad.<sup>39</sup>

Alhoewel 'n gegradeerde sillabus vir teken in die nuwe leerplan van 1894 ingesluit is, het die behoorlike onderrig in die vak, net soos in die geval van sang, naaldwerk en houtwerk, onder 'n gebrek aan bevoegde onderwysers gely.<sup>40</sup> Toe in 1895 die eerste maal statistiese opgawes in verband met die aantal leerlinge wat tekenonderrig ontvang het, beskikbaar was, is bevind dat 343 skole aan 14,166 leerlinge die vak do-seer het.<sup>41</sup>

Dr. Muir het besef dat sonder die aanmoediging van 'n spesiale instrukteur daar nie genoegsame vordering sou wees nie. In 1898, dus heelwat later as in die geval van die ander spesiale vakke, is mej. J.E. Ord-Brown as tekeninstruk-

38. Onderwys-gaset, 8 Augustus 1909.

39. Onderwysrapport 1915, bls. 6.

40. Onderwysrapport 1894, bls. xviii.

41. Sien „The Story of Drawing,” Onderwys-gaset, 30 September 1909.

trise benoem. In haar eerste jaarverslag het sy gewys op die <sup>42</sup> onbevredigende wyses waarop teken in die skole onderwys is. Demonstrasie op die swartbord was onbekend. Geen pogings is deur die onderwysers aangewend om klasonderwys in die vak te gee nie. Vier jaar lank het mej. Ord-Brown haar werk as instruktrise behartig sonder dat daar egter merkbare vordering in die vak gemaak <sup>43</sup> is.

In 1904, nadat die instrukteurskap twee jaar vakant was, is 'n hernuwe poging gemaak om teken op 'n beter grondslag te plaas. Mr. W.W. Rawson is toe in die betrekking aangestel. Hy het die skooltekenkursus hersien, veranderings in die departementele eksamens wat in 1894 ingestel is, aangebring en ook 'n aantal waardevolle artikels in die Onderwys-gaset geskryf. Hierdeur was hy in staat om nadruk te le op die waarde en betekenis van teken in die skoolkursus en om wanbegrippe en vooroordeel teenoor die vak uit die weg te ruim. Hierna het die vak vordering gemaak en in 1905 is 'n addisionele instrukteur aangestel. 'n Departementele <sup>44</sup> pamflet oor teken het in 1907 verskyn. Daarin is die vereistes in teken vir elke afsonderlike klas noukeurig uiteengesit. Verskeie illustrasies vir swartbord- en papierwerk het die pamphlet opgehelder. Twee jaar na mnr. Rawson die instrukteurskap aanvaar het, het 1,254 skole met 55,954 leerlinge tekenonderrig ontvang -

42. Byvoegsel tot Onderwysrapport 1898.
43. Onderwys-gaset, 30 September 1909.
44. Pamflet no. 21.

'n vermeerdering van 15,000 leerlinge op die twee jaar tevore.

In 1915 het die syfers 2,802 skole en 111,015 leerlinge bereik. <sup>45</sup>

On kookkuns in die skole as vak te kry, het groter moeilikhede opgelewer as enige ander vak. Vooroordeel aan die kant van ouers en publiek teen die nuwigheid het nie uitgebly nie en boonop het die kwessie van die onkoste aan die vak verbonde die Superintendent-General hoofbrekens besòre. In geen van die spesiale vakke was laasgenoende moeilikheid so groot as in hierdie geval nie. Nie alleen moes 'n aparte kamer in elke skool ingerig word en spesiala apparaat en kombuisgereedskap aangekoop word nie, maar daar was die lopende uitgawes aan roustowwe en brandstof om mee rekening te hou.

Voor 1893 het geen enkele skool in Kaapland kookkuns as vak aangebied nie maar in hierdie jaar was die Rynse Skool op Stellenbosch die eerste om die vak in te voer. Hierna het die Departement verskeie pogings aangewend om die vak by ander meisieskole ingevoer te kry, sonder veel sukses. <sup>46</sup> Met die invoer van kookkuns in die sogenoende moderne of alternatiewe matrikulasië-kursus deur die Kaapse Universiteit in 1904 het <sup>47</sup> die saak 'n ander kleur gekry. Toevlug is weereens tot die beproefde metode van die aanstelling van 'n departementele instruktrise geneem en mej. MacIver van Edinburgh is daartoe benoem. 'n Kursus in kookkuns is onmiddellik deur haar opgestel.

45. Onderwysrapport 1915, bls. 6.

46. Sien "The Story of Cookery", Onderwys-gaset, 9 Desember 1909.

47. Sien bls. 265.

Die elementêre deel daarvan het ingesluit die voedingswaarde van alle soorte voedsel met praktiese onderrig in die beste en mees ekonomiese manier om dit voor te berei. Die kursus vir sekondêre leerlinge het, behalwe die bovenoende, ook elementêre fisiologie ingesluit. As gevolg van die jwer van die instruktrise het die vak heel/gou uitgebrei en van die een skool met 13 meisies wat in 1895 kookkuns aangebied het, was daar in 1915 75 skole met 5,126  
48 meisies.

Die laaste van die vakke waarvoor 'n departementele instrukteur aangestel is, was natuurstudie. Hier het die keuse geval op mnr. A.B. Lamont wat in 1908 aangestel is. Sy werk was om geesdrif vir die studie van die vak op te wek, skooltuine te organiseer, en onderwysers en kwekelinge met praktiese behandeling van 49 natuurstudie en aardrykskunde behulpsaam te wees.

Alhoewel daar in 1892 deur 'n aantal skole aan liggaams-oefeninge meegedaan is, was die gehalte daarvan in die meeste gevallen maar van min waarde. Dr. Muir het alles in sy vermoë gedaan om liggaams-oefening in skole aan te moedig. Hy het sy mening oor die saak as volg gelug: „Good health is a primary requirement. Every year, therefore, greater importance is being attached to the place of physical training in a sound system of public education. School life, unrelieved, impairs the health

48. Onderwysrapport 1915, bls. 6.

49. Sien Onderwys-gaset, 1 Februarie 1912.

50. Sien Onderwysrapport 1892, bls. 14.

of the scholars. Its discipline though mild, checks the free play of limb natural to childhood. Its sedentary occupations, even with the most improved type of seat and desk, tend to produce in extreme cases various maladies and malformations of

51

body." Hy het dus aangedring op 'n kursus van liggaamsoefeninge in elke skool om hierdie "evils of school life" teen te werk. Die Kadetbeweging het hy besonder aangemoedig en weldra het die meerderheid van seunskole kadetafdelings daar op nagehou.

Eienaardig genoeg het dr. Muir nooit vir liggaamsoefeninge 'n departementele instrukteur benoem nie. By vakansiekursusse is egter Sweedse oefeninge volgens die stelsel van Ling vir die onderwysers toegelig en sodoende is die Sweedse oefeninge in die skole ingevoer. Die gewone klasonderwyser het in die reël die oefeninge waargeneem maar teen 1909 was daar nege of tien opgeleide dames in die meisieskole as onderwyseresse van ginnastiek werksaam. In die seunskole was daar nie so iets nie on dit het dr. Muir beweeg om te sê: "It would be a great advance if our boys' high schools had similarly trained teachers to regulate and supervise and in some cases moderate their school sport. As things are at present the stronger and more vigorous boys often get too much sport....Weak boys on the other hand - those whose bodily development needs most attention - are neglected."

51. Onderwysrapport 1908, bls. 10.

52. Onderwysrapport 1909, bls. 17.

Ten einde 'n juiste begrip te kry van die nuwe leerplan vir elementêre skole wat in 1894 ingevoer is en hoe dit vergelyk het met die leerplan wat dit vervang het, word die vereistes vir standerd vier van beide leerplanne hier weergegee.

53

#### Leerplan van 1873.

##### Standerd Vier.

Lees: 'n Gewone verhaal, vloeiend en korrek.

Skrif: Skryf volgens diktee. Kopieboek moet vertoon word.

Reken: Herleiding; maklike oefeninge uit die hoof; en gewone breuke (elementêre oefeninge).

Aardryks-kunde: Die wêreld oor die algemeen en Suid-Afrika in die besonder.

Gramma-tika: Beginsels van die grammatika. Rededele, sinsbou.

54

#### Leerplan van 1894.

##### Standerd Vier.

Lees: Vloeiend lees uit 'n leesboek vir standerd IV of uit een of ander gewone verhaal uit 'n ander boek.

Resita-sie: Veertig reëls van 'n gedig opse en die betekenis en sinspeling ken.

Skrif en Spel: Ses uit die leesboek voorgelese reëls skryf (op die lei of op papier) en vyftien ander woorde wat uit dieselfde boek van een en dieselfde bladsy gekies is. 'n Vol kopieboek toon met groot en klein skrif en minstens een bladsy met syfers.

53. Sien Memorandum oor Leerplanne, Aanhangsel II tot Onderwysrapport 1912.

54. Ibid.

Reken: Skriftelik: Optel, aftrek, vernenigvuldig en deel van mate en gewigte. Verskillende maniere om 'n gegewe gewig of maat uit te druk. Die beginsel geleë in die sogenoende "oefening" (practice) met maklike oefeninge. Maklike oefeninge in eweredigheid.

Hoofreken: Dieselfde as die skriftelike werk. Maklike werk met baie eenvoudige breuke (behalwe kwart, een-agste, een-derde, een-sesde, en een-twaalfde dele).

Tafels van mate en gewigte: Ons, pond, sentenaar, ton; duim, voet, jaart, furlong, myl; vk. duim, vk. voet, vk. jaart, roede, akker, vk. myl; Kaapse vk. voet, Kaapse vk. roede, morg, akker; kubieke duim, kubieke voet, kubieke jaart; pint, kwart, gelling, boesel, anker, halfaan, lêer; boesel, kwart; boesel, mud; sekonde, minuut, uur, dag, week, maand, jaar.

Grammatika: Ontleding van 'n eenvoudige volsin en die opnoem van die grammatische benaming van die woorde. Die verbuiging van naamwoorde en werkwoorde ken. Taalfoute in 'n eenvoudige volsin kan verbeter.

Stel: Nadat 'n eenvoudige verhaal van ongeveer 10 reëls tweemaal voorgelees is, die verhaal weergee.

Aardrykskunde: Die vorm van die aarde; dag en nag; breedte en lengte; die kaart van die Kaap-Kolonie ken met die kenmerke van die kus, die vernaamste bergreeks, riviere en hul oorsprong, spoorweë, ligging en vernaamste industrieë van stede met meer as twee duisend inwoners. Die genoende kaart uit die hoof ken. Die posisie van Suid-Afrika op die aardbol. Die name en ligging van die verskillende vastelande en oseane.

Naaldwerk: Die maak van knoopsgate op kaliko; net band verstek, opneen en insit. 'n Afgewerkte kledingstuk. 'n Gebreide kindersokkie.

Kartonwerk: Teken: Met behulp van lineaal, vierkant en passer 'n eenvoudige ortografiese en gelykdelige skets te maak van die oefeninge gedurende die jaar gedaan.

Modellering: Sestien voorwerpe soos fotografiese

lyste, portefuljies, lyste, vierkantige en seshoekige vase, vierkantige en aghoekige prisma's, koevertdosies en vierkantige en seskantige skinkbordjies.

Teorie: Dic eerste beginsels van toegepaste teken; netjiese sketse met vry hand geteken met besonderhede van die modelle vir die jaar; dic uitrusting en die middels om dit in goeie orde te hou.

Teken: Vryhandteken: Die konstruksie van blomme, knoppe, bessies en blaarknoppies; die grondvorms van Suid-Afrikaanse skoonlappers, voëls en diere.

Modelteken: Voorbeelde verkry uit reëlmatige geometriese plasing van die eenhede in die vorige oefeninge bestudeer.

Skaalteken: Voorwerpe na skaal geteken van mate werklik in die klas geneem (vir hierdie oefening moet die potlood gebruik word).

Gheueteken: Alle gedane oefeninge (sonder behulp van lineaal).

Vokale musiek: Toon: Fe en ta; een verplasingsoorgang van handseine of modulator; tweestemmige sang.  
Tyd: Kwart mate; drie-kwart en een-kwart; halwe en twee-kwart; twee-kwart en een-half.  
Gehoor: Die note opnoen van 'n stapsgewyse sin van drie of vier note, beginnende of eindigende op 'n noot van die doh-akkoord.  
Sang: Vyf skoolliedere, eenstemmig of tweestemmig.

Dril: Die leerlinge behoort daagliks oefning te hê in die aanvangsbeweginge.

Hier was dan dr. Muir se nuwe leerplan. Die in die oog lopende verskille tussen die oue en die nuwe wat die leser dadelik sal tref, is die fyn besonderhede wat laasgenoende vir elke vak voorgeskryf het. Die ou leerplan het slegs 'n leidraad aan die onderwyser verskaf en die invoeging van besonderhede is aan sy eie vernur en oorspronklikheid oorgelaat. Die nuwe leerplan het duidelik die onvanging van die werk van elke klas uiteengesit en die onderwyser het presies geweet wat op elke stadium van hom en sy

kinders sou verwag word. Dit was voortaan onnoodig vir hom om rond te val, te wik of te weeg. Sy werk is vir hom voorgeskrywe en hy moes net sôre dat daardie werk gedoen word. Hierin het daar ook gevaar geskuil. Deur die onderwyser aan 'n te vaste en tot in besonderhede oonlynde kursus te hou, sou dit maklik kon lei tot onoorspronklikheid, sielodendheid en versmoring van inisiatief. Van hierdie gevaar was Muir terdeë bewus en dus moes hy al vroeg 'n waarskuwing hierteen uiter. „De nieuwe standaards hebben nu bijna overal vasten voet verkregen en zijn algemeen goed ontvangen, zij waren het meest welkom in districten waar de meer bekwame onderwijzers de overhand hebben. Zelfs in die districten echter moet men bedenken dat overnatige ijver zeer goed gevolge hebben kan dat het onderwijs volgens de nieuwe beginselen even onopwekkelik en werktuigelik kan gemaakt word-  
den als ooit, dat het het slaafsch volgen van de letter is ,dat doodt' en dat als het acht geven op de bijzonderheden van den syllabus het verstand niet ontwikkeld en degelyke en nauwkeurige denkbeelden bevorderdt, de verandering te vergeefs gemaakt  
55  
is."

#### Die sekondêre Skoolkursus.

'n Duidelik oonlynde leerplan vir middelbare onderwys het, voordat dr. Muir die bewind aanvaar het, nooit bestaan nie. Onmiddellik na die hersiening van die elementêre kursus het

Muir gevoel dat aandag ook aan die kursus vir skole wat gevorderde onderwys verskaf het, moes gegee word. As gevolg van die feit dat die Kolleges ook matrikulasië-klassie gehad het, en dus senior leerlinge van die gewone skole weggetrek het, het nin skole dit noontlik gevind om 'n behoorlike sekondêre kursus aan te bied. In 1893 het dr. Muir van die hoërgraadskole gesê: „At present the highest work done in some of the better class schools in the Colony is painfully elementary. A little Latin grammar, a little badly digested geometry, and a moderate mechanical facility in performing elementary algebraical operations, these and nothing more are reported on.”<sup>56</sup> Dr. Muir het hom onvermoeid daarvoor beywer om die ongeryndheid van 'n matrikulasiëklas in 'n inrigting wat universiteitswerk doen, verwyder te kry. Teen 1899 het hy heelwat sukses in hierdie rigting behaal, want die Victoria-kollege het toe van sy matrikulasiëklassie ontslae geraak en die Suid-Afrikaanse Kollege het kort daarna gevolg.<sup>57</sup>

Dit het die weg gebaan vir die invoering van 'n hoërskool-kursus en in 1899 is 'n departementeel pamphlet uitgegee wat die vereistes vir die totstandkoming van 'n hoërskool uiteengesit het<sup>58</sup> en die nuwe leerplan vir so 'n skool bevat het. Die einde van die nuwe kursus sou saamval met die vereistes gestel vir die matrikulasië-eksamen van die Kaapse Universiteit. Die plan wat Muir beoog het, was om die hoërskoolkursus net die elementêre kursus in

56. Onderwysrapport 1893, bls. 14.

57. Sien bls. 217.

58. Pamflet no. 5.

te vleg - die sogenoende „dove-tailing." Op die belangrikheid van hierdie eerste poging om die sekondêre onderwys in Kaapland behoorlik te organiseer kan nooit genoeg nadruk geleë word nie.

„There can be little doubt," het dr. Muir gesê, „that it marks an epoch in the history of our educational system. It is interesting, also, to educationists in general as being the first attempts in any country to dovetail the curricula of the Elementary and Secondary Schools."<sup>59</sup>

Die oorspronklike hoërskoolskema het uit 'n vierjarige kursus bestaan en het op die volgende neergekomb:<sup>60</sup>

- (1) Hoërskoolvakke sou na die vierde standerd van die elementêre kursus ingevoer word;
- (2) Een van hierdie vakke tesame met die werk van standerd vyf, sou die eerste jaar van die hoërskoolkursus uitnaak en die klas sou genoem word standerd A; twee van die hoërskoolvakke tesame met die werk van standerd ses sou standerd B van die hoërskool uitnaak; drie van die hoërskoolvakke tesame met die werk van standerd sewe, standerd C; en die werk vir die matrikulasië-eksamen sou die kursus vir die vierde standerd van die hoërskool, naamlik, standerd D uitnaak;
- (3) Daar sou twee alternatiewe kursusse in standerds A, B, en C wees: een vir diogene wat voornemens was om later 'n universiteitskursus te volg en die ander, neer prakties van

59. Onderwysrapport 1899, bls. 15.

60. Sien Departementele Pamflet no. 5, „Syllabus of the High School Course."

aard, bedoel vir leerlinge wat onmiddellik na die skoolverlating hul lewenswerk sou aanvaar.

Dit het uiteindelik onmoontlik geblyk om die hoërskoolkursus na standerd vier in te voer en daar is toe besluit om standerd vyf as die einde van die primêre kursus te beskou. Standerd ses, met een hoërskoolvak, het dus standerd A van die hoërskool geword. Die uitwerking van die stelsel van „dove-tailing" was dat 'n noue verband geskep is tussen die primêre en die sekondêre afdelings van die hoërskool. Die hoërskole was skole met 'n afdeling vir laer onderwys waar die gewone elementêre skoolkursus gevolg is en 'n sekondêre afdeling waar die hoërskoolkursus vanaf standerd ses ingevle is. Tot op standerd vyf was die kursus diezelfde as aan enige ander skool.

Die valke wat in alle sekondêre afdelings van die hoërskole moes gevolg word, is deur die Departement as volg bepaal:- Teken, Houtwerk (vir seuns), Naaldwerk (vir meisies), Engels, Hollands of ander moderne taal, Latyn of 'n moderne taal, Geskiedenis, Aardrykskunde, Rekenkunde, Matesis, en 'n wetenskap geskieds uit 61 Skeikunde, Fisika of Plantkunde. Teken, en houtwerk of naaldwerk was tot in standerd B vir elke leerling verpligtend. Net soos in die geval van die elementêre skoolleerplan het hier in besonderhede voorgeskrywe wat die vereistes in elke vak in elke klas van die hoërskool sou wees. In die geval van Wiskunde, byvoorbeeld, het die volgende voorgekom in die leerplan vir stan-

---

61. Sien Panflet no. 5 van 1899.

62

derd B:-

- (1) Algebra: Optel, aftrek, vermenigvuldiging en deel. Herleiding na faktore. Oplossing van vergelykings van die eerste graad met een veranderlike grootheid en maklike vraagstukke leidend tot sulke vergelykings.
- (2) Meetkunde: Euclides, Boek I, 1 tot 26, net vrae oor die inhoud en maklike oefeninge.

'n Wetenskap is vir elke leerling in die hoërskool verpligtend genaak. Dit is dan ook as een van die vereistes gestel vir die erkenning van 'n skool as hoërskool dat die skool oor 'n behoorlik toegeruste laboratorium moes beskik. In 1915 kon dr. Muir oor wetenskap op die skole sê: „Sedert de datum toen het mogelijk was te schrijven: „Natuurkundige en Scheikundige laboratoria schijnen niet te bestaan," is deze afdeling van het schoolwerk met grote schreden vooruitgegaan. Elke hogere school voor jongens heeft zijn natuurkundig laboratorium en bijna zonder uitzondering bezit elke hogere school voor meisjes een behoorlik uitgerust plantkunde laboratorium, met het gevolg, dat het onderwijs in Wetenschap nu onder behoorlike voorwaarden plaats heeft.”<sup>63</sup>

Uiteindelik het die hoërskoolkursus dwarsdeur Kaapland sterotiep geword en weinig skole het iets anders aangebied as die volgende vakke, naamlik, Engels, Hollands of Frans, Latyn, Geskiedenis, Matesis en een van die wetenskappe Fisika of Skeikunde in die geval van seuns of Plantkunde in die geval van mei-

62. Sien Panflet no. 5 van 1899.

63. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls. 15.

<sup>64</sup>  
sies. In 1904 is gevoel dat aangesien so weinig meisies na voltooiing van die hoërskoolkursus hul studies aan 'n inrigting vir hoër onderwys voortgesit het, 'n alternatiewe kursus vir hul ingeing moes word. Gevolglik is toegelaat dat Huishoudkunde (insluitende Kookkuns) die plek van Natesis in standerds A en B kon inneem, terwyl Naaldwerk, Natesis in standerds C en D kon vervang en Engelse Letterkunde die Latyn (of moderne taal). Geskiedenis in C  
<sup>65</sup>

en D is egter verpligtend gemaak. Deur benodiging van dr. Muir het die Universiteit in 1907 'n eksamen ingevoer bekend as die Skooleindekschen (School Leaving Examination) gelykstaande met die matrikulasié behalwe dat Natesis en Latyn nie verpligte vakke was nie. Waar die vakke met die matrikulasié-eksamen ooreengestel het, was die eksamenvraestelle dieselfde. Die Skooleindsertifikaat was egter nie 'n kwalifikasie vir toelating tot die universiteit nie. Na 1910 is ook in sekere sentra 'n handelskursus in die plek van Natesis en Latyn deur die Departement toegelaat. So 'n kursus het boekhou, handelskorrespondensie, snelskrif en tikskrif ingesluit. Beide bogenoende alternatiewe kursusse het egter weinig opgang gemaak omdat die koorsagtige drang na die besit van 'n matrikulasiésertifikaat steeds te sterk was. Deur middel van die alternatiewe kursusse kon slegs die Skooleindsertifikaat behaal word.

In 1912 is die hoërskoolkursus met 'n jaar verleng en 'n vyfde klas, standerd E, is tot die hoërskoolstanderds toegevoeg. Dit is gedoen omdat die tyd vir voorbereiding vir die matrikulasié-

64. Sien Onderwysrapport 1909, bls. 13.

65. Sien Onderwys-gaset, 4 Maart 1904.

eksamen slegs 'n jaar na die Skoolhoëreksamen, wat aan die einde van standerd C plaasgevind het, te kort was en teveel van onderwyser en leerling gevrag het. Deur die aanstelling van 'n spesiale inspekteur vir hoërskole in 1906 is die werk van die hoërskole stadigaan op 'n hoër peil gebring en beter gekoördineer. Aanvanklik het in die hoërskole die klasonderwyser al die vakke van die kursus aan sy klas doseer. Die Departement het dit egter aangemoedig dat elke onderwerp deur 'n spesialiteitonderwyser moes onderwys word. Dit het daar toe bygedra om die gehalte van die onderwys aansienlik te verbeter.<sup>66</sup> Hierbenewens het die Departement ook aanbeveel dat onderwysers van die standerds C, D, en E in die reël 'n universiteitsgraad en 'n gesikte professionele sertifikaat moes besit, en onderwysers van A en B ten minste die O.2-sertifikaat en 'n akademiese kwalifikasie hoër as matrikulasié. Minstens drie lede van die personeel van 'n hoërskool moes gegradeerd wees.<sup>67</sup>

### Leerboeke en Biblioteke.

Een van die grootste moeilikhede wat dr. Muir gehad het by die toepassing van sy nuwe leerplanne was die gebrek aan gesikte leerboeke. Aangesien feitlik alle boeke van oorsee ingevoer is, het baie van die boeke in gebruik in die skole nie voorsien in die bepaalde behoeftes van die Suid-Afrikaanse kind nie. Dit was veral die geval met leesboeke. Dr. Muir het hom

66. Sien Memorandum oor Leerplanne, bls. 64.

67. Vgl. Onderwysrapport 1913, bls. 5.

dus daarin beywer om hierdie toestand te verhelp.

Die eerste vak waaraan aandag gewy is, was Aardrykskunde. Daar was geen goeie Suid-Afrikaanse atlas beskikbaar nie en die hulp<sup>p</sup> van die bekende kartograaf, J.G. Bartholomew, is ingeroep om 'n junior atlas te ontwerp. In 1903 is dit gevvolg deur die "Advanced Atlas for South African Schools." Dit word gesê dat dr. Muir, self 'n geesdriftige aardrykskundige, 'n groot aandeel gehad het in die opstelling van hierdie atlas. Die werk was absoluut modern en die aardkundige, weerkundige en natuurkundige kaarte wat dit bevat het, het besondere waarde gehad by die onderwys van aardrykskunde. Die Atlas het ook buite Suid-Afrika aandag getrek en dit is deur die President van die Britse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap in 1905 beskrywe as "een van de beste (school) atlassen ter wereld."<sup>68</sup> Die Departement het ook die firma T. Nelson & Sons bewoog om hierna die "Royal Wall Atlases for South African Schools" uit te gee.

In 1897 is aan die bekende plant- en skeikundige, dr. R. Marloth, die taak opgedra om 'n elementêre handleiding oor plantkunde op te stel. Dit is vanselfsprekend dat boeke oor plantkunde in Engeland geskrywe totaal ongeskik was vir skoolgebruik in Suid-Afrika. Twee verdere boeke wat ook op aanbeveling van die Departement die lig gesien het, was dr. Roger se "Geology of Cape Colony" en dr. Bertha Stoneman se "Plants and their Ways in South Africa." 'n Boek wat baie opspraak verwek het, was die "Rural

---

68. Aenvullende Onderwysrapport 1915, bls. 5.

"Reader for South Africa" deur mnr. A.B. Lamont wat hy op opdrag van dr. Muir geskrywe het kort nadat hy in 1908 as instrukteur in natuurstudie aangestel is. 'n Hollandse uitgawe van die werk, vertaal deur mnr. M.J. Stucki, het gelyktydig verskyn.

Verdere werke uitgegee onder beskerming van die Department was "Manual of Drawing" deur mnr. Rawson, tekeninstrukteur, "The Teaching of Cutting Out" deur mej. Fuechsel, naaldwerkinstruktrise, en "Tonic Sol-fa Theory" deur mnr. Rodger, eertydse sanginstrukteur. Dr. Muir het hom verder daarin beywer om uitgewersfirmas, plaaslik sowel as oorsee, te beweeg om 'n groot verskeidenheid van leesboeke en ander skoolboeke te doen uitgee wat spesiaal geskryf en opgestel is om aan die besondere vereistes van Suid-Afrikaanse skole te voldoen.

'n Saak wat dr. Muir in 1892 besonder getref het, was dat fasiliteite vir die lees van boeke behalwe skoolboeke vir die meeste kinders in die skole ontbreek het. In 1892 was daar slegs twee-en-twintig skole wat boekerye besit het. Dr. Muir was van mening dat, "Scarcely anything more valuable can be acquired at school than a taste for reading, and unfortunately the tendency to make all school work subservient to examination prevents in some degree the fostering of the taste."<sup>69</sup> In die gedagte van baie kinders was 'n boek „iets wat op skool gebruik word vir voorbereiding vir eksamens." So 'n gees wou Muir verwyder en in 1893 het hy 'n pamflet aan alle skole laat stuur

---

69. Onderwysrapport 1893, bls. 14.

waarin hy die voordele van 'n skoolboekery uiteengesit het en 'n  
 lys van uitgesoekte boeke aanbeveel het.<sup>70</sup> Dit het 'n onmiddel-  
 like uitwerking gehad en dieselfde jaar is dertig nuwe skoolboek-  
 rye in die lewe geroep. Die Departement het skole op die pond-  
 vir-pondstelsel gehelp om boeke en kaste vir bewaring daarvan  
 aan te koop. Deur gedurig daarop aan te dring dat elke skool 'n  
 boekery behoort te hê, het die aantal boekerye steeds toegeneen.  
 Van tyd tot tyd is die name van alle Eerste- en Tweedeklas-skole  
 wat versuin het om boekerye te stig in die Onderwysrapporte en  
 later in die Onderwys-gaset genoem. Dit was 'n kragtige middel  
 om die skole te dwing om aandag aan die saak te gee.

In 1903 is 'n departementelege pamphlet oor skoolboekerye uit-<sup>71</sup>  
 gegee. Die pamphlet het op volledige wyse die stigting en in-  
 standhouding van skoolbiblioteke behandel en behalwe nuttige boek-  
 lyste het dit ook allerhande wenke vir onderwysers bevat. In  
 1903 was daar alreeds 550 skoolbiblioteke. Amuskole en Plaas-  
 skole het dit moeilik gevind om biblioteke te stig, eersgenoende  
 omdat die nodige middelle ontbreek het en laasgenoende omdat die  
 skole gewoonlik so 'n kortstondige bestaan gehad het. Jeens 'n  
 baie voordelige koop het die Departement in 1903 in besit gekom  
 van 'n hele aantal stelle van Blackie se "Home and Colonial Li-  
 brary" en hierdie stelle is gratis aan skole aangebied op die en-  
 kele voorwaarde dat 'n sluitbare kas moes aangeskaf word om die

70. Onderwysrapport 1893, bls. 14.

71. Pamflet no. 18.

hoeke veilig te bewaar. Die aantal boekerye het as gevolg hiervan in 1904 tot 446 gestyg. In 1907 het daar weer besondere vooruitgang plaasgevind. 'n Private persoon het 'n skenking van £300 aan die Departement gedoen om die armer klasse van skole met boeke te voorsien. Die uitwerking hiervan was dat 170 nuwe boekerye gestig is.<sup>72</sup>

Die skema vir boekoverskaffing aan skole het verder voordeel getrek uit 'n erflating van £1,000 van mnr. Otto Beit. Hierdeur is die Departement in die geleentheid gestel om pakke boeke aan enige skool te stuur wat daarom gevra het. Teen 1907 het dr. Muir sy ideaal van „geen skool sonder 'n biblioteek" bereik.<sup>73</sup> Elke Eersteklas- en Tweedeklas-skool sonder uitsondering, het toe 'n boekery besit en slegs 'n paar honderd van die Derdeklas-, Plaas- en Armskole het nog in gebreke gebly om boekerye aan te skaf. In 1915 was daar 600 sulke skole onvoorsien, „maar als men het snelle oprichten en sluiten van kleine buitescholen in aanmerking neemt, kan dit aantal niet als sterk te verwonderen aangemerkt worden."<sup>74</sup> In 1915 was daar 2,257 skoollibrioteke en die aantal boeke meer as 333,000.<sup>75</sup>

#### Tekortkominge van die nuwe Leerplan.

In die voorafgaande bladsye is nagegaan wat die leer-

72. Sien Onderwys-gaset 18 Junie 1908.

73. Onderwysrapport 1896, bls. 15.

74. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls. 20.

75. Ibid.

planne in die skole voor 1892 was en wat dit onder die bestuur van dr. Muir geword het. Die leerplan van dr. Muir was 'n geweldige verbetering op die oue en dit was „well abreast of modern theory and practice.”<sup>76</sup> Die leerplan het 'n ruime, moderne en liberale opvoeding aan die geniddelde kind verseker. Ongelukkig was die toepassing van die nuwe leerplan egter onbuigsamer as tevore. In die nuwe leerplan met sy duidelik afgebakende hoeveelheid kennis wat die onderwyser in elke standerd moes needeel, is feitlik geen vryheid aan die onderwyser toegelaat om iets selfstandigs te doen nie. 'n Bepaalde hoeveelheid kennis moes in 'n bepaalde tyd aan die leerling neegedeel word en die onderwyser moes hom daaraan onderwerp.

In die eerste jaar van sy dienstyd, by geleentheid van 'n toespraak op Graaff-Reinet, het dr. Muir hom as volg oor die destydse stelsel van onderwys uitgelaat: „He was surprised to find that in connection with the educational system of this country, it did not matter whether a boy was destined to be a farmer, a merchant, or enter a profession, he had to go through the same mill, by studying the same subjects as others who had to follow in a different course of life.”<sup>77</sup> Die nuwe leerplan het ook, ten spyte van hierdie veroordeling van die oue, ~~enerse~~ gebreke gehad. Alle skole moes dieselfde leerplanne volg en daar is geen rekening

76. Sien kort skets oor Muir se werk, Onderwys-gaset, 2 Februarie 1922.
77. Muir: National Education, verslag van toespraak in Cape Argus, 1 Desember 1892.

nee gehou of dit 'n stadskool, dorpskool of buiteskool was nie. „Witmens, Kaffer, Moor en Indiaan, Hottentotten en Boesmans - wie school gaan, leert volgens één leerplan. Het kind van de Gouverneur-Generaal, als hij er een heeft, en dat van de straatveger-outa in de Kaapstad leren dezelfde les op school en volgens dezelfde methode. Dit is een eenvormigheid, die eenvoudig verbluffend moet zijn: De toekomstige eerste minister van dit land en die eenvoudigste dagloner leren tot op die hoogte waar de dagloner ophoudt dezelfde onderwerpen volgens een zelfde methode."<sup>78</sup>

Die Onderwyskommissie van 1910 het die onbuigsaamheid<sup>79</sup> en stroefheid van die leerplan sterk en beslis veroordeel. Die „Educational News" het dit beskrywe as „One of the worst features of school life in this Colony."<sup>80</sup> Die stroewe leerplan van dr. Muir het die indruk geskep dat elke kind sonder onderskeid deur 'n masjien moes gaan. In die ander provinsies van Suid-Afrika was daar in 1910 groter rekbaarheid en vryheid wat betref hulle leerplanne. In Transvaal is onderwysers nie verwag om hulle streng aan 'n gedetailleerde leerplan te hou nie. In die Oranje Vrystaat het die regulasies bepaal dat die afdelings van die leerplan eerder moes beskou word as wenke dan as instruksies wat in stipte besonderhede moes gevolg word. Natal het die onderwysers nog groter vryheid gegee deur alleen

78. De Unie, Desember 1912.

79. Sien Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 41 - 46.

80. A plea for Liberty, Educational News, April 1908.

te eis dat hulle hulle op hoogte moes stel van die leerplan en op  
 die algemene beginsels daarvan onderwys gee. In Kaapland is  
 geen rekening gehou met die persoonlikheid, omstandighede en voor-  
 uitsigte van die individuele kind nie. Die een onveranderlike  
 leerplan is almal gelyk opgedring - seun of dogter, blanke, natu-  
 rel of kleurling, stad of platteland, ryk of arm, traag of vlug.  
 Die Kommissie van 1910 het sterk op verandering van die leerplan  
 aangedring om meer buigsaamheid, rekbaarheid en aanpassing by  
 plaaslike behoeftes en omstandighede te weeg te bring. In Muir  
 se tyd het dit baie min wysiging ondergaan en vyf-en-twintig jaar  
 lank het dieselfde leerplan die skole gedien.

Die besware wat teen groter rekbaarheid ingebring is, was  
 dat die onderwysers oor die algemeen self nie genoegsame geleerd-  
 heid en opleiding gehad het nie om meer vryheid te regverdig, en  
 verder dat afwykings in die leerplan van plek tot plek moeilikhede  
 sou veroorsaak wanneer 'n kind van een plek na 'n ander verhuis  
 het.<sup>83</sup> Laasgenoemde beswaar was nie 'n baie ernstige nie omdat  
 sulke gevalle in vergelyking met die getal kinders op skool seker  
 maar baie gering was. Dat vryheid aan onbevoegde onderwysers nie  
 kon toegelaat word nie, was wel waar, maar met die steeds toene-  
 mende verbetering in die bevoegdhede van onderwysers kon nettertyd  
 meer rekbaarheid in die leerplan gekom het.

Die elementêre leerplan het aan drie ernstige gebreke gely.

81. Vgl. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 42.

82. Ibid.

83. Ibid., bls. 45.

- 574 -

Dit het die vakke Hollands, Geskiedenis en Godsdienst gegeld. Die veronagsaming van Hollands word in 'n volgende hoofstuk bespreek en kry dus hier geen verdere melding nie. In verband met Geskiedenis moet opgelet word dat die vak eers vanaf standerd vyf deel uitgemaak het van die leerplan. In standerd vyf het die leerling sy eerste geskiedenis begin leer en dan wel die periode 1066 tot 1485 van die geskiedenis van Engeland. As inleiding tot hierdie belangrike vak moes die leerling van tien, elf jaar oud, vir hom die toestande tydens die "Norman conquest" en "William the Conqueror" indink. Kon het verrassing baren als bij deze jongelui nimmer enig belang - om van enthousiasme niet te spreken - in dit vak kan worden opgewekt? De eerste blik die men krijgt is op een 'vallei van dorpe doodsbenederen' en dikwels bij de laaste blik - als men de skool verlaat - is er nog geen geest gekomen, waardoor zij ,le-  
 84 vend' zijn geworden." Dr. G. Cillie het in 1914 daarop gevys dat uit die 87,027 kinders op die skole 75 persent die skool verlaat het voordat hulle standerd vier bereik het, dus totaal onvoorbereid om aan die eise van die lewe te kan voldoen en sonder een lettergreep te weet van vaderlandse geskiedenis.  
 85 Is deze leemte in ons leerplan," het die voorsitter van die S.A.O.U. gevra, "niet juist die oorzaak waarom ek zo weinig vaderlands liefde bij ons te vinden is, en velen, zelfs

84. Malherbe: Voorsittersrede, S.A.O.U.-kongres 1912, De Unie, Februarie 1913.

85. Sien verslag van Skoolradekongres, De Unie, Maart 1914.

die hier geboren zijn, nog van andere landen spreken als hun  
86

, Home'?" Prof. de Vos het ook eens in 'n toespraak gesê, „Hoe dwaas dat onze kinderen alle biezonderheden omtrent de engelse geschiedenis en de aardrykskunde van Engeland ingeprent wordt, voor zij iets van de geaardheid van hun eigen land weten of hun eigen geschiedenis kennen. Onze kinderen zijn vreemdelingen in hun eigen land en geschiedenis, en daarom wordt alle nasionaliteit 87 voel gedood."

Alhoewel dr. Muir soveel aandag geskenk het aan die verbetering en uitbreiding van die leerplan het hy geen woord van godsdiensonderrig gerep nie. Onder die Onderwyswet van 1865 is vir openbare skole bepaal dat godsdiensonderrig in die skole toegelaat sou word op 'n tyd daarvoor deur die skoolbestuurders bepaal maar buiten die gewone skoolure. Geen skoliere moes gedwing word om sulke klasse by te woon sonder die toestemming van hul ouers nie. In die geval van Sendingskole is daar egter 'n groot onderskeid gemaak en godsdiensonderwys is wel gedurende skoolure toegelaat. In 1886 het die Parlement die kwessie van godsdiensonderwys in hersiening geneem. Die skoolure is net een uur verleng en daar is bepaal dat „Managers may provide for the Instruction of the Scholars in Religion during the ordinary hours of Instruction, but no Scholars shall be compelled to attend for such In-

86. du Pre le Roux: Voorsittersrede, S.A.O.U.-kongres, 1909,  
De Unie, Februarie 1910.

87. De Vos: Toespraak op Vryburg, De Unie, Maart 1910.

88. Vgl. Skedule tot Wet no. 13 van 1865. (G.97 - 1904).

struction without the consent of their Parents or Guardians."

Die wet het dus die seak geheel in die hande van die skoolkoni-tees gestel en hulle volkome vryheid gegee om soveel godsdiens-onderrig te laat gee soos hulle verkieς het.

In 1894 is godsdiensonderrig weereens deur die Wetgewende Raad bespreek en in 'n besluit is besondere nadruk gelē op die belangrikheid van behoorlike godsdiensonderrig aan die jeug en ook is die mening uitgespreek dat die Superintendent-Generaal van Onderwys die bestuurders van staatsondersteunde skole moes aanspoor „to make adequate provision for religious instruction of children attending these schools." Die bedoeling van die Wetgewende Raad was dat predikante deur die skoolbestuurders moes toegelaat word om die godsdiensonderrig aan die kinders van hul eie kerke te kom gee gedurende die tyd vir godsdiens afgesonder. Op hierdie besluit het dr. Muir nie dadelik gereageer nie. Ag jaar later het hy dienoorkom-<sup>een</sup>  
91 stige regulasies opgestel. On so 'n aanbeveling soos die Wetgewende Raad beoog het ten uitvoer te bring, het Muir blykbaar nie alleen onprakties gevind nie maar 'n bron van moontlike verwarring en disorganisasie in 'n skool, veral as vyf of ses predikante almal van verskillende kerkverbande gelyktydig 'n skool sou kom besoek het. Hieraan was die versuin

89. Proklamasie no. 80 van 1886. (G.97 - 1904).

90. Notule van Wetgewende Raad, 26 Junie 1894.

91. Die regulasies is in die Onderwys-geset van 13 Junie 1902 gepubliseer.

net die opstelling van die regulasies waarskynlik toe te skrywe. Daar is geen getuenis dat daar ooit veel van hierdie reg deur predikante gebruik gemaak is nie. Die hele kwessie van godsdiens-onderwys op skool was 'n netelige en dr. Muir, insiende dat <sup>die</sup> ~~moeder van~~/wysheid is, het verkies om die opstelling van 'n bepaalde leerplan vir godsdiensonderrig daar te laat.

In die Skoolradewet van 1905 is bepaal dat elke skool onder beheer van 'n skoolraad daagliks moes open met die „Onse Vader“ en met die lees van 'n gedeelte uit die Bybel maar dat geen kind verplig sou wees om daarby teenwoordig te wees as die ouer be-swaar gehad het nie. Nie-christelike skole is van hierdie ver-pligting vrygestel. Onder die bestaande wette was daar dus vol-doende geleentheid om godsdiensonderrig in skole te verskaf. Die Onderwyskommissie van 1910 wat die saak ondersoek het, het bevind dat die wette weinig bygedra het tot aanmoediging van godsdiens-onderwys en „in verband met het minimum bepaald in de Wet van 1905 bestaat er gewichtige reden om te betwijfelen of er in 't algemeen aan de wet voldaan wordt.“<sup>92</sup> Getuenis is voor die Kom-missie afgelê om te bewys dat weens onverskilligheid van onder-wysers en ander oorsake daar onder die jeug 'n verbasende gebrek aan kennis van die Bybel was en dat <sup>93</sup> Godsdienstkennis op een zeer lage trap staat bij onze kinderen.“ Die Kommissie het tot die slotson geraak: „Wij moeten erkennen, dat het stelsel van wet en

---

92. Rapport van Onderwyskommissie 1910, par. 23b, bls. 21.

93. Ibid., bls. 24.

regulaties zoals tans geadministreerd door de onderwijs-authoriteiten, in de praktijk uitloopt in nalatigheid in zake de godsdienstige en zedelike elementen van het onderwijs en in ver spreide onwetendheid in zake de Heilige Schrift, zodat het somtijds schijnt, alsof het volk Heidens is geworden."<sup>94</sup>

Dwarsdeur die land het daar ontevredenheid geheers oor die toestand van godsdiensonderwys op skole. Die saak is lewendig deur skoolrade bespreek en een skoolraad het selfs 'n spesiale kommissie benoem om die saak te ondersoek.<sup>95</sup> Reeds by die eerste kongres van die pasgestigte S.A.O.U. in 1905 is 'n besluit geneem om daarop aan te dring dat Bybelse geskiedenis een van die onderwerpe van die skolkursus moes wees. Die amptelike mening van die S.A.T.A., volgens die vereniging se antwoord op 'n rondvraag van die Onderwyskommissie van 1910, was egter gekant teen 'n wysiging van die bestaande stelsel.<sup>96</sup> Dit blyk dat lede van die S.A.T.A. gevrees het dat daar deur skoolkomitees opgetree sou word teen diogene wat gewetensbesware teen godsdiensonderrig gehad het of dat dit teen onderwysers sou geld by aanstellings.

In Oktober 1909 het die sinodes van die Nederduits-Gereformeerde Kerk en die "Church of the Province of South Africa" (Anglikaanse Kerk) toevallig geliktydig in Kaapstad sitting gehad. Beide het die noodsaaklikheid bespreek (nie vir die eer-

94. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 24.

95. Dit was die skoolraad van Stellenbosch.

96. Vgl. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 26.

ste maal nie) om die reëlings betreffende godsdienstige en sedelike onderwys in skole te verbeter en 'n kommissie is uit die twee liggeme benoem om saam met verteenwoordigers van die ander Christelike kerke 'n leerplan vir godsdiensonderrig op te stel.<sup>97</sup> Die Wesleyaanse, Presbyteriaanse en "Congregational" Kerke van Suid-Afrika het hartlik saamgewerk en die uiteindelike vrug van die verenigde pogings van die kommissie wat bestaan het uit figure soos prof. de Vos, prof. Moorrees, prof. Muller, prof. Marais, dr. McClure, kannunik Jenkins, ens., was 'n rooster van Bybellesse en 'n Kategismus gebaseer op die Heidelbergse Kategismus. Die kategismus is spesiaal opgestel vir gebruik in onsekteriese skole met volle beveiliging vir die vryheid van gewete van beide onderwyser en leerling. Die doel was geensins om die kategismus van die afsonderlike kerke te vervang nie maar slegs om 'n grondslag daar te stel wat vir alle seksies aanneembaar sou wees.

Die S.A.O.U. het eenparig die voorgestelde skema van die Kerke goedgekeur maar op die kongres van die S.A.T.A. gehou in Junie 1911, was die menings oor die saak so uiteenlopend dat besluit is om die saak tot die volgende kongres te laat oorstaan. Uiteindelik is eensgesindheid bereik en met die goedkeuring van beide die onderwysersverenigings sowel as van die Superintendent-Generaal van Onderwys wat die mening uitgespreek het dat „it might be tried,"<sup>98</sup> is die weg gebaan vir die Administrateur van Kaapland

97. Vgl. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 28.

98. Muir: Getuienis voor Onderwyskommissie 1910, vraag 575.

om 'n ordonnansie by die Provinciale Raad in te dien „Om betere voorziening te maken voor het geven van Godsdienstonderwijs op zekere onder Schoolraden staande Scholen.”  
99

Onder die bepalings van die Ordonnansie was die volgende:-

- (a) Behalwe skole met 'n nie-Christelike stempel sou voortaan elke skool daagliks geopen moet word met die Gebed des Here en met die lees van 'n gedeelte uit die Bybel. Vryheid van gewete sou egter ten volle geëerbiedig word.
- (b) Elke skool sou daagliks 'n kwartier tot 'n half-uur per dag godsdiensonderwys moes gee tot en met standerd IV en bo standerd IV nie meer as 'n half-uur per dag op twee dae van die week nie. Sodanige onderwys moes gegee word volgens 'n rooster van Bybellesse (soos deur die Kerke aanbeveel) wat in 'n bylae tot die Ordonnansie opgeneem is.
- (c) As die meerderheid van die ouers van kinders in 'n skool skriftelik daarom gevra het, sou onderwys ook gegee word volgens die Kategismus wat as bylae tot die Ordonnansie opgeneem is.
- (d) In opleidingskolleges sou die metodiek van godsdiensonderwys volgens die rooster en kategismus 'n fakultatiewe vak van die leerplan uitmaak.
- (e) Godsdiensonderwys sou nie onderhewig aan inspeksie wees nie, maar elke inspekteur moes toesien dat die bepalings van die Ordonnansie in die skole nagekom word.

Die "Kerkbode" se kommentaar op die passering van die ordonnansie was: "Dat door deze Ordonnantie een grote zaak gewonnen en een grote stap vooruit gedaan is, wat betreft het godsdiensonderwijs op onze publieke scholen, zal elke godsdienstige onderwijser met blijdschap erkennen; en verdienen onze Provinciale Raadsleden die ervoor stemden, en vooral onze hooged. Administrateur, die manmoedig voor de grote zaak in de bresse trad  
 100  
 onze oprechte dank."

#### Vermenigvuldiging van Eksamens.

Ten spyte van dr. Muir se eertydse afkeuring van die eksamenmanie wat daar reeds in Suid-Afrika geheers het voordat hy ooit hier voet aan wal gesit het, het hy voortgegaan om in feitlik elke nuwe vak 'n eksamen in te stel. Die omvang van die stelsel van eksamens wat die Departement later daar op nagehou het, klink vandag ongelooflik. Op 'n vraag deur een van die lede van die Parlement in 1906 het die minister verantwoordelik vir die onderwys aan die Huis meegedeel dat in daardie jaar 86 verskillende eksamens deur die Departement van Onderwys vir onderwysers en leerlinge afgeneem is en dat daar 19,606 eksaminandi was. Hierby was die Elementêre, Skoolhoër- en Matrikulasië-eksamens  
 101  
 nie ingesluit nie. Die inligting oor die departementeële eksamens deur die minister verskaf, blyk egter nie heeltemal korrek te wees nie. Die rapport van die Onderwyskommissie van 1910 het

100. De Kerkbode, 18 September 1913.

101. Sien School Examina, Ons Land, 14 Junie 1906.

juister opgawes van die eksamens verstrek. Behalwe die eksamens vir kwekelingonderwysers, is 53 afsonderlike departemente eksamens ingestel waarvan sestien teen 1910 reeds afgeskaf is. Onder die 37 eksamens wat behou is, het voorgekom eksamens nie alleen in teken, handwerk, en huishoudkunde nie, maar ook eksamens in plantkunde, skeikunde, wiskunde, natuurkunde, Latyn, Hollands, Frans, Duits, Kaffer en Sesotoe. Ingesluit in die jaarlikse eksamens vir die Skoolhoër en die Matrikulasié deur die Universiteit afgeneem, het dieselfde vakke voorgekom. Die rede waarom die Departement dus ook nog die vakke moes eksamineer bly duister. Die Departement het ook eksamens in tegnologiese vakke en in skilderkuns ingestel.

"Er schijnt een neiging geweest te zijn," het die Kommissie opgemerk, "het aantal eksamens snel te vermeerderen. Als we slechts vakken van algemeen onderwijs nemen, vinden wij dat het Departement drie nuwe eksamens in 1902 instelde, vier in 1904, en veertien pas zo kort geleden als 1905. Deze alle lopen over vakken, die reeds een plaats innamen in de oudere openbare eksamens."  
102

Oor die onderwerp van eksamens het die "Educational News" gesê: "It would be hard to find another country so sublimely blessed in this respect as our own. We have examining bodies galore; everything is determined and gauged by the

103

number of certificates that can be produced." Dit was nie alleen die Departement wat daaraan aandadig was nie maar die Departement het meegehelp om die toestand te vererger. Die toestand het die voorsitter van die S.A.O.U. in 1910 beweeg om te sê: "Eksamen afleggen en standaarden passeeren is hoofdzaak bij ouders en kinderen, ja, bij bijna alle betrokke partijen... En de onderwijzer, die het kind dit (die eksamen) in de kortst mogelike tijd kan laten doen, wordt geroemd als de beste onderwijzer en 104 zijn school als de beste school." Die Departement het die eksamenmanie verder aangewakker deur jaarliks in die Onderwys-gaset 'n vergelykende tabel van die uitslae wat die vernaamste skole in die matrikulasië-eksamen behaal het, te publiseer. Daarin is aangedui hoeveel kandidate vir die eksamen opgestuur is, hoeveel geslaag het en die persentasie deur die kandidate behaal. Aanmerkings soos die volgende het gewoonlik die tabel vergesel, "Deze resultaten leveren een tamelike goede maatstaf van de algemene 105 standaard van werk in deze scholen gedaan." Die maatstaf om die vooruitgang en gehalte van werk van 'n skool te meet, was dus die eksamenuitslae.

Behalwe die groot aantal eksamens wat die Departement jaarliks afgeneem het, het die Departement ook 'n hele reeks kompetisies gehou. Skole kon jaarliks meeding om pryse vir Skrif,

103. Educational News, Oktober 1905.

104. Du Pre le Roux: Voorsittersrede, S.A.O.U.-kongres 1910,  
De Unie, Februarie 1911.

105. Ibid.

Sang, Plantkundige versamelings, Naaldwerk, Insektekundige versamelings en Liggaansoefening. Die onderwyssstelsel het dus, soos dr. G. Cillie in 1907 opgemerk het, bestaan „veelal uit standaarden, eksamina, kompetities en statistieken. Wij gaan die dingen niet onverantwoordelik verwerpen," het hy verder opgemerk. „Ten enemale niet! Eksamina moeten er zijn, maar honderd en meer eksamina in 'n jaar! De standaarden zijn ook niet zo verwerplich als sommigen de gewoonte hebben het voor te stellen, maar de leerlingen van jaar tot jaar in die standaarden te knellen en te kwellen en ze niets anders te laten leren dan wat voor die volgende standaard voorgeschreven is, is geestesdodend en zinneloos. Kompetitie...is misschien ook iets goeds. Maar dan hebben wij ,drill competitions for infants,' 'shield competitions' in het solfa zingen, en ,sandmodelling competitions.' Wij leven voor kompetitie en menig leerling en knap student houdt op als die kompetitie ophoudt. En dan die statistieke opgaven jaar uit en jaar in. Een richting wordt net die andere vergeleken, één schoolraad met die andere, één distrikt met dat andere."<sup>106</sup> Was dit alles nodig om die kind op te voed? Sou die Departement van Onderwys nie die onderwys net so ver kon gebring het daarsonder? „Het is toch zeer twijfelachtig," was dr. Cillie se mening, „of dit alles dienen kan tot bevordering van die opvoeding. De wedijver kan zo licht

---

106. Cillie: Voorsittersrede, S.A.O.U.-kongres 1907, De Unie, Februarie 1908.

in naijver ontaarden, en men verliest zo gemakkelyk het hoofddoel  
107 uit het oog."

---

107. Cillie: Voorsittersrede, S.A.O.U.-kongres 1907, De Unie, Februarie 1908.

HOOFSTUK NEGE.DIE TAALVRAAGSTUK.

Lord Charles Somerset se poging in 1822 om die Afrikaner te verengels deur Hollands uit die skole te verban het op 'n mislukking uitgeloop.<sup>1</sup> Die Onderwyskommissie van 1861 sê in hierdie verband: „It is to be observed that although the new schools (die in 1822 gestig) were to be conducted exclusively in the English language, the teachers in those schools which were most successful taught Dutch,...but for their departure from their instructions in this respect, the 'English Schools'<sup>2</sup> would then have proved a failure in the country districts.”

Kol. Bell het in sy bekende memorandum hierdie feit ook ingesien. „The system of teaching the English language only in the free schools, - or rather the exclusion of the Dutch, - was in force for several years; but it was found that some knowledge of the latter was absolutely necessary, and this qualification in a teacher became thenceforth indispensable.”<sup>3</sup>

Met die instelling van die pos van Superintendent-Generaal van Onderwys en die nuwe stelsel van staatskole in 1839 het die regering hiermee rekening gehou en in die elementêre skolkursus onder die vak Engels bepaal: „This, (dit wil sê,

---

1. Sien bls. 10.

2. Onderwyskommissie 1863, par. 50.

3. Bell: Memorandum, 28 Augustus 1837. Herdruk in Rapport van Onderwyskommissie 1863, Aanhangsel V, No. 21.

, a sound grammatical knowledge of English') as it regards Dutch pupils, can only be attained by making a well-arranged course of oral and written translations from Dutch into English, and from English into Dutch, an essential part of elementary instruction. A grammatical knowledge of the Dutch language will be communicated to all pupils who require to join the translation classes."<sup>4</sup>

Dit dien hier opgemerk te word dat die toegeeflikheid teenoor Hollands alleen ten doel gehad het die verdere verengeling van die Afrikaner maar in hierdie geval was die metodes minder onbeholpe as die pogings van Somerset. Hollands sou in die skole geleer word om die kinders makliker te verengels! Dr. Dale het in sy getuienis voor die Onderwyskommissie van 1891 rondborstig verklaar dat „the political object of the system(wat in 1839 ingestel is) was to get the burghers to learn English."<sup>5</sup> Hierop het die Kommissie verklaar: „If such a political object was ever seriously contemplated, it could only have been by those who knew little of human nature in general and less of Dutch human nature in particular. For we may be certain that at the time when these superior schools were set on foot, any bruising in the burghers' minds that one of the objects of the schools was indirectly to suppress the Dutch language amongst them by 'getting them to learn English', at once foredoomed those schools to neglect and failure."<sup>6</sup>

4. Government Memorandum on Education, 23 Mei 1839, (Primary or Elementary Department), par. 2. Herdruk in Rapport van die Onderwyskommissie 1863, Aanhangsel V, No. 24.
5. Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel I, vraag 4.
6. Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel III, par. 73.

Die eerste Superintendent-Generaal van Onderwys, dr. Rose-Innes, en tewens lid van die Onderwyskommissie van 1861, het tydens 'n sitting van die Kommissie 'n voorstel ingedien dat die Kommissie in sy rapport moes aanbeveel dat die Hollandse taal in alle ondersteunde skole, waar nodig, moes onderwys word.<sup>7</sup> Hierdie voorstel is nie aangeneem nie en die Kommissie het in sy rapport geen Hollands op die leerplan vir die publieke skole opgeneem nie behalwe om in die geval van „Farmers' Schools" toe te staan dat „the instruction may be given through the medium of the Dutch language in localities approved by the Government."<sup>8</sup> Die Onderwyswet no. 13 van 1865 wat die resultaat van die werk van die Kommissie was, het egter die definitiewe bepaling neergelê dat Engels die enigste medium van onderwys sou wees in die Eersteklas- en Tweedeklas-skole en dat in die Derdeklas-skole die onderrig sou geskied „as far as practicable through the medium of the English language within twelve months after the first establishment of the school."<sup>9</sup> In Sendingskole ook, moes die medium „as far as practicable" Engels wees.<sup>10</sup> In die leerplanne wat deur die wet vasgelê is, is Hollands glad nie as vak genoem nie.

7. Notule van Onderwyskommissie 1863 vir 30 Oktober 1862, bls. ciii.
8. Rapport van Onderwyskommissie 1863, Summary of Recommendations, no. 15, bls. lxxv.
9. Skedule tot Onderwyswet no. 13 van 1865, Order A, Class I, par. 12; en Class II, par. 12. (G.97 - 1904).
10. Ibid., Order A, Class III, par. 10.
11. Ibid., Order B, par. 10.

Dit was die toestand van sake in verband met die taal toe die tweede Onderwyskommissie, die van 1879, die kwessie van die Hollandse taal in die skole ondersoek het. Hierdie Kommissie het aanbeveel dat daar, indien moontlik, beter voorsiening vir die onderrig in die Hollandse taal moes gemaak word, en dat alle restriksies in verband met die taalmedium behoort verwijder te word. Die Kommissie het verder opgemerk: "It should not be forgotten that this is the language, in a modified form, no doubt, of the greater portion of the population."<sup>12</sup> Ten spyte van bestaande aanbevelings is eienaardig genoeg in die skedule van 'n deur die Kommissie voorgestelde nuwe onderwyswet geen melding van Hollands gemaak nie alhoewel "English Grammer"<sup>13</sup> 'n ereplaas gekry het.

Die aanbevelings van die Kommissie van 1879 het darem vrug gedra, want in 1882 is die skoolregulasies deur die Parlement as volg gewysig: "So much of the School Regulations contained in the Schedule to the Education Act, 1865 as provides that the instruction during the ordinary school hours shall be given through the medium of the English language only, is hereby repealed."<sup>14</sup> In dieselfde gewysigde regulasies is voorsiening gemaak vir die uitbetaling van toelaes aan onderwysers om Hollands in skole te onderrig, terwyl in Eersteklas- en Tweedeklas-skole dit toegelaat is om Grieks en Latyn respektiewelik, deur 'n moderne taal te laat

12. Rapport van Onderwyskommissie 1879, par. 17.

13. Vgl. Rapport van Onderwyskommissie 1879, Aanhangsel II, bls. lll et seq.

14. Proklamasie no. 113, 1882. (G.97 - 1904).

vervang. Hierdeur sou Hollands dus een van die leervakke in daardie skole kon geword het. Sedert 1882 dus, het 'n skool-bestuur die reg gehad om te bepaal watter van die twee landstale in die skool onder sy beheer as medium sou gebruik word. Van hierdie reg is daar egter maar min gebruik gemaak soos hieronder sal aangetoon word. „De volkomene vrijheid van handelwijze...had natuurlik niet ten gevolge dat Hollands en Engels in dezelfde mate voor schoolwerk gebruikt werden, en inderdaad er is geen bewijs dat enige biezondere verandering voor ettelike jaren na 1882, wat betreft het werkelik gebruik, plaats vond," het dr. Muir oor hierdie saak gesê. „Zelfs in 1892 toen ik mijn ambt aanvaardde, was er geen merkbare verandering." Engels was in al de stedelike scholen en in de grote meerderheid van buiten-scholen het enige medium van onderwijs, zijnde het gevoelen van de Hollandse ouders dat hun kinderen naar school gezonden werden hoofdzakelik om Engels te leren.<sup>15</sup>"

So het *sake* dus in verband met die Hollandse taal daar uitgesien toe dr. Muir in 1892 sy pligte as Superintendent-Generaal aanvaar het. Teoreties en wettiglik kon Hollands as vak in enige skool geneem word terwyl daar 'n vrye keuse bestaan het tussen Hollands of Engels as medium by die onderwys. In die praktyk was die saak van glad 'n ander aard. Die kragtige invloede van die verengelsingsbeleid wat reeds tachtig jaar aan die gang was, het 'n gestadige agteruitgang in die

---

15. Uittreksel uit Memorandum opgestel deur dr. Muir, 25 November 1910. Aangehaal in Rapport van Taalkommissie 1915, par. 12.

studie van die volkstaal ten gevolge gehad. „Ons stelsel van opvoeding ging uit van die stilzwijgende veronderstelling dat het volk geen ander taal spreekt dan de Engelsche, en geen vaderland kent dan Engeland. Engelsche boeken en afschriften namen langzamerhand de plaats in der Hollandsche. Dit alles kan geen andere uitwerking hebben dan dat het opkomend geslacht met onverschilligheid zoo niet met verachting op de moedertaal begon neder te zien, als de taal der minder ontwikkelde, en dat zij vooral in de groote steden, al minder als spreektaal in hoogere kringen gebezigd werd.”<sup>16</sup>

Die gees van die tyd was tot ontstellende mate Engels.

Selfs die Hollandse kerk het sterk onder die invloed daarvan gestaan. Lidmate is dikwels in Engels gekatkiseer en in die moederkerk in Kaapstad en op baie ander plekke het die Engelse taal die Hollandse by die aandienste verdring. „Zoals de zaken thans staan,” het prof. A.A. Moorrees in sy oproep tot die voorgestelde taalkongres in 1890 verklaar, „wordt er op onze scholen, weinig of niets aan de beoefening der Nederlandsche Letterkunde en stellig niet genoeg aan die der taal gedaan. Het gevolg kan men waarnemen by het opkomend geslacht. Men spreekt, schrijft, leest, denkt in het Engelsch, en iemand behoeft waarlijk geen profeet te zijn om te kunnen voorzien, dat als het zoo blijft voortgaan, die taal der vaderen geheel uitsterven zal, en zoowel op maatschappelijk als kerkelijk gebied door de Engelsche zal worden

---

16. Moorrees: Oproep tot de Taalkongres, De Zuid Afrikaan, 6 Mei 1890.

17

verdrongen."<sup>17</sup> 'n Ander wat uit 'n leeftyd se ondervinding en ook met die hoogste gesag oor die saak kon praat, het verklaar: "Dit was tog 'n treurige tyd op die gebied van onderwys en maatskappy. (Dit na aanleiding van die tydperk 1878-1900.) Daar was 'n geweldige verengelsing van ons volk aan die gang. Dit was die tyd toe Engels feitlik die enige medium van onderwys was in alle skole deur die Departement van Onderwys ondersteun, hoewel sedert 1882 Hollands ook sy regte gekry het. Engels het egter tog die hooftaal gebly, en Hollands die tweede taal. Gevolg was: Engels is die spreektaal geword onder die leerlinge; en as dit nie die geval was nie, moes dwang toegepas word. Engels nie alleen die skooltaal nie, maar ook die taal in die geselskappe en vergaderinge van die jongelui, in briefwisseling onderling, in geregshowe, ens. -  
18 selfs in baie huisgesinne van Hollandssprekende families."

Dat hierdie gees selfs tot die hoogste kringe van die gemeenskap deurgedring het, word bewys deur die voorstel wat in die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van 1880 ten gunste van die amptelike erkenning van Hollands deur die landsowerheid, ingedien is. Meer as een spreker tydens die bespreking het dit as belangrik bestempel om in 'n Engelse kolonie gelyke regte te wil eis vir Hollands in die skool, gereghof en Parlement. Die voorstel is slegs met 'n meerderheid

17. Moorrees: op. cit., De Zuid Afrikaan, 6 Mei 1890.

18. Stucki: Die Skool op Blaauwvallei, bls. 114.

19

van 54 teenoor 37 stemme aangeneem. Dit was dus nie alleen die skole wat aandadig was aan die agteruitgang van die taal nie.

"Meestal krijgen onze scholen en ons stelsel van opvoeding alleen de schuld van de verwaarloozing onzer geliefde taal. Neen, mijne mede taalvrienden! Wij zelven zijn de moordenaars. Het schijnt een algemeenen regel te zijn, dat de Hollandse taal een banneling is van de zit- en eetkamers in onze steden en dorpen, en helaas! maar al te veel in die van geleerde strijders voor onze taal. Zij 20 wordt als eene vreemde door onze kinderen beschouwd." Die Hollandse saak is egter elders kragtig ter hand geneem en twee jaar later is die gebruik van Hollands nie alleen in die Parlement toegelaat nie maar ook as medium in die skole.

Dat daar so 'n beperkte aanvraag vir Hollands as vak en as medium in die skole van destyds was, was veral aan twee oorsake toe te skrywe. Eerstens, die inspekteurs het die skole feitlik altyd in Engels ondersoek. "Komt een inspekteur de school onderzoeken, dan worden de klassen zeer grondig onderzocht in Engelsch, Rekenkunde, Geschiedenis, en Aardrykskunde. Grammatika betekent voor hem, Engelsche Grammatika, en Geschiedenis, Engelsche Geschiedenis. Maar komt men bij het Hollandsch dan loopt hij heel vlugtig over het onderwerp heen, en in het rapport over de school wordt een enkele, uiterlijk een paar volzinnen aan het Hollandsch 21 gewijd." Tweedens, het die Kaapse Universiteit wat vir die

19. De Synode en de Taalkwestie, De Zuid Afrikaan, 20 November 1890

20. Strijder voor de Hollandsche Taal, in De Zuid Afrikaan, 1 Oktober 1891.

21. Moorrees: op. cit., De Zuid Afrikaan, 6 Mei 1890.

skooleksamens verantwoordelik was, Hollands 'n ondergeskikte plek laat inneem. In die Elementêre Eksamen was die vakke,  
 Engels, Reken, Skrif, Geskiedenis en Aardrykskunde. In die  
 Skoolhoör- en Matrikulasië-eksamens is Hollands gelyk gestel  
 met vreemde tale en daarvan is ook heelwat minder punte toege-  
 ken as Engels. Soos die geval met alles destyds was, was die  
 Universiteit ook maar op Engelse lees geskoei en hierdie in-  
 rigting het saam met die tyd gegaan. „Het is de Raad der Uni-  
 versiteit niet te wijten dat bij het onderwijs Hollandsch een  
 onderschikte plaats naast Engels inneent. Dit was het geval  
 lang voor de Universiteit werd opgericht. Als zij... Engelsch  
 als de taal van het onderwijs beschouwt, en een keus geeft  
 tusschen Hollandsch, Fransch, en Duitsch als vreemde moderne  
 talen, dan handelt zij in overeenstemming met hetgeen hier be-  
 stond toen zij werd opgericht, en nog bestaat."  
23

On die toestand van agteruitgang teë te gaan, is ingesien  
 dat handelend moes opgetree word. Op 31 Oktober 1890 is 'n  
 kongres van voorstanders van die Hollandse taal in Kaapstad  
 gehou. 'n Reeks belangrike besluite betreffende die griewe  
 in verband met die verwaarlozing van Hollands deur die skole  
 en die Universiteit is geneem en op dieselfde kongres is die  
 Taalbond gestig wat later so 'n verreikende invloed op die be-  
 stendiging en behoud van die Hollandse taal sou uitoefen. On-  
24

22. Eers later is Hollands as vak toegelaat.

23. Inleidingsartikel, De Zuid Afrikaan, 17 Mei 1890.

24. Sien verslag van toespraak van dr. J. Viljoen oor ont-  
 staan van Taalbond, De Unie, Julie 1914, bls. 12.

danks gedugte teenstand ~~aan~~ nie alleen Engelse kant nie maar ook aan die kant van mede-Afrikaners „het die Taalbond bedaard sy gang gegaan, trots alle lawaai en verguisings; en die ondervinding van <sup>25</sup> die jare het getoon dat die doel edel en goed was...“ As voorbeeld van die teenkanting wat die Taalbond selfs in die Parlement moes verduur, dien die volgende uitlating van mnr. J.X. Merriman: „This was an examination on the part of a body calling itself the Taalbond. These poor miserable little urchins having been through the Elementary had to be examined again by the Taalbond who published examination lists in the newspaper. (Laughter). He thought that if the Hon. member would use his influence towards putting <sup>26</sup> a stop to this he would be doing a good turn to the country.“.

Die besluite van die Taalkongres het onder andere, die volgende ingesluit:- <sup>27</sup> (1) dat Hollands as verpligte vak by die Elementêre Eksamens behoort ingevoer te word; (2) dat die geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika óf in Hollands óf in Engels onderwys sou word en dat die Universiteit hierdie vakke in beide tale eksamineer; (3) dat Hollands in die Matrikulasië-eksamen gelyk geplaas moes word met die hoofvakke van die eksamen; (4) dat elementêre onderwys in en deur medium van die taal van die meerderheid van die plaaslike bevolking behoort te geskied; en (5) dat eksamenvraestelle oor Hollands in en deur daardie taal ge-

25. Stucki: op cit., bls. 118.

26. Cape Hansard, 25 Julie 1895.

27. Sien Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel I, bls. 33 et seq.

stel en beantwoord moes word.

Onmiddellik na die kongres het die sinode van die Kerk sitting gehad. Dat die Hollandse saak wel vordering gemaak het, blyk daaruit dat die sinode met 100 stemme teen 21 die beginsel van moedertaalmedium goedgekeur het en haar seël op <sup>28</sup> die besluite van die Taalkongres geplaas het. Die besluite het egter min gehelp en jarelank sou dieselfde onbevredigende toestand van voorheen voortduur.

Toe dr. Muir in 1892 in Suid-Afrika aangelkom het, het hy, buiten al die ander moeilikhede wat op oplossing gewag het, ook te doen gekry met een van die taaiste vraagstukke wat 'n mens ooit mee te doen kon gekry het. Die ontluikende aspirasies van die Afrikaner-volk het juis op hierdie tydstip begin vaste vorm kry. Die Afrikaner het begin besef waarheen hy wou. Wat sou dr. Muir se houding in verband met die taalvraagstuk wees? Die taalvraagstuk was, helaas, sogenaamd 'n politieke vraagstuk en dus kon die hoof van die opvoedingsdepartement dit eenvoudig laat links lê, met die verontskuldiging dat hy nie aan politiek wou deelneem nie. " 'n Suiwer opvoedkundige bekouing en handeling sou weliswaar ongetwyfeld so 'n saak dadelik uit sy politieke omhulsel gelig het, maar daartoe was hy nie aangelê nie."<sup>29</sup>

28. Sien "De Synode en de Taalkwestie," De Zuid Afrikaan, 20 November 1890.

29. Hofmeyr: 'n Oud-inspekteur kyk terug, Die Huisgenoot, 8 Maart 1935.

Buitendien, dr. Muir het na Suid-Afrika gekom as uitlander, ingevoer deur Rhodes om die Rhodes-politiek te bevorder. Sy optrede in verband met die taalvraagstuk dwing 'n mens om tot diezelfde gevolgtrekking te kom as een wat Jarelank as inspekteur met hom saamgewerk het en dus Jarolank 'n rat in die genadelose Muir-masjien gevorm het. „Sy opdrag - so stel ek dit my altoos voor -," het hy na uittreding uit die diens van die Departement verklaar, „was nie om sy voorganger se werk te kom voortsit en uitbrei nie, ook nie om 'n beleid te volg wat hom na grondige ondersoek, die beste vir albei groepe van ons bevolking sou skyn te wees nie, maar om die Engelse kleur van ons onderwysstelsel te versterk en te bestendig; in kort, om die aangeleenthede so te stuur dat Kaapland uiteindelik eentalig Engels sou word. Van die Engelse kant beskou 'n mooi ideaal en 'n gerieflike oplossing op die koop toe, so gerieflik dat meer as een vooraanstaande Afrikaner gereed was om sy tradisies vir daardie gerieflikheidsprys te verkoop.”  
 30

Aan die taalvraagstuk het dr. Muir hon dus nie gewaag nie en hy het hom weinig gesteur aan die gedurige agitasie ten gunste van Hollands wat deur die Hollandse koerante, die S.A.O.U. en ander aan die gang gehou is.

Tot op 1900 het die taalkwessie egter in Kaapland nie eintlik van uiters dringende belang geword nie. Die meerderheid van die Hollandssprekende bevolking was nog lou oor die hele saak.

30. Hofmeyr: 'n Oud-inspekteur kyk terug, Die Huisgenoot, 8 Maart 1935.

Die gebeurtenisse aan die einde van die eeu het egter 'n betekenisvolle uitwerking gehad. Die vryheidstryd van die Transvaal en die Oranje Vrystaat het die genoedere van die Afrikaner in Kaapland in diepe beroering gebring. Meer as enige ander gebeurtenis in Suid-Afrika het die noodige stryd van die republieke die Afrikaanssprekendes laat voel dat hulle van die Zambezi tot in die Kaap een samehorige eenheid was met gemeenskaplike belang, 'n gemeenskaplike toekoms en 'n gemeenskaplike taal. Die nasionale ontwaking was verantwoordelik vir die feit dat die kwessie van volle erkenning van die Hollandse taal weer kragtig op die voorgrond gebring is. Van toe af was die taalprobleem eers 'n ernstige en die stryd teen vooroordeel, miskenning, verwaarlozing en afskeping sou deur die volksleiers deurgevoer word tot uiteindelike seëviering.

Nog voor die vyandelikhede in 1902 beëindig is, het die Britse regering doelbewus en met die uiterste kragsinspanning 'n beleid van verengelsing op die verowerde republieke begin toepas.  
<sup>31</sup> Die hele poging was op die skole genik en dit weer-spieël die gees wat daar destyds onder die Engelssprekende onderwysers van Kaapland geheers het, dat die tak Kimberley van die S.A.T.A. sig met die taalvraagstuk in die noorde ingemeng het deur die volgende voorbarige besluite in verband met  
<sup>32</sup> die saak te geneem het:-

31. Sien Malherbe: Education in South Africa, bls. 297-334 vir 'n heldere relaas van hierdie poging.

32. Educational News, Mei 1901, bls. 80.

"(1) That, in the interests of education, it is of the highest importance that English should be the medium of instruction in the State-aided schools of the new colonies.

"(2) That, in view of the fact that certain teachers were formerly in the service of the governments of the Transvaal and Orange Free State, it should be permissible for these teachers, if reappointed, to use Dutch as the medium of instruction for a period not exceeding three years, during which time they are required to qualify themselves to use English.

"(3) That under no circumstances should Dutch be used as a medium of instruction in these schools after a period of three years from the time a settlement is effected.

"It was further resolved:-

"(1) That the various local branches of the S.A.T.A. be invited to co-operate by forwarding similar resolutions to the Secretary of State for Colonies.

"(2) That the resolutions be forwarded to the three chief Teachers' Unions in Great Britain, viz., The National Union of Teachers, The Teachers' Guild, and the Educational Institute of Scotland, asking them to take what steps they deem advisable, and bring the matter before their parliamentary representatives.

"(3) That in due course the resolutions be sent for publication to the London Times, to bring the matter more directly to the notice of the British Public."

Bestaande besluite is ook deur die Kaapstadse Tak van die S.A.T.A. onder bespreking geneem, maar in hierdie geval het 'n meer gematigde gees geheers en die „homicidal intent on the Dutch language" uit Kimberley afkomstig, is wyslik afgekeur.  
33

Alhoewel daar in Kaapland jare reeds slegs een onderwysersvereniging, die S.A.T.A., bestaan het, het die Afrikaansspreken-

des hulle al hoe neer begin ontuis voel in daardie vereniging veral daar die Engelse lede deur hul anti-Afrikaanse optrede, waarvan bostaande 'n voorbeeld is, die Afrikaanssprekendes laat voel het dat daar vir Hollands geen plek was nie. "This Association (S.A.T.A.) has in the past tended too much to be sectional," was selfs die oordeel van 'n Engelse koerant.

"It has long been felt that Dutch-speaking teachers are not altogether at home in it...Here we have on the agenda of the present Congress important discussions on the Education Bill, on religious education, on the teaching of English, and on various other matters concerning the work of the teaching profession in this Colony, and the status of its members, but we cannot find a single word suggesting that the Association takes the least interest in the teaching of the Dutch language, and while we are all anxious to know the opinion of teachers on the proposed Taal-vereenvoudiging we look in vain to the Teachers' Association for guidance. There are other pressing questions connected with the Dutch language which we should have thought must have aroused the attention of every educationist in the country, but which are passed over by the As-  
34  
sociation."

Toe dit die lede selfs belet is om hulle van die Hollandse taal by die kongresse te bedien, is gevoel dat die belang van die Hollandse taal, onderwyser, en kind die beste

deur 'n aparte vereniging kon behartig word. Op 4 April 1905 is 'n kongres gehou met die doel om die vereenvoudiging van Hollands te bespreek. Dieselfde kongres het ook besluit om 'n vereniging van onderwysers op te rig en 'n maandblad te doen verskyn in die vereenvoudigde taal as orgaan van die nuwe vereniging.<sup>36</sup> Dit was dan die ontstaan van die „Zuid Afrikaanse Onderwijzers Unie" en die maandblad, „De Unie." „Het enig grote verschil tussen de S.A.T.A. en ons is," het dr. W.J. Viljoen in sy voor-sittersrede by die tweede kongres van die nuwe vereniging gesê, „dat wij, rekening houdend met het feit, dat Zuid Afrika 'n tweetalig land is, wel terdege werk maken van het Hollands als die taal van een grote percentage van de schoolgaande jeugd, terwyl de S.A.T.A. zich, om licht bevroeden redenen, totnogtoe al heel weinig aan dit belangrike leervak liet gelegen zijn."<sup>37</sup>

Beide die vereniging en die blad het mettertyd 'n kragtige instrument blyk te wees in die stryd om die erkenning en die opbouing van die Hollandse taal. „Als eenmaal door bevoegde, onbevooroordeelde hand die geschiedenis zal worden geschreven van het onderwijs in Zuid-Afrika, dan zal, daarvan houd ik me overtuigd, die geschiedenis niet volledig kunnen worden geacht zonder eervolle vermelding van wat ten bate van het nationale onderwijs in

35. Sien Inleidingsartikel, De Afrikaander Onderwiizer, Ons Land, 28 Junie 1905.
36. Sien verslag van verrigtings van die kongres, Ons Land, 5 April 1905.
37. De Unie, Januarie 1907.

het algemeen en de gezonde geestesontwikkeling van het Zuid Afrikaanse volk in het biezonder tot stand heeft gebracht de Z.A.O.U. door middel van z'n voornamen, z'n kongressen en - niet het minst - door middel van z'n krachtig en gespierd organisaan -, , De Unie."<sup>38</sup>

Die Z.A.O.U., of S.A.O.U., soos die vereniging later bekend gestaan het, het sy werk met krag en ywer voortgesit maar van overheidsweë het dit aanvanklik skamele erkenning ontvang. Op die kongresse van die S.A.T.A. het dr. Huir meer as eenmaal sy verskyning genask maar by die van die S.A.O.U. nooit.

"Waaron neent het Departement van Onderwijs geen notitie hoe-genaand van de kongressen van de Z.A.O.U?" het 'De Unie' eens pertinent gevra. "Op onze kongressen ziet men geen man die met het Onderwijs Departement gekonnekteerd is."<sup>39</sup> Die S.A.O.U. het nog ten spyte hiervan belangrike dinge reggekry. Vernaamste hieronder was dat in 1910 die Departement na vertoë wat jaar na jaar herhaal is, uiteindelik oorgehaal is tot die opstelling van 'n behoorlike leerplan vir Hollands in die skole - iets wat tot op daardie datum nooit bestaan het nie.

Die oorweging deur die Parlement in 1905 van die Skoolradewetsontwerp het die Afrikaner-party in die volksraad die geleentheid gegee om die kwessie van Hollands in die skole op die voorgrond te bring. Dit was die mening van hierdie

38. Viljoen: Brief aan die S.A.O.U.-kongres 1910, De Unie, Januarie 1911.

39. De Unie, Februarie 1911.

deel van die volksvertegenwoordiging dat die voorgestelde onderwyswet 'n onvangrike maatreël moes wees wat die leerplanne van die skole sowel as die bestuur en finansiëring van die skoolstelsel moes omvat. Die Skoolradewet was egter 'n kompromismaatreël en dit sou nooit op daardie tydstip die wetboek bereik het indien op taalwetgewing aangedring is nie.

Die volgende jaar het 'n reeks petisies van die Hoofbestuur van die A.C.V.V., die Afrikaner-Bond, en die Taalbond, almal versoekende dat die Parlement ondersoek instel na die plek wat die Hollandse taal in die skole, publieke eksanens, staatsdiens en geregshewe ingeneem het, aanleiding daar toe gegee dat 'n Gekose Komitee aangestel is. Die Komitee, bestaande uit nege lede, het 'n deeglike ondersoek na die toestand van die taal ingestel. Twee rapporte van die Komitee is voor die Volksraad gelê - 'n meerderheids- en 'n minderheidsrapport, laasgenoende onderteken deur die vier Afrikaanssprekende lede van die Komitee.<sup>40</sup> Die rapporte het interessante feite aan die lig gebring.<sup>41</sup>

Die getuenis wat ingewin is, het oortuigend bewys dat Hollands in 'n erkende tweetalige land deur die administrasie afgeskoept is.<sup>42</sup> Terwyl daar bevind is dat die Departement van Onderwys geen beswaar gemaak of teenstand gebied het teen die onderwys van Hollands in die staatsondersteunde skole nie, tog was daar

40. Sien Gekose Komitee oor Hollandse Taal, 1906.

41. Hulle was F.S. Malan, C.J. Krige, J.A. Vosloo en N.F. de Waal.

42. Minderheidsrapport van Gekose Komitee 1906, par. 1.

tallose klagte oor die gebrek aan simpatie en aanmoediging aan die kant van die Departement. Dit is op die volgende wyse <sup>43</sup> getoon:- (a) die leerkursus van die elementêre skole is gewoonlik so ingerig dat feitlik geen tyd aan die behoorlike onderrig van Hollands kon bestee word nie omdat die vak nie noodsaaklik by die inspeksie geag is nie; (b) onvoldoende nosisie is van die werk in verband met Hollands by die gewone skoolinspeksie geneem; en (c) die meerderheid van inspekteurs was onbekwaam om Hollands te inspekteer. Dit was dus nog die <sup>44</sup> ou grieve van sestien jaar tevore. Vanaf 1890 tot 1906 het daar dus maar bloedweinig verbetering ingetree.

Die Komitee was van mening dat die slechte toestand baie kon verhelp word as voorkeur aan tweetaliges by die aanstelling <sup>45</sup> van inspekteurs sou gegee word, en as die Hollandse taal by al die publieke eksamenens op gelyke voet met Engels <sup>46</sup> sou geplaas word. Ten slotte het die Afrikaanssprekende lede van die Komitee dit as hul oortuiging uitgespreek dat 'n groot deel van die ontevredenheid wat onder die volk oor die behandeling van die Hollandse taal geheers het, verwyder kon word deur "a sympathetic administration, based on full recognition <sup>47</sup> of the fact, that this is a bilingual country."

43. Minderheidsrapport van Gekose Komitee 1906, par. 4.

44. Sien bls. 293 et seq.

45. Meerderheidsrapport van Gekose Komitee 1906, par. 3, en Minderheidsrapport, par. 5.

46. Meerderheidsrapport van Gekose Komitee 1906, par. 4, en Minderheidsrapport par. 6.

47. Minderheidsrapport par. 12.

Onderwysaangeleenthede het in 1907 weereens die aandag van 'n Gekose Komitee van die Parlement gekry. Alhoewel die Komitee 'n wye veld van ondersoek moes dek, was die taalmedium ook een van die onderwerpe. Niks nuuts het aan die lig gekom nie. Net spos in die vorige jaar is in die Komitee se rapport daarop gewys dat die keuse van die medium van onderwys nog steeds in die hande van die skoolkomitee was en nognaals is die aanbeveling gedoen dat alle inspekteurs in die toekoms aangestel tweetalig behoort te wees.

48

Die totstandkoming van 'n meer simpatieke regering met 'n Afrikaner-meerderheid en mnr. N.F. de Waal as minister verantwoordelik vir onderwys, het by die indiening van die wetsontwerp ter wysiging van die finansiële reëlings in verband met skole in 1908, weereens geleentheid geskep om die kwessie van die taalmedium deur middel van wetgewing te probeer oplos. Met hierdie doel is dus 'n gedeelte van bogenoende wetsontwerp gewy aan 'n reeks klousules oor die taalmedium. Die pedagogiese beginsel dat die aanvangsonderwys deur middel van die kind se moedertaal behoort gegee te word, is in die wetsontwerp erken. Daar is verder voorgestel: (a) dat Engels en Hollands die enigste media van onderwys in die Kolonie erken word; (b) dat elke kind tot en net standerd drie deur die taal wat hy die beste kon verstaan en praat, moes onderwys word terwyl die tweede taal trapsgewys as

49

48. Rapport van Gekose Komitee oor Onderwys 1907, par. iv.
49. Sien Educational News, Julie 1908 en Ons Land 4 Julie 1908 vir volle inhoud van wetsontwerp en bespreking daarvan.

ondergeskikte medium sou ingevoer word; en (c) dat alle onderwysers wat tot standerd drie onderwys gee, tweetalig moes wees. Ruime voorsiening is gemaak vir vrystelling van die gebruik van Hollands as tweede medium ingeval 'n Engelssprekende ouer of die skoolkomitee daarteen beswaar gehad het. Die voorgestelde bepalings was die eerste poging in Kaapland om tweetaligheid onder die jeug van beide seksies van die bevolking te bewerkstellig.

Die bepalings was egter van so 'n verreikende aard dat die wetsontwerp na 'n Gekose Konitee vir oorweging en rapport verwys is. Onder die Engelssprekendes het die taalklousules verwoede teenstand uitgelok. Die „Educational News" het die taalklousules beskrywe as „crude in its conception and disastrous in its effect on the schools."<sup>50</sup> Die Gekose Konitee se beraadslagings het op 'n kompromis uitgeloop en die rapport het 'n algehele verwatering van die voorstelle aanbeveel.

Moedertaalmedium sou slegs tot en net standerd twee toegepas word en daarna sou die medium dwarsdeur slegs Engels wees.

Verder is aanbeveel dat „geen leerling van 'n staatsgesubsidieerde school zal bevorderd kunnen worden van enige standaard na enige hogere standaard, tenzij hij, onder meer een zodanige kennis van de Engelse taal verkregen zal hebben, als billikervwijze van hem verwacht mag word en tenzij hij voldoende voordeelingen maakt in de kennis van de taal."<sup>51</sup> Die aanname van

50. Educational News, Julie 1908.

51. Rapport van Gekose Komitee oor Skoolrade, 1908.

hierdie aanbevelings sou egter 'n stap agteruit beteken het. Dit sou die reeds bestaande taalregte weggeneen het, want, teoreties tog, het die reg bestaan onder die proklamasie van 1882 dat 'n skoolkomitee die medium van onderwys in die skool onder sy beheer kon bepaal. Die regering het dus onder die omstandighede besluit om die taalklousules heeltemal te laat vaar.

Onder die Kaapse Parlement het die taalvraagstuk nie weer onder bespreking gekon nie. Kragtens Artikel 137 van die grondwet van die Unie van Suid-Afrika is Hollands egter verhef tot offisiële landstaal langs Engels met volle erkenning in skole, geregshewe en die staatsdiens. Op papier het die honderdjarige stryd om volle erkenning vir Hollands te verkry op 'n volkslae oorwinning uitgeloop. Die stryd was hiermee daren nog nie beëindig nie, want in die skole in Kaapland moes nog 'n geweldige agterstand ingehaal word om die ideaal te bereik wat Artikel 137 van die Uniewet voorgehou het. Die nuwe Unie-volksraad het as een van sy eerste maatreëls oorgegaan tot die benoeming van 'n Gekose Konitee om die stelsels van onderwys van die Unie van Suid-Afrika na te gaan met die doel om vas te stel of hulle in ooreenstemming was met hierdie artikel van die wet; en ingeval dit nie so was nie om aanbevelings te doen aangaande die doeltreffendste middels om hulle wel in ooreenstemming met die beginsels van genoende artikel te bring.

- 
52. Sien Aanhef van rapport van Gekose Konitee van Unie-parlement oor Taal, November 1910.

Die Komitee het, ten spyte van die bittere rassehaat wat die eerste algemene verkiesing vir die Unie-parlement gekenmerk het, in 'n gees van welwillendheid die moeilike taak aangepak.<sup>53</sup>

'n Verslag is uitgebring wat beskrywe is as „a great victory for a committee composed of men representing such divergent views, possessing such strong convictions as the members of the committee did, to have deliberately sacrificed their prejudices in order to save the schools from the turmoil of racial con-

flict."<sup>54</sup> Die ooreenkoms wat deur die Komitee bereik is, was 'n kompromis - geen oplossing van die taalvraagstuk in Suid-Afrika kon blykbaar ooit iets anders gewees het nie. Die kompromis is alleen deur die opposisieparty (dit wil sê, die imperialiste) aanvaar op voorwaarde dat die ooreenkoms van toe-passing in al vier die provinsies van die Unie sou wees.<sup>55</sup>

Die aanbevelings van die Komitee het in hoofsaak die volgende bevatt:-

(1) Tot en met standerd vier moes alle onderwys deur medium van die moedertaal van die kind geskied, maar ouers sou kon eis dat die tweede taal as vak geleer word en dat hierdie taal ook na mate die ontwikkeling van die kind as medium kon ingevoer word;<sup>56</sup>

53. Sien Debatte van die Volksraad, 24 April 1911, bls. 2886.

54. Educational News, Mei 1911.

55. Sien Inleidingsartikel, Ons Land, 22 April 1911.

56. Hierdie aanbeveling het beteken dat die aanleer van die tweede taal nie verpligtend sou wees nie. Die ouer sou hierdie reg moes aanvra. Dit was die eintlike kompromis. Sien Debatte van die Volksraad, 24 April 1911, bls. 2886.

- (2) Bo standerd vier moes voorsiening vir onderrig in beide tale genaak word sodat ouers een van die twee as vak en die een of ander as enigste medium kon kies;
- (3) By die opleiding van onderwysers moes beide tale in die opleidingskursus ingesluit wees terwyl daar 'n vrye keuse moes wees in die medium van opleiding.

57

Bogenoende aanbevelings het beteken dat die belangrike beginsel wat vanaf 1882 in Kaapland bestaan het, naamlik, die reg van die skoolkomitee om deur meerderheid van stemme te bepaal wat die medium van onderwys in die skool onder sy beheer sou wees,  
 58 sou verdwyn. Slegs vanaf standerd vyf sou die ouers dus onder die nuwe bepaling kon kies deur watter medium sy kind onderrig sou ontvang, en indien geen keuse uitgeoefen is nie, sou die aanvangsmedium die medium bly. Die grondslag van die kompromis waartoe die Komitee geraak het, het daaruit bestaan dat daar aan beide kante geen dwang sou wees wat betref die aanleer van die tweede taal nie. Die tweede taal sou slegs uit eie keuse geleer word.

Alhoewel die aanbevelings van die Gekose Konitee met soveel oënskynlike eenstemmigheid deur die Parlement en publiek ontvang is, het die daaropvolgende toepassing daarvan deur die Provinciale Rade van die Unie dadelik weer die vlam van onverdraagsaamheid laat opflikker. Die Provinciale Raad van Transvaal was die eerste

---

57. Onderwysers is nie hierdeur verplig om beide tale te neem nie.  
 58. Sion Debatte van die Volksraad, 24 April 1911, bls. 2894 et seq.

om die aanbevelings in 'n ordonnansie op te neem. Die Raad het al die bepalings aangeneem maar met een belangrike wysiging. In plaas daarvan dat die tweede landstaal deur die ouer moes aangevra word, het die ordonnansie bepaal dat die tweede taal aan elke kind sou onderwys word tensy die ouer beswaar gemaak het. Hierdie wysiging het verseker dat geen kind sou skade ly weens moontlike nalatigheid van 'n ouer en tog tegelykertyd sou daar geen dwang uitgeoefen word nie. Dit was sonder twyfel 'n groot verbetering op die aanbevelings van die Gekose Komitee. Die Transvaalse wysiging het die gemoedere van die anti-Hollandsgesindes gaande gemaak, en die Eerste Minister (genl. Louis Botha) en die Administrateur van Transvaal is vir troubreuk en bedrog uitgeskel. Die optrede van die Provinciale Raad is beskou as 'n verkragting van die ooreenkoms en daar was sprake daarvan om die hele ooreenkoms te repudiéer.

Die kampvegters vir die erkenning van die billike regte vir die Hollandse taal het hulle egter nie laat afskrik nie. In Augustus 1912 is die konsep van die „Ordonnantie om Voor-siening te maken voor het Onderwijs in en het gebruik van de Engelse en de Hollandse Taal op Openbare Scholen“ deur die Administrateur van Kaapland ingedien.<sup>59</sup> Die berugte Transvaalse amendement is ook, net soos in die geval van die Oranje

59. Sien Inleidingsartikel, Ons Land, 5 Desember 1911 en 29 Junie 1912 vir 'n bespreking hiervan.

60. Ordonnansie no. 11 van 1912.

Vrystaat 'n ruk tevore, in die Kaapse konsep-ordonnansie opge-  
 61 neem. Die Provinciale Raad se besprekings by die verskillende  
 stadia van die konsep is gekenmerk deur 'n afkeurenswaardige gees  
 62 van onverdraagsaamheid en vooroordeel. Die hoofdelike stemmings  
 in die Raad het op streng rassegordonslag plaasgevind en die derde  
 lesing van die maatreël is uiteindelik op 2 Augustus 1912 met 'n  
 63 telling van 24 teen 21 stemme aangeneem.

Die vernaamste bepalings van die Taalordonnansie was die  
 volgende:-

(a) Die voertaal by die onderwys sou tot en met die vierde standerd die huistaal van die leerling wees maar die ouer sou kan eis dat die tweede taal geleidelik ingevoer en daarna as tweede medium sou gebruik word; (Artikel 2 (1))

(b) Bo standerd vier sou een van beide tale as enigste voertaal gebruik word, of beide tale as voertale al na die ouer verkies; (Artikel 3 (1))

(c) In gevalle waar die meerderheid van die leerlinge hul onderwys uitsluitend deur die een en die minderheid uitsluitend die ander taal onderrig moes ontvang in een of meer klasse, sou die oplossing gevind word óf deur die instelling van parallelklasse óf deur die aanstelling van tweetalige onderwysers; met dien verstande dat, waar die minderheid nie minder as vyftien kinders bedra nie, parallelklasse sou ingevoer word; (Artikel 2 (2)) en

(d) Aan alle leerlinge sou beide tale as leervakke onderwys word tensy die ouers anders verlang het; met dien verstande dat elke leerling tot en met die vierde standerd onderrig in sy huistaal sou geniet; (Artikels 4 en 5)

Die bepalings het dus presies bevat wat deur die Gekose Komitee van die Unie-parlement aanbeveel is, behalwe dat die Trans-

61. Natal het egter geweier om enige vorm van die Taalordonnansie aan te neem.
62. Sien verslag in Ons Land, 2 en 3 Augustus 1912.
63. Sien Notule van Provinciale Raad, 2 Augustus 1912.

512

vaalse amendement bygevoeg is. Onder die besef dat die bepalings van die ordonnansie 'n groot oommekeer in die skole sou teweegbring en ook dat voorsiening moes gemaak word vir die nodige bevoegde leerkrags om die taalvereistes uit te voer, het die Provinciale Raad 'n klousule tot die ordonnansie toegevoeg bepalende dat „redelike speelruimte bij het ten uitvoer leggen van de...bepalingen wordt veroorloofd voor een tijdperk van drie jaren van het in werking treden van deze Ordonnantie.”<sup>64</sup> Die bedoeling hiervan was om geleentheid te gee om die verandering in die bestaande stelsel ten opsigte van die voertaal geleidelik in te voer. Klaarblyklik was dit die bedoeling dat die betrokke partye, naamlik, die Departement van Onderwys, die skoolraads en die skoolkomitees, onmiddellik na die afkondiging van die ordonnansie 'n begin sou maak met die uitvoering van die nuwe reglings sodat aan die einde van die drie jaar die ordonnansie in volle werking kon wees.<sup>65</sup>

Diegene wat verwag het om die Taalordonnansie teen 1915 in volle werking te sien, het daar egter bedroë van afgekom. „De Taalkwestie is, in Zuid Afrika echter, een wonder-ding. Telkens wordt het opgelost en telkens is er weer een 'klont' in...Wij moeten de oplossing maar gedurig omroeren, anders komt er weer een afzaksel.”<sup>66</sup> En dit is presies wat gebeur het. Die S.A.O.U. het sy plig in die saak gedoen deur 'n kommissie uit sy geledere te benoem om behulpsaam te wees met die

64. Artikel 6.

65. Vgl. Rapport van Taalkommissie 1915, seksie 8.

66. Cillie: De Mediumkwestie, De Unie, Junie 1911.

verskaffing van inligting en by wyse van omsendbrieve die aandag  
<sup>67</sup>  
van skoolrade en skoolkommissies by die saak te bepaal. Wat  
is daar egter gedurende die voorbereidingstydperk deur die De-  
partement van Onderwys gedoen? Dit was tog immers die plig van  
die Departement om toe te sien dat wetsbepalings betreffende die  
onderwys uitgevoer geword het. „Het jaar 1915 had....de leven-  
digste verwachtingen gaande gemaakt....," het die voorsitter van  
die S.A.O.U. op die kongres in Junie 1915 verklaar. „De lange  
strijd om de rechten van het Afrikaner kind tot onderwijs in en  
door zijn taal, die strijd reeds in de dagen van sir Langham Dale  
aangebonden, zou nu geëindigd zijn daardoor, dat de Taalordonnan-  
tie, 1912, na een driejarige geleidelike toepassing op 27 Septem-  
ber tot wet zou worden...Wie zo dacht had een ruwe onthuchtering."  
<sup>68</sup>

Teen die tyd wat die speelruimte sou verstryk, is deur die  
ondersteuners van die Hollandse taal ingesien, dat tensy hande-  
lend opgetree word, die Taalordonnansie 'n dooie letter sou bly.  
Aan die kant van die Departement van Onderwys is feitlik niks ge-  
doen om die bepalings ten uitvoer te bring nie. Dit is aan die  
willekeur van die plaaslike skoolowerhede oorgelaat om op goeie  
geluk of, elk volgens sy eie metode, te werk te gaan. Die saak  
kon onmoontlik 'n sukses wees tensy daar vooraf 'n weldeurdagte  
skema daargestel was waarvolgens almal kon handel. Dit kan dus  
verwag word dat party niks aan die saak gedoen het nie uit blote

67. Sien De Unie, Januarie 1914.

68. Heese: Voorsittersrede, S.A.O.U.-kongres, De Unie, Julie 1915.

onverskilligheid of deur gebrek aan voorlichting terwyl ander te laat begin het en sommer plotseling wou deurvoer wat geleidelik moes geskied het.

In die sitting van die Provinciale Raad in 1915 is op voorstel van C.J. Langenhoven dus besluit om 'n kommissie te benoem met opdrag om vas te stel in hoeverre daar aan die bepalings van die Taalordonnansie voldoen is en om te oorweeg watter verdere stappe nodig sou wees om te verseker dat die bepalings uitgevoer word.<sup>69</sup> Die Kommissie het bestaan uit ds. A.A. Moorrees (voorsitter), dr. G. Cillie, mnre. C.J. Langenhoven, J.G. van der Horst, G.S. Malan, P.J. du P. le Roux en D.J. Ackermann.

Die Kommissie het sy werkzaamhede in Augustus 1915 aanvaar nadat dr. Muir reeds as Superintendent-Generaal afgetree het. Die uitslag van die ondersoek het uitgeloop op 'n kragtige veroordeling van die Departement se optrede of gebrek aan optrede in verband met die bepalings van die Taalordonnansie. „Het blijkt,” het die verslag gelui, „dat het Departement van Onderwijs zich niet geroepen gevoeld heeft behoorlike maatregele te nemen om te zorgen dat de Wet op de scholen onder zijn beheer werd uitgevoerd, om de nodige voorlichting te verschaffen aan Schoolraden en Schoolkomitees, of om tijdlige voorziening te maken voor de opleiding van onderwijzers, die bevoegd zijn om door middel van beide talen onderwijs te geven,

---

69. Sien Rapport van Taalkommissie, par. 1. (K.P.l - 1917).

een onmisbaar vereiste indien de Ordonnansie niet grotendeels een  
 70 dode letter blijven zal."

Volgens die getuenis deur die Kommissie ingewin, het dr. Muir kort na die afkondiging van die Ordonnansie die inhoud in die Onderwys-gaset laat druk en in 'n volgende uitgawe 'n memorandum geplaat „waarin de aandacht van Schoolraden in algemene  
 71 termen erop gevestigd werd." In April 1913 is sekere aanbevelings aan die inspektors gedoen „echter meer om hun oordeel daarover uit te lokken dan als positieve instrukties." In September van dieselfde jaar is andermaal 'n omsendbrief aan skoolrade gestuur om weereens die aandag op die eerste memorandum te vestig. Dit was die hele bydrae van die Departement tot die uitvoering van die Ordonnansie. In verband met die opleiding van bevoegde onderwysers het die Departement ook niks gedoen nie. Die opleiding het eentalig Engels gebly.

Die afsydige houding van dr. Muir het as gevolg gehad dat 'n hele verwarring dwarsdeur die Provinsie geskep is. „De afwezigheid van definitiewe aktie vanwege het centraal bestuur heeft die indruk verwekt, dat men het niet ernstig meende met de uitvoering van de Wet; deze en dergelike klippen had men kunnen vermijden, indien men dadelik na afkondiging van de Wet, de Inspecteurs bijeengeroepen had om te raadplegen over de beste wijze om haar uit te voeren, in plaats van daarmede te wachten totdat

70. Rapport van Taalkommissie, Seksie 8.

71. Ibid. Sien ook Onderwys-gaset, 2 Januarie 1913.

72. Rapport van Taalkommissie, Seksie 8.

73

de drie jaren van gracie verstricken waren."<sup>73</sup> Kragtens die skoolreglement het die Departement die reg gehad om op te tree in geval van versuiming van plig by die onderwyser of 'n skoolkomitee. Die Taalkommissie was van mening dat ingeval enige ander verpligte skoolvak verwaarloos sou geword het, die Departement wel handelend sou opgetree het. „Wij kunnen geen enkele reden zien waarom dezelfde weg niet zal gevolg word met betrekking tot het onderwijs door middel van de huistaal,<sup>74</sup> dat evenens door de Ordonnantie verplichtend is gemaakt."<sup>75</sup>

Volgens die opgawes deur die Kommissie ontvang, is die bepalings van die Ordonnansie teen die einde van 1915 deur ongeveer een-derde van die skoolrade uitgevoer. Selfs hierdie syfer het die Kommissie as „voorbarig" beskou omdat die inligting verskaf nie altyd betroubaar was nie.<sup>76</sup> Uit verdere ondersoek het geblyk dat van die 26,362 Engelssprekende kinders wat hulle in die klasse tot en met standerd vier bevind het, daar 25,006 of 94.86 persent was wat hulle onderwys deur medium van hul moedertaal ontvang het. In die geval van die 47,230 Hollandssprekende kinders het slegs 14,640 of 31 persent hul onderwys deur medium van Hollands ontvang.

Behalwe dat die Departement aandadig was aan die gedeeltelike skipbreukly van die Taalordonnansie, het die Kommissie

73. Rapport van Taalkommissie, seksie 8.

74. Ibid., seksie 14.

75. Ibid., seksie 9.

76. Ibid.

'n reeks ander moeilikhede opgenoem wat die behoorlike toepassing daarvan in die weg gestaan het. Onder die vernamste hiervan was die volgende:-<sup>77</sup> (a) onverskilligheid en selfs teenkanting van Hollandssprekende ouers wat gemeen het dat moedertaalonderwys die verwaarlozing of veronagsaming van Engels sou beteken; (b) gebrek aan bevoegde tweetalige onderwysers; (c) gebrek aan simpatie by die inspekteurs; en (d) die onsimpatieke houding van sommige onderwysers. Die oorsprong van hierdie moeilikhede, het die Kommissie bevind, was te wyte aan misverstand en die invloed van die verengelsingsbeleid van die verlede. „Waar het Hollands door een grote sektie van de blanke bevolking, en niet het minst door de ambtenaarswereld, eenvoudig geïgnoreerd, zo niet met voorname minachting behandeld werd; waar de kennis van 't Engels de enige sleutel was, die de toegang opende tot staats-ambten, tot het handels-bedrijf en tot professionele betrekkingen; waar vele Engels-sprekende ouers het niet de moeite waard achtten hun kinderen Hollands te doen leren, is het niet te verwonderen dat de houding van de toonaangevende kringen tegenover 't Hollands haar invloed deed gelden op de publieke opinie, en dat also zelfs Hollands-sprekende ouders er toe kwamen hun moedertaal als minderwaardig te beschouwen, en te menen dat, kinderen naar school gezonden werden hoofdzakelik om Engels te leren.”<sup>78</sup>

Langenhoven het nie die rapport van die Kommissie onderteken nie maar hy het 'n aparte memorandum tot die rapport toegevoeg.

77. Rapport van Taalkommissie, seksie 14.

78. Ibid., seksie 17.

Daarin het hy 'n paar belangrike punte aangestip wat nie deur die Kommissie aangeraak is nie. Hy het daarop gewys dat as die teenkanting van 'n deel van die Hollandssprekende bevolking meldingswaardig was, dan soveel te meer moes ook die anti-Hollandse gevoel van die Engelssprekende seksie van die bevolking genoem geword het. „Wanneer er dan nu," het hy opgemerk, „een ingrijpende, ja bijna revolutionaire, oomkeer in een eeuwlang versteend stelsel beproefd wordt, en het uitwerken van de proef moet toevertrouwd worden aan ambtenaren die door zulk een gevoel bezield zijn (dat het Hollands op zijn best een ‚necessary evil' en op zijn gemiddelde een ‚nuisance' is), zou men al optimisties moeten zijn om iets anders dan mislukking te verwachten. En inderdaad heeft zich maar weer de aloude ervaring herhaald dat de goede werken noodwendig achterwege blijven, zolang het hart niet herboren is... Het treft mij als wonderling dat er in de reeks van bezwaren tegen de toepassing der Ordonnantie... geen plaats gevonden werd voor dit grootste en fundamenteelste bezwaar van alle."<sup>79</sup>

Aangaande die moeilikheid in verband met die verkryging van tweetalige onderwysers het Langenhoven daarop gewys dat die ganse strekking van die Taalordonnansie was om die opkomende geslag in die geleentheid te stel om tweetalig te word. Om 'n toekomstige volk voor oë te hê waarvan die nie spesiaal ge-

79. Langenhoven: Memorandum by Rapport van Taalkommissie, Aanhangsel VII, bls. 57.

leerde deel tweetalig moes wees terwyl die tweetaligheid van hul onderwysers teveel gevorgd was, het vir hom ongerynd gelyk. „Als tweetaligheid voor een geleerde professie - die professie die ander moet leren - een onbereikbaar ideaal van perfeksie is, dan veel meer is elke poging om die gewone burger tweetalig te maken <sup>80</sup> erger dan ijdel."

Die taalkwessie het 'n verdere aspek gehad wat die reeds moeilike saak nog moeiliker gemaak het. Die groot afwyking van die spreektaal, Afrikaans, van die geskrewe taal, Hollands, het veel daartoe bygedra om die taalvraagstuk meer ingewikkeld te maak. Dit was eintlik die wortel van die hele vraagstuk. Tog het die stryders vir die taal, behalwe 'n paar, steeds die oorweging van hierdie praktiese sy van die saak vermy. Dwarsdeur die taalstryd, tot op 1915 en selfs later, is gedurende die standpunt uitgegaan dat Hollands die moedertaal van die Afrikaner was terwyl in werklikheid dit goed bekend was dat seer weinig Afrikaners Hollands suiwer en met gemak kon praat. Dit was ook onbillik teenoor die Engelssprekendes dat van hulle verwag is om 'n ongesproke taal te leer wat hulle nooit in die dagelikse omgang gehoor het nie. „Indien wij, Afrikaners op school," het Langenhoven in 'n pleidooi vir Afrikaans as spreek- en skryftaal gesê, „een engelse taalvorm moesten leren die soals het Latyn nooit in de dagelikse omgang gehoord word, en tegelykertyd een andere en-

---

80. Langenhoven: Memorandum by Rapport van Taalkommissie, Aanhangsel VII, bls. 58.

gelse taalvorm moesten machtig word voor alledaags gebruik, dan zouden wij ons voorwaar niet op de betrekkelik zoveel groter tweetaligheid hebben kunnen beroemen als tans het geval is.<sup>81</sup>" Die geskiedenis van die uiteindelike seëviering van Afrikaans hoort nie in hierdie bespreking tuis nie, maar dat die taalvraagstuk eintlik eers opgelos is nadat Afrikaans as spreek-<sup>82</sup> en skryftaal volle erkenning gekry het, het die tyd bewys.

Dat dr. Muir in verband met die taalkwessie skuldig was aan verwaarlozing van sy plig ~~en~~ boonop daardeur onmiskenbaar sy vooroordeel teenoor die Hollandse taal geopenbaar het, is moeilik om weg te redeneer. Dat dr. Muir bevooroordeeld was en dat daar by hom 'n treurige gebrek aan simpatie met die hele vraagstuk was, het duidelik aan die lig gekom in die getuienis wat deur die Gekose Komitee oor die Taal in 1906 van hom ingewin is. Toe hy daarop gewys is dat onderwysers dwarsdeur die land gekla het omrent die feit dat hulle weens die optrede van die Departement en sy inspekteurs ontmoedig is om meer aandag aan Hollands te gee, was sy opmerking, "I do not think there are a great many of these complaints. I do not think so honestly."<sup>83</sup> Toe hy gevra is of die agitasie in die land nie bevredig kon word deur 'n meer simpatieke houding aan die kant van die Departement nie, het hy geantwoord, "I must say

81. Langenhoven: op. cit., bls. 59.

82. Afrikaans is langs Hollands as medium in skole in die Kaap-Provincie erken op voorstel van Langenhoven in die sitting van die Provinciale Raad, Mei 1914.

83. Getuienis voor Gekose Komitee oor Taal 1906, vrae 634-636.

that this agitation....is a new thing to me. I do not think that the agitation throughout the country is of that striking character. I regret sometimes to find that the feeling is rather too much the other way, namely a feeling of absolute indifference."<sup>84</sup>

Hy het geweier om te erken dat Hollands 'n ondergeskikte plek op die leerplan ingeneem het en hy het klagte hieroor nie as 'n "general complaint" beskou nie.<sup>85</sup> So ver dit hom betref het, het

hy beweer, "no obstacle whatever, and no slight whatever, has been placed on Dutch."<sup>86</sup>

Hy het verder dit as sy oortuiging uitgespreek dat hy nie die bewering kon staaf dat 'n man wat twee tale geken het, 'n beter man was as 'n eentalige nie en ter ondersteuning hiervan het hy verklaar:

"The intellectually greatest nation the world ever possessed was the Greek nation, and the Greeks knew not a single language but their own."<sup>87</sup>

Op die voorstel dat beide Hollands en Engels as amptelike tale in die Kaap-Kolonie erken word, het dr. Muir gesê: "I would not consider it a very wise thing to do. It would simply complicate matters without getting any corresponding advantage. It would not be an advantage to this country to have it laid down as an absolute law."<sup>88</sup>

Dit was dan die houding van 'n man op wie die plig as opvoeder van die kinders van 'n tweetalige land gerus het. Teenoor die saak wat vir die Afrikaner 'n lewenskwessie was, het hy bloot

84. Getuienis voor Gekose Komitee oor Taal 1906, vraag 766.

85. Ibid., vraag 757.

86. Ibid., vraag 763.

87. Ibid., vrae 686-7.

88. Ibid., vrae 748-750.

522

onverskillig gestaan. In die jaar 1911 het dr. Muir as afgevaardigde van Kaapland 'n imperiale konferensie oor onderwys in Londen bygewoon.<sup>89</sup> Op die konferensie het geblyk dat daar ten minste ses lande in die Britse gebied was/óf geheel óf gedeeltelik twee- of meertalig was. Die vernaamste hiervan was, Kanada, Wallis, Indië, Malta en Suid-Afrika. 'n Opgewekte bespreking het oor die vraagstuk van tweetaligheid plaasgevind en daar is absolute eenstemmigheid bereik ten gunste van die toepassing van moedertaalonderwys. "Alleen de afgevaardigde van die Kaap-Provincie, dr. Muir, had niets te zeggen en zei ook niets. En over die bevindingen van die konferentie sprak hij geen enkel woord na zijn terugkeer."<sup>90</sup>

Nie lank na hierdie konferensie nie is die Taalordonnansie aangeneem. Hier het dr. Muir 'n kostelike geleentheid gehad om die beginsels deur die konferensie neergelê in die praktyk toe te pas - beginsels waarneé hy as opvoedkundige wat meer as twintig jaar ondervinding van 'n tweetalige land gehad het, absoluut vertroud moes gewees het. "En wat heeft hij gedaan? Wat heeft hij niet ongedaan gelaten? Welke aanmoediging heeft hij gegeven? Welke struikelblokken niet in die weg gelegd? Is dit het werk van een ware opvoedkundige, by wie - zoals hij op zijn afscheids-dineé zei - de ware opvoed-

89. Sien verslag van toespraak van ds. J.R. Albertyn voor sinode, De Burger, 22 November 1915 vir interessante feite hieromtrent en ook Schoolmeester: Muir en de Taalordonnansie, De Burger, 9 Desember 1915.
90. Skoolmeester in De Burger, 9 Desember 1915.

kundige belangen altijd nommer één stonden? Of is dit het werk  
<sup>91</sup>  
van een politikus?" Dit kan lig begryp word dat daar getwyfel  
is aan Muir se opregtheid en eerlikheid in die saak van die taal-  
kwessie.

Ten wpyte van aanvalle op dr. Muir se optrede in verband  
met sy houding teenoor die Hollandse taal, het hy hon nooit ver-  
dedig of verontskuldig nie behalwe eenmaal in 'n brief ten ant-  
woord op die gelukwense aan hom gerig deur die kongres van die  
S.A.O.U. in 1915 by geleentheid van die ridderskap wat hy by sy  
aftrede ontvang het. "It is quite true," het hy geskryf, "that  
the Unie and I have been unable to see eye-to-eye on all matters  
connected with the spread of instruction in Dutch. I can only  
hope however that as time goes on it will become more and more  
evident that the real difference lay in deciding as to what was  
immediately practicable and what was not. Even, already, I think,  
there are signs that tend to show that my judgment on this point  
is becoming the judgment of others who formerly differed from me."  
<sup>92</sup>

"De Unie" in 'n artikel waarin hierdie antwoord bespreek is, het  
op onmiskenbare wyse sy gebelgdheid oor die "verregaande eigenge-  
rechtigdheid" van dr. Muir te kenne te gee. "Het Departement  
steeds onder de leiding van de man met dat-alles-net-zich-neesle-  
pende 'judgment', heeft zoveel gedaan om de uitvoering van de

91. Verslag van toespraak van ds. J.R. Albertyn, De Burger, 22 November 1915.

92. Afskrif van brief onder korrespondensie in Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

Taalordonnantie mogelijk te maken en te bespoedigen, dat de Proviniale Raad een Kommissie moet benoemen om na te sporen wat alles werd gedaan.<sup>93</sup>"

Alles in aanmerking geneem, kan tog na nugtere beskouing van die feite, 'n mate van verskoning vir dr. Muir se optrede in verband met die taalkwessie aangevoer word. Uitlander synde, het hy nooit in sy lang dienstyd die Afrikaner leer verstaan nie. Hy was hoof van 'n Staatsdepartement wat byna honderd jaar lank 'n uitdruklike eensydige politiek gevoer het en hy was sterk onder die invloed van hierdie tradisie en die tradisie van die politici wat hom na Suid-Afrika gebring het.

"'n Vraagstuk wat vir ons 'n saak van lewe of dood was, het hy links laat lê en stiptelik aan die letter van sy opdrag gebly. En die letterlike nakoming van sy opgelegde pligte was oorsaak van die onsimpatieke houding."<sup>94</sup> Selfs van Afrikaanssprekendes het daar in baie gevalle ewe veel of miskien sterker teenkanting teen die bevordering van die volkstaal gekom as van Engelssprekendes. Die geskiedenis van Suid-Afrika is vol van gevalle van Afrikaners wat verraaiers van hul taal en tradisies geword het. Hoe kon dan verwag word dat Muir hom vir die Hollandse taal in die bres moes stel as die Afrikaner dit self nie wou doen nie?

93. Het Antwoord van sir Thomas Muir op ons Kongresbesluit, De Unie, September 1915.

94. Hofmeyr: 'n Oud-inspekteur kyk terug, Die Huisgenoot, 8 Maart 1935.

325  
-327-

Die groot vaderlander, J.H. Hofmeyr ("Onze Jan"), met sy heldere insig, het eenmaal die Afrikaner volk genaan om nie altyd die splinter in 'n ander se oog te sien naas die balk in hul eie oog nie. "Ook in deze treurige Taalzaak heeft men maar al te dikwijls 'n boozens geest, 'n duivel, als zondebok bij de hand. Hij wordt in dit geval niet genoemd bij de oude, den vaderen bekende, namen, van 'Satan', 'Beêlsebub' of 'Diabolus'. Neen, thans heeft hij kersverse titels. Soms heet hij 'die gouverment', dan weder, 'die universiteit', maar meestal....Dr. Muir. Dr. Muir heeft dit gezegd, Dr. Muir heeft dat gelast, Dr. Muir heeft wat anders gedaan. Daaron gaan het net onse taal zoo slecht! Zoo heet het! Ik weet het, de duivel, excusus, Dr. Muir, is tanelijker zwart, maar is de arme drommel zoo zwart als hij wordt geschilderd? Laat ons niet/op zijn kerfstok - of drie tand vork - zetten dan erop behoort. Laat ons zelfs tegenover den duivel billyk 05 zijn." Onze Jan het verder gewys op talle meisieskole in die land, onder Hollands-Afrikaanse besture, gekies deur Afrikaanse ouers, met grotendeels Afrikaanse onderwyseresse en besoek deur Afrikaanssprekende leerlinge, waar feitlik niks aan Hollands gedoen is nie. Leerlinge is nie eers veroorloof om hul eie taal in die skool te praat nie en die godsdiensoefeninge is in Engels gehou. "Is ook dat de schuld van den duivel - of van Dr. Muir? Gij alleen weet het, hij heeft over dergelyke zeker niets te zeg-

gen. De schoolbesturen kunnen die dingen regelen precies zooals 't hun lust. En toch de Hollands-Afrikaner bestuurders der scholen, de Hollands-Afrikaner guarantors, de Hollands-Afrikaner ouers der leerlingen, laten dezen toestand voortduren zonder norren, of klagen of protesteer, of althans zonder zich flink te doen gelden. Maar wanneer er publiek gesproaat word over, „die schandelijke behandeling van onze dierbare moedertaal" dan protesteer velen hunner neê, alsof ook zij daarvan 'n afkeer hebben. Ik vraag hun op hun geweten af: - neenen zij het? Is 't hun ernst?"

Die onsimpatieke houding van die Departement van Onderwys onder dr. Muir teenoor die Hollandse taal het die gevolg gehad dat hy in baie kringe nie die waardering geniet het vir die belangrike werk wat hy in ander rigtings verrig het nie. Hy was 'n produk van die enge gees van sy tyd en ongelukkig het hy nie die gawe besit om „deur 'n Afrikaanse sowel as deur 'n Engelse bril te kon lees" - 'n bevoegdheid wat in Suid-Afrika tog die eerste vereiste van 'n Superintendent-Generaal van Onderwys moes wees.

---



SIR THOMAS MUIR BYNA 90 JAAR OUD  
NA DIE KARIKATUUR VAN D.C. BOONZAIER

HOOFSTUK TIEN.DIE OPLEIDING EN STATUS VAN ONDERWYSERS.Die Kwekelingstelsel.

Toe Donald Ross in sy rapport oor die toestand van die onderwys in 1882 opgemerk het dat 'n hervorming van ons skoolstelsel nie moontlik was „mainly because the school is what the teacher is, and the problem of the training of teachers has not yet been seriously considered,"<sup>1</sup> het hy die werklike grond van die saak geraak. Dr. Muir het ook dadelik ingesien dat die opleiding van onderwysers van die allergrootste belang was as hy enige hervorming van die onderwysstelsel wou teweegbring.

Daar was destyds 'n sterk gewortelde idee dat 'n onderwyser geen opleiding behalwe akademiese bekwaamheid moes hê nie. Hiermee het dr. Muir glad nie ingestem nie. „Het is van het grootste belang dat het publiek en vooral de leden der Schoolcommissies er toe gebracht worden de groote waarde intezien van vakopleiding."<sup>2</sup> Die mening is dikwels uitgespreek dat 'n gebore onderwyser geen opleiding nodig gehad het nie.

„De gebore onderwijzer," het Muir gesê, „is ongetwijfeld te vinden... maar het moet niet vergeten worden dat hij een zeldzaamheid is. Een (universiteits-) graad toont heel iets an-

1. Ross: Preliminary Report 1882, bls. 24.  
2. Onderwysrapport 1892, bls. 16.

ders aan, namelijk, een zekere hoeveelheid onderwijs, opvoeding en ontwikkeling, al welke zaken men hebben kan, terwyl men toch van geen nut is als onderwijzer.<sup>3</sup>" By 'n ander geleentheid het dr. Muir oor dieselfde onderwerp hom as volg uitgelaat: "They have often heard about the born teacher but all that he could say was that the birth rate was very low. The majority of good teachers are made, not ready-made. No greater and more egregious fallacy could be conceived than that a person without qualification could make a suitable teacher."<sup>4</sup>

Die toestand in 1892 was onrusbarend. Nie alleen het opleiding in baie gevalle by onderwysers ontbreek nie, maar die gehalte van hul akademiese bekwaamheid was dikwels <sup>5</sup> van 'n treurige gehalte. „Het is pijnlijk te zeggen," skryf Muir, „maar het moet gezegd word dat niet alleen vakopleiding ontbreekt, maar in een groot aantal gevallen dat onder myn sandacht gebracht is had die zoogenaamde onderwijzer niet de beginselen van de opleiding van een gewoon ambachtsman. Driemalen binnen veertien dagen ben ik verzocht de aanstelling van mannen goedtekeuren die noch in het Hollandsch noch in het Engelsch een brief van een half dozijn regels zonder een fout konden schrijven."<sup>5</sup> Om die saak te vererger het die toevoer van onderwysers nie tred gehou met die aanvraag nie en al wou die skoolbesture opgeleide onderwysers

3. Onderwysrapport 1892, bls. 16.

4. Muir: Toespraak by sluiting van 'n Vakansiekursus, Cape Argus, 23 Januarie 1896.

5. Onderwysrapport 1892, bls. 16.

aanstel, was hulle eenvoudig nie te kry nie. Van die geringe aantal wat hulle as onderwyser bekwaam het, is byna die meerderheid na die buurstate, Transvaal en die Oranje Vrystaat, weggelok deur die hoër salarisse en beter diensvoorwaardes daar aangebied.

Voor 1892 was daar geen registrasie van onderwysers nie en dit was dus nie vir huir moontlik om vas te stel wat die werklike toestand in verband met die kwalifikasies van onderwysers was nie. Die registrasie van onderwysers was een van die eerste sake wat hy aangepak het. 'n Vorm is opgestel en aan elke onderwyser in die staatsondersteunde skole van die Kolonie gestuur. Daarop moes die onderwyser breedvoerig uit eensit die besonderhede omtrent sy salaris, toelaag, opleiding en kwalifikasies. Met die terugstuur van die vorms het huir 'n onaangename maar tog nie heeltemal onverwagte verrassing sekry. Groot getalle onderwysers het hulle onbekwaam getoon om die vorm behoorlik in te vul.<sup>6</sup> In 1894 kon hy vir die eerste maal 'n opgawe van die bevoegdhede van onderwysers verstrek. Van die 3,686 onderwysers in diens, was daar 3,213 of 87.1 persent wat geen akademiese kwalifikasie hoegenaamd gehad het nie, selfs nie die „School Elementary“ nie. Verder was daar 2,673 of 72.5 persent wat geen professionele bevoegdheid gehad het nie en 2,386 of 64.7 persent wat geen van beide gehad het nie.<sup>7</sup> Die toestand het onmiddellike optrede geëis.

---

6. Onderwysrapport 1892, bls. 15.

7. Onderwysrapport 1894, bls. xx.

Die vernaamste bronne waarvandaan die skole in Kaapland hulle onderwysers getrek het, was in 1892 (a) kwekelinge in die openbare skole opgelei; (b) studente deur die Normaal-kollege in Kaapstad en die Opleidingsinstituut te Wellington opgelei; en (c) ingevoerde onderwysers. Die getal onderwysers deur die twee inrigtings opgelei was egter baie min en die vernaamste bron was maar die kwekelingstelsel. Die kwekelingstelsel het al vanaf 8 1805 met meer of minder sukses aan die Kaap bestaan. In 1874 is die hele stelsel van kwekelingopleiding deur dr. Dale hersien en nuwe regulasies in verband daarmee opgestel. Aan die einde van die kursus is die „Elementary Teachers' Certificate" toegeken. Later van tyd het daar 'n ander onderwysersertifikaat gekom - die Derdeklas-sertifikaat (0.3). Die standaard van laasgenoemde was gelyk aan die Elementêre Sertifikaat en mettertyd het dit die 9 Derdeklas-sertifikaat vervang.

In baie skole, het dr. Muir gevind, was die kwekelingstelsel nie, soos oorspronlik bedoel, 'n stelsel vir die opleiding van onderwysers nie. Dit het eerder gelyk 'n middel te wees om seuns en meisies in staat te stel om hulle onderwys goedkoop te kry. In ander gevalle het dr. Muir gevind: „Leerlingen onderwijzers zijn eigenlijk in één klas van scholen ondersteunde leerlingen (weens die toelaag wat hulle ontvang het); in anderen

8. Vgl. Kellermann: Geskiedenis van die Opleiding van Blanke Onderwysers, bls. 144.

9. Ibid., bls. 161.

zijn zij goedkoope onderwizende slaven; in zeer weinigen zijn zij inderdaad leerlingen onderwijzers. Met den toestand van zaken aldus blootgelegd, kan ik mij niet verzoenen; het kont mij voor een vergiftiging te zijn van den onderwijzers voorraad bij  
 10 zijn bron."

Die eerste stap wat Muir geneem het, was om die kwekelingsstelsel in hersiening te neem. 'n Deeglik hersiene stel regulasies met 'n uitgebreider leerplan is in 1893 opgestel. Die  
 11 nuwe bepalings het op die volgende neergekomm:-

- (1) Kwekelinge moes minstens veertien jaar oud wees en moes standerd vier afgelê het;
- (2) Minstens tien uur per week moes aan praktiese onderwys bestee word;
- (3) Die kursus sou drie jaar duur;
- (4) Die regeringstoelaag per kwekling sou wees £12 vir die eerste jaar, £16 vir die tweede, en £20 vir die derde;
- (5) Hoofonderwysers moes kwekelinge minstens vier uur per week onderrig in professionele vakke gee;
- (6) Jaarliks moes deur elke kwekling 'n skriftelike en mondelinge eksamen afgelê word.

Ten spyte van die nuwe eise wat gestel is, kon Muir al dadelik 'n toename in die aantal kwekelinge aankondig. In 1895 was daar selfs meer kandidate as wat nodig was en toelac is aan 'n groot aantal geweier. Nog merkwaardiger was die aantal wat  
 12 begering was om op eig onloste hul vir opleiding aan te meld.

10. Onderwysrapport 1892, bls. 17.

11. Sien Staatskoerant, 21 April 1893.

12. Onderwysrapport 1895, bls. 23.

Muir se pogings het dus al vroeg, wat getalle betref, 'n sukses blyk te wees. Van nou af kon vir kweklinge die volgende eise gestel word: „(1) dat zij die toelagen leerlingen onderwissers werkelijk zoowel als in naam moesten zijn; (2) dat zij een behoorlike algemeen onderwijs moesten ontvangen en behoorlike vakopleiding; (3) dat zij een hoeveelheid dagelyksche oefening moesten hebben in het onderwijzen, maar niet slaven moesten zijn; (4) dat hunne vorderingen jaarlijks moesten worden op de proef gesteld door een mondeling en schriftelike examen en door onderwissers werk in tegenwoordigheid van een Inspekteur.”<sup>13</sup>

Die feit dat elke kwekeling persoonlik deur 'n inspekteur moes ondersoek word, het 'n groot las op die skouers van hierdie reeds oorwerkte amptenare geplaas. Daar baie van die ongesubsidiëerde kweklinge nooit tot die onderwysprofessie toegetree het nie, was dit, wat die Departement van Onderwys betref, vergeefse arbeid. Muir het dus in 1896 dit sterk oorweeg om 'n toelatingseksamen in te stel, slegs tot gesubsidiëerde kweklinge beperk, om sodende die bestes vir opleiding te kry. "The work entailed (d.w.s. in verband met die individuele eksaminering van kweklinge) is thus enormous," het dr. Muir opgemerk, "and in the case of unpaid pupils, who need not afterwards take to teaching as a profession, it is labour almost wasted so far as the Department is concerned. The cure for the evil is (1) the institution of an entrance examination for aided pupil-teachers, so as to obtain the

---

13. Onderwysrapport 1895, bls. 23.

best candidates, and (2) the restriction of the examination to  
<sup>14</sup> these alone." So 'n spesiale eksamen is nie ingestel nie maar in 1899 is die toelatingsstanderd vir kwekelinge tot standerd vyf verhoog en weereens in 1901 tot standerd ses. Standerd ses het die toelatingsstanderd tot 1909 gebly. Vanaf daar-die jaar is dit in die geval van blankes tot standerd sewe verhoog maar die toelating vir nie-blankes het standerd ses gebly. Die verhoging van die toelatingsstanderd het beteken dat die opleidingskursus van toe af vir blankes 'n jaar langer geduur het. 'n Nuwe onderwysersertifikaat is dus ingestel - die O.3 -Senior wat slegs vir blankes bedoel was. Die ou O.3-sertifikaat wat voortaan die benaming "Junior" gekry het, was  
<sup>15</sup> vir die nie-blankes.

Dr. Muir het besef dat die kwekelingstelsel nie 'n ideale manier was om onderwysers op te lei nie. Hy was ten volle bewus van die gebreke aan die stelsel verbonde. Dit was egter 'n baie praktiese middel om met 'n minimum van onkoste opgeleide onderwysers te kry. "This system, no doubt," het Muir in 1905 verklaar, "has been subjected to grave criticism. But it must be recognised that at present in Cape Colony the only practical way of meeting the demand for qualified teachers in the smaller rural schools of outlying districts is to get an adequate supply trained in the district town school."  
<sup>16</sup> Hy het

14. Onderwysrapport 1896, bls. 21.

15. Sien Onderwysrapport 1913, bls. 18.

16. Onderwysrapport 1905, bls. 23.

dus, so ver doenlik, probeer om die kwekelingstelsel tot alle dele van die Kolonie uit te brei. Sodoende kon hy elke deel van die land voorsien van onderwysers wat in hulle eie distrik opgelei was. In 1907 was daar slegs twee afdelings van die Kolonie <sup>17</sup> wat geen kwekelinge opgelei het nie.

Dr. Muir se uiteindelike doel was om die opleiding van onderwysers op spesiale opleidingskole op uitgasoekte sentra te laat geskied. Soos met alles, was hy egter versigtig en dus het hy die uitvoer van sy ideaal maar stendig toegepas. As 'n stap in hierdie rigting, het hy in 1911 die bepaling neergelê,  
 "That Pupil Teachers are expected to take their course of training in a training school, First or Second Class Public School, or other school specially approved for the purpose by the Department. No school with fewer than three adult teachers can, as a rule, be recognised as a centre for the training of Pupil Teachers."  
<sup>18</sup>

### Vakansiekursusse.

Die opknapping van die kwekelingstelsel het verseker dat daar 'n gereeld toevoer van gekwalifiseerde onderwysers vir die skole sou wees. Aan die byna 3,000 ongesertifiseerde diensdoende onderwysers het dr. Muir egter ook sy aandag geskenk. Vir hulle het hy deur middel van 'n plan wat hy in 1893 ontwerp het, geleentheid verskaf om ook 'n onderwysersertifikaat te bekom.

17. Onderwysrapport 1907, bls. 21.

18. Onderwysrapport 1911, bls. 16.

'n Kosteloze opleidingskursus wat gedurende die lang somervakansie van 1893 sou gehou word, is aan diensdoende onderwysers aangebied. Die uitnodiging is gretig aangeneem en weens die groot aantal aansoeke, moes die applikante uitgesif word. AG lektore is aangestel om onderrig te gee in onderwysmetodes vir lees, skrif, reken, aardrykskunde, sang, houtwerk, naaldwerk en dril. Dertig mans en twee-en-sestig dames het die kursus bygewoon en twee-en-vyftig het aan die einde daarvan in die eksanens geslaag en 'n onderwyserskwalifikasie behaal.<sup>19</sup>

Die eerste vakanskursus was so 'n uitmuntende sukses dat in die volgende jaar twee kursusse gehou is, een op Grahamstad in Junie, en die ander in Kaapstad in Desember. Onder die 251 onderwysers wat die kursusse bygewoon het, was daar 'n groot aantal gesertifiseerde. Laasgenoemde het nie net hulle kennis kom opknep nie, maar hulle het ook kom probeer om 'n hoër kwalifikasie te behaal. Honderd vier-en-twintig van die kursusgangers het in 1894 sertifikate behaal.<sup>20</sup> Van toe af het die vakanskursusse 'n gereeld instelling geword. Vier kursusse is in 1895 gehou en wel te Kaapstad, Grahamstad, Willowmore en Lovedale. Laasgenoemde was vir nie-blanke onderwysers. So is dan elke jaar verskeie kursusse aangebied, dikwels op buitedorpe om onderwysers die reisonkoste na Kaapstad te bespaar. Mettertyd is die klasse ook deur

19. Onderwysrapport 1893, bls. 23.

20. Onderwysrapport 1894, bls. xxiv.

studente bygewoon wat nie diensdoende onderwysers was nie met die doel om op 'n maklike manier 'n sertifikaat te bekom. 'n Bepaling moes dus neergelê word dat geen sertifikaat uitgereik sou word na so 'n vakansiekursus nie tensy die geslaagde <sup>21</sup> 'n redelike mate van ondervinding as onderwyser gehad het.

Met die uitbreiding van die kwekelingstelsel en ook die stelsel van opleidingskolleges het die noodsaaklikheid vir vakansiekursusse al minder geword en in 1908 is hierdie kursusse <sup>22</sup> vir algemene professionele opleiding afgeskaf. Voortaan is vakansiekursusse alleen gehou vir onderrig in spesiale vakke soos naaldwerk, houtwerk, sang, teken, ensovoorts. In die jare 1893 tot 1909 het <sup>23</sup> eltesame 1,737 onderwysers deur middel van die vakansiekursusse hul diplomas verwerf.

#### Opleiding in Spesiale Vakke.

In Hoofstuk Ag is die stappe reeds nagegaan wat dr. Muir geneem het om die leerplan van skole te verryk deur vakke soos naaldwerk, houtwerk, sang en huishoudkunde daaraan toe te voeg. Die meeste onderwysers was nie bekwaam om daardie vakke te doseer nie omdat daar in die opleiding voor 1892 nooit voorsiening vir die vakke genaak is nie. Vanaf 1893 is daar egter deeglike voor-  
siening vir opleiding in spesiale vakke gemaak.

'n Eksamen vir 'n spesiale Naaldwerksertifikaat is eerste ingestel. Die kursus wat deur die spesiaal ingevoerde instruk-

21. Onderwysrapport 1896, bls. 27.

22. Onderwysrapport 1909, bls. 22.

23. Ibid.

trise gereel is, het uit vyf afdelings bestaan. In elke afdeling moes eksamen gedoen word alvorens 'n volle Naaldwerk-sertifikaat uitgereik is. Die vyf afdelings was, (a) cenvoudige naaldwerk, (b) lapwerk, (c) uitknip, (d) breiwerk, en  
<sup>24</sup> (e) modemakery. Aanvanklik is alleen diensdoende onderwyseresse in spesiale klasse deur die instruktrise onderrig en in Desember 1894 is 122 spesiale sertifikate in naaldwerk uitgereik aan onderwyseresse wat 'n deel van die kursus voltooi het. Vanaf 1893 is naaldwerk ook as een van die vakke van die vakansiekursus ingesluit. Sodoende het die nuutste metodes van onderrig in naaldwerk spoedig oor alle dele van die land verspreid geraak. Toe die Opleidingskollege van Kaapstad in 1900 sy vaste huisvesting gekry het, is die naaldwerkklasse daarheen verplaas en naaldwerk het 'n verpligte vak vir elke aspirant-onderwyseres geword.

Onderrig in houtwerk vir onderwysers het ook in 1893 met die vakansiekursus in daardie jaar 'n aanvang geneen. Daarna is houtwerk gereeld as vak by die vakansiekursusse ingesluit. In 1895 is 'n spesiale sertifikaat vir houtwerk in die lewe geroep. 'n Permanente klas vir houtwerk is vanaf 1896 georganiseer en in 1897 onder die sorg van die nuutaangestelde instrukteur van die vak geplaas. In hierdie klasse is diensdoende onderwysers vir die spesiale houtwerk-sertifikaat opgelei. Vanaf 1900 is die klasse na die nuwe gebou van die Kaapstadse Op-

---

24. Vgl. Education Manual, 1894.

leidingskollege verskuiwe.

Vir teken is daar ook spesiale sertifikate ingestel. Die kursus het uit vyf afdelings bestaan, naamlik, „(a) Freehand Outline Drawing from the Flat, (b) Outline Model Drawing, (c) Geometrical Drawing, (d) Linear Perspective Drawing, (e) Blackboard Drawing.”<sup>25</sup> Aanvanklik het die tekenonderrig nie al te bevredigend gevorder nie maar nadat die klasse in 1900 na die nuwe gebou van die Kaapstadse Opleidingskollege verskuiwe is, het daar goeie vordering plaasgevind.

In 1893 het sang ook aan die beurt gekom maar geen spesiale sertifikaat is daarvoor ingestel nie. Onderwysers is opgelei vir die eksamens van die „Tonic Sol-fa College of London.” Jaarliks het groot getalle laasgenoende sertifikate verwerf.

Teen 1909 het die opleiding van onderwysers in die spesiale vakke al so 'n hoë en bevredigende peil bereik dat dr. Muir kon aankondig dat die noodsaaklikheid om onderwysers vir dié vakke van oorsée in te voer nie langer bestaan het nie. Alleen in die geval van huishoudkunde was dit nie die geval nie maar hy het die hoop uitgespreek dat „the need here will also be dispensed with at an early date.”<sup>26</sup>

#### Kindertuinopleiding.

Aandag aan opleiding vir kindertuinonderwyseresse is nie gegee alvorens die spesiale vakke op gesonde grondslag gevestig

25. Vgl. Special Reports, Deel V, bls. 160.

26. Onderwysrapport 1909, bls. 22.

was nie. Daar was 'n neiging in die neeste skole om die laagste klasse aan die onbekwaamste en slegste betaalde onderwyseres oor te laat. "It was clear that in their first years at school the children were not having their powers developed as would be possible with the better informed and more sympathetic methods; and the general management and scope of infant departments left much to be desired."<sup>27</sup> Kindertuinmetodes was destyds in die Kaap-Kolonie feitlik onbekend.

'n Begin is gemaak met die aanstelling in 1900 van 'n Kindertuin-instruktrise, mej. E.A. Welldon van Cheltenham, Engeland. Aan haar is soortgelyke pligte as in die geval van die ander instruktrises opgedra. Vereers het sy haar aandag aan die kleinkinderklasse van die Kaapse Afdeling gewy en sy het veel gedoen om die organisasie en metodese van die werk te verbeter. Klasse is ook by die Opleidingskollege in Kaapstad gesetig en 'n sillabus vir die Elementêre Kindertuin-sertifikaat opgestel.

Kindertuinwerk is ook die onderwerp van 'n aparte departementele pamphlet genaak.<sup>28</sup> Hierin is waardevolle wenke omtrent roosters, toerusting en leerboeke verskaf. Nadat mej. Welldon in 1902 haar betrekking bedank het, is twee nuwe instruktrises aangestel, een vir die westelike afdeling van die Kolonie en een vir die oostelike. Na die aanstelling

27. Onderwys-gaset, 14 Oktober 1909.

28. Pamflet no. 15.

van hierdie dames, nejj. M. Adamson en C. Sutherland, het die werk vinnig uitgebrei en in 1903 is 'n kursus vir 'n Hoër Kinder-tuinsertifikaat ingestel. Die belangrikheid van spesiale opleiding vir kindertuin-onderwyseresse het so toegeneem dat fasilitate vir opleiding in 1904 ook op Grahamstad geskep is en vier jaar later ook by die Opleidingskollege te Wellington.<sup>29</sup>

Die maatreëls wat dr. Muir geneem het om opleiding in kindertuinwerk op 'n gesonde basis te plaas, het 'n belangrike en goeie uitwerking gehad. Gekwalificeerde onderwyseresse het die onopgeleides van die verlede vervang en die onderwyseres van die kleinkinderklas was nie meer die laagste besoldigde van die personeel nie. Dikwels, as gevolg van haar spesiale opleiding, was sy die bekwaamste.<sup>30</sup>

### Opleidingsinrigtings.

Daar is alreeds op gewys dat dr. Muir die opleiding van onderwysers deur middel van die kwekelingstelsel as 'n tydelike maatreël beskou het.<sup>31</sup> Die opleiding van alle onderwysers in 'n behoorlike opleidingskool was die ideaal waarna hy gestreve het. Die Nederduits-Gereformeerde Kerk het reeds in 1878 gevoel dat daar verdere en beter voorsiening vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre klasse moes wees. In daardie jaar is dus die Normaal-kollege in Kaapstad deur die Kerk gestig. 'n Nuwe on-

29. Vgl. The Story of Kindergarten, Onderwys-gaset, 14 Oktober 1909.

30. Ibid.

31. Sien bls. 336.

derwysersertifikaat, die „Middle Class Certificate“ is gelyktydig deur die Departement van Onderwys in die lewe geroep. Die sertifikaat was gelykstaande net die Matrikulasië-sertifikaat en kon na twee jaar opleiding verwerf word. Daar is geen bepaalde toelatingstanderd tot hierdie kursus vasgestel nie. Beie kandidate vir die Matrikulasië-eksamen het 'n week na laasgenoende, die eksamen vir die Middelklas-sertifikaat afgeleë. Die Middelklas-sertifikaat is later die Tweedeklas-sertifikaat (O.2) genoem en is bedoel vir diegene wat hul wou toelê op hoër-elementêre of sekondêre onderwys.

'n Ander inrigting wat reeds in 1892 besig was met die opkiding van onderwysers, was die Hugenote-kollege te Wellington. Van die twee opleidingsinrigtings het dr. Muir in 1892 gesê: „Ik vrees... dat de armen van het Universiteits Examen stelsel zo fern beetgepakt hebben, dat derhalve gewoon school onderwijs, dat wil zeggen, onderwijs in de vakken voor matriculatie te zeer op den voorgrond staan in hunne cursussen, en dat er zeer weinig tijd overschiet voor voorbereidende vak-oefening en voor de studie van natuurkunde, kunst en geschiedenis onderwijs, schoolbestuur en school gezondheidsleer.“<sup>32</sup>

Aangesien die Normaal-kollege slegs onderwysers vir die Middelklas-sertifikaat opgelei het, was daar in Kaapstad dus geen inrigting vir die opleiding van laergraad-onderwysers nie. In Kaapstad was daar egter 'n groot aantal kwekelinge in die

skole. Dit het aan dr. Muir die geleentheid verskaf om 'n begin te maak met opleiding in 'n sentrale inrigting. Vanaf 1893 moes al die kwekelinge in Kaapstad elke dag 'n anderhalf uur bymekaar kom om onderrig te ontvang. Hierdie „Central Classes," soos dit genoem is, is onder die toesig van mnr. James Barrie Low geplaas.<sup>33</sup> In die eerste jaar was daar 95 kwekelinge wat die klasse bygewoon het. Aangesien daar geen behoorlike permanente gebou beskikbaar was nie, het die klasse taanlik rondgeskuwe. Na 'n tydjie in die Universiteitsaal in Bureaustraat te vergader het, is die klasse later in die Wm. Friderickskod in Buitenkantstraat gehou. Daarna is die klasse verplaas na die gebou van die „Fine Arts Association" in Nuwestraat (Koningin Victoriastraat). Laasgenoende gebou is in 1898 deur die Departement aangekoop en in 1900 het die Sentrale Klasse hier permanente huisvesting gekry. Van toe af was die Sentrale Klasse bekend as die Opleidingsinstituut van Kaapstad maar later het die benaming Opleidingskollege in gebruik gekom.<sup>34</sup>

Die stelsel van sentrale klasse vir kwekelinge het dr. Muir ook in ander sentra toegepas. In Kaapstad, net sy groot aantal skole, was dit maklik om die kwekelinge bymekaar te kry maar op die platteland het dit moeiliker gegaan. Dit het dr. Muir nie afgeskrik nie en hy het Wellington gekies as die tweede sentrum vir die oprigting van 'n opleidingskool. 'n Modelskoolgebou het

33. Onderwysrapport 1893, bls. 24.

34. Sien The Cape Town Training College, Cape Argus, 3 Augustus 1900.

hy laat oprig met afdelings vir die opleidingskool en 'n oefenskool en in Januarie 1896 het die nuwe klasse 'n aanvang geneem. Daar was dadelik tekens dat die onderneming geslaagd was. „Early in the year," het dr. Muir aan die einde van die eerste jaar gesê, „it was evident that so far as the attendance was concerned there could be little doubt about the success, the average number in each of the three classes being about 30. This high figure was attained without in any way lowering the attendance at the Girls' Seminary or the Boys' High School, indeed, notwithstanding the opening of the Training School <sup>35</sup> these schools had a higher enrolment than ever." Die inrigting het met groot voorspoed sy werk voortgesit en tot op 1913 het 900 studente die Derdeklas-sertifikaat daar behaal en 200 die Tweedeklas-sertifikaat.

In 1897 is op Grahamstad ook 'n opleidingsinrigting gestig. Net soos by die vorige twee inrigtings, het die kwekelinge van die omgewing die kern van die nuwe inrigting gevorm. Alhoewel die opleidingskollege nie onmiddellik tekens van vooruitgang getoon het nie, het dit later vinnig ontwikkeld en dr. Muir het dit in 1912 beskrywe as „een der meest geachte op-<sup>36</sup> leidings kolleges in de gehele Provincie." Toe dr. Muir in 1915 afgetree het, het daar altosane twaalf opleidingskolleges

35. Onderwysrapport 1896, bls. 23.

36. Memorandum oor die stigting van Opleidingskole, Aanhangel I, Onderwysrapport 1912.

bestaan. Behalwe die drie inrigtings hierbo genoem en die Normaal-kollege, was daar inrigtings op Stellenbosch, Cradock, Kingwilliamstown, Oudtshoorn, Paarl, Robertson, Steynsburg en Kimberley.

#### Opleiding van Hoërgraad-onderwysers.

'n Verdere onderwyserskwalifikasie, die Eersteklas-sertifikaat (O.1), is in 1895 ingestel „om de beter opgeleide onderwijzers en vooral geëducierden aan te moedigen om een deel van hun vrijen tijd te besteden aan....Kunst, Wijsbegeerte en Geschiedenis van onderwijs, en dagelyks te trachten hun professionele bekwaamheid te verbeteren."<sup>37</sup> 'n Spesiale eksamen is daarvoor ingestel maar geen bywoning van klasse is geëis nie. Tot 1912 het daar nooit baie onderwysers hulle vir die eksamen aangemeld nie en in hierdie jaar was daar maar ongeveer twintig onderwysers in die diens wat die onderskeiding verwerf het.<sup>38</sup>

Die opleiding van hoërgraad-onderwysers is nooit ernstig deur dr. Muir aangepak nie. Wel het hy hom by tye oor die noodsaaklikheid van die opleiding van sulke onderwysers uitgelaat. In 1905 het hy byvoorbeeld gesê: "The whole question of the training of an adequate supply of teachers with higher than elementary qualifications calls for attention. The means of supply that have hitherto sufficed do so no longer, and the time would seem to have arrived for inviting the University and the Colleges

37. Onderwysrapport 1895, bls. 27.

38. Kellermann: op. cit., bls. 199.

to co-operate with the Department in this important matter."

Tot hier toe het die idee nog altyd bestaan dat as 'n man in besit was van 'n graad, hy in staat was om onderwys te gee. Voor 'n Gekose Komitee van die Parlement wat die vraagstuk van die opleiding van hoërgraad-onderwysers ondersoek het, het Muir hom sterk oor hierdie punt uitgelaat. "It is one of the most discouraging things to me to think of a man coming, as I have them almost every week, with the Matriculation or the B.A. degree and starting teaching the next quarter, put up in front of a class, when he has never seen one in his life except the one he was in himself. The thing is absolutely ridiculous."<sup>40</sup>

Alhoewel dr. Muir in 1905 gewag gemaak het van die noodsaaklikheid van samewerking met die kolleges, het hy glad die teenoorgestelde houding in die saak voor bogenoende Gekose Komitee ingeneem.<sup>41</sup> In 1905 wou die Victoria-kollege, Suid-Afrikaanse Kollege, en die Rhodes-kollege begin voorsiening maak vir die opleiding van hoërgraad-onderwysers en eersgenoemde kollege het by Muir aansoek gedoen om die instelling van 'n leerstoel in opvoedkunde goed te keur. Hier teen was dr. Muir met die allergrootste heftigheid gekant. 'n Petisie van die Victoria-kollege aan die Parlement gerig, het aanleiding gegee tot die aanstelling van 'n Gekose Komitee in 1906. Op

39. Onderwysrapport 1905, bls. 25.

40. Muir: Getuenis voor Gekose Komitee oor Opleiding van Hoërgraad-onderwysers, ens. 1906, vr. 88.

41. Ibid., vrae 92, 93, en 100.

'n vraag van die Komitee waarom hy teen die aanstelling van 'n professor in die opvoedkunde was, het Muir geantwoord: "A Professor of Education will never produce teachers. It will be all theory."<sup>42</sup> Die meerderheid van die Gekose Komitee was Muir se sienswyse toegedaan, of deur sy sienswyse beïnvloed, en die Victoria-kollege het nie sy professoraat gekry nie.

Alhoewel die neiging teen hierdie tyd ook al sterk in die rigting van gespesialiseerde onderwys in hoërskole ontwikkel het en dr. Muir trouens ook aanbeveel het dat vakke deur spesialiteit-onderwysers moes doseer word, het hy nietemin bly staan op die bepaling dat alle aspirant-onderwysers in die eksamens vir teken, houtwerk en sang moes slaag, alvorens hulle in besit van enige onderwysersertifikaat kon kom. Alhoewel so 'n bepaling, volgens die mening van bovenoemde Komitee, die aantal kandidate vir opleiding vir hoërgraadbetrekings gestrem het, was Muir nie bereid om van die bepaling af te sien nie. Gevra waarom nie, het hy geantwoord: "Excuse me. I have a great deal of knowledge and experience and I must assert my position in the matter of education."<sup>43</sup> Hiermee was die saak dan ook afgedaan. Volgens dr. Muir kon geen mens blykbaar onderwyser wees tensy hy ook 'n sekere vaardigheid in teken, houtwerk en sang gehad het nie.

Die Victoria-kollege en haar susterinrigtings het egter nie die stryd daargelaat nie. Die aansoek om 'n professor in die op-

42. Muir: Getuienis voor Gekose Komitee oor Opleiding van Hoërgraad-onderwysers 1906, vraag 103.

43. Ibid., vraag 59.

voedkunde aan te stel is in 1909 hervuur en hierdie keer, ten spyte van Muir se steeds bestaande teenstand, is die aansoek toegestaan. Dit word gesê dat die toenmalige minister belas met onderwyssake, N.F. de Waal, vir dr. Muir gedwing het om <sup>44</sup> toe te gee. Die eerste dosent deur die Victoria-Kollege aangestel, was mnr. D.A.A. Pauw. Hy is in 1910 aangestel. Die nuwe fakulteit het twee kursusse aangebied. Een was die gewone O.2-kursus wat ook deur die opleidingskolleges aangebied is, en die ander 'n eenjarige kursus vir die Victoria-kollege-onderwysersdiploma wat alleen vir gegradsueerdes bedoel was. Die leerplan van laasgenoemde kursus is ook deur die Suid-Afrikaanse Kollege oorgeneem en die naam „Special T.2" is daaraan gegee.

In 1912 het die Unie-regering 'n Eersteklas-sertifikaat <sup>45</sup> vir onderwysers ingestel. Die leerplan was presies dieselfde as die vir die „Special T.2". Net gegradsueerdes is tot die kursus wat agtien maande geduur het, toegelaat. 'n Tesis oor een of ander opvoedkundige onderwerp is ook van kandidate verlang voor die finale sertifikaat uitgereik is. Beide die Victoria-kollege en die Suid-Afrikaanse Kollege het opleiding vir die sertifikaat aangebied.

Die vrugte van dr. Muir se onvermoeide ywer in verband met die aandringing op behoorlike opleiding vir onderwysers

44. Cillie: Die Onderwys aan die Kaap, bls. 352.

45. Sien Staatskoerant, 29 Oktober 1912.

word weerspieël in die volgende vergelyking tussen die kwalifikasies van onderwysers in 1894 en 1915.

46

Vergelyking van Kwalifikasies van Onderwysers.

1894

1915

1. Akademies.

Universiteitsgraad	87	372
Intermediate	30	216
Matrikulasié	172	854
Ander Universiteits-diplomas	-	59
Geen sertifikaat	3397	7792
	_____	_____
TOTAAL	3686	9293
	_____	_____

2. Professioneel.

Britse Regeringssertifikaat	98	304
Ander Europese sertifikaat	27	29
Kaapse Eersteklas-sertifikaat	-	36
Tweedeeklas-sertifikaat	84	815
Derdeeklas-sertifikaat	804	4524
Gemengd	-	371
Geen kwalifikasie	2673	3214
	_____	_____
TOTAAL	3686	9293
	_____	_____

46. Syfers ontleen uit Onderwysrapport 1894, bls. xx, en Onderwysrapport 1915, Aanhangsel I, no. 8 A.

Muir word gekritiseer.

Dr. Muir se slagspreuk, „Elke onderwyser moet gesertifiseerd wees," het reeds vroeg aan die kant van die publiek en die skoolbesture groot ontevredenheid uitgelok. „Zoo erg is die certificaatkoorts," het een dagblad gekla, „dat geen certificaat van een universiteit bij het Departement geldt als men niet het certificaat van het Departement er bij heeft. Hier neenen wij wordt de zaak te ver gedreven. Iemand die lid van een universiteit is bezit toch de kennis die neegedeeld moet worden."<sup>47</sup> In dié dae kon die mense nie verstaan dat 'n onderwyser vir sy lewenstaak opgelei moes word nie. Muir het evangeliewerk op hierdie gebied gedoen en het nooit 'n geleentheid laat verbygaan waar hy nie met die grootste nadruk die noodsaaklikheid vir behoorlike opleiding beklemtoon het nie.

Om sy beleid te bevorder moes dr. Muir na tydelike middels gryp - soos byvoorbeeld die vakansiekursusse - om so gou moontlik onderwysers van die onmisbare diploma te voorsien. Hierdie vakansiekursusse was vir menigeen 'n doring in die oog en dit het weereens 'n wapen verskaf om Muir mee aan te val. Die mening is uitgespreek dat so 'n kursus meer kwaad as goed kon doen „door menschen, die nooit tevore wetenschappelik tot onderwijzer werden opgeleid in één honderdtal uren tot onderwijzer te smeden."<sup>48</sup> Dit was seker wel waar dat daar nie te

47. Inleidingsartikel, Volksbode, 27 November 1895.

48. Inleidingsartikel, Ons Land, 12 Januarie 1905.

veel gedurende so 'n kursus kon uitgerig word nie. Dit was ook waar dat die vakke wat by die kursus behandel is die gewone skoolvakke soos reken, skrif, grammatika, aardrykskunde en sang ingesluit het en dat sielkunde, en die beginsels van opvoedkunde glad nie op die rooster verskyn het nie.<sup>49</sup> Maar die feit bly dat die voorligting en wenke wat die onderwysers in die metodiek van die vakke gekry het tot heil van hul leerlinge gestrek het.

Die bepaling van die Departement dat alvorens die 0.2-sertifikaat kon verwerf word, die kandidaat eers in besit van die 0.3 en weer die 0.2 voordat hy die 0.1-eksamen kon afle,<sup>50</sup> het ook veel stof vir kritiek gegee. Die „Ons Land“ het hierdie hinderlike bepalings aan die kaak gestel met 'n voorbeeld van 'n uiterste geval. „Gesteld een jongeling wenst het Eerste klas onderwyzers certificaat te verwerven, hoe zal zijn studie ingericht zijn? Na de 6de standaard kan hij met zijn werk beginnen. Drie jaar lang moet hij kwekeling zijn en zich uitsluitend aan het werk voor de 3de klas onderwyzers certificaat wijden. Na dit examen mag hij niet direkt voor 't 2de klas certificaat werk en, want tot dit examen word nienand toegelaten, die het matriculatie examen niet afgelegd heeft. Hij moet dus eerst dit examen doen alvorens zijn 2de klas certificaat te kunnen behalen. Maar daarna, schoon in bezit van dit certificaat, kan hij 't 1ste klas

49. Sien bespreking van die Vakansiekursusse, Ons Land, 12 Januarie 1905.

50. Van die eerste bepaling is in 1904 afgesien mits die kandidaat die Intermedier of 'n hoër akademiese kwalifikasie gehad het.

certificaat niet verwerven voordat hij 't B.A. examen heeft afgelegd. Dus drie jaren hiervoor. Dan eerst kon hij zich inschrijven voor zijn eindexamen als onderwijzer....Van dat hij met zijn onderwijzers opleiding begon totdat hij zijn T.I diploma ontvangt zijn dus minstens 13 jaar voorbij gegaan."<sup>51</sup> Natuurlik sou niemand wat by sy volle verstand was sy kursus reël soos hierbo uiteengesit nie, maar dit dien as voorbeeld van die kritiek waarmee dr. Muir te kanpe gehad het.

Die klagtes was wel geregtig in die geval van die bepaling wat neergelê het dat alle besitters van die Engelse "Privy Council Certificate" vrygestel sou word van die eksamen vir die Eeysteklas-sertifikaat en dat hierdie onderskeidings sonder meer aan hulle uitgereik sou word. Dit is geen wonder dat in hierdie bepaling partydigheid net betrekking tot Skotte en Engelse gelees is nie. "Daar in ons land zoo 'n certificaat (die "Privy Council Certificate") geheel en al onbekend is, gelijkt dit op eene deurdachte poging om de hoogste onderwijzers posities in de handen der uitlanders te doen komen. Geen wonder dus dat er groote ontevredenheid onder die Afrikaner onderwijzers heerscht met Dr. Muir's administrasie van zijn Departement."<sup>52</sup>

#### Status en Besoldiging van Onderwysers.

Met dr. Muir se verbreding van die kanale wat tot die

51. Inleidingsartikel, Ons Land, 2 Desember 1905.

52. Inleidingsartikel, Ons Land, 22 Oktober 1895.

sertifisering van onderwysers geleei het, het daar uiteindelik 'n leer van onderwysers ontstaan wat nie eintlik op 'n hoë peil van akademiese of kulturele bekwaamheid gestaan het nie. Dat enig-een met geen hoër akademiese bevoegdheid as standerd vier en eers later standerd sewe onderwyser kon word, het nie die status van die onderwyser in die oë van die algemene publiek veel laat styg nie. "We kunnen voor ons self het feit niet verhelen," is teres deur die Onderwyskommissie van 1910 opgerek, "dat het land certifikaten van bekwaamheid als onderwijzer aan jongeliäden geeft, die noch voldoende onderwezen, noch een voldoende opleiding gehad  
<sup>53</sup>  
hebben." Alhoewel dit alles waar was, is dr. Muir gedwing ge-wees, met die oog op/geweldige aantal ongesertifiseerde onderwysers in 1892, om enige geregtigde middel te gebruik om onderwysers opgelei te kry. Siedaar sy instandhouding en uitbreiding van die kwekelingstelsel. Die aanbeveling van die Onderwyskommissie van 1910, dat geen onderwysersertifikaat noes uitgereik word nie anders dan na afloop van 'n tweejarige vakopleiding vol-gende op die matrikulasié of 'n gelykstaande eksamen, het dr. Muir  
<sup>54</sup>  
se heelhartige goedkeuring weggedra. Dit was die ideaal wat hy altyd voor oë gehad het maar dit was 'n ideaal wat eers in 1932,  
<sup>55</sup>  
lank na sy tyd, verwesenlik is.

Die groot moeilikheid waarnee dr. Muir aan die begin te doen gehad het, was dat die onderwysberoep nie altyd die regte

53. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 216.

54. Ibid.

55. Vgl. Getuienis van Muir voor Onderwyskommissie 1910, par. 93.

soort persoon getrek het nie. Hoe kon dit ook anders wees? Die onderwyser was nie 'n gerekende man nie. Sy besoldiging was karig en sy werk moeilik. "The remuneration is too small to attract energetic and well educated men," het een inspekteur gesê, "and the house accommodation frequently utterly inadequate for people of any refinement or culture. Every walk in life here in South Africa is much better paid than that of the third-class schoolmaster and every trained artisan is far better off."<sup>56</sup>

Onderwysers op die buiteskole het sons onder die arm-saligste toestande moes lewe. Die volgende beskrywing van die lewe van onderwysers destyds op plaasskole is geensins oordrywe nie. "The farm school teachers besides being miserably paid were often fed on dry bread and black coffee, and were unable to obtain baths or sanitary conveniences. They had often to undertake degrading duties quite outside school requirements, while the schoolrooms were frequently sheds,<sup>57</sup> harness stores or bedrooms." Dit is dus nie vreemd dat die onderwysberoep onaanreklik was nie en dat baie onderwyser geword het slegs as tydelike uitvlug totdat iets beters voorgekom het. Die status van die destydse onderwyser is mooi deur dr. Muir opgesom. "First of all there is the low and perverted estimate of a teacher's qualifications, which is rooted in the minds of large sections of the community. Any

56. Insp. Baartman in sy verslag aan S.G.O., Aanhangsel I van Onderwysrapport 1893, bls. iv.

57. Educational News, Augustus 1911.

man who can put pen to paper, and looks as if he had been unaccustomed to manual labour is in some parts considered fit to be a teacher; and, so great is the dearth of capable teachers, that a man of this stamp is sure to find employment, if he can only be got to rate his services at a sufficiently low figure.<sup>58</sup>"

Die onderwyser se posisie onder die ou waarborgstelsel waarvolgens 'n nuwe skoolbestuur elke drie jaar moes gekies word en die aansoek om die regeringstoelaag moes hernu word, was so onseker dat menige onderwyser met vrees die afsluiting van so 'n driejarige tydperk afgewag het. Die onderwyser se ontslag kon enige tyd intree en die Departement was magteloos om te help.

"Met een onzekere betrekking, zijn geringe inkomen en blootgesteld aan de genade van geluk of ongeluk, gebruikt als een speelbal door al de verschillende klieken der maatschappy, een slachtoffer van de kleingeestigen tiranny van individu's en hopeloos en hulpeloos onder de voeten vertreden en mishandeld door een oppermagtige en onverantwoordelike Schoolkommissie...is het leven van een onderwyser dikwijls dat van een hond, in plaats van een redelijk wezen."<sup>59</sup> Dit was dan die lot van die onderwyser omstreeks die negentiger jare, maar stadigaan het daar verbetering ingetree. Alreeds in 1903 kon dr. Muir gewag daarvan maak dat die status van die onderwyser in die oë van individu en staat aansienlik gestyg het. "This last decade of the century saw

58. Onderwysrapport 1893, bls. 20.

59. De Zuid Afrikaan, 4 Junie 1891.

great changes of opinion with regard to him and his work. With every additional enhancement attached to the value set upon education his status has improved; and with every step towards the nationalisation of his subject the more willing has the State been to view him as an honoured and trusted servant.<sup>60</sup>"

Alhoewel die betrekking van onderwyser met verloop van tyd in aansien gestyg het, het sy besoldiging egter nie in die selfde verhouding toegeneem nie. Tot op 1905 toe die Skoolradewet in werking gestel is, moes die helfte van die onderwyser se salaris nog altyd deur die skoolbestuur gevind word. 'n Gekose Komitee wat in 1902 die besoldiging van onderwysers ondersoek het, het gevind dat slegs 'n baie klein persentasie (6.5) van die skoolbesture volle gebruik van die regeringstoe-<sup>61</sup>lae gemaak het. Dit het beteken dat die oorgrote meerderheid van die besture nooit hulle volle deel van die bydrae tot die onderwysers se salarisse gedoen het nie en dat die meerderheid van onderwysers nie die besoldiging ontvang waarop hulle geregtig was nie.

In die jaar 1902, in die Kaapse Afdeling, was die gemiddelde jaarlikse salaris van hoofde van skole (mans) £220 per

- 60. Muir: Presidential Address before the S.A. Association for the Advancement of Science, April 1903, (Muir-versameling, Openbare biblioteek, Kaapstad).
- 61. Rapport van Gekose Komitee oor Status en Besoldiging van Onderwysers, 1902, par. 2.

jaar, van dameshoofde £105 en van assistente £74. In die Staatsdiens daarenteen, het 'n stoorman £425, 'n bode £200, 'n tikster £120, en 'n kleremaker op die personeel van die tronk £260 per jaar ontvang. "The schoolmaster's work," sê die 'Educational News', "is of the utmost importance to the state. He has in most cases undergone a long and expensive training. He holds a position of trust and responsibility yet his remuneration is less than that of a Civil Service Bookkeeper, Caretaker or Prison Tailor and less than that considered fit for the manager of the Municipal stables. Lady assistant teachers - educated and hard-working women - are offered half the salary of a Cape Town post-mistress or two-thirds that of a lady typist."<sup>62</sup>

Om die skoolbesture tegemoet te kom en hul in staat te stel om 'n beter bydrae tot die salarisse van die onderwysers te doen, het die regering sy final step in the application of the £ for £ principle" geneem.<sup>63</sup> Tot op hierdie datum is regeringsondersteuning slegs verleen aan onderwysersalarisse, huur van skoolgeboue en vir rente op boukoste van skoolgeboue, maar vanaf 1902 is die pond-vir-pondbeginsel toegepas op elke wettige uitgaaf in verband met skole, soos skoonmaak, beligting, reparasies, salaris van oopsigter en alle uitgawes in verband met die onderhoud van 'n skool.<sup>64</sup> Hierdeur is die skoolbesture se finansies op 'n beter

62. Educational News, Desember 1902.

63. Muir: Getuienis voor Gekose Komitee oor Status en Besoldiging van Onderwysers 1906, vraag 90.

64. Addisionele Skoolregulasies 1902.

peil gebring en gevolglik was die onderwysers beter daaraan toe.

In 1909 is die Skoolradewet so gewysig dat vanaf daardie jaar alle geldelike tekorte in verband met die bestuur van skole op rekening van die regering moes geplaas word en nie langer op die van die plaaslike liggeme nie. Hierdie rewolusionêre verandering in die stelsel van finansies het uiteindelik 'n belangrike uitwerking op die salarisse van onderwysers gehad. Terwyl daar so 'n groot deel van die salarisse plaaslik gevind moes word, was die instelling van 'n behoorlike en eenvormige skaal van salarisse dwarsdeur die Provincie 'n onmoontlikheid. Elke skoolraad, net soos elke skoolbestuur voor die instelling van skoolrade, het 'n salaris volgens sy vermoë betaal en die onderwyser het in die skool gaan werk waar hy die beste voorwaardes kon kry. Soiets soos salarisverhoging het feitlik nie bestaan nie en byna elke onderwyser het dwarsdeur sy diens-tyd dieselfde salaris behou. Vanaf die omwenteling in die finansiële beleid van die regering teenoor die skole in 1909 het die onderwysers tot die besef gekom dat die uiteindelike verantwoordelikheid vir hul salarisse by die Administrasie berus het en hiervandaan het die agitasie vir die verbetering in die soldy van onderwysers 'n aanvang geneem.

Die Onderwyskommissie van 1910 het aanbeveel dat 'n skaal van minimumsalarisse en verhogings vir onderwysers be-  
65  
hoort ingevoer te word. Die aanbeveling is nie aangeneem

nie en in 1913 het 2901 onderwysers en 1097 skoolraadslede 'n petisie onderteken om die Parlement te versoek om verligting met betrekking tot die salarisse van onderwysers te skenk. Dit het uiteindelik 'n uitwerking gehad. Die Provinciale Administrasie het in 1915 'n kommissie benoem met die opdrag om 'n billike skaal van salarisse op te stel maar met die beperking dat die verhoogde uitgawes daaraan verbonde wat die administrasie betref nie die bedrag van £30,000 sou te bove gaan nie. Die bevindings van die kommissie het egter min tevredenheid gegee. Die Grootoorlog van 1914-18 was juis aan die gang en lewenskoste het tot ongekende hoogtes gestyg. Slegs 'n dreigement van die onderwysers om in 1919 'n staking uit te roep, het die gewenste uitwerking gehad en vanaf daardie jaar het 'n behoorlike skaal van salarisse vir onderwysers ingetree.

Vanaf die jaar 1875 is 'n jaarlikse "Good Service Allowance" aan elke onderwyser na vyf jaar "continuous and meritorious service" toegeken ter aanvulling van sy salaris. Die bedrag van die toelaag het afhang van die rang van die onderwyser en die soort skool waarin hy werksaam was. Die hoogste toelaag betaalbaar was £50 (aan die hoof van 'n Al-skool) terwyl die hoogste toelaag wat 'n hoof van 'n Sendingskool kon bereik £12 was. Die maksimum-toelaag van 'n assistent in 'n blanke skool was £30. Al hierdie maksima kon na 'n dienstyd van 15 jaar behaal word.

66

---

66. Sien Skedule tot Wet no. 43 van 1887 vir volledige skaal van Goeie Dienstoelae. (Blouboek, G.97 - 1904).

In 1896 is die regulasies in verband met die Goeie Diens-  
toelae gewysig deur die toepassing van die volgende skaal:-  
<sup>67</sup>

- (1) Na vyf jaar diens 25 persent van die regerings-bydrae tot die onderwyser se salaris;
- (2) Na tien jaar diens 35 persent van die bydrae;
- (3) Na vyftien jaar 40 persent.

Die toekenning van pensioene aan onderwysers dateer van 1887 af. Die pensioen is op die Goeie Dienstoelaag gebaseer. Vyf persent van die Goeie Dienstoelaag is jaarliks deur die regering afgetrek as die onderwyser se bydrae tot die pensioenskema. By bereiking van die ouderdom sestig, het die onderwyser sy volle Goeie Dienstoelaag as lewenslange pensioen ontvang met die toevoeging van 50 persent daarvan vir 'n dienstyd van 15 jaar, 75 persent vir 'n dienstyd van 20 jaar en  
<sup>68</sup> 100 persent vir 'n dienstyd van 30 jaar of langer. Aangesien daar egter min onderwysers op die lys vir Goeie Dienstoelae gekom het, volg dit dat daar maar min pensioentrekkers was. In die jaar 1900, byvoorbeeld, het uit 'n totaal van  
<sup>69</sup> 4585 onderwysers slechts 497 die Goeie Dienstoelaag ontvang. In 1915 was daar maar net 165 oud-onderwysers wat pensioen  
<sup>70</sup> getrek het.

Aan die verhoging van die status van die onderwyser in ons land, is daar aan niemand meer dank verskuldig as aan dr.

67. Kragtens Proklamasie no. 286 van 1896. (G.97 - 1904).

68. Sien Wet no. 43 van 1887, seksie 4.

69. Educational News, November 1902.

70. Onderwysrapport 1915, Aanhangesel II, bls. 4b.

Thomas Muir nie. Hy het nie alleen onderwysers gedwing om professionele opleiding te ondergaan nie, maar hy het die publiek van die waarde van opleiding oortuig en daaroor die onderwys professie in aansien laat styg. Dr. Muir se gevleuelde woorde by geleentheid van 'n toespraak by die gradeplegtighoid van die Universiteit die Kaap die Goeie Hoop in 1892 verdien 'n ereplaas in die annale van die onderwysberoep. "There is, indeed," het Muir gesê, "no higher or worthier profession, if we will but think of the aims which it ought to set itself, and of the immense power for good or for evil attaching to it. And if, for any reason the people of a country have come to think otherwise, the duty of every well-wisher of the people is to try to guide them towards sounder views: for assuredly, the nation that takes a petty estimate of the teachers of its children and values their services at a low figure, will in the long run suffer for its folly and pay for its niggardliness."<sup>71</sup>

71. Muir: Degree Day Address 1892. Sien University Addresses, Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.

HOOFSTUK ELF.DIE OPKOMS VAN SKOOLRADE EN GEDWONGE ONDERWYS.Skoolbestuur onder die Vrywillige Stelsel.

Die vrywillige onderwysstelsel wat kragtens die Wet van 1865 vasgelê is, het op daardie tydstip van die land se ontwikkeling goed beantwoord. Dit het op die bevolking 'n heilsame uitwerking gehad. Dit het gepas by die demokratiese volksaard. Om 'n skool te stig en dit met welslae te drywe, het 'n hoë mate van samewerking onder die inwoners van 'n dorp of distrik vereis en dit het die land ten goede te staan gekom omdat die bevolking daardeur waardevolle opleiding in gesamentlike optrede gekry het.

Deur die publiek te laat besef dat die verantwoordelikheid vir die verskaffing van onderwysgeriewe by hulle self tuis hoort, was 'n kostelike les in die bevordering van self-bestuur en eie ondernemingsgees. Die feit dat die onkoste aan 'n skool verbonde sowel as die helfte van die salarisse van die onderwysers plaaslik moes gevind word, het buitensporige uitgawes en verkwisting teegewerk. Verder was die beginsel dat die mens daardie dinge die neeste waardeer waarvoor hy self moet betaal, gesond. 'n Groot voordeel aan die vrywillige stelsel verbonde was dat dit die plig van die ouer teenoor die kind sterk op die voorgrond gebring het en dat dit belangstelling in onderwyssake onder die vooraanstaandes van

elke distrik sewek het. Die stelsel het egter beter op papier selyk as wat dit in sy praktiese toepassing was, veral toe die aantal ondersteunde skole vanaf die tagtiger jare geweldig begin uitbrei het „to an extent scarcely ever contemplated by its originators.”<sup>1</sup>

Die stigting van 'n nuwe skool, of die verkiesing van 'n nuwe bestuur van 'n bestaande skool na die verstryking van sy dienstyd, het gepaard gegaan met 'n ingewikkeld prosedure en daar was heelwat moeite aan verbonden. Die prosedure wat gewoonlik gevolg is, het hierop neergekom:-

(1) Diegene wat begerig was om 'n skool te stig, het 'n vergadering van die inwoners van die omgewing („Householders") byeengeroep deur 'n kennisgewing drie weke lank by 'n openbare plek, gewoonlik die magistraatskantoor, op te plak.

(2) Op hierdie vergadering is 'n besluit geneem dat 'n onsektariese publieke skool in die omgewing wenslik geag is, of dat die reeds bestaande skool voortgesit sou word.

(3) Na hierdie besluit aangeneem is, is vermoënde en invloedryke persone van die distrik genader om vir die volgende drie jaar die onkoste aan die skool verbonden te waarborg. Hierdie waarborg moet die helfte van die salarisse van die onderwysers en al die verdere onkoste in verband met die skool dek met die verstandhouding dat indien die voorstel tot die oprigting van die

1. Rapport van Onderwyskommissie 1879, par. 7, bls. xv.
2. Vgl. School Manual 1892; ook Special Reports, Deel V, bls. 96 et seq.

skool die Departement se goedkeuring weggedra het, die orige helfte van die salarisso van die onderwysers deur middel van 'n toelaag van die regering op die pond-vir-pondstelsel sou bestry word.  
3

(4) Sodra die beraande bedrag deur die borge gewaarborg is, kon die skema voortgesit word.

(5) Deur die vergadering is dan 'n raad van bestuurders (ook dikwels genoem skoolkommissie of selfs skoolraad) uit die ondertekenaars van die waarborglys gekies. Geen vaste getal bestuurders is vasgestel nie behalwe dat die getal nie minder as vyf moes wees nie. Verder is ook nooit bepaal of alle bywoners van die vergadering of net die borge die raad moes kies nie.

(6) Die bestuur het hierna in verband met die Departement getree naas hulle moes vooraf 'n klaar opgestelde skema in verband met die voorgestelde skool vir goedkeuring voor die Departement lê. So 'n skema, om goedkeuring te verkry, moes die volgende bevat: (a) die name van die bestuurders; (b) 'n onderneming aan die kant van die bestuurders om 'n geskikte gebou beskikbaar te stel en in stand te hou met die nodige sanitêre geriewe en behoorlike meubels; (3) 'n onderneming om 'n geskikte woning vir die hoofonderwyser te verskaf of in plaas daarvan 'n jaarlikse bedrag gelyk aan een-vyfde van sy

3. Hierdie bepaling is in 1902 heelwat verlig toe die regulasies so gewysig is dat die pond-vir-pondbeginsel op alle uitgawes in verband net 'n skool toegepas is.

salaris; (d) die name en bevoegdhede van die onderwysers vir die voorgestelde skool; (e) die skaal van skoolgeld wat gevra sou word; en (f) die voorgestelde plaaslike regulasies vir die beheer van die skool en die reëlings wat vir die onderhoud en bestuur daarvan getref sou word.

(7) Na goedkeuring van die voorgelegde skema en veral van die name van die bestuurders het laasgenoemde ingevolge hierdie goedkeuring die bestuur van die skool op hulle geneem en ook die verantwoordelikheid vir die getroue uitvoering van die skema.

(8) Die toelaag van die regering het drie jaar van krag gebly en daar is bepaal dat na hierdie tydperk „no new grant or renewal or augmentation of a grant shall take place until or unless the Superintendent-General is satisfied that suitable outoffices, and in addition, a suitable recreation ground have been provided, and that the school can efficiently provide for the wants of the locality."  
4

Die prosedure wat hierbo nagegaan is, moes gevolg word by die stigting van elke onsekariese publieke skool (skool van Klas A). Die Sendingskole (B-skole) en Inboorlingskole (C-skole) het direk onder kerkgenootskappe gestaan en daar was geen publieke kiesing van 'n bestuur vir daardie skole nie.

Die plaaslike deel van die bydrae tot die onkoste van 'n skool het die bestuurders gewoonlik byeengebring deur middel van die skoulgeld wat die skoliere betaal het en deur 'n basaar of

---

4. Skedule tot Wet no. 13 van 1865 (G.97 - 1904).

ander funksie te hou. In die geval van 'n tekort moes die borge hul hande in hul sak steek om die tekort aan te vul. Dit het dikwels die gevolg gehad dat wanneer die bestuur se driejarige dienstyd om was, hulle nie weer die verantwoordelikheid op hulle wou neen nie. Uit vrees vir so 'n tekort was besture in baie gevalle geneig om selfs die noodsaaklikste uitgawes te verminder en hieraan was die ondoeltreffendheid van skoolgeboue en die swak gehalte van skoolneubels in die meeste skole te wyte. Weens die losse voet waarop die kiesing van die besture gestaan het, was dit moontlik dat die bestuur in die hande van 'n geslote kring kon val. Sodoende kon die belang van een seksie bo dié van 'n ander bevorder word of selfs die onsekteriese karakter van die skool in gevaar gebring word.

Die hele stelsel in verband met die borge en die kiesing van skoolbesture het later van tyd ontaard in 'n onwettige procedure. Bestuurders, huiverig om alleen die las van die waarborg en moontlike tekorte te dra, het agterwaarborge gekry om kleiner bedrae te waarborg en aan sulke persone is die reg verleen om die bestuurders te kies. Die gevolg van hierdie praktiese was dat daar name op waarborglyste verskyn het wat belaglike bedrae gewaarborg het - in sommige gevalle die som van  
5  
een sjieling!

'n Ernstige gebrek van die vrywillige stelsel was dat die toelae van die regering net drie jaar geldig gebly het en

na verloop van elke drie jaar moes dieselfde ingewikkeld procedure insake die opstelling van 'n waarborglys en die kiesing van 'n bestuur gevolg word sodat daar geen behoorlike kontinuïteit in die stelsel was nie. Dikwels het dit gebeur dat by gebrek aan voldoende borge 'n skool na so 'n driejarige tydperk verval het. Dit was op kleiner plekke 'n wesenlike gevaar omdat die beskikbare getal bemiddelde mense gering was. In die groter sentra het hierdie gebrek betreklik minder ernstiger gevolge gehad as op die kleiner plekkies. "In my own experience," het een van die inspecteurs opgemerk, "there was not a single village in a circuit of five divisions of the Colony in which, in a space of five years, the school did not pass through a most serious crisis resulting in some cases in its temporary collapse."<sup>6</sup>

Skoolbesture het geen regspersoonlikheid of wetlike magte besit nie en dit het tot tallose moeilikhede geleid. So 'n bestuur kon nie vervolg word nie en ook geen wetsprosesse aangaan nie. By wanbetsling van skoolgelde het die besture geen middel gehad om skuldenaars te dwing om hul skulde te betaal nie, of om die agterwaarborge te beweeg om hul verpligtings na te kom nie. Besture het ook geen wetlike mag besit om eiendomme en geboue te besit of op hul naam te laat transporteer nie.

Die onderwyser het die swaarste onder die stelsel gelê. 'n Besture het die vermoë gehad om die volle bydrae tot die salaris van die onderwyser te doen sodat hy gewoonlik 'n laer salaris ont-

---

6. Clarke: Cape Education: Its Difficulties and Development, bls. 8.

vang het as wat die regeringstoelaag moontlik gemaak het. Dikwels is 'n onderwyser verplig om 'n laer salaris aan te neem as die waarteen hy oorspronklik aangestel is. In ander gevalle het dit gebeur dat die plaaslike bydrae nie byeengebring kon word nie en die onderwyser moes tevrede wees met 'n skuldbewys vir die bestuur se deel van sy salaris. Gevalle is bekend waar die onderwyser uit sy karige loon die skoolgeld van enige van sy leerlinge moes betaal om sodoeende die bestuur se inkomste te vermeerder. Dit het ook gebeur dat daar oneindige vertraging was voordat die onderwyser die regering se bydrae tot sy salaris ontvang het omdat die bestuur hierdie geld vir ander doelendes aangewend het. Om hierdie wanprakteke teë te werk het die Departement elke kwartaal die onderwysers 'n sertifikaat laat onderteken verklarende dat die salaris (beide die plaaslike en regeringsbydraes) ten volle aan hul uitbetaal is. Dit het 'n goeie uitwerking gehad maar skoolbestuurders het nog altyd 'n manier uitgevind om hul verpligtings te ontduiik. Daar is byvoorbeeld gevalle onder die aandag van die Departement gebring waar die onderwysers eers die verklaring onderteken het en die sekretaris van die bestuur later die syfers ingevul het. Onderwysers het boonop geen sekerheid oor hul dienstyd geniet nie, want aan die einde van elke driejarige tydperk, met die verstrekking van die waarborg van die bestuurders, is die onderwysers formeel ontslaan en hulle het geen sekerheid oor hul herindienstneming gehad nie. Opeenvolgende rade was nie gebind deur

enige besluite van hul voorgangers nie sodat enige kontrakte wat deur 'n bestuur aangegaan is, by verstryking van hul dienstermyne verval het. Dwarsdeur die stelsel was daar dus 'n skreiende gebrek aan bestendigheid en stabiliteit.

Die grootste gebrek in die hele stelsel was egter die feit dat daar in die wet van 1805 geen voorsiening gemaak is vir departementele masjinerie om nuwe skole te stig nie. In hierdie opsig was die Departement gehelenal magteloos. Die Departement moes wag op die plaaslike ondernemingsgees. Waar daar dus niemand was om die voortou te neem nie, het 'n plek sonder onderwysfasiliteite gebly. Die toestand is kragtig deur dr. Dale in een van sy rapporte opgesom: "The intention of the Government is to unite with the people of the locality, but where the co-operation of the people is withheld, the locality remains unaided. The working of the system is therefore in some respects anomalous; it helps those who are most able and willing to help themselves; but, those who from ignorance, poverty or indifference make no effort to found schools, and who thus show most plainly their need of instruction, are left in apathy and ignorance, unless an external agency other than Government is set to work on their behalf... In the larger areas there are always men of intelligence and energy to lead voluntary effort, and to see to the observance of aid, so as to secure the co-operation of the Department, whereas in rural districts there is seldom any agency but that of the clergyman of the parish to put farmers in the way of organizing

schools in their midst."

Hierdie magteloosheid van die Departement om skole te kon stig, het ook dadelik vir dr. Muir besonder gehinder en hy het dit beskou as die allergrootste swakheid van die vrywillige stelsel. Hy het met groot heftigheid teen hierdie gebrek te velde getrek. „If the more influential people of the community are indifferent to the welfare of those about them," het hy gesê, „or are hopelessly divided by reason of political and ecclesiastical differences; if the clergyman considers coloured people beneath his notice; and if the farmer is content to allow his children to grow up in ignorance, what can the Superintendent-General of Education do? Nothing, absolutely nothing in his official capacity...He may know of any amount of educational destitution and be powerless to help."<sup>8</sup>

'n Magtige faktor in die onderwys gedurende die bestaan van die vrywillige onderwysstelsel in Kaspland was die optredende van die Hollandse Kerk en sy predikante. Dit was ook nie teveel gesê toe beweer is: „The Cape would not have had an education system at all had it not been for the energy and devotion of the Dutch Reformed Church."<sup>9</sup> Die rol wat die Hollandse predikant in die stigting en instandhouding van skole in die land gespeel het, kan nooit genoeg waardeer word nie. „Op die

7. Onderwysrapport 1870.

8. Muir: Toespraak by opening van skool op Robertson, Cape Argus, 1 September 1893.

9. Inleidingsartikel, Cape Times, 3 November 1924.

platteland was die predikant feitlik Directeur van Onderwys in sy gemeente. Dit is hy wat sy Kerkraad (die waarborglys) laat teken het. Dit was hy wat uit sy pad gegaan het om geskikte onderwysers in hande te kry. Dit is hy wat die ouers aangemoedig het om hul kinders skool-toe te stuur. Dit is hy wat die vrede moes bewaar tussen ouer en onderwyser as daar verskil van opinie onstaan het oor wat van 'n kind verwag kon word. Dit is hy wat 'n plan moes maak om van 'n ongewenste onderwyser ontslae te raak.<sup>10</sup>"

Geen welsprekender getuienis van die uitstaande werk wat die Nederduits-Gereformeerde Kerk op onderwysgebied volbring het,<sup>nie</sup><sup>11</sup>, is nodig dan om te wys op die grootse inrigtings deur die Kerk gestig te Kaapstad, Stellenbosch, Wellington, Worcester, Graaff-Reinet, Uitenhage, Somerset Oos en baie ander plekke. Herhaalde male is deur dr. Dale verklaar dat hyvan die predikante van die Hollandse Kerk sy grootste steun ontvang het in die werk deur hom verrig. In sy voorlaaste Onderwysrapport het hy nog hulde aan die Kerk gebring deur te sê: "The stir in school-life, the awaking of public interest in the cause of popular education, and the growing sense of the importance of the measures for its diffusion and improvement, are largely due to the enquiries of the Synod of the Dutch Reformed Church into the educational wants of its adherents."<sup>11</sup> Hier toe het hy bygevoeg, "In many districts little or no progress could be made without the sympathy and per-

10. Hofmeyr: 'n Oud-skoolinspekteur kyk terug, Die Huisgenoot, 4 Januarie 1935.

11. Onderwysrapport 1890, par. 2.

12

sonal interest of the ministers of the Dutch Reformed Church."<sup>12</sup>

Dit is jammer dat dr. Muir reeds in die eerste jaar van sy dienstyd dit nodig geag het om die predikante van die Hollandse Kerk te skimp deur feitlik op hulle die blaam te lê vir die swak gehalte van onderwyser in die skole van destyds. "Deze toestand van zaken (dit wil sê, in verband met die onbevoegde onderwysers wat vir aanstelling aanbeveel is) moet goed bekend zijn," het hy gesê, "aan zekere predikanten van de Ned. Geref. Kerk - mannen die onvermoeid zijn in hunne pogingen om de zaak van het onderwijs te bevorderen. De reden genoemd in zulke gevallen als ik aarzel (om aanstellings van onderwysers goed te keur) is dat geene betere applikanten gevonden kunnen worden."<sup>13</sup> Die Rondgaande Skole het Muir beskryf as feitlik sendingskole te wees " omdat zij bestierd worden niet door een publiek gekozen Commissie, maar door den N.G. Predikant van het district en somtijds ook zijn zij weinig anders dan voorberei-<sup>14</sup> dende klassen voor aanneming."<sup>15</sup> Hierdie onenigheid tussen dr. Muir en die predikante was die voorloper van menige sulke geskille en dit het in die loop van jare heelwat onaangenaam-  
<sup>15</sup>  
hede veroorsaak.

#### Pogings om die Vrywillige Stelsel deur Skoolrade te vervang.

Dic onbevredigende toestand in verband met die skoolbe-

12. Onderwysrapport 1890, par. 76.

13. Onderwysrapport 1892, bls. 16.

14. Ibid., bls. 23.

15. Sien bls. 106 et seq.

sture het die aandag geniet van beide die Onderwyskommissies van 1870 en dié van 1891. Eersgenoemde het in hierdie verband aanbeel 16 veel:-

- (1) Dat die bestaande skoolbesture in geïnkorporeerde liggeme (Skoolrade) omgeskep word met die belastingbetaalers as kiesers in plaas van die borge;
- (2) Dat die waarborgstelsel afgeskaf word en die jaarlikse tekorte uit die landskas en deels uit 'n plaaslike belasting bestry word;
- (3) Dat een raad vir elke skooldistrik gekies word en dat die bestuur van die skole in so 'n distrik deur hierdie raad behartig word;
- (4) Dat onderwys vir alle kinders tussen 5 en 13 jaar binne twee myl van 'n publieke skool verpligtend moes wees.

Die aanbevelings van die Kommissie is nie aangeneem nie omdat dr. Dale ten sterkste gekant was teen die instelling van skoolrade en verpligte onderwys. Dr. Dale het die volk van Kaapland geken en sy opmerking, "it may be said that the adoption of any general measure of compulsory education just now, with or without a school-rate, would in the case of the farmers, irritate their prejudices and alienate their sympathies," het 'n juiste weergawe van die destydse toestand gegee.<sup>17</sup>

Die kwessie of skoolrade en gedwonge onderwys moes ingevoer word al dan nie, het politici, koerante en publiek meer as twintig jaar lank besiggehou en dit het later in 'n politieke vraagstuk ontwikkel. Die besware teen gedwonge onderwys het hierop

16. Rapport van Onderwyskommissie 1897, par. 12.

17. Onderwysrapport 1882, par. xliv.

neergekom. Eerstens is gevoel dat die saak te ingrypend was en dat dit die landskas teveel sou kos. Tweedens het die groot beswaar van die boerebevolking gekom dat weens gebrek aan bediendes en plaasvolk die kinders by die huis nodig was om met die plaaswerk te help.<sup>18</sup> 'n Eienaardige beswaar wat dien om te bewys hoe ingeworteld die afkeer teen skooldwang selfs onder vorligte mense was, het gekom van die bekende ds. S.J. du Toit. Hy het beweer dat as die staat kon sê waar 'n kind moes skoolgaan dan sou die staat later kon sê waar hy moes kerkgaan. Verpligte onderwys sou dus inbreuk doen op gewetensvryheid.<sup>19</sup> Die woord „dwang" was altyd 'n wanklank in die Afrikaner-oor en met 'n saak soos skooldwang moes versigtig tewerk gegaan word. Dr. Dale het dit altyd ingesien en hy het weereens getoon hoe goed hy die Afrikaner verstaan het toe hy verklaar het: „No rigid code will promote the education of the South African Boer; the regulations must be elastic, the hand and voice of the administrator must lead, not command; by judicious tact children may be won for schooling; by arbitrary rules parents will be deterred and the children will suffer."<sup>20</sup>

Die Onderwyskommissie van 1891 het spesiale opdrag ontvang om o.a. hul aandag te skenk aan die kwessie van die skoolbesture en ongerekende skoolbesoek. Die Kommissie, eweas sy voorganger, het aanbeveel dat skoolrade ingestel word maar

18. Vgl. Inleidingsartikel, Ons Land, 24 November 1898.

19. Sien Ons Land, 2 Maart 1893.

20. Onderwysrapport 1890, par. 74.

voorlopig eers in die stedelike gebiede omdat verpligte onderwys hier makliker as op die platteland kon ingevoer word. Daar is verder aanbeveel dat elke skoolraad 'n geïnkorporeerde liggaam moes wees met ewigdurende regsovolging en die mag om eiendom aan te skaf en lenings op sulke eiendom vir skooldoeleindes aan te gaan. Die dienstermy van so 'n raad moes drie jaar wees en die raad moes uit vyf tot vyftien lede bestaan waarvan een uit elke vyf deur die Afdelingsraad of Municipale Raad moes benoem word. Die pligte van die skoolrade moes wees om aan die Departement van Onderwys verslag te doen oor die opvoedkundige behoeftes van hul distrikte, skole te stig en hulle te bestuur. Tekorte moes uit plaaslike belastings aangevul word.

21

Hierdie aanbevelings, net soos in die vorige geval, is nie deur die regering aanvaar nie. Dr. Muir het net na die verskynning van die rapport van die Kommissie die bestuur oorgeneem en hy het ander gedagtes oor die saak gehad. Na die sorgvuldige ondersoek na die onderwysstelsel soos vervat in sy eerste jaarverslag, het Muir tot die slotsom gekom dat daar drie groot behoeftes vir die verbetering van die onderwystoestande was, naamlik, (a) departementele organisasie, (b) instelling van skoolrade, en (c) verpligte skoolbesoek. Hy het egter besef dat daar nie te haastig tewerk moes gegaan word nie. „Als die bevolking met geestdrift bezielt was en weinig afkeerig van verandering, en als er weinige

---

21. Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel III, par. 53 tot 56.

andere groote vraagstukken op te lossen waren, zouden al de drie genoemde hervormingen terstond kunnen ondernomen worden, maar ik twijfel of het verstandig zou zijn dit te doen in het tegenwoordig geval," was sy mening. "Onderwijs algemeen verplichtend te maken voordat men beter machinerie aan den gang heeft om schoolgebouwen, schoolonderwijzers enz. in het aanzien te roepen, zou erger dan verwarrend zijn; Schoolraden over het geheele land aantestellen voor de departementeel machinerie geregeld is om zorgvuldig toezicht te houden op hun werk, zou minder noodlottig maar toch afkeurenswaardig zijn."<sup>22</sup> Na dr. Muir se oordeel sou die opknapping van die organisasie van die departement alvorens die ander twee vraagstukke aangepak word, die verstandigste weg wees. Hy het hom dus allers toegelaan op die verbetering van die kantooraangeleenthede, inspeksie, en die behoorlike opleiding van onderwysers. Teen 1894 het die reorganisasie blykbaar so ver gevorder dat Muir die mening uitgespreek het dat die tweede en derde oogmerke van sy program, naamlik, skoolrade en verpligte onderwys, moontlik deur middel van Skoolbywoningsrade (School Attendance Boards) kon bereik word en so die weg baan vir rade met wyer opvoedkundige pligte in die toekoms. Die voorgestelde rade sou nie skole bestuur nie maar hul vernaamste plig sou wees om toe te sien dat alle kinders binne bereik van 'n skool onderwys ontvang het en dat behoeftige kinders van onderwysgeriewe sou

voorsien word. Die onkoste aan sulke rade verbonde sou deur 'n  
 23 plaaslike belasting bestry word.

Dr. Muir se aanbeveling het dadelik vrug gedra, want in die volgende sitting van die Parlement het mnr. J.W. Sauer daarin geslaag om 'n mosic aangeneem te kry waarin die regering versoek is om hulle aandag aan die kwessie van skoolbywoning te skenk met  
 24 die oog op vroeë wetgewing daaroor. Dic jaar 1896 het byna die annus mirabilis van die onderwys in Kaapland geword. In daardie jaar is twee omvattende onderwyswetsontwerpe by die parlementsitting ingedien. Ongelukkig was geen van beide regeringsmaatreëls nie maar die pogings van private lede. Die kans vir aanneming van die wetsontwerpe was dus maar gering.

Die eerste maatreël was 'n Skoolradewetsontwerp ingedien deur mnr. T.P. Theron, een van die lede van die Onderwyskommissie van 1891. Op die jaarkongres in 1896 van die Afrikaner-Bond, waarvan mnr. Theron 'n vooraanstaande lid en bewens sekretaris was, is 'n byna eenparige besluit ten gunste van die instelling  
 25 van skoolrade aangeneem. In dieselfde jaar het die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk ook die beginsel goedgekeur. Hierdeur is mnr. Theron aangespoor om die wetsontwerp in te dien  
 26 wat die volgende beoog het:-

(1) Die permissiewe instelling van distrikskoolrade wanneer

23. Onderwysrapport 1894, bls. xxix.

24. Vgl. Onderwysrapport 1902, bls. 28.

25. Sien Ons Land, 28 Maart 1896.

26. Sien Cape Hansard, 17 Junie 1896, bls. 327 tot 337.

die Afdelingsraad met 'n meerderheid van stemme daarom versoek het;

(2) Slegs skole waarvan twee-derdes van die bestuurders dit goedgekeur het, sou onder beheer van so 'n raad kom;

(3) Die rade sou die onderwystoestande van die distrik ondersoek en indien nodig, skole stig, die leerplan reël en die medium van onderwys vasstel; en

(4) Enige tekorte sou jaarliks gedek word die een helfte deur die regering en die ander deur die Afdelingsraad.

Die wetsontwerp het aan 'n paar ernstige gebreke gely.

Geen mag sou aan skoolrade verleen word om bestaande skole te dwing om onder beheer van 'n raad te kom nie en daar sou gevolglik twee soorte masjinerie langs mekaar in 'n skooldistrik kon wees. Verder is die onderwerp van gedwonge onderwys sorgvuldig vermy. Die Bond, as plattelandse party, was sterk teen skooldwang gekant en die saak is dus in die wetsontwerp eenvoudig daargelaat.

Die tweede opvoedingswetsontwerp van 1896 was 'n Skoolbywoningsmaatreël van mnr. J.W. Sauer. Hierin het hy voorgesel:-  
27

(1) Dat Skoolbywoningsrade in munisipale en buitegebiede in die lewe geroep word;

(2) Dat sodanige rade 'n lys van alle kinders binne drie myl van 'n skool moes hou;

(3) Dat indien die munisipale of afdelingsraad sou besluit om onderwys verpligtend te maak in hulle gebied, dit aan die bywoningsraad opgedra sou word om sodanige besluit uit te voer; en

(4) Dat alle onkoste aan die rade verbonde om die helfte

27. Vgl. Ons Land, 25 Junie 1896.

gedra sou word deur die Departement van Onderwys en deur die betrokke munisipaliteit of afdelingsraad.

Beide wetsontwerpe is voor hul tweede lesing na 'n Gekose Komitee verwys en hulle het daar 'n natuurlike dood gesterwe. Weens die drukke werkzaamhede van die Parlement teen die einde van die sessie is daar nie eers 'n verslag van die Komitee ter tafel gelê nie.<sup>28</sup> Die enigste amptelike komentaar wat dr. Muir oor die lot van die wetsontwerpe gelewer het, was: "The only regret (in verband met die vordering van die onderwys)...arises from the reflection that far more favourable results are within our reach, and we do not take the one necessary step forward to secure them."<sup>29</sup> This step, I need not repeat, is a School Attendance Act."<sup>30</sup>

Dr. Muir het egter nie moed verloor nie en hy het in sy volgende jaarverslag weereens op 'n bywoningswet aangedring. In 1898, as gevolg van 'n skommeling in die Kabinet het 'n nuwe minister<sup>31</sup> die verantwoordelikheid vir onderwyssake aangeneem en deur hom is 'n wetsontwerp opgestel "<sup>32</sup>To provide for the Establishment of Boards for the Securing of Better School Attendance." Die Wetsontwerp het die volgende beoog:-

- (1) Instelling van skoolrade, twee-derdes van die raad deur parlementêre kiesers gekies te word en een-derde deur die regering benoem te word;
- (2) Die pligte van die rade sou wees (a) om 'n register

28. Sien Cape Hansard, 24 Julie 1898, bls. 54.

29. Onderwysrapport 1896, bls. 30.

30. Vgl. Onderwysrapport 1897, bls. 30.

31. Dr. (later sir) T.W. Smartt.

32. Sien Staatskouerant 2 Augustus 1898.

van kinders van 5 tot 15 jaar te hou, (b) om behoeftige kinders in die skole te bring, die onkoste waarvan deur die regering sou betaal word, (c) om onderwys in hulle distrikte verpligtend te maak as twee-derdes van die raad dienooreenkomsdig sou besluit; en

(3) Alle onkoste aan die uitvoering van die wet verbonde, sou deur die regering gedra word.

Hierdie wetsontwerp is egter nooit in die Parlement ingedien nie, omdat die regering met sir Gordon Sprigg as Eerste Minister nog voor dit kon gebeur, by 'n verdeling verslaan is en dus bedank het.

Die nuwe regering met mnr. W.P. Schreiner as Eerste Minister en tegelykertyd minister verantwoordelik vir onderwys, het geen gras onder hul voete laat groei nie. In 1899 is 'n nuwe "School Attendance Bill" voor die Huis gebring. Die maatreël het weinig afgewyk van dié van die vorige jaar en het net in 'n paar opsigte daarvan verskil. Waar die wetsontwerp van 1898 bedoel het om rade die reg te gee om gedwonge onderwys op beide kleurlinge en blankes toe te pas, is dit in die latere wetsontwerp alleen tot blankes beperk. Verder sou die toepassing van dwang nie net by die rade lê nie maar die saak moes na die kiesers terug verwys word vir goedkeuring of andersins. Ook wat betref die ouderdomme van die kinders wat onderhewig aan dwang sou wees, is daar 'n wysiging gemaak. Die ouderdomme, in plaas van vyf tot vyftien jaar is breër gestel op sewe tot veertien jaar. Alhoewel die wetsontwerp van 1899 heelwat matiger was as die van die vorige jaar het dit ook nie die wetboek geheal nie. Die Tweede Vryheidsoor-

log het in dieselfde jaar uitgebreek en as gevolg van sekere geskille wat veral gegaan het oor hoe die Kaapse rebelle moes gestraf word, het die regering bedank en weens die oorlogsomstandighede was onderwyswetgewing tydelik van die baan.

Skoolrade word uiteindelik ingestel.

Na die lang en bitter oorlog het 'n nuwe regering in 1904 met dr. L.S. Jameson aan bewind gekom. Een van die verkiesingsbeloftes van die regering was om die onderwyssstelsel te hervorm. 'n Omvattende onderwyswetsontwerp, <sup>33</sup> drafted in the closest possible consultation with Dr. Muir" is in 1905 voor die parlement geleê deur die nuwe minister wat met die onderwys belas is, kol. C.P. Crewe. Die wetsontwerp het opgewekte besprekings aan beide kante van die Huis uitgelok. Besonder heftig was die proteste aan die kant van die Afrikaner-Party, met mnr. F.S. Malan aan die spits, teen die regering se voorstel om skoolkommissies heeltemal af te skaf en slegs skoolrade as die enigste skakel tussen die skole en die Departement te laat dien. Hierdie, en ander geskilspunte soos die vraag of bepalings in verband met leerplanne, status en besoldiging van onderwysers deel sou uitmaak van die wet, het uiteindelik oplossing gevind in 'n konferensie wat die regering tussen sy eie party en die opposisie gereël het. 'n Gewysigde wetsontwerp waarin sorg geneem is om politieke, godsdiestige en rasseyvraagstukke te vermy, was die vrug van hierdie

---

33. Cape Hansard, 1905, bls. 20.

besprekings en die nuwe maatreël is uiteindelik met die grootste geesdrif deur beide partye in die Parlement aangeneem. So het dan Wet no. 35 van 1905, "To Provide for the Establishment of School Boards and for the better Management of Education throughout the Colony of the Cape of Good Hope" op 8 Junie 1905 op die wetboek gekom.

Die nuwe wet het nie die ou onderwysstelsel wat onder die besondere omstandighede van die land ontstaan en ontwikkel het, heeltemal vervang nie maar dit slegs aangvul. Al die knellende gebreke van die ou stelsel is egter verwyder, naamlik, die waarborgstelsel, die finansiële onbestendigheid, die wetlike onmag van die ou besture, die onsekerheid van onderwysers wat betref hul dienstyd, en die wet het voorsiening gemaak vir die verhelping van onderwysgebrek. Die pond-vir-pondbeginsel is egter behou en ook 'n mate van selfbestuur. Met verloop van tyd, weens die sterk mag wat die Departement sigself toegeeëien het, het geblyk dat die plaaslike beheer baie minder was as wat die letter van die wet voorgeskrywe het.

Die vernamste bepalings van die nuwe Onderwyswet was  
34  
die volgende:-

- (1) Die Kaap-Kolonie is in ongeveer honderd skooldistrikte verdeel elk onder beheer van 'n skoolraad. (Seksie 7)
- (2) Sodanige rade bestaan uit ses tot agtien lede, tweederdes gekies deur die kiesers van die munisipale of afde-

---

34. Vgl. Russell: The School Board Act, no.35 of 1905.

delingsraad na gelang van die gebied waaronder die skoolraad gevval het, en die orige derde word deur die regering benoem. Die raad dien drie jaar. (Seksie 8 en 10)

(3) Skoolrade het volle regspersoonlikheid en wettige mag ontvang. (Seksie 32)

(4) Mag is aan die rade verleen om onsektariese skole te stig wat plaaslik onder toesig van 'n skoolkommissie moes staan. Rade is egter nie gemagtig om Opleidingskole, Industriële Skole, Distrikskoskole, Skole vir Afwykendes, of inrigtings wat in aanmerking gekom het vir toelaes onder Wet no. 24 van 1874 te stig of te beheer nie. (Seksie 33)

(5) Alle bestaande skoolbesture van Publieke Onsektariese Skole moes met verloop van hul dienstyd of binne drie jaar van die passering van die wet, die beheer van hul skole onder die van die skoolraad van die distrik plaas. Alle bate, skulde en laste van so 'n bestuur sou dan deur die skoolraad oorgeneem word. (Seksie 34)

(6) Na drie jaar moes alle Private Plaasskole onder beheer van 'n skoolraad kom, maar aan die boer is toegelaat om nog steeds die onderwyser aan te stel of af te dank. (Seksie 36) Die boer sou verder geen skoolgeld vir sy kinders in so 'n skool betaal nie maar hy moes slegs kos en inwoning vir die onderwyser verskaf. (Seksie 36)

35. Bedoel word die Kolleges.

36. Die boer het in hierdie opsig groter mag ontvang as wat aan skoolrade toegestaan is.

(7) Die skoolraad van elke distrik het algemene finansiële beheer oor al die skole onder sy jurisdiksie gekry, insluitende die vasstelling van salarisse van onderrwysers, skoogelde betaalbaar, en die huur van enige nodige geboue. (Seksie 39)

(8) Skoolkommissies wat moes toesig hou oor skole en deur die ouers van die kinders in die skool moes gekies word, sou bestaan uit nie minder as drie en nie meer as sewe lede nie. Die pligte van die kommissies het ingesluit, 'n algemene toesig oor die skool en sy geboue, die benoeming en skorsing van onderrwysers, die oorweging van vertoë van ouers en die verskaffing van advies aan die skoolraad in alle sake betreffende die welsyn van die skool. (Seksies 41 en 45)

(9) Nie-blankes is ook toegelaat om 'n skoolraad te peticioneer om 'n onsekteriese publieke skool. (Seksie 48)

(10) Binne ses maande na die totstandkoming van 'n skoolraad moes die raad aan die Departement voorlê 'n lys bevattende die name van alle kinders tussen die ouderdomme van ses en veertien jaar wat nie op skool was nie of nie tuis doeltreffende onderwys ontvang het nie. (Seksie 51)

(11) In die geval van behoeftige kinders wat nie op skool was nie, sou die Departement die skoolgeld vir sulke kinders vergoed. (Seksie 55)

(12) Elke nuwe munisipaliteit of dorpsbestuur wat gestig word, is verplig om 'n stuk grond van nie minder as twee ak-

kers vir skooldoeleindes af te staan. (Seksie 56)

(13) Die waarborgstelsel is afgeskaf. (Seksie 59)

(14) Enige tyd na die eerste jaar van die dienstyd van 'n skoolraad kon die raad op 'n vergadering spesiaal vir hierdie doel byeengeroep en mits twee-derdes van die lede aanwesig was, met meerderheid van stemme besluit om skoolbywoning verpligtend te maak vir alle blanke kinders tussen die ouerdomme van sewe en veertien jaar binne die skooldistrik onder beheer van so 'n raad. (Seksie 60) Drie jaar na die afkondiging van die Wet kon die Goewerneur selfs teen die besluit van 'n skoolraad verpligte onderwys invoer. (Seksie 67)

(15) As na ouditering van die geldelike state van 'n skoolraad daar gevind is dat die uitgawes die inkomste oortref het, sou een helfte van die tekort deur die Departement vereffen word en die ander helfte deur die afdelingsraad van die distrik, of in die geval van 'n munisipale gebied deur die munisipale raad, uit die opbrengs van die heffing van 'n spesiale belasting. (Seksie 72)

#### Onderwys onder die Skoolrade.

Met die passering van die Skoolradewet het 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van die onderwys in Kaapland begin. Die Kolonie is in 103 skoolraadsdistrikte verdeel, regulasies vir die kiesing van skoolraadslede is opgestel en die nuwe skoolrade is gou in werking gestel. Die oorskakeling van die ou stelsel na die nuwe het egter dadelik heelwat moeilikheid opgelewer as geoordeel word na die groot hoeveelheid korrespondensie in die dag-

37

blaai. Baie skole het groot nadelige saldo's in hul rekeningstate getoon en skoolrade was huiverig om onder hierdie omstandighede skole oor te neem. In baie gevalle het skole in die verlede hulle nadelige saldo's laat oploop sonder om ooit die borge tot verantwoording te roep en skoolrade is dus van die staanspoor af met hierdie tekorte opgeskeep. Moeilikhed het ook ontstaan in verband met die kwessie wie stemgeregtig was om vir skoolraadsverkiesings te stem. 'n Groot leemte in die wet was dat geen voorsiening gemaak is vir die aanvulling van toevallige vakatures op skoolrade nie. Wanneer 'n vakature onstaan het, moes teen groot onkoste die hele masjinerie van 'n algemene verkiesing van skoolraadslede in werking gestel word.

39

'n Jaar na die inwerkingstelling van die nuwe wet het daar nog maar 181 skole uit 'n moontlike 2,000 onder beheer van 103 skoolrade gekom. Gemiddeld het elke skoolraad nog nie eers twee skole onder sy beheer gehad nie. Vir dr. Muir was dit teleurstellend en die spotters het nie versuim om voordeel hieruit te trek nie. "I think it should be pressed home," het dr. Muir gesê, "that we are now paying close on £20,000 for School Board clerks for work formerly done by voluntary workers without having an additional child in the school, and

---

37. Vgl. Ons Land vanaf Julie 1905.

38. Vgl. Cape Hansard, 1906, bls. 195.

39. Vgl. Gekose Komitee oor Skoolrade 1906, vraag 3.

40. Onderwys-gaset, 26 Junie 1906.

40

it should be made known that we naturally expect to get more children into our schools because of such additional expenditure."<sup>41</sup>  
 Na 'n Gekose Komitee in 1906 die moeilikhede in verband met die wet ondersoek het, is 'n Wysigingswet gepasseer waarin die interpretasie van onduidelikhede, veral in verband met die kieserslyste, opgehelder is.

Hiervandaan het daar groot vooruitgang in die werk van die skoolrade plaasgevind. Meer en meer skole het onder die beheer van die rade gekom en aan die einde van 1907 was daar slegs 286 skole nog nie onder 'n raad nie.<sup>42</sup> Die administrasie het met 'n minimum van wrywing glad geloop. "It must not be forgotten that the change from the old system was little short of a revolution; that nevertheless it was brought about with astonishing smoothness...Provisions that seemed fraught with contentious matter, - the nomination of Board members, the division of authority between committees and boards, the tripling of the control over teachers, and the enabling of boards to spend more Government money than local money .. have in the end proved not to be impracticable."<sup>43</sup>

Alles was egter nog nie pluis met die nuwe stelsel nie. Dic finansies het groot moeilikheid opgelewer. Een van die ver- naamste besware was dat die afdelingsrade die skoolbelasting moes hef en invorder terwyl die geld deur die skoolrade gespandeer is

41. Getuienis voor Gekose Komitee oor Skoolrade 1906, vraag 397.
42. Onderwysrapport 1907, bls. 1.
43. Ibid., bls. 28.

on die afdelingsraad geen verteenwoordiging op die skoolrade gehad het nie. Die publick was ontevreden oor die belastings wat gehef is om die tekorte van skoolrade aan te suiwer veral daar die land in hierdie jare onder 'n hewige handelsdepressie gebuk gegaan het. Regeringsgeld het ook opgeraak en toelae vir addisionele onderwysers moes geweier word sodat die stigting van nuwe skole tot stilstand gekom het. Die Skoolradewet het ongelukkig op 'n moeilike tydstip in die land se geskiedenis gekom. "The one misfortune of the Act was the year of its birth," het Muir waemoedig opgemerk. "Had it come into being when the country was entering on a period of buoyant finance, far greater results would have been achieved. The lowering of school fees and the raising of teachers' salaries would then have been appreciably greater, the pound-for-pound principle would have been less spoken of, the Department's building scheme would have been brought to completion, and the era of compulsory attendance would have opened."<sup>44</sup>

Die regering moes met die oog op die finansiële toestand drasties optree. Aangesien die aanslag van die onderwysbelasting van die omvang van die tekort aan die einde van die finansiële jaar afgehang het, is die belasting eers aan die einde van die jaar gehef. On die skoolrade intussen in staat te stel om geld te bekom, het die regering reëlings met die Standaardbank getref om skoolrade toe te laat om met oortrokke reke-

---

44. Onderwysrapport 1907, bls. 28.

nings te werk waarop die radc ses persent rente moes betaal. Na dic eerste dertig maende na die stigting van skoolrade, dit wil sê, tot op Desember 1907, het die totale tekort in verband met die werking van die skole onder skoolrade die som van £259,630

45

beloop! Die Onderwysminister het hewig te velde getrok teen die stygende koste en daarop gewys dat die vermoeerde uitgawes 46 naar min addisionele kinders in die skole gebring het. "They had given the School Boards a letter of credit," het hy gesê, "and had given them absolutely no limit. (Dit na aanleiding van die oortrokke bankrekenings.) The machinery of the School Board Act had become clogged, for the children who wished to enter the schools had to remain outside....The present system was a system of educating the children by the grace of the Standard Bank and 47 the payment of 6%."

Die regering het dus 'n amenderende wetsontwerp ingedien wat ingrypende veranderings in die bestaande wet beoog het. Die 48 nuwe voorstelle het ingesluit:-

- (1) (a) Die totale afskaffing van die pond-vir-pondbeginsel sodat die tekorte gehelenal deur die skoolrade moes gedek word. Hiervoor sou skoolrade toegelaat word om 'n huisbelasting vir die dektking van die tekort op te lê;
- (b) die opstelling van 'n aparte kieserslys vir skoolraadsverkiesings.

45. Sien Cape Hansard, 1908, bls. 181.

46. Na die val van die Jameson-regering het 'n nuwe regering intussen aan bewind gekom met mnr. J.X. Merriman as Eerste Minister en mnr. (later sir) N.F. de Waal as minister verantwoordelik vir onderwys.

47. De Waal: Cape Hansard 1908, bls. 181 en 182.

48. Ibid., bls. 183.

- (2) Die invoering van moedertaalmedium tot standerd drie;  
 (3) Algenene bepalings in verband met die betaling van vervoerstoelae aan skoolraadslede, ens.

'n Felle woordstryd het binne en buite die Parlement oor die bepalings, veral die taalklousules, gewoed en die wetsontwerp is na 'n Gekose Komitee verwys. In die Komitee het dit groot veranderings ondergaan. Uiteindelik is die volgende be-  
 palings sonder die taalklousules aangeneem:-  
 49

(1) Die wet, as noodmaatreël, sou net een jaar van krag bly;

(2) Die regering is onthef van die verantwoordelikheid vir die halwe deel van die skoolraadstekorte soos bepaal onder die wet van 1905.

(3) Skoolrade sou op enige wettige manier toegelaat word om die nodige fondse byeen te bring by wyse van vrywillige bydraes of andersins.

(4) Afdelingsrade en munisipale rade is gemagtig om 'n belasting van 1d. per pond op vaste eiendom vir onderwysdoeleindes te hef. Indien munisipaliteit besluit het om kragtens hierdie bepaling 'n huisbelasting te hef, is so 'n munisipaliteit veroorloof om 'n eie skoolraad te vorm.

(5) Afdelingsrade en munisipale rade is gemagtig om voor-skotte aan skoolrade uit te betaal. Hierdeur is die skoolrade verlos van die kwellende oortrokke bankrekenings. Afdelingsrade en munisipaliteit het verteenwoordiging op skoolrade gekry.

(6) Vakatures op skoolrade sou voortaan deur die raad self aangevul word.

(7) 'n Toelaag van tien sjielings per dag is aan skoolraadslede wat ver moes reis, toegestaan.

Die onmiddellike gevolg van die nuwe wet was dat daar 'n groot toename in die getal munisipale skoolrade gekom het. In

49. Vgl. Onderwysrapport 1908, bls. 1.

1908 is daar agtien sulke skoolrade in die lewe geroep. In baie distrikte was daar dus nou twee skoolrade, 'n distriksskoolraad en 'n munisipale skoolraad. Die hele stelsel het hierdeur belaglik geword. Die dorpsbestuur van Readsdale, byvoorbeeld, het 'n skoolraad gevorm met beheer oor een skool van agtien kinders. Volgens wet kon 'n skoolraad nie uit minder as ses lede bestaan nie. Daar moes ook 'n skoolkomitee wees sodat daar in die geval van Readsdale ongeveer twee skoolkinders vir elke bestuurder was! Net so is daar skoolrade gevorm in klein munisipale gebiede soos Williston, Buxton, Hertzog, Port Alfred en Hermanus wat respektiewelik 20, 31, 45, 52 en 61 kinders onder hulle beheer gehad het. Nie alleen was dit dus feitlik 'n teruggaan na die ou stelsel van 'n aparte bestuur vir elke skool nie, maar dit het die teleurstellende uitwerking gehad dat dit 'n ongewenste skeiding tussen dorp en distrik in onderwyssake in die hand gewerk het.<sup>50</sup>

In 1909 is 'n verdere wysigingswet deur die Parlement aangeneem. Die regering het besef dat in 1908 'n groot flater begaan is. Die nuwe wet was 'n suiwer finansiële maatreël. Die wet van die vorige jaar het groot ontevredenheid veroorsaak omdat die plaaslike onderwysbelastings kragtens daardie wet ingevoer, baie ongelyk op die bevolking gedruk het. In groter gebiede, soos byvoorbeeld Kaapstad, net sy groot eiendomme en geboue, was die belasting maar lig - drie-sestiedes van 'n pennie per pond. Op kleiner plekkies was die belasting noodsaklike wry hoër. Op

---

50. Vgl. Ons Land, 26 Januarie 1909 vir 'n besprekking hiervan.

Knysna was dit een-en-'n-kwart pennie per pond en op baie plekke was die belasting van een pennie per pond onvoldoende om die onderwystekort te dek.<sup>51</sup> Die Wysigingswet van 1909 het die pond-vir-pondbeginsel weer in ere herstel. Die regering het onderneem om voortsaan pond-vir-pond by te dra tot alle goedgokourde uitgawes van 'n skoolraad. Onder die goedgekeurde uitgawes het selfs posgeld, drukwerkonkoste en advertensie-onkoste geval. In geval van 'n tekort is bepaal dat daar op die betrokke distrik 'n onderwysbelasting van een-agste van 'n pennie per pond nie te bowe gaande,<sup>nie</sup>, sou gehef word. As die tekort die bedrag deur die belasting opgebring nog oorskry het, sou die regering hom vir sodanige verdere tekort verantwoordelik hou. Daar sou tegelykertyd 'n baie noukeuriger toesig oor die uitgawes van skoolrade gehou word.<sup>52</sup> Die keuse is ook aan munisipale skoolrade oopgestel om weer by die distrikskoolraad aan te sluit. Tien van die pasgestigde skoolrade het as gevolg hiervan verdwyn.<sup>53</sup>

Die verreikende implikasies van die nuwe finansiële reëlings is nie dadelik besef nie. Die nuwe reëlings het 'n rewolusie in die stelsel van onderwysfinansies teweeggebring. Onder die oorspronklike wet van 1905 en onder die wysigingswet van 1908 is die skole op die finansiële risiko van die plaaslike mense gedrywe en die regering se aandeel was beperk.

51. Cape Hansard, 1909, bls. 318.

52. Vgl. Cape Hansard 1909, bls. 253.

53. Onderwysrapport 1912, bls. 1.

Van 1909 af het die regering die verantwoordelikheid vir alle tekorte gedra. Dit het beteken dat die regering se beheer oor uitgawes strenger gemaak is en dat die Departement se magte daardeur langsaanerhand toegeneen het.

#### Gedwonge Onderwys.

Die keuse in verband met die instelling van verpligte onderwys wat aan skoolrade onder die wet van 1905 verleen is, is maar stadiig toegepas.<sup>54</sup> Opvallend was dit dat Kenhardt, een van die agterlikste distrikte wat onderwys betref, die eerste van die rade was om 'n bewluit ten gunste van verpligte onderwys aan te neem. Die regering was egter nie dadelik bereid om hierdie besluit goed te keur nie omdat gevrees is dat die toepassing van verpligte onderwys ~~in~~<sup>55</sup> 'n aansienlike styging in die onderwysuitgawes sou meebring. In 1907 het 'n verdere twaalf skoolrade die voorbeeld van Kenhardt gevolg, maar die regering het nog steeds gehuiwer om verpligting te laat toepas. "The constant fear was that compulsion would spell extra expenditure, and money was becoming scarce."<sup>56</sup>

Uiteindelik, in 1909, is die regering beweeg om verpligte onderwys op die proef te stel en op dr. Muir se voorstel is ses skoolraadsdistrikte vir proefneming uitgesoek. Dit was blykbaar so 'n sukses dat die bepalings in die loop van die jaar tot 87

54. Kragtens seksie 60 van die wet. Sien bls. 387.

55. Onderwysrapport 1909, bls. 5.

56. Ibid.

skoolraadsdistrikte uit die 119 wat toe bestaan het, uitgebrei is. Die invoering van skooldwang het vereers geen groot uitwerking op die skoolbywoning gehad nie. Terwyl die vermeerdering in die skoolbevolking vir die hele Kaapland in die jaar 1910, 5.7 persent op die totaal van die vorige jaar was, het die vermeerdering in die distrikte waar skooldwang reeds toe-  
57 gepas is, slegs op 6 persent gestaan.

Teen 1913 is gedwonge onderwys al in 114 uit die 118 skooldistrikte toegepas en in dieselfde jaar is kragtens Ordonnansie no. 16 van 1913 die mag aan skoolrade verleen om verpligting buite die bestaande radius van drie myl in te voer, en om die ouderdom en standerd van vrystelling te verhoog. Mettertyd het die heilsame invloed van verpligte onderwys sigbaar geword en in 1915 kon dr. Muir daarop wys dat in die tien-jarige tydperk vanaf 1905 die aantal blanke skoliere van 65,295  
58 tot 101,588 vermeerder het, dit wil sê, met 55 persent. Ook het die daaglikse bywoning in dieselfde tydperk van 90.5 persent tot 92.44 persent gestyg. Nie alleen het skoolbesoek gereëlder geword deur toepassing van die wet nie, maar die gemiddelde skoolleeftyd het langer geword. Kinders het vroeër in die skool  
59 gekom en langer op skool gebly. Die nuwe bepalings omtrent die toepassing van dwang buite die driemylstraal is egter voor Muir se aftrede nog nie in algemene werking gestel nie. Over

57. Onderwysrapport 1910, bls. 6.

58. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls. 9.

59. Ibid.

het geheel beschouwd," het dr. Muir by sy aftrede gesê, „is er echter ruinschoots bewijs dat door het instellen van schoolraden en de invoering van schoolplicht, het net van scholen nu het land overdekt op een wijze, die onder het oude vrijwillige stelsel onmogelijk was. In de verft afgelegen streken wordt kinderen nu onderwijs verstrekt en Schoolraden oefenen hoe langer hoe meer de bevoegdheden uit die zij bezitten, ter opheffing van het komende geslacht."<sup>60</sup>

Na die invoering van verpligte onderwys het die gebrek aan onderwys nie soos met 'n towerslag verdwyn nie. Selfs in 1915 was sodoen in hierdie verband nie so rooskleurig soos die Onderwysraporte dit voorgestel het nie. „Even then," het 'n oud-inspecteur opgemerk, „there were many children outside the pale of educational advantages. Long after Dr. Muir's retirement I remember visiting a school in the Karroo where most of the children from 10 to 21 years of age, were in the sub-standards and none beyond the second standard."<sup>61</sup> In 1912 is deur die Provinciale Raad 'n Gekose Komitee aangestel om die vraagstuk te ondersoek van die groot getalle blanke kinders in die Noord-weselijke en ander dunbevolkte distrikte van Kaapland wat nog nie op skool was nie. Reeds in 1906 het die Nederduits-Gereformeerde Kerk hom oor die ellendige toestande in die Noord-weste ontferm en ds. A.D. Lückhoff (jnr.) is as opvoedingsendeling daarheen gestuur om toe-

60. Aanvullende Onderwysrapport, 1915, bls. 9.

61. Anders: Muir at 89, Cape Times, 25 Augustus 1933.

stande te ondersoek en waar moontlik te lenig. In 1908 het die Departement van Onderwys die dienste van ds. Lückhoff oorgeneem en na sewe jaar in die Noord-weste het hy 'n breedvoerige verslag oor sy werkzaamhede uitgebring. Dit blyk dat ds. Lückhoff nie 'n alte gewilde amptenaar van die Onderwysdepartement was nie, omdat soos ds. Lückhoff dit self uitgedruk het, „dr. Muir niet denkt dat my aanstelling nodig of dat het werk van een organiserend ambtenaar aldaar noodzakelik is.<sup>62</sup>" Die waarheid van die saak was dat dr. Muir nie besonder belang in die Noord-westelike distrikte gestel het nie. Gedurende sy lang diens-tyd het hy nooit eenmaal 'n besoek aan daardie deel van die land gebring nie.<sup>63</sup> Toe Lückhoff in 1911 sterk aangedring het op die aanstelling van 'n organiserende amptenaar vir skole in daardie gebiede, is nie alleen geen notisie van sy aanbevelings deur die Departement geneem nie, maar die Departement het die aanbevelings in Lückhoff se verslag heeltenal verswyg.<sup>64</sup>

Die maatskaplike en opvoedkundige toestande in Namakwaland, Calvinia, Van Rhynsdorp en ander Noord-westelike distrikte was uiters treurig. In 1912 is bevind dat uit 13,287 kinders van skoolgaande ouderdom daar 6,513 nie op skool was nie. In die res van Kaapland was daar 'n verdere 9,585 kinders sonder onderwys.<sup>65</sup> Tog was daar teen hierdie tyd verpligte on-

62. Lückhoff: Getuienis voor Provinsiale Gekose Komitee oor Onderwyssake, 1912, vraag 8.
63. Ibid., vrae 32 en 33.
64. Ibid., vraag 9.
65. Ibid., bls. iv.

onderwys in die Noord-westelike distrikte. Die moeilikheid was dat daar verpligte onderwys was naer geen gerieflik geleë skole vir die kinders om by te woon nie. Dit is sterk deur bogenoemde Gekose Komitee beklemtoon. „Hoewel het nut van verplichting erkennende en de mogelijkheid om iets te doen om de wet in dit opzicht te verbeteren, is uw Komitee het er over eens dat het verschaffen van scholen en van gelegenheden om de kinderen in de scholen te brengen een veel belangriker en dringender zaak is, aangezien de grote meerderheid van ouders, indien er scholen binnen bereik waren, daar net plezier gebruik van zouden maken, terwyl verplichting nooit werkt behalve op een minderheid van onwillige ouders, en in het geheel van geen werking zijn tenzij scholen binne bereik van de kinderen gebracht kunnen worden.”<sup>66</sup>

#### Die Onderwys onder die Provinciale Stelsel.

Dit sal ook nodig wees om kortliks na te gaan hoe die totstandkoming van Unie in 1910 die onderwys in Kaapland geaffekteer het. Ooreenkonsig die bepalings van die Unie-grondwet is alle onderwys behalwe hoër onderwys vir minstens die eerste vyf jaar onder toesig van die Provinciale Rade geplaas en nie onder die Unieregering nie. Na vyf jaar sou die kwessie weer in corweging geneem word. Die sentrale regering sou egter die onderwys in die provinsies subsidiéer en die toelae aan die provinsies betaalbaar sou op die begroting vir onderwys van die koloniale Parlemente vir die jaar 1908-9 gebaseer word. Wat Kaapland betref, was so 'n reëling

---

66. Provinciale Gekose Komitee oor Onderwyssake 1912, bls. iv.

baie onregverdig omdat die betrokke jaar juis die jaar was wat die Kaapse Parlement weens die depressie soveel finansiële moeilikheid besorg het dat dit tot die spesiale Wysigingswet<sup>67</sup> oor skoolraadsfinansies gelei het. Die onderwysbegroting in daardie jaar in Kaapland was nie net onder die normale syfer nie maar die beskikbare geld was ver te min om die opvoedkundige werk doeltreffend voort te sit. Die gevolg was nou dat Kaapland vyf jaar lank 'n toelaag van die Unie-regering sou ontvang wat ontoereikend vir haar normale onderwysbehoeftes sou wees. Met die Transvaal was dit nie die geval nie. Die begroting vir onderwys in die ooreenstemmende jaar daar, was £600,000 waarvan slegs £15,000 uit die sakke van die ouers as skoolgeld gekom het. In Kaapland was die begroting £578,000 en boonop het die publiek £380,000 tot die onderwysuitgawes by-<sup>68</sup> gedra. Hiermee noes die Kaapse Onderwysdepartement onderwys verskaf aan 93,000 blankes en 123,000 nie-blankes teen 'n bedrag van £230,000 minder as aldrie die ander provinsies saam aan<sup>69</sup> 95,000 blankes en 50,000 nie-blankes verskaf het. In die tydperk onder bespreking het die Kaapse Parlement nie een pennie vir nuwe skoolgeboue beskikbaar gestel nie terwyl in Transvaal £200,000 vir daardie doel gestan is. Die seak het hierop neergekom dat die Unie-regering feitlik die hele koste van die onderwys in Transvaal, Oranje Vrystaat en Natal sou dra ter-

67. Sien bls. 391 et seq.

68. Vgl. Cape Hansard, 1909, bls. 136.

69. Vgl. Educational News of South Africa, September 1913.

wyl die toelaag aan Kaapland betaalbaar slegs ongeveer die helfte van die beraande onderwyskoste sou dek. Dit was dus 'n hoë prys wat die Kaapse skole vir Unie moes betaal.

Kragtige pogings is deur politici en deur die onderwysersverenigings in Kaapland aangewend om die onderwys liewers 'n nationale as 'n provinsiale saak te maak.<sup>70</sup> Die Natalse verteenwoordigers op die Nasionale Konvensie het egter daarop aangedring dat laer onderwys permanent in provinsiale hande moes bly. Om Natal tevredes te stel, is 'n kompromis getref en laer onderwys is vir 'n proeftydperk van vyf jaar onder beheer van die Provinciale Rade geplaas.<sup>71</sup> Dit was seer ongelukkig dat so 'n kompromis nodig was aangesien Natal die kleinste skoolbevolking van al die kolonies gehad het. Die gevolg van die nuwe reëlings was dat daar 'n sterk gevoel van provinsialisme in onderwyssake gekom en gebly het, want na die vyf jaar om was, is ten spyte van ernstige vertoë en pleidooie, deur die Unie-regering besluit om geen verandering in die stelsel te maak nie. Kaapland, om enigsins sy onderwyskoste te kon bestry, moes aanhou met die herfing van 'n onderwysbelasting terwyl so iets in die ander provinsies glad nie meer bestaan het nie.<sup>72</sup> In die ander provinsies was laer onderwys vry maar in Kaapland moes skoolgeld betaal word. Die

70. Vgl. Cape Hansard 1909, bls. 135 et seq. en Educational News, April, Mei, Junie 1909.

71. Vgl. Educational News, April 1909.

72. In sy rapport vir die jaar eindigende 31 Desember 1913 het die Sekretaris vir Unie-onderwys beweer: "Alleen onder het beheer van die Volksraad kunnen nasionale v"laagstukken worden aangepakt en opgelost... Zoals het nu gaan is alles verkeerd.. wij willen een nasionale systeem van onderwys en dat kan alleen tot stand komen onder het Unie Parlement."

opleiding van onderwysers, behalwe dié vir sekondêre onderwys, het ook 'n provinsiale saak gebly. Elke provinsie het verder sy eie skaal van besoldiging van onderwysers daarop nagehou. Hierdie sake het daartoe aanleiding gegee dat die onderwysbelange van die vier provinsies verder en verder uitmekaar gedrywe is sodat 'n „nasionale" onderwysstelsel later feitlik onmoontlik sou word.

Die nuwe provinsiale stelsel in Kaapland, in plaas van plaaslike beheer oor onderwys uit te brei, het eerder geleid tot 'n inkrimping van die magte van die skoolrade. Onder die Skoolradewet het die rade oorspronklik heelwat geldelike mag besit maar nettertyd het skoolrade ontaard in bloot adviseerde liggeme. Alle mag is uiteindelik in die hande van die Departement gekonsentreer.

Die posisie van die Superintendent-Generaal van Onderwys is egter ook deur die nuwe toestand van sake aangetas. Die Superintendent-Generaal was vanaf 1910 nie langer verantwoordelik aan 'n onderwysminister nie maar aan die administrateur van die Provinsie en sy Uitvoerende Komitee. Tegelykertyd is alle onderwysuitgawes uit die Superintendent-Generaal se hande geneem en oorgedra aan 'n nuwe amptenaar, die Kontroleur van Onderwysfinansies van die Provinsie. Die ou Kaapse Parlement het hom selde of ooit bemoei met die Superintendent-Generaal en sy bestuur van die Departement. "The Cape Parliament had been notoriously indifferent to measures apper-

taining to education." Dr. Muir en sy voorgangers was konings en alleenheersers in hulle eie gebiede. Van sy magte het dr. Muir ook die volste gebruik gemaak en daar was niemand on hon teë te gaan nie. Met die totstandkoming van die provinsiale stelsel met 'n administrateur aan wie uitgebreide magte toegeken is, was die Superintendent-Generaal se alleenheersing op 'n end. Voortaan, en vir die eerste maal in Muir se dienstyd as Superintendent-General van Onderwys, het hy onder die direkte beheer van 'n ander te staan gekon en dit moes alles behalwe aangenaam vir hom gewees het.

Vanaf 1910 is dr. Muir se werk tot suiwer professionele en administratiewe sake beperk en die geldsake wat hy net soveel sorg en toegewydhed agtien jaar lank behartig het, het in die hande van die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee oorgegaan. Toevallig was die eerste Administrateur van Kaapland, sir. N.F. de Waal, ook 'n persoon met nie alleen 'n sterk ontwikkelde persoonlikheid nie, maar ook met sterk outokratiese neigings. Daar het dus een outokraat bo 'n ander gestaan en botsing tussen die twee was onvermydelik. Muir het egter nog vyf jaar lank onder die nuwe régime gedien voordat hy uiteindelik die tuig neergelê het.

HOOFSTUK TWAALEF.NIE-BLANKE ONDERWYS.

Reeds vroeg in die geskiedenis van Kaapland het die beheer oor die onderwys van nie-blankes in die hande van gods-dienstige liggende en sendinggenootskappe oorgegaan. Eers in 1841, op aandring van die destydse Superintendant-Generaal van Onderwys, dr. Rose-Innes, is Sendingskole vir die eerste maal deur die regering erken en gesubsidiëer.<sup>1</sup> Die Sendingskole was egter nie altyd spesifiek kleurlingskole nie maar blanke kinders het ook in groot getalle die skole bygewoon.

Die Onderwyswet van 1865 het uiteindelik die stelsel van toelae aan alle skole, blank en nie-blank, op 'n stelselmatige grondslag geplaas. Kragtens dié wet, soos alreeds aangetoon, is twee klasse van skole vir nie-blankes in die lewe geroep of erken. Die B-skole, bekend as Sendingskole, sou vir kleurlinge wees en die C-skole vir naturelle (Aborigines). Die B-skole is egter deur blankes en in sommige gevalle deur naturelle sowel as kleurlinge bygewoon. Die C-skole is hoofsaaklik tot die kaffergebiede beperk maar het eweas die Sendingskole onder beheer van sendinggenootskappe gestaan. Ongelukkig het die wet van 1865 geen melding van kleurskeiding gemaak nie. Die skole vir „those portions of the population who

---

1. Kragtens Regeringsmemorandum, 10 Junie 1841, herdruk in Rapport van Onderwyskommissie 1863, Aanhangsel V, no. 26.

are wholly unable of themselves to form schools," naamlik, die B-skole, is druk besoek deur die blanke kinders. Plaaslike bydraes van hierdie skole is nie soos in die geval van die A-skole geëis as voorwaarde van regeringsteun nie, gevvolglik het blankes weens armoede hul kinders na Sendingskole gestuur omdat die onderwys óf baie goedkoop óf in sommige gevalle waar die sendinggenootskap oor voldoende middels beskik het, kosteloos was. Selfs gegoedes het nie geskroon om hul kinders na die skole te stuur nie. Daar is bereken dat daar in 1865 in die Sendingskole driemaal soveel kinders was as in die staatsondersteunde blanke skole, naamlik, 11,737 teenoor 3,821.<sup>3</sup> In 1892 toe dr. Muir die bewind aanvaar het, was daar na berekening meer as 10,000 blanke kinders in Sendingskole.<sup>4</sup>

Van al die soorte skole in die skoolstelsel het dr. Muir in 1892 die skole vir nie-blankes as die minste bevredigend wat betref hul bestuur en die vordering van hul leerlinge beskou.<sup>5</sup> Anders as in die geval van blanke skole, het dié skole onder beheer van die sendeling of sendingsuperintendent gestaan en hy was alleen verantwoordelik vir die toesig oor en bestuur van die skool en die aanstelling van die onderwyser. Daar was ook baie van die skole, veral in die naturellegebiede, wat deur buitelandse sendinggenootskappe aan die gang gehou is en dus nie direkte beheer

2. Skedule tot Wet no. 13 van 1865, Order B, par. 1.
3. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys 1908, vraag 8.
4. Sien bls.184.
5. Onderwysrapport 1892, bls. 18 en 19.

oor hul inrigtings hier te lande kon uitoefen.

Alhoewel dr. Muir diep onder die indruk van „de getrouwe belanglooze diensten van hen die naar het licht hun geschenken getracht hebben een werk te doen dat de Staat zelf had behooren te doen,"<sup>7</sup> het hy eerstens gevind dat wedywering onder nededingende sendinggenootskappe die oorsaak was van 'n onnodige menigvuldigheid van skole. Hy het bevind „dat er twee of zelfs drie Zendings scholen zijn waar er slechts ruinte is voor één,<sup>8</sup> en waar, ééne die goed bestierd wordt, het werk beter zou doen." Die moeilikheid was dat baie sendingskole hul oorsprong „meer dikwijls aan kerkelijke wedijvering dan aan ijver voor onderwijs"<sup>9</sup> verskuldig was. Tweedens het dr. Muir bevind dat in sommige gevalle sendelinge meer begaan was oor die verkryging van die regeringstoelaag as oor die toesighou oor die werk en vordering van die leerlinge. Sy persoonlike indruk was egter dat dit oor die algemeen nie dikwels die geval was nie. Die meeste sendelinge, veral die Roomse, het hy ywerig en besonder belangstellend in die welvaart van hul skole gevind. Die groot klagte wat Muir egter teen die sendingskole ingebring het, was dat die skole teveel op staatsondersteunde arnskole gelyk het. Dr. Muir was steeds die mening toegedaan dat die nie-blanke, net soos die blanke, vir sy onderwys moes betaal. Hy het die

6. Vgl. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys, vraag 125.
7. Onderwysrapport 1892, bls. 19.
8. Ibid.
9. Ibid.

beginsel gehuldig dat die mens iets meer waardeer wanneer hy daarvoor betaal as wanneer hy dit kosteloos ontvang. "Natuurlijk," sê hy egter, "moeten armen scholen ondersteund worden voor de kleurlingen bevolking zoowel als voor de blanken, maar waar ouders kunnen betalen is het onbillijk tegenover de rest der bevolking en demoraliseerend voor de ouders zelven kosteloos onderwijs te verschaffen."<sup>10</sup> Die skuld vir hierdie toestand van sake het hy toegeskrywe grotendeels aan die verkeerde wedywer van die nededingende kerke veral "waar een school van een strijdende (militant) kerk haar best deed goedkooper te zijn dan een andere inrichting die het haar behaagde als een mededinger te beschouwen."<sup>11</sup>

As gevolg van dr. Muir se optrede in hierdie verband, is in die "Wysigende en Aanvullende Skoolregulasies" van 1897 vir die eerste maal die pond-vir-pondbeginsel op Sendingskole toegepas met die bepaling: "That when the average attendance at a Mission School exceeds 100 children, an annual grant in addition to £75 will be available for teachers' salaries, provided that for every pound so given, 20s. are contributed locally, the maximum for each additional 100 children not to exceed £40."<sup>12</sup> In die wet van 1865 is geen voorsiening gemaak vir die betaling van 'n toelaag vir assistent-onderwysers nie maar in 1905 is bepaal dat 'n toelaag van £45 per jaar ten behoeve van elke hulponderwyser in 'n Sendingskool sou betaal word op voorwaarde dat 'n plaaslike bydrae

10. Onderwysrapport 1892, bls. 19.

11. Ibid.

12. Amended and Additional School Regulations, 1897 (G.97 - 1904). Sien ook Aanhangsel A, Tabel IV.

van 10/- vir elke pond van die regeringstoelaag gedoen is. Dit was dus 'n afwyking van die tot hiertoe steeds gehandhaafde pond-vir-pondbeginsel. Kragtens dieselfde regulasies is ook vir die eerste maal hulp aan sendingskole by die oprigting van nuwe skoolgeboue verleen.

Tot op 1897 was die stelsel van die uitbetaling van toelae aan sendingskole in 'n toestand „practically of chaos." Voor dié tyd is toelae sonder vaste beginsel aan die skole uitbetaal. Die regering het eenvoudig toelae uitbetaal en daar is nooit navraag gedoen na wat plaaslik gedoen is om die toelae aan te vul nie. In baie gevalle het die regering feitlik die skole aan die gang gehou sonder enige hulp van die plaaslike mense.<sup>13</sup> Deur die nuwe regulasies van 1897 is die uitbetaling van toelae op gesonder voet geplaas terwyl die Departement strenger toesig oor die toekenning van nuwe toelae gehou het.

#### Opleiding van Nie-blanke Onderwysers.

Net soos in die geval van die blanke skole het dr. Muir ingesien dat sonder behoorlik opgeleide onderwysers vir die nie-blanke skole daar nie vooruitgang kon wees nie. In die onderwyserseksanens van 1893 het geblyk dat die meerderheid van die inboorlingkandidate vir die Derdeklas-sertifikaat gedruip het.<sup>14</sup> Hierdie toestand van sake is toegeskrywe aan

---

13. Vgl. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys, vraag 163.

14. Onderwysrapport 1893, bls. 22.

beginsel gehuldig dat die mens iets meer waardeer wanneer hy daarvoor betaal as wanneer hy dit kosteloos ontvang. "Natuurlijk," sê hy egter, "moeten armen scholen ondersteund worden voor de kleurlingen bevolking zoowel als voor de blanken, maar waar ouders kunnen betalen is het onbillijk tegenover de rest der bevolking en demoraliseerend voor de ouders zelven kosteloos onderwijs te verschaffen."<sup>10</sup> Die skuld vir hierdie toestand van sake het hy toegeskrywe grotendeels aan die verkeerde wedywer van die nededingende kerke veral "waar een school van een strijdende (militant) kerk haar best deed goedkooper te zijn dan een andere inrichting die het haar behaagde als een nededinger te beschouwen."<sup>11</sup>

As gevolg van dr. Muir se optrede in hierdie verband, is in die "Wysigende en Aenvullende Skoolregulasies" van 1897 vir die eerste maal die pond-vir-pondbeginsel op Sendingskole toegepas met die bepaling: "That when the average attendance at a Mission School exceeds 100 children, an annual grant in addition to £75 will be available for teachers' salaries, provided that for every pound so given, 20s. are contributed locally, the maximum for each additional 100 children not to exceed £40."<sup>12</sup> In die wet van 1865 is geen voorsiening gemaak vir die betaling van 'n toelaag vir assistent-onderwysers nie maar in 1905 is bepaal dat 'n toelaag van £45 per jaar ten behoeve van elke hulponderwyser in 'n Sendingskool sou betaal word op voorwaarde dat 'n plaaslike bydrae

10. Onderwysrapport 1892, bls. 19.

11. Ibid.

12. Amended and Additional School Regulations, 1897 (G.97 - 1904). Sien ook Aanhangsel A, Tabel IV.

van 10/- vir elke pond van die regeringstoelaag gedoen is.

Dit was dus 'n afwyking van die tot hiertoe steeds gehandhaafde pond-vir-pondbeginsel. Kragtens dieselfde regulasies is ook vir die eerste maal hulp aan sendingskole by die oprigting van nuwe skoolgeboue verleen.

Tot op 1897 was die stelsel van die uitbetaling van toelae aan sendingskole in 'n toestand „practically of chaos." Voor dié tyd is toelae sonder vaste beginsel aan die skole uitbetaal. Die regering het eenvoudig toelae uitbetaal en daar is nooit navraag gedoen na wat plaaslik gedoen is om die toelae aan te vul nie. In baie gevalle het die regering feitlik die skole aan die gang gehou sonder enige hulp van die plaaslike mense.<sup>13</sup> Deur die nuwe regulasies van 1897 is die uitbetaling van toelae op gesonder voet geplaas terwyl die Departement strenger toesig oor die toekenning van nuwe toelae gehou het.

#### Opleiding van Nie-blanke Onderwysers.

Net soos in die geval van die blanke skole het dr. Muir ingesien dat sonder behoorlik opgeleide onderwysers vir die nie-blanke skole daar nie vooruitgang kon wees nie. In die onderwyserseksanens van 1893 het geblyk dat die meerderheid van die inboorlingkandidate vir die Derdeklas-sertifikaat gedruip het.<sup>14</sup> Hierdie toestand van sake is toegeskrywe aan

---

13. Vgl. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys, vraag 163.

14. Onderwysrapport 1893, bls. 22.

die feit dat die naturelle-opleidingsinrigtings geneig was om kandidate vir die onderwys<sup>eksamen</sup>s in te skrywe wat totaal ongeskik was vir die onderwysberoep. „Many candidates must have been known to those entrusted with their preparation to be utterly unable to succeed in any possible teachers' examination." Dr. Muir het dus die mening uitgespreek dat „suitable young people ought to be selected; certain of the institutions must be pressed to take up in earnest the proper training of teachers, and certain others where proper teaching staffs do not exist ought to devote their attention to other things; and further, less book instruction should be exacted...and more skill in manual work."<sup>15</sup>

Drie inrigtings het dadelik op die wenk van die Superintendant-Generaal gereageer, naamlik, Healdtown, Lovedale, en St. Matthew's te Keiskamahoek. Dit het die weg gebaan vir die opleiding van naturelle-onderwysers in behoorlik toegeruste inrigtings wat hulle uitsluitlik op hierdie werk sou toelê. As gevolg van hierdie stap sou sulke inrigtings nie langer toelae vir kinders in die laer standerds ontvang nie en verder sou verskeie van die sogenoende „institutions" sodanige benaming moes prysgee „it being clearly much better to have a few institutions that are thoroughly efficient and conveniently situated than a larger number with a large percentage of weakness."<sup>16</sup> Elkeen van die opleidingsinrigtings moes aan die volgende voorwaardes voldoen:-<sup>17</sup>

15. Onderwysrapport 1893, bls. 22.

16. Ibid., bls. 23.

17. Onderwysrapport 1894, bls. xxii.

18. Ibid.

(1) dat die klasse 'n bevredigende aantal geskikte leerlinge moes hê om vir die Kwekelingeeksaniens in te skrywe; (2) dat vir elke klas 'n gesertifiseerde blanke onderwyser aangestel moes word; (3) dat daar 'n oefenskool byderhand moes wees; (4) dat aan elke leerling een of ander vorm van handwerk moes geleer word; en (5) dat elke leerling vir die eksamen in Desember moes ingeskrywe word.

Dit sal die leser tref dat dr. Muir se beleid ~~in~~sake die opleiding van naturelle-onderwysers hemelsbreed verskil het van sy beleid in verband met die opleiding van blankes. In die geval van laasgenoemde was hy tevrede om onderwysers hul opleiding te laat ontvang in enige soort skool van die Eersteklas tot die Arnskool. Naturelle-onderwysers moes egter hul opleiding ontvang in uitgesoekte inrigtings net gesertifiseerde onderwysers. Dit het jare geduur voordat die selfde beleid in die geval van blankes kon toegepas word. As redes hiervoor moet aangevoer word, eerstens, dat daar reeds 'n hele reeks geskikte naturelle-inrigtings bestaan het wat met min moeite en onkoste in suiwer opleidingsinrigtings kon ongeskep word. Blanke normaal-inrigtings moes egter van die grond af opgebou word. Tweedens, het die gewone naturelle-skool so 'n swak gehalte van onderwyser gehad dat dit onwenslik sou gewees het om kwekelinge deur hulle te laat oplei.

Die nuwe beleid het spoedig vrugte begin dra ten spyte van aanvanklike moeilikhede. Die moeilikhede het daaruit be-

staan dat daar nog 'n neiging by die kerke en genootskappe was om teveel inrigtings, elk met 'n klein aantal studente, daar op na te hou sodat daar onnodige verspilling van geld en energie plaasgevind het.<sup>19</sup> In 1896 kon aangekondig word dat die aantal kwekelinge in daardie jaar in vergelyking met 1895 presies verdubbel het.<sup>20</sup> In 1897 was daar elf opleidingsinrigtings wat 538 kandidate vir die eerste-, tweede- en derdejaarskisanens ingeskrywe het. Hiervan het 50 in die derdejaarskisanen geslaag ondus 'n Derdeklas-sertifikaat verwerf. Op hierdie tydstip was die persentasie gesertifiseerde onderwysers in Kaapland 42.7 maar as die naturellegebiede buite berekening gehou word, was die persentasie 45.6. In die naturellegebiede alleen was slegs 26.03 persent van die diensdoende onderwysers gesertifiseerd.<sup>21</sup>

Die opwaartse wending in die getal naturelle-kwekelinge het egter binne 'n paar jaar tekens van agteruitgang getoon. Oorspronklik was die opleiding van naturelle-onderwysers in die hande van die volgende kerke: die Wesleyaanse, die Vrye Kerk van Skotland, die Anglikaanse, en Verenigde Presbyteriaanse en die Primitiewe Metodiste. Teen 1902 het die Verenigde Presbyteriaanse en die Primitiewe Metodiste hul opleiding van onderwysers gestaak en die werk is van toe af in die hande van die orige drie kerke gelaat. In 1902 het die Anglikaanse Kerk drie inrigtings met tesame 82 leerlinge gehad, die Vrye Kerk van Skotland drie met 184 leer-

19. Vgl. Onderwysrapport 1895, bls. 26.

20. Onderwysrapport 1896, bls. 28.

21. Vgl. Onderwysrapport 1897, bls. 19 en 20.

linge en die Wesleyaande Kerk vier met 260 leerlinge.

In die jaar net voor Unie was daar 989 leerlinge in die spesiale naturelle-opleidingskole ingeskrywe, 89 kleurling-kwekelinge in sendingskole, en 40 kwekelinge in naturelleskole - 'n totaal van 1,118. Hierteenoor was daar in blanke op-leidingskolleges slegs 543 studente terwyl 1292 kwekelinge nog in die gewone skole hul opleiding ontvang het.<sup>23</sup> Dit is treffend dat terwyl byna 90 persent van nie-blanke aspirant-onderwysers hul opleiding in inrigtings ontvang het, daar slegs 30 persent van die blankes in die opleidingskolleges te vinde was. In 1915 het die getal nie-blanke kwekelinge op 1,351 gestaan. Hulle was oor vyftien inrigtings versprei. Boonop was daar 266 kwekelinge aan skole ander dan opleidings-skole verbonde sodat die groottotaal nie-blanke studente wat in 1915 opleiding ontvang het 1,617 beloop het.<sup>24</sup>

Daar dien opgelet te word dat al die inrigtings hoof-saadlik vir die opleiding van naturelle bedoel was en dat daar geen soortgelyke fasiliteite vir die opleiding van kleurlinge was nie. 'n Baie klein aantal van laasgenoemde is in sendingskole opgelei en 'n verdere klein aantal in die naturelle-inrigtings. Aangesien die getal sendingskole geskik vir die opleiding van kwekelinge besonder klein was, en verder, aangesien die opleidingskole in die naturellegebiede moeilik vir

22. Onderwysrapport 1902, bls. 20.

23. Onderwysrapport 1909, bls. 20 en 21.

24. Aanvullende Onderwysrapport 1915, bls. 18.

kleurlinge bereikbaar was, is in vergelyking met naturelle en blankes maar min kleurlinge as onderwysers opgelei. "The training of Coloured teachers," het dr. Kuir in 1911 gesê, "is not in so satisfactory a position as that of Native teachers," en hy haal die volgende aan uit die aanmerkings van die inspekteur van opleidingsinrigtings oor hierdie saak: "The low percentage of certificated teachers in the coloured schools of the Province... shows that a much larger supply of teachers is needed for these schools. The only schools with any considerable Pupil Teacher enrolment, which train coloured teachers, are at present Zonnebloem and Hankey Mission School. Evidently there is room for enterprise and co-operation in this direction on the part of the  
 25  
 Churches concerned."

Die verwysing na die gebrek aan opleidingsgeriewe vir kleurlinge het spoedig die gewenste uitwerking gehad. "De aandacht van allen die belang stellen in zendingschoolwerk, is dikwijls in dit rapport gevestigd op het feit, dat er geen speciale opleiding-scholen waren voor de Kaapse kleurling-student; het is deswege aangenaam in staat te zijn mede te delen dat dit werk niet alleen ter hand genomen is door Zonnebloem, maar dat Genadendal, het oudste zendingstation in Zuid Afrika, voortaan van plan  
 26  
 is deze zaak zijn ernstige aandacht te schenken." In 1915, behalwe bogenoende opleidingsinrigtings vir kleurlinge, is 'n ver-

25. Onderwysrapport 1911, bls. 17.

26. Onderwysrapport 1912, bls. 32.

dere inrigting vir kleurlinge op Soutrivier in die lewe geroep.

### Die Leerplan.

Die opvoeding van nie-blankes het met talryke en soms onoorkomelike moeilikhede gepaard gegaan. Behalwe die ongesonde wedywering tussen die verskillende kerke en genootskappe waardeur onnodige verspilling van kragte en geld veroorsaak is, die gebrek aan behoorlik opgeleide onderwysers, en 'n tekort aan geld, was daar ook groot verskil van mening oor wat die leerplan van nie-blanke, en in besonder, naturelleskole moes wees. Boonop het die naturelle self oor die algemeen vir hulle maar min aan die onderwyssaak gesteur.

'n Aansienlike deel van die blanke bevolking was gekant teen die opvoeding van die naturelle. Teen godsdiestige opvoeding en onderrig in landboumetodes is geen beswaar gemaak nie maar die nut van boekgeleerdheid kon baie blankes nie insien nie. Baie boere was die mening toegedaan dat deur die optrede van die sendelinge die naturelle lui geword het en onwillig was om as plaasbediendes te werk. Selfs dr. Dale was van mening dat versigtig te werk moes gegaan word met die opvoeding van naturelle. Op 'n vraag voor die Onderwyskommissie van 1891 of dit nie die regering se plig was om almal in die land op te voed insluitende die naturelle nie, het hy geantwoord: „I do not consider it my business to force education on all the aborigines: it would mean the ruin of South Africa. If I could produce 60,000 educated Tembus or Fingoes

tomorrow, what would you do with them; their education must be gradual."<sup>27</sup> Daar was nog altyd verskil van mening oor die vorm en inhoud van die onderwys vir blankes. Hoe uiteenlopend moes dan nie die menings oor die doel van onderwys vir naturelle ge-wees het nie!

Die Onderwyskommissie van 1891 het veel aandag aan die kwessie van naturelle-onderwys gewy. Alhoewel die regering onder die Onderwyswet van 1865 ruim toelae aangebied het vir ambagsaf-delings in naturelle-skole het die Kommissie verklaar: "It is to be doubted whether any single native day school has such an adjunct."<sup>28</sup> Dit was die toestand in 1891 ten spyte van die feit dat Dale reeds twintig jaar tevore gewaarsku het: "The only available agencies for transforming the native savage into a citizen, capable of understanding his duties and of fulfilling them, are the school, the workshop and the Christian Church; the teaching...needs...an industrial substratum in its disciples."<sup>29</sup> Soos die rapport van die Kommissie verder daarop wys, het die Suid-Afrikaanse naturel egter nie 'n aangebore liefhebbery vir handearbeid nie en die gevolg was dat "schools which allow the four hours (van die skooldag) to be occupied with more or less dawdling over spelling books or school slates tend to be numerical-<sup>30</sup> ly the strongest."

27. Getuienis voor Onderwyskommissie 1891, vraag 200.

28. Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel III, par. 126.

29. Aangehaal in die Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel III, par. 127.

30. Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel III, par. 127.

Die Kommissie het die volgende aanbevelings ter verbetering van die onderwys onder die naturelle-bevolking gedoen:-

(1) Die staat moes die gehalte en inhoud van die onderrig deur naturelleskole verskaf, vaslê en in die geval van skole wat nie die begeerde onderrig kon aanbied nie, moes die toelaag teruggetrek word;

(2) Daar behoort 'n vaste regulasie in elke naturelle-skool te gewees het dat die helfte van die skoolure aan handearbeid bestee word, terwyl "litterêre" onderrig slegs elementêr moes wees; en

(3) Die regering moes self 'n opleidingskool vir onderwysers stig in plaas van groot somme geld aan 'n groot aantal sulke inrigtings te spandeer waaroer die regering onvoldoende beheer gehad het. Dit moes die werk van sodanige opleidingskool wees om die beste middels te ontdek "for the purpose of humanising the aboriginal youth, of weaning them from their fondness for an idle and dissolute life, of training them to habits of orderly obedience to the law of the country that protects them, and to the masters who may employ them, and generally of fitting them for the busy life on lines which in our civilised society are regarded as moral."

Op bogenoemde aanbevelings het dr. Muir blykbaar geen ag geslaan nie. In 1893 het hy tydens die hersiening van die primêre skoolkursus geen onderskeid gemaak tussen die leer-

---

31. Rapport van Onderwyskommissie 1891, Deel III, bls. 33.

plan wat in blanke, kleurling-, of naturelleskole moes gevolg word nie. Daar was hoegenaand geen poging om die leerplan te laat aanpas by die besondere behoeftes van die nie-blankes nie. Almal, wit of swart, moes deur dieselfde smeltkroes gaan. Selfs dieselfde standerds wat van toepassing was op blanke kinders het gegeld vir die nie-blankes. Dit het beteken dat dieselfde kennis van elke naturelle- of kleurlingkind geëis is as van die blanke in dieselfde standerd. Blanke kinders, selfs uit huisgesinne van 'n laer beskawingspeil, leer baie meer buite as binne die skool. Huislike invloede, boeke en omgang met ander is in-vloede wat sterk/op die ontwikkeling van die kind. In die geval van die naturel het sulke invloede selde bestaan. Buite die skool was hy in die meeste gevalle in 'n ongewing eeue geskei van die ongewing waarmee hy in die skool te doen gehad het. Die naturel moes dus baie meer kennis in die skool opdoen as die blanke.

Die onbuigsane inspeksiestelsel is net soos in die geval van blanke skole met onverminderde strengheid op die skole van nie-blankes toegepas. Dit is hierdie strenge inspeksiestelsel wat die invoering van vakke buite die voorgeskrewe leerplan onnoontlik gemaak het, hoe lewensbelangrik sulke ander vakke ook mag gewees het. Dr. Muir se verdediging van hierdie versuim het hy as volg geformuleer: „If the matter be seriously considered, it is difficult to see what great educational modification can be made in an Elementary School course below Standard III; and, as a matter of fact, the great mass of coloured children do not

32

proceed beyond Standard II." So 'n verklaaring is egter nooi-lik te rym met die sienswyse oor die saak wat hy kort na sy aankoms in die land gehuldig het. Sprekende oor die Sendingskole het hy gesê: „Een veel belangrijker punt echter dan de verlatende Standaard is de soort van onderwijs die Zendingscholen geven. In de meeste gevallen, tot mijn leedwezen is zij te veel boekgeleerdheid en onpraktisch. Zonder buiten de schoolmuren te gaan is er veel behalve boekonderwijs waaraan de onderwijzer zijn aandacht behoort te wijden." Hy gaan verder deur daarop te wys: „De inprenting van goede levensgewoonten is minstens van even groot belang als het onderwijzen van de bloote kunsten van lezen, schrijven, en tellen,-zindelijkhed, getrouwe plichtsbetrachting, degelijkheid in zijn werk, en prompte gehoorzaamheid aan bevelen - deze zijn deugden van veel hooger belang dan het passeeren van Standaard II." 33

In 1908 het die regering die hele vraagstuk van die onderwys van naturelle deur 'n Gekose Komitee laat ondersoek. Uit die getuienis wat dr. Muir voor die Komitee afgelê het, word sy beskouinge oor die kwessie van 'n geskikte leerplan vir naturelle helderder. Teen hierdie tyd was sy mening dat die naturelle ontevrede sou wees as hulle nie presies dieselfde leerplan soos die blanke skole kon volg nie en dat hulle heeltemal tevreden met die bestaande stelsel van onderwys was. 34

32. Onderwysrapport 1906, bls. 17.

33. Onderwysrapport 1892, bls. 21.

34. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys 1908, vrae 256 en 257.

In die leerplan het sedelike opvoeding en gesondheidsleer geen plaas gehad nie. Dit was 'n ernstige leemte en meer as een getuie wat voor die Komitee verskyn het, het hierop gewys.

"No sketch of the curriculum of a school can be complete," se weleerw. Cameron, Biskop van Kaapstad, met verwysing na hierdie saak, "which leaves out the most important item of all - the religious and moral training which is to direct and control the use of the instructed and developed mind. An education which includes no moral instruction and no religious training simply increases the capacity for evil."<sup>35</sup> Dr. Muir het egter goedgedink om godsdiensonderwys liewers nie in die leerplan in te sluit nie en aan die Komitee verduidelik: "The Department has always care-<sup>36</sup>fully abstained from interfering in regard to that." Dr. Muir het egter besondere waarde daaraan geheg dat die skool 'n sterk beskawende en dissiplinerende invloed op die naturellejeug uitgeoefen het. Die beskawing sou groter persoonlike behoeftes skep en dus die naturel tot arbeid dwing om hom in staat te kan stel om in sy vermeerderde behoeftes te kan voorsien.<sup>37</sup> Buitendien was dit, afgesien van die leerplan, van groot waarde dat die naturellekind op skool geleer het om klere te dra, en om die gewoontes van reinheid en gehoorsaamheid aan te kweek.<sup>38</sup> Hiermee

- 35. Rapport van Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys 1908, Aanhangsel G, bls. xiv.
- 36. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys 1908, vraag 364.
- 37. Ibid., vrae 337 en 338.
- 38. Ibid., vraag 537.

was die Gekose Komitee dit met dr. Muir eens maar na oorweging van die getuienis het die Komitee tot die slotson gekom dat die leerplan vir naturelle hersiening nodig gehad het. „Uw Comité beschouwt het wenschelijk," het die Komitee aanbeveel, „dat de leercursus in Naturellen Scholen insluiten zal onderricht in de eenvoudige feiten en wetten van de Natuur, en dat alles gedaan zal worden om het verstand te ontwikkelen en niet slechts het geheugen, dat op degelijkheid bijzonder aangedrongen zal worden, en dat de onderwerpen onderwezen zooveel mogelijk in verband met de Naturellen levenswijze zal gebracht worden."<sup>39</sup>

Herkwaardig is die getuienis wat prof. J. du Plessis betreffende die leerplan in naturelleskole gelewer het. Na hy op die onbetwyfelbare reg van die naturel op opvoeding gewys het, sê hy: „The native should, I venture to think, have an education, not that is equal or similar to that of the European, but that is adapted to his special circumstances and requirements. I think it is a great mistake to assume that a system of education which has proved a success in (say) England, must necessarily be suited to South Africa. But it is an infinitely greater mistake to assume that a system of education adapted to the needs of Europeans is also the best for natives."<sup>40</sup>

39. Rapport van Gekose Komitee oof Naturelle-onderwys 1908,  
par. 3.

40. Ibid., Aanhangsel H, bls. xviii.

Die aanbevelings van die Gekose Komitee is nooit aangeneem nie en die Onderwyskommissie van 1910 moes dit as sy oortuiging uitspreek dat „het onderwijs onder de gekleurde bevolking op een lage trap staat.”<sup>41</sup> In verband met die leerplan het dit gelui: „Een streng leerplan, opgesteld zonder rekening te houden met de kleurlingen, voldoet stellig niet voor sommige blanke kinderen, maar het is nauweliks te veel gezegd, dat het in 't geheel geen waarde heeft voor al de gekleurde kinderen.”<sup>42</sup> Die Kommissie het, soos die Gekose Komitee in 1908 gedoen het, aanbeveel dat afwyking van die leerplan aan nie-blanke skole moes toegestaan word. „Wij geloven,” het die Kommissie gesê, „dat onderricht in de beginseleen van natuurstudie en gezondheidsleer en in de geschiedenis en de aardrykskunde van hun land zeer gewenst is voor gekleurde (d.w.s. nie-blanke) kinderen, om onwetendheid en misverstand te verdrijven.”<sup>43</sup><sup>44</sup>

Landbou was, en is seker vandag nog, die belangrikste faktor in die lewe van die naturel en tog het hierdie onderwerp geen plek op die leerplan gekry nie. Toe dr. Muir hieroor ondervra is deur die Komitee van 1908, het hy verklaar dat die invoering van landbou-onderwys 'n onmoontlikheid was omdat die grond in die geval van die meeste naturelleskole ongeskik was vir landboudoel-

41. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 229.

42. Ibid., bls. 230.

43. Ibid.

44. Ibid., bls. 231.

cindes of te ver van die skole geleë was. Dr. Muir het hom verlaat op die verslag van een van sy inspekteurs van die naturellegebiede wat verklaar het: „The schools are almost invariably built on high and dry ridges in the commonage while the cultivated lands are in the valleys and slopes... It might be possible to get the Government to set aside plots of land for gardening purposes in connection with the schools, but these would necessarily be at some considerable distance; in no case would the ground be fenced, and probably in no case would water for irrigation be available, any water suitable for this purpose being already monopolised.<sup>46</sup>" Dit het vir Muir so ontmoedigend gelyk dat landbou-onderwys nooit in naturelleskole aangepak is nie.

#### Medium van Onderwys.

In die Onderwyswet van 1865 is die medium van onderwys vir die naturelleskole (Rang C) nie vasgelê nie. Dr. Muir het voor die Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys in 1908 verklaar dat dit die beleid van die Departement van Onderwys was om in die aanvangsjare die naturelletaal as medium te gebruik en dan langsanerhand Engels as medium in te voer. Hy het aan die Komitee voorgelees uit 'n kennisgewing wat hy in 1904 aan naturelleskole gestuur het en wat die volgende aanbeveel het:

- 
45. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys 1908, vrae 85, 86 en 209.
  46. Aangehaal deur Muir in sy getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys, vraag 209.

"To begin at the very earliest stage in the infants' school with oral lessons (in English), the children being taught the names of common objects shown to them and ultimately to form a little sentence about these objects....To this work half-an-hour should be devoted forenoon and afternoon. Practically the only instruction in English recommended," <sup>47</sup> se Muir, "is an hour a day - the rest is in the Kafir language." Eers in <sup>47</sup> Standerd drie sou Engels geskrywe word.

In die praktyk was die prosedure in die naturelleskole glad nie in ooreenstemming met die bestaande aanbevelings hie. Geen van die naturellesuperintendente van skole wat deur die Komitee ondervra is, het kennis van die aanbevelings van die Departement gedra nie. "I have been connected with schools for the last 25 years," het een verklaar, "and have never heard of such a circular from the Education Office."<sup>48</sup> Die moeilikheid was dat die inspektors van wie se oordeel die bevordering van die kinders afgehang het, nie in staat was om die kinders in die Kaffertaal te ondersoek nie en hulle het gewoonlik van Engels gebruik gemaak. As die kind nie die eksamen in Engels kon afle nie, is hy nie bevorder nie. Selfs een van die weinige inspektors wat die naturelle-tale geken het, het dit as sy vaste beleid neergelê: "A native is a much more useful citizen...if he knows English, and he should begin the acquisition of this as soon as possible, if he is to

47. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys, vraag 199.

48. Ibid., vrae 933 en 1416.

learn it effectually in school. I therefore recommend children being put to English reading and conversation of an extremely simple kind in sub-standard A, and devoting all their time to one language until they enter the class for Std. I. They are able then to learn Kafir reading with the greatest ease, since it is spelt phonetically, and an hour and a-half or two hours a week are sufficient in the Standards for quite

49

efficient instruction in Kafir."<sup>49</sup> Dr. Muir se kommentaar

hierop: "I would be guided immensely by these inspectors, rather than by my own experience," het nie eintlik geklop met  
50  
sy vorige aanbevelings aangaande moedertaalmedium nie. Dr. Muir het die naturel nie geken nie en hom dus ook nie verstaan nie. Interessant is dus die sienswyse oor die saak van een wat wel die naturel haarfyn geken het. "What possible advantage can a native child, who hears no English in his home, who never speaks English to his playmates, derive from being set to repeat by rote - for it comes to that - page after page of an English reader, or an English Geography or Grammar?..."

Imparted through the medium of an unknown tongue, education remains an exotic; it is never assimilated by the mind and heart; it is an unreality; and the painful result is too often seen of a child taking on, with apparent sincerity and profit, the veneer of foreign teaching and moral instruction and even religious instruction, during the year or two which

49. Getuienis voor Gekose Komitee oof Naturelle-onderwys,  
vraag 233.

50. Ibid., vraag 236.

it spends at the white man's school, only to throw it off again and revert to the barbarous life of heathenism, with perfect naturalness and consistency, when it returns to the surroundings of  
 51 its own native kraal."

Daar was teen hierdie tyd 'n sterk nasionale ontwaking onder die naturelle en dit was die naturelle self wat 'n begeerte uitgespreek het om liewers hulle kinders deur medium van die moedertaal te laat onderwys. In Januarie 1908 is 'n verteenwoordigende konferensie van naturellehoofde op Debenek gehou en 'n besluit is dier voege geneem. Hierdie beweging vir die ruimer erkenning van die naturelletale as medium by die onderwys is egter deur die Departement beskou as 'n blote agitasie op tou gesit deur die hoof  
 52 van Lovedale, eerw. Henderson, en naturelle soos Jabavu. Die standpunt van dié wat Engels as medium in die naturelleskole wou hè, was dat die taal van die handel, nywerheid, en regering Engels was en dat dit dus vir die grootste belang vir die naturel was om Engels magtig te wees.

Die gebruik van die naturelletale as medium van onderwys het nie sonder moeilikhede gepaard gegaan nie. Daar was 'n groot gebrek aan leesboeke en ander skoolboeke in die naturelletale. Die onderwysers het self ook geen opleiding in hul moedertaal gehad nie. Alle opleiding van onderwysers was slegs in Engels en eers

51. Biskop Cameron: Aanhangsel G tot Rapport van Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys 1908, bls. xii.

52. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys, vraag 2103.

in die derde jaar van opleiding is 'n naturelletaal as opsionele vak toegelaat. Baie van die kwekelinge het egter nooit die derdejaarkursus voltooi nie sodat daar 'n menigte naturelle-onderwysers was wat nooit hulle eie taal behoorlik geleer het nie. Sulke onderwysers kon uit die aard van die saak geen geesdriftige bewonderaars van hul eie taal wees nie.

Daar was egter nog 'n groter moeilikheid in verband met die naturelletale as onderwysmedium. Die woordeskot was te beperk en baie van die alledaagse begrippe in die Europese tale het in die naturelletale geen ekwivalent gehad nie. Die vak rekenkunde het besondere moeilikhede opgelewer sodat dit feitlik onmoontlik was om daardie vak deur die naturellemedium te onderwys. Die getal 555 sou in die Kaffertaal as volg moes weergegee word: "amakoeloe amahlanoe anamashoemi amahlanoe  
53 anesihlanoe." Slegs baie elementêre rekenkunde sou dus deur medium van die Kaffertaal kon onderwys word. Begrippe soos honderd-duisend, miljoen of biljoen het glad nie in die taal bestaan nie.

### Hoër Onderwys.

Reeds geruime tyd was daar in die land 'n beweging om fasiliteite te skep vir hoër onderwys vir naturelle. Dit was 'n netelige vraagstuk, want die meeste naturelleskole het slegs onderwys tot die vierde standerd verskaf en by wyse van

---

53. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys 1908,  
vraag 730.

uitsondering was dit standerd ses. Dr. Muir was die mening toegegaan dat dit verkwisting van geld sou wees om met hoër onderwys te begin aleer die grondslag van elementêre en sekondêre onderwys gelê is. "You do not want to put on the highest storey of the house before you have laid the foundation," was sy sienswyse.<sup>54</sup>

Die voorstanders van die nuwe beweging het 'n universiteitskollege vir naturelle beoog. Oorspronklik was daar twee skemas. Eerstens was daar 'n skema bekend as die „Queen Victoria Memorial Scheme" en daarna 'n tweede bekend as die „Inter-State College." As bewys vir die behoefté aan so 'n inrigting is aangevoer dat tot op 1908 daar reeds ongeveer honderd naturelle Suid-Afrika verlaat het om hoër onderwys oorsee, veral in Amerika, te ontvang. Baie van hulle, met slegs standerd vier-sertifikate, het van Amerika teruggekom met universiteitsgrade. "I know, for example," het een getuie verklaar, „of one case where a man who, to our knowledge, knew nothing but Standard V, had gone to America, and came back within a short period with two university degrees."<sup>55</sup> In Suid-Afrika was die enigste vorm van hoër onderwys toeganklik vir naturelle die onderwyserskursus sodat feitlik elke naturel wat bo standerd ses wou vorder gedwing is om 'n onderwyserskursus te neem. Darenteen het Muir daarop gewys dat daar gemiddeld skaars een naturel per jaar die matrikulasië-eksamen afgelê het. 'n

54. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys, vraag 282.
55. Ibid., vraag 1691.
56. Ibid.
57. Ibid., vraag 349.
58. Ibid., vraag 4063.

Universiteitskollege was dus voorlopig onnodig en hy het liewers gesien dat groter fasiliteite vir sekondêre onderwys sou geskep word en dat 'n universitaire inrigting tot stand sou kom wanneer daar voldoende gematrikuleerde was om dit te regverdig. 'n Naturellekollege vir hoër onderwys het egter kort nadat dr. Muir afgetree het werklikheid geword, want in 1916 is die „South African Native College, Fort Hare" geopen.

### Besluit.

Dwarsdeur skep die houding van dr. Muir insake naturelle-onderwys die indruk dat hy geen besondere belang in die natuurlike en hul welvaart gestel het nie. „He was content for the most part to leave native education to the missionaries. That might have been a period of considerable development was one of stagnation." In 'n artikel oor dr. Muir se aftrede in 1915 het die sendingblad van Lovedale, die „Christian Express" omtrent sy aandeel in die ontwikkeling van naturelle-onderwys die volgende gesê: „It is also to be deplored that, probably on grounds personal to the S.G.E. from his theory of the content of elementary education and want of close personal knowledge of Native needs, and perhaps no less from considerations of European policy, industrial training, while it was steadily maintained, was not fostered into extensive developments."

59. Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys, vraag 4058.
60. Pells: The Story of Education in South Africa, bls. 80.
61. Inleidingsartikel, Christian Express, Junie 1915.

## HOOFSTUK DERTIEN.

### SLOT.

#### Was dr. Muir Opvoedkundige of net Organiseerder?

So ver bekend, het dr. Muir nooit gedurende sy lang verblyf in Suid-Afrika in enige geskrif of toespraak hom oor die teorie en filosofie van die onderwys uitgelaat nie. „Wel sprak sir Thomas Muir dikwijls over onderwijsaangelegheden, maar steeds naar aanleiding, of ter gelegenheid van de opening van een nieuwe school of bij de hoeksteenlegging van een of ander gebouw voor onderwijsdoeleinden. Hij is nooit uit zijn pad gegaan om over deze zaak (d.w.s. opvoeding) te spreken.<sup>1</sup>" Sy jaarraporte is modelle van statistiese opgawes en toon bloot die ontwikkeling aan wat daar van jaar tot jaar plaasgevind het, maar oor die teoretiese sy van die onderwysstelsel het hy nie uitgewy nie.

By 'n noukeurige studie van die getuienis wat dr. Muir gedurende sy loopbaan as Superintendent-Generaal van Onderwys voor die groot aantal parlementêre Gekose Komitees in verband met die onderwys afgelê het, tref dit dat hy altyd uiters versigtig in sy uitlatings oor die teoretiese sy van die onderwys was. Opvallend is die aantal gevalle waar hy op 'n direkte vraag of 'n vae antwoord gegee het of die antwoord op 'n vraag heeltemal ontwyk het.

Van dr. Muir se handelwyse en optrede gedurende sy dienstyd

---

1. De Schoolmeester in De Burger, 23 September 1915.

as Superintendent-Generaal van Onderwys kan egter afgelei word wat hy in die opvoeding beoog het. Die stelsel wat hy in die Kaap-Kolonie ingestel het, het feitlik ooreengestem met die stelsel wat in 1872 in Skotland in die lewe geroep is. Op Skotse model is die Kaap-Kolonie in skooldistrikte verdeel elk met 'n skoolraad deur algemene stemreg gekies. Die magte van die rade het gestrek oor sake betreffende skoolbywoning, die aanstelling en besoldiging van onderwysers en die bou en toerusting van skole.<sup>2</sup> Nuir se skoolradewet van 1905 het die hoofbeginsels van die Skotse wet noukeurig gevolg, ten spyte daarvan dat teen daardie tyd Skotland reeds heelwat van haar stelsel wat verouderd geraak het, oorboord gegooi het.

Dr. Muir het verwag dat na die leerling die primêre kursus deurloop het, hy intelligent sou kon lees, taamlik akkoontaat sou kon reken, en 'n redelike kennis van die geskiedenis en aardrykskunde van die Britse Ryk sou hê. Die kunssy van die leerling se opvoeding is voor gesorg deur teken en sang in die leerplan in te sluit terwyl daar tegelykertyd voorsiening gemaak is vir handearbeid en liggaamsoefening. Om hierdie ideaal te bereik, het Muir gebruik gemaak van 'n vaste en onbuigsame leerplan en deur 'n stelsel van strenge inspeksie het hy absolute eenvormigheid op die skole afgedwing. Dit was 'n stelsel hoofsaaklik teoreties - 'n stelsel bedoel vir die gemiddelde leerling. Met die skrander of vertraagde leerling is

---

2. Roman: The New Education in Europe, bls. 74.

geen rekening mee gehou nie. Ras, omgewing en aanleg is nie in aanmerking geneem nie. Van elke leerling is verwag dat hy 'n stuk diktee uit sy leesboek met 'n voorafgestelde minimum van foute moes kan skrywe; 'n vasgestelde aantal somme moes reg maak; 'n lys datums uit die geskiedenis, en 'n lys aardrykskundige name moes kon opsê. Selfs in die vakke houtwerk en teken is noukeurig in 'n sillabus vasgelê wat moes behandel word en daar is geen afwyking toegelaat nie. Die hele leerplan het gemik op ensiklopediese kennis en nie op verstandelike ontwikkeling en die ontvouwing van geestelike karakter nie. Die doel was om die jeug te onderwerp aan 'n streng verstandelike dissipline. Opvoeding vir die ontwikkeling van goeie en karakter en opleiding vir die toekomstige lewe en pligte as burger het 'n onderskikte rol gespeel. Muir het die goeie eienskappe van gehoorsaamheid, reinheid, presiesheid, beleefdheid en soortgelyke belangrike deugde nie gehelenal uit die oog verloor nie, maar hy het gemeen dat daardie eienskappe as bykomstighede sou ontwikkeld by die kind as gevolg van die skooldissipline en die invloed van die onderwyser. Die stelsel het in die loop van sy ontwikkeling meer en meer in 'n eksamenstelsel ontaard. Die onderwysmetodes was feitlik slegs gemik op die eksamen wat aan die einde van die jaar sou volg.

"It appears to me even our books have come to be conceived and adapted for examination purposes...and because of that our system has become veritably an abortion.....It is a system of testing by mere works; it is a system by which progress is tested by the

results which take the eye on the examination."<sup>3</sup> Dit was die weloorwoë oordael wat die hoof van Lovedale oor dr. Muir se stelsel gevel het.

Dr. Muir het die eksamen as 'n onafskeidelike deel van die onderwys beskou. Niks anders as 'n eksamen kon die vereistes van 'n vak beter standaardiseer as 'n eksamen nie. Daarom was dit dat elke vak op die leerplan onderhewig was aan 'n eksamen en by elke nuwe vak wat ingevoer is, is 'n ooreenstemmende eksamen ingestel om die vooruitgang in die vak te toets. Die eksamenstelsel is nie gebruik om die leergange en metodes te verbeter nie. Die uitslae het gedien vir reekse statistiese tabelle waarvan die onderwysrapporte en die Onderwys-gaset gewemel het. "De matematische gebondenheid, de ontaarding van ons onderwys in een statistiese wetenschap, is het werk van een matematikus. Het is alles vorm geworden zonder inhoud - het zuiverste intellektualisme zonder ziel en zonder lichaam."<sup>4</sup> Leerlinge en onderwysers het gebuk gegaan onder so 'n eksamenvrees en 'n eksamengejaagdheid dat nie alleen die minder belangrike eksamenvakke afgeskeep moes word nie maar dit moes skadelik ingewerk het op die senuweegestel van beide onderwyser en leerling.

Die hele inrigting van die skole, die inspeksiestelsel, die eksamenstelsel en die leerplan het klaarblyklik gewys dat

3. Henderson: Getuienis voor Gekose Komitee oor Naturelle-onderwys 1908, vraag 2235.
4. Inleidingsartikel, De Unie, Augustus 1915.

die doel van die opvoeding was om die leerlinge 'n bepaalde dosis kennis in 'n bepaalde tydruimte in te pomp. Dit was juis hier waar die wortel van die kwaad geleë het. Die uitgangspunt was verkeerd. Die vraag moes nie gewees het hoeveel kennis binne die kortste tyd aan die leerling kon neegedoen word nie, maar wat nodig was om die kind tot nuttige mens en burger te vorm. „Opvoeding door onderwijs is dikwels niets, of minder dan niets als het niet de opvoeding van die gehele persoonlikheid is. Er is dus een gevaaarlike leente in enig stelsel van onderwijs, dat de edelmoedige verkleefdheid (lojaliteit) van die jeugt vergeet en verzuimt die te prikkelen en te leiden." <sup>5</sup>

Net soos in die Skotse stelsel is in dr. Muir se stelsel die primêre kursus baskou as voorbereiding vir die sekondêre skool en die sekondêre kursus weer as voorbereiding vir die universiteit. Hier is dus twee dinge verwarr wat prinsipiëel niks met mekaar te doen het nie. Elke primêre leerling deurloop nie die sekondêre kursus nie en elke sekondêre leerling beland nie op die universiteit nie. Daarom het „De Unie" reeds in 1905 gepleit vir 'n suiwer Afrikaanse stelsel, waardoor het karakter van ons volk ontwikkel wordt - een systeem, namelik, dat rekening houdt met het eigenaardige van het land en die eigenskappigheden van ons volk, - een systeem, dat ons volk leren zal 'zichzelf' te zijn en goed namaaksel van ingevoerde waren te worden, - een systeem dat voor ons natuurlik zal zijn in plaats van, zoals tans, een

---

5. Rapport van Onderwyskommissie 1910, saksie 24 (b), bls. 36.

vreemd, overzees entje dat op de zuidafrikaanse stam ingeënt,  
toch maar niet wil aarden, omdat, om een bybelse uitdrukking  
te gebruiken, niemand nieuwe wijn in oude leerzakken doet.<sup>6</sup>"

Die „Christian Express" het dr. Fuir en sy werk as Superintendent-Generaal van Onderwys by sy aftrede netjies opgesom met die woorde: „Where there has been difference of judgment is in respect of the content of education. The late S.G.E. stood for certain clear-cut educational principles, which, while they were in their entirety more popular ten years ago than they are today, will always command a great measure of recognition. It was the policy which gave the hard and fast curriculum of the 'humanities' to the Scots Universities and aimed at providing an ideal graded course of mental discipline, to which, at the stage for which it made provision, every young mind should in all points be subjected regardless of individual differentiating qualities, defects and idiosyncrasies or of local intellectual condition. The primary objective was almost purely mental development; and 'bread and butter' considerations naturally came little into view. In later years the swing of the pendulum has been away from these principles in the direction of closely adapting even elementary education to racial, local and individual conditions, but along that line, the S.G.E. did not appear called to any far-reaching initiative."<sup>7</sup>

---

6. Inleidingsartikel, De Unie, Augustus 1905.

7. Inleidingsartikel, Christian Express, Junie 1915.

Die uitgesproke verslag van die Onderwyskommissie van 1910 wat die stelsel van onderwys in Kaapland in oëlkou geneem het, het veel te sê gehad oor die uitwerking van die stelsel van dr. Huir. Baie van die kommentaar was ook ongunstig en dit het een van die inspekteurs, mnr. W.A. Russell, genoop om vir die Departement (en dus ook vir dr. Huir) in die bres te tree met 'n memorandum waarin hy die bewerings van die Kommissie probeer weerlê het. Betrekende die rapport in die algemeen het hy in sy memorandum gesê:

"Its treatment of the Education Department is marked by grave injustice. The impression it produces, directly by suggestion and indirectly by omission, is that the main effort of the last twenty years has been directed to improving the machinery of organisation and that the other work accomplished has been of comparatively little importance."<sup>8</sup> Hierdie bewering is nie heeltemal juis nie, want die Rapport van die Kommissie het waarderend uitgewy oor wat in die tydperk 1891 tot 1910 tot stand gebring is.

Mnr. Russell was egter die mening toegedaan dat die veroordeling van die hele onderwysstelsel deur die Kommissie te verre-gaande was en hy het die volgende opsomming van die vooruitgang wat in die twintigjarige tydperk plaasgevind het in sy memorandum opgestel:-<sup>9</sup>

(1) 'n Driejarige houtwerk-kursus is met sukses ingevoer as deel van die skoolkursus vir seuns;

8. Russell: Memorandum gedateer 30 Augustus 1912, gerig aan dr. Huir en herdruk in Onderwysrapport 1911.
9. Ibid.

- (2) Onderwys in wetenskappe het prakties en aanskoulik geword in plaas van teoreties;
- (3) Sang wat eers in 'n klein minderheid van skole as vak onderwys is, het 'n uitstaande kenmerk van die skoollewe geword en instrumentale musiek is bevorder en uitgebrei;
- (4) Die onderwys van naaldwerk is uitgebrei en verbeter en kookkuns en huishoudkunde is ingevoer;
- (5) Tekenonderwys is op 'n beter opvoedkundige en meer interessante voet geplaas;
- (6) 'n Goeie boekery is in elkeen van die permanente publieke skole gestig en ook in die groot meerderheid van die plattelandse skole;
- (7) Kindertuinonderwys is totaal verander en die kindertuinafdeling is erken as 'n aparte en belangrike deel van die skoolwerksaamhede;
- (8) 'n Nuwe tipe van skool - die Industrieskool - is in die skoolstelsel ingevoer;
- (9) Liggaamsoefening is in al die groot meisieskole verbeter.

Die lys van mnr. Russell was egter nie volledig wat betrek die vooruitgang van die vorige twintig jaar nie. Geen melding is gemaak van die verbetering in die opleiding van onderwysers, die stigting van opleidingskolleges, die stigting van die Mynskool op Kimberley en die werk van dr. Muir in ver-

band met die nasionalisasie van skooleiendomme nie. Geen melding is ook in die memorandum gemaak van die totstandkoming van skoolrade - seker een van die uitstaande kenmerke van dr. Muir se hervormingswerk.

Oor die gebreke in die stelsel van onderwys het die Kommissie van 1910 darem ook nie geswyg nie. Die verslag het die volgende waarskuwing van dr. Dale teen die heersende mening aangehaal dat die onderwys niks anders is as 'n werktuig in die taak van die lewe nie: "Zulk een doel moet nie voorbijgezien worden; maar als dit een groot land zal zijn, zal zijn grootheid opgebouwd moeten worden op de morele en godsdienstige opleiding van zijn zonen: de staatsman, de handelaar, de vakman, allen inderdaad, die er naar streven mannen te zijn van verlichting en leiding - moeten iets meer hebben dan het werktuigelik gebruik van hun verstandelike vermogens. Ook onze vrouwen, vooral in verband met het inrichten van huishoudingen, hebben de eigenschappen nodig, die niet de vrucht zijn van boeke-onderricht maar van goede invloeden. Zedelike standvastigheid, waarheidsliefde, gehoorzaamheid, eerbied en plichtsgevoel schieten zeer te kort; als wij de jongelieden in deze zaken konden opleiden en de geestvermogens zich door een leidend oordeel lieten besturen, hetzij natuurlik of aangeleerd, dan kon de Kolonie vertrouwen stellen in <sup>10</sup> de eerlike en nauwgezette ijver van het jongere geslacht." Dit is 'n waarskuwing wat aan die einde van dr. Muir se bestuur, byna

10. Onderwysrapport 1891, par. 54 en 55.

vyf-en-twintig jaar na dit geuiter is, nie onvanpas was nie.

"Wat nodig is," het die Kommissie opgemerk, "en wat dit land na onse mening moet trachten te doen, is zodanig onderwijs te geven, dat het verstand van die kinderen zal ontwikkelen, hun nieuwsgierigheid zal gaande maken, de betekenis van woorden zal leren, en van de wereld rondom hen, en in hun harten de ideaal en inprenten die hun gids zullen zijn door het leven."<sup>11</sup> Dic Kommissie het sy besorgdheid uitgespreek oor die gebrek aan onafhanklik lees en dink wat daar by die gemiddelde leerling in die Kolonie bestaan het. "Wij moeten zeggen," het die rapport gelui, "dat de indruk door het getuigenis als een geheel op ons gemaakt, is dat de zaken in dit opzicht volstrekt niet bevredigend staan en dat wij er tot heden toe niet geslaagd zijn liefde voor kennis op te wekken, het instinkt voor lezen en de gewoonte van onafhankelik denken en onderzoek."<sup>12</sup>

Die redes vir hierdie toestand het die Kommissie toegeskrywe aan die neiging om dic swaartepunt te lê in die mekaniese liewer as die vormende vakke, in spel liewer as in lees, in lees liewer as verstaan, in kennis liewer as in smaak, in reken liewer as in natuurstudie. "Dit is ongetwijfeld een natuurlike neiging, want de geest te vormen eist veel groter krachtsinspanning dan hem te oefenen voor het uitvoeren van mechaniese vaardigheid, maar om deze reden is ook een tegenwicht nodig, ter-

11. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 18.

12. Ibid., bls. 40.

wijl we zullen moeten verklaren, dat ons systeem van vaststelling van een ijzerstenen leerplan en de regeling, dat hoofdelike inspektie bij kinderen door de inspekteurs, de enige methode is om waarde toe te kennen aan het werk van die school, deze neiging krachtig ondersteunt."<sup>13</sup>

Die gedeeltelike veroordeling van dr. Muir en sy werk deur die Onderwyskommissie het tot 'n krisis in sy lewe geleid. Die minder gunstige bevindings van die Kommissie het dr. Muir as 'n persoonlike affront beskou. Dit, tesame met die feit dat hy, na die veranderings wat noodsaaklikerwys in die Departement van Onderwys moes plaasvind as gevolg van die nuwe regeringsvorm in 1910, nie langer so tuis in sy amp gevoel het nie, het hom ernstig laat oorweeg om sy bedanking in te dien. In 'n brief aan mnr. J.W. Jagger, een van die lede van die Kommissie, het dr. Muir op hierdie tydstip geskrywe: "Twenty of the best years of my life I have given to South African education; and, knowing thoroughly what it was, what it is, and how much more I could have made of it, I am content to let my labours wait for the judgment of calmer and more enlightened times." Van Kommissies en Gekose Komitees het hy gesê: "I have as little doubt of their gross unfairness when used as political weapons or as a means of gratifying personal ambition at the expense of public servants whose lips are closed and whose hands are tied. It is, however,

---

13. Rapport van Onderwyskommissie 1910, bls. 41.

14. Dit verwys na prof. Fremantle.

a good test of manhood to stand by in silence and be bespat-  
tered by so much that is untruthful and incompetent."<sup>15</sup> In 'n  
verdere brief aan sir. Thos. Smartt, sê dr. Muir: "The offend-  
siveness continues: and I now see that the moment considered  
to be psychological was that of the publication of the Fre-  
mantle Report. This is evidently to be used to the full. Its  
tainted source and its evil purpose are to be kept in the back-  
ground, the Cape Times and other Progressive newspapers aiding  
and abetting: and de Waal is to have his opportunity as a  
skilled educationist if nobody else can be got."<sup>16</sup> Dit was  
alleen deur die persoonlike bemiddeling van Smartt en Jagger  
dat dr. Muir van voorneme verander het en besluit het om on-  
<sup>17</sup>  
danks sy persoonlike gevoelens maar sy pos te behou.

Soos in die geval van alle publieke manne en veral een  
wat aan die hoof gestaan het van 'n departement wat in so 'n  
noue aanraking gekom het met elke deel van die gemeenskap soos  
die Departement van Onderwys, kan verwag word dat dr. Muir ge-  
durig blootgestel was aan kritiek. Die voorafgaande hoofstuk-  
ke bevat voldoende voorbeeld van die onophoudelike aanvalle  
wat dwarsdeur sy dienstyd op hom gedoen is. Dat hy miskien  
te onbuigsaam in sy houding, te outokraties in sy optrede en

- 
15. Brief van Muir aan Jagger, gedateer 8 Desember 1911. Afskrif in Muir-versameling, Openbare Bibliotheek, Kaapstad.
  16. Brief van Muir aan Smartt, gedateer 21 Mei 1912. Afskrif in Muir-versameling.
  17. Vgl. memorandum van Muir, Mei 1912, oor hierdie saak en ook brief aan Muir van Smartt, gedateer 23 Mei 1912. (Muir-versameling).

te streng in die toepassing van reëls en regulasies was, val nie te ontken nie. Dit was ook hierdie eienskappe van die man wat die meeste aanleiding gegee het tot die gedurige kritiek waaraan dr. Muir se bestuur onderwerp is. In baie gevalle was die kritiek dan ook pure vittery wat uit onkunde en ongemotiveerde vooroordeel gespruit het. Aan die ander kant was dr. Muir verantwoordelik vir dinge wat skerp veroordeel moet word. In hierdie verband moet veral die onsimpatieke houding teenoor die Hollandse taal en teenoor die ouer deel van die bevolking van Kaapland genoem word. Daarom was dit ook dat die skerpste kritiek gekom het van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking.

Dit sal nie onvanpas wees om 'n treffende karakterskets van dr. Muir afkomstig uit Oudtshoorn aan te haal nie. "Daar zat hij," het die redakteur van "Het Zuid-Westen" geskrywe, "voor aller oog ten toon gesteld, maar dood bedaard, kalm, met ferme dunne lippen, die duidelijk zeiden dat hij geen mens vreesde. Er zweefde ook heel wat humor op zijn gelaat. Een sterk karakter is onze S.G.O., daar valt niet aan te twijfelen. De vraag is slechts: of hij zich niet te sterk acht? Of hij niet te veel op eigen oordeel bouwt? Of hij zich niet al te onfeilbaar denkt? Of hij genoeg rekening houdt met de bevolking des lands, de omstandigheden van de Kolonie en de opinies van anderen die ook wat van onderwijszaken afweten? Onzes inziens is hij niet genoeg op de hoogte van wat er in de gedachten der meerderheid der inwoners van ons land omgaat; vandaar dat hij dan vaak misslaat. Dat hij

het echter wel meent met zijn taak en eerlijk en gemoedelijk tracht te handelen, betwijfelen wij geen oogenblik. Consientie en brein ontbreken hem niet; hart en verbeeldingskracht wel. Zulk een man kan veel goeds, maar ook veel kwaads doen... Hij volgt zijn eigen oordeel door dik en dun en laat zich door geene moeilikheden afschrikken - een doordrijvende, hardnek-kige man, als Christiaan de Wet bijvoorbeeld - en als hij den rechte koers vat, is het kostelijk voor ons land, maar als hij soms verkeerd loopt, hoe dan? A! daar ligt juist de knoop.<sup>18</sup>"

In baie opsigte is bostaande geen onbillike opsomming van dr. Muir as man en Superintendent-Generaal van Onderwys nie.

Afgesien van dr. Muir se tekortkominge as opvoedkundige teoretikus, moet aan hom die grootste lof toegeswaai word vir sy ander hoedanighede. 'n Mens kan nie sy loopbaan as Superintendent-Generaal beskou nie sonder om getref te wees deur die helder insig waarmee hy dadelik by sy indienstreding die toestand van sake ingesien het. Die geduld, deeglikheid en onvermoeide ywer waarmee hy stap vir stap alles deurgevoer het wat volgens sy mening in die onderwys hier te lande kortgeskiet het of gebreklig was, dwing elkeen se bewondering af.

"Elke onpartydige denker moet erken dat sir Thomas Muir met buitengewone ywer en bekwaamheid en met doelbewuste getrouwheid al sy aandag, al sy talente aan die moeilike taak wat hom opgelê was, gewy het. Uit wat betreklik chaos was, het

---

18. Inleidingsartikel, Het Zuid-Westen, 31 Maart 1903.

hy orde geskep en so na aan die bereiking van sy doel gekom as  
 wat menslik moontlik was.<sup>19</sup>" Dit is geen onverdiende lof nie. Muir was volhardend en deeglik in alles en van vriend en vyand het hy die grootste eerbied vir sy persoonlike hoedanighede afgedwing. Hy was 'n merkwaardige persoonlikheid en 'n mens kan nie anders as verbaas staan oor die durf en moed wat hy aan die dag gelê het om op die gevorderde leeftyd wat hy na Suid-Afrika gekom het sy pligte met soveel ywer en deursettingsvermoë te kon vervul. Daarby het hy in soveel ander kulturele rigtings belang gestel en ook nog tyd gekry om sy wetenskaplike werk voort te sit.

Dit is veral as uitmuntende organiseerder van die onderwysstelsel in Kaapland dat aan dr. Muir 'n hoë ereplaas in die annale van die onderwys sal toegestaan word. "The most conspicuous service of all," het die "Cape Argus" in 1915 gesê, "consists in the fact that he has provided the machinery which was required to render possible an immensely greater advance in the near future if the work which has been done so well is permitted to proceed unchecked."<sup>20</sup> Die masjinerie wat dr. Muir geskep het, staan vandag nog en sal waarskynlik tot in die verre toekoms as monument tot die organiserende bekwaamheid en administratiewe vernuf van sy geniale gees bly staan. In die voorafgaande hoofstukke is voldoende bewyse gelewer van die bekwaamheid en getrouheid waar-

19. C. Hofmeyr: op. cit.

20. Inleidingsartikel, A Retrospect, Cape Argus, 14 Oktober 1910.

mee Thomas Muir sy opgelegde taak vervul het. Behalwe die departementele organisasie moet sy werk in verband met die opleiding en verbetering van die status van onderwysers, en die nasionalisering van skoolgeboue onder sy vernaamste prestasies gereken word. 'n Verdere saak waarvoor dr. Muir groot lof en waardering verdien, is sy belangstelling in die armer deel van die bevolking. Die daarstelling van middels waardeur vanaf 1893 onderwys teen baie geringe koste aan die versonke deel van die blanke gemeenskap kon gebring word, is 'n saak waarvoor Muir nooit genoeg kan geprys word nie. Hy moet ook alle eer ontvang vir sy werk in verband met die skeiding van blank en gekleurd in die sendingskole. Die vermenging van die twee rasse in die skole wat teen 1892 sulke groot afmetings geneem het, was 'n euwel wat dr. Muir op takvolle wyse bestry het deur die stigting van Blanke Sendingskole moontlik te maak. Die stigting van Industrieskole moet ingelyks beskou word as 'n waardvolle bydrae ter bestryding van die armlanke-vraagstuk. Dwarsdeur sy loopbaan as Superintendent-Generaal van Onderwys het dr. Muir getoon dat hy 'n vriend was van die armes sowel as die rykes en dat dit by hom 'n saak was van die verspreiding van onderwys onder alle dele van die blanke bevolking. Die agste, en daarby die suksesvolste poging om 'n onderwysstelsel in Kaapland in te voer, staan op die naam van Thomas Muir - 'n naam wat saam met die van de Mist en Herschel eervol vermeld sal staan in die geskiedenis van onderwys in ons land.

Afskeid.

In 1915 het die Unie-regering 'n versoek aan die Provinciale Administrasie gerig om weens oorweging van besuiniging alle senior amptenare wat alreeds pensioenouderdom bereik het, op die pensioenlys te plaas. Die Groot-Oorlog van 1914-18 was toe aan die gang en die land het gebuk gegaan onder aansienlike oorlogsuitgawes. Dr. Muir, wat reeds die ouderdom van 70 jaar bereik het, het onder die bepalings van die besluit gevval en op 30 Junie 1915 het hy dus sy dienste as Superintendent-Generaal van Onderwys van Kaapland neergeleê. Sy gedwonge aftrede het talle van proteste uitgelok veral van Engelse dagblaaie en tydskrifte. 'n Agitasie wat sedert jare in die Engelse pers gevoer is, en waaraan selfs die S.A.T.A. deelgeneem het, oor die uitbly van 'n koninklike eerbewys aan die Superintendent-Generaal is ook bevredig deurdat dr. Muir kort voor sy aftrede tot ridder geslaan is. Koerante en skoolrade dwarsdeur die Kaap-Provinsie het gewedywer in hul loftuitinge op die aftredende Superintendent-Generaal. Hieraan kon die Afrikaner-pers egter nie meedoen nie. Dr. Muir se laakkbare en, volgens 'n groot deel van die bevolking, minagtende behandeling van die Hollandse taal het juis op hierdie tydstip die gevoelens hoog laat loop en daar is gevoel dat daar nie aan die heldeverering kon deelgeneem word nie. "De Unie" het die "lakeiengeest" onder die skoolrade diep betreur en die oortuiging uitgespreek dat "wie in ons land voor Hollands en Vaderlands geskiedenis ijvert zal de aftredende S.G.O. geen enkele traan na-

21

wenen."<sup>21</sup> Op heel besadigde dog waarderende wyse het die kongres van die S.A.O.U. in 1915 vir dr. Muir gelukgewens met die onderskeiding wat hom te beurt gevall het en daarby gevoeg: "En hoewel de aftredende S.G.O. en de Z.A.O.U. niet dezelfde zienswijze hebben kunnen delen, spreekt dit Kongres nochtans zijn waardering uit van de vele diensten door Sir Thomas Muir aan het onderwijs in de Kaap Provincie bewezen, vooral met betrekking tot het organiseren van het onderwijsstelsel en het ver-<sup>22</sup>  
beteren van de status van de onderwijzer."<sup>23</sup>

23

Namens die Nederduits-Gereformeerde Kerk het „P.G.J.M." in „De Kerkbode" ook die „ongevraagde dankbetuiging" uit Afrikaanssprekende distrikte afgekeur en die mening uitgespreek: „Ik weet niet of men, getrouw aan de Nederduits Gereformeerde Kerk, onvoorwaardelijk en ongeveinsd de diensten van Dr. Muir roemen kan."<sup>24</sup> Met hierdie wanklank het dr. Muir dus die tuig neergelê. Op 'n groot dinee wat die Burghmeester van Kaapstad ter ere van die aftredende Superintendent-Generaal aangebied het, is dit treffend dat daar geen enkele Afrikaanssprekende onder die lys van gaste voorgekom  
25  
het nie.

Nog byna twintig jaar na sy aftrede het sir Thomas Muir 'n lewe van stille rus en arbeid geniet. Sy geestesgawes het

21. In die uitgawe van Augustus 1915.

22. Inleidingsartikel, De Unie, Julie 1915.

23. Ds. P.G.J. Meiring.

24. De Kerkbode, 24 Junie 1915.

25. Sien verslag van verrigtings in Cape Times, 10 Junie 1915.

tot sy dood toe ongeskonde gebly. Selfs sy gehoor en gesig het feitlik onaangetas deur sy hoë ouerdom gebly. Dit het hom dus in staat gestel om sy wetenskaplike werk voort te sit. Sy laaste jare is hoofsaaklik gewy aan die indeksering van sy uitgebreide matesisbiblioteek. Terwyl hy nog met hierdie werk besig was, het die einde gekom. Na 'n kort siekbed van tien dae het sir Thomas Muir in die geseënde ouerdom van byna neëntig jaar op 21 Maart 1934 die tydelike met die ewige verwissel.

---

— — — — —

AANHANGSEL A.

(Die volgende tabelle is opgestel  
uit die wette en regulasies be-  
treffende regeringstoelae betaal-  
baar aan skole vanaf 1865 tot 1915)

TABEL I.

Tabel aantonende maksimum jaarlikse regeringstoelae ter ondersteuning van onderwysersalarisse betaal vanaf 1865 tot aftrede van dr. Muir in 1915.

ONSEKTARISE PUBLIEKE SKOLE.

		Jaar	van	Regulasie			
		1865	1874	1877	1882	1897	1905
<u>1ste Klas-skole.</u>							
Seuns- en gemengde skole van die hoër graad	{ Prinsipaal <sup>1</sup> Vise-prinsipaal Assistent	£125 £75 ...	... ... £75	... ... ...	£200 £150 £100	£200 £150 £125	£300 £225 £175
Seuns- en gemengde skole van die hoër graad	{ Prinsipaal <sup>1</sup> Assistent	...	...	...	£150 £100	...	...
Meisie- skole	{ Prinsipale Vise-prinsipale Assistente	£50 ...	...	£75 ...	£100 £75 £60	£120 £90 £75	£180 £140 £120
<u>2de Klas-skole.</u>							
Gemengde en Seuns- skole	{ Prinsipaal <sup>1</sup> Vise-prinsipaal Assistent	£75 ...	...	...	£100 £60 £60	£150 £100 £75	£225 £150 £100
Meisie- skole	{ Prinsipale <sup>1</sup> Assistente	£30 ...	...	£50 £30	£60 £30	...	...
<u>3de Klas-skole.</u>							
	Prinsipaal <sup>2</sup>	£30	...	...	£60	£100	£100
	Assistent(e)	...	£15	...	£30	£60	£60

1. Met vry woning of 'n toelaag in plaas daarvan.
2. Met vry woning.

TABEL II.

Maksimum jaarlikse regeringstoelae ter ondersteuning van salarisse van onderwysers betaal vanaf 1884 tot aftrede van dr. Muir in 1915.

PRIVATE PLAASSKOLE.

Hoofdelike toelaag per kind	Jaar van Regulasie				
	1884	1891	1893	1897	1905
Onder gesertifi- seerde onderwyser	£2. 0.0.	£3. 0.0.	£3. 0.0.	...	£4. 10.0.
Onder ongesertifi- seerde onderwyser	£1. 0.0.	£2. 0.0.	£2. 0.0.	...	£3. 10.0.
Vir slaag in 1ste Standerd	5.0.	...	5.0.	10.0.	...
Vir slaag in 2de Standerd	10.0.	...	10.0.	15.0.	...
Vir slaag in 3de Standerd	15.0.	...	15.0.	£1.0.0.	...
Vir slaag in 4de Standerd	£1. 0.0.	...	£1. 0.0.	£1.5.0.	...
Vir slaag in 5de Standerd	£1. 5.0. 2	...	£1. 5.0.	£1.5.0. 2	...
Maksimum toelaag	£30	£30	...	£40	£60

1. Jaar van stigting van Private Plaasskole.
2. Losiestoelaag inbegrepe.
3. Losiestoelaag nie inbegrepe nie.

TABEL III.

Tabel aantonende maksimum jaarlikse regeringstoelae ter ondersteuning van onderwysersalarisse betaal vanaf 1873 tot aftrede van dr. Muir in 1915.

DISTRIKSKOSSKOLE EN ARMSKOLE.

		Jaar van Regulasie				
		1 1873	1877	1893	1897	1905
<u>Distrikskoskole.</u>						
Seuns	( Prinsipaal	£100	...	...	£100	...
	( Assistent	£50	...	...	£60	...
	( Industriële Dept.	£50	£50	...	...	...
	( Hoofdelike losies-toelaag	£6	...	£12 <sup>4</sup>	...	£18 <sup>4</sup>
Meisies	( Prinsipale	£50	...	...	...	...
	( Assistente	£30	...	...	...	...
	( Industriële Dept.	£10	£50	...	...	...
	( Hoofdelike losies-toelaag.	£6	...	£12 <sup>4</sup>	...	£18 <sup>4</sup>
<u>Armskole.</u>						
<u>Minimum bywoning 12.</u>						
Gesertifiseerde onderwyser	3	...	...	£60	...	£80
	3	...	...	£48	...	£64
<u>Minimum bywoning 24.</u>						
Gesertifiseerde onderwyser	3	...	...	£80	...	£110
	3	...	...	£60	...	£80

1. Jaar van stigting van Distrikskoskole.
2. Jaar van stigting van Armskole.
3. Met inbegrip van kos en inwoning.
4. Toelaag geldig in enige goedgekeurde kosinrigting.

TABEL IV.

Tabel aantonende maksimum jaarlikse regeringstoelae vanaf 1865 tot aftrede van dr. Muir in 1915.

SENDING- EN INBOORLINGSKOLE, (Range B en C).

	Jaar van Regulasie.			
	1865	1877	1897	1905
<u>Sendingskole.</u>				
B.1	£75	...	...	...
B.2	£30	...	...	...
B.3	£15	...	...	...
Wanneer bywoning bo 100 styg (ekstra).	...	...	£ vir £.Maks. £40 vir elke 100 kinders	...
Prinsipaal	...	...	...	£75
Assistent	...	...	...	£45
<u>Inboorlingskole.</u>				
C.1 { 1ste onderwyser	£100	...	...	...
{ Assistent	£40	...	...	...
{ Naaldwerksuper- (intendente	£10	...	...	...
C.2 { Onderwyser	£40	...	...	...
{ Naaldwerksuper- (intendente	£10	...	...	...
C.3 Onderwyser	£20	...	...	...
Vakleerling (Seun)	£15	...	...	...
Vakleerling (Meisie)	£10	...	...	...
Losiestoelaag per kind	£10-£12	Ekstra £120	...	...
Ambagsvakonderwyser	...	Ekstra £30	...	...
Gereedskapstoelaag	...	Ekstra £50	...	...
Industriële toelaag	...	...	...	...
<u>Opleidingsinrigtings.</u>				
Prinsipaal	...	...	...	£200
Gesert. blanke assistent	...	...	...	£150

N.B. Die regulasies van 1905 het bepaal dat alle toelae in verband met Sendingskole plaaslik aangevul moes word met 10/- vir elke £1 van die toelae. In die geval van Naturelle-opleidingsinrigtings het alle toelae op £ vir £ beginsel geskied.

1. Op voorwaarde dat die onmiddellik voorafgaande twee toelae nie alreeds betaal word nie.

TABEL V.

Maksimum jaarlikse regeringstoelae ter ondersteuning van salarisse van onderwysers van spesiale vakke en skole vanaf 1882 tot aftrede van dr. Muir in 1915.

	Jaar van Regulasie	1882	1893	1905
Tekenonderwyser	£50		Ekstra 2/6 per kind	...
Musiekonderwyser	£50		Ekstra 2/6 per kind	...
Onderwyser vir Hollands	Net soos vir assis- tent in be- trokke skool		...	...
Naaldwerk	...		2/6 per kind	...
Liggaamskultuur	...		2/6 per kind	...
Handwerk	...		£50	...
Aandskole	...		1/3 van dag- skooltoelaag	...
Ambagskole	...		Net soos vir Naturelleskole	...
Blanke Sendingskole	...		Net soos vir 3de klasskole	...
Skole vir Afwykendes	...		...	Net soos vir onsek tarise publieke skole

BIBLIOGRAFIE.

## A.

- Beauclerk, R. de V.: Educational Reform, (65 p.) Kaapstad, 1908.
- Beyers, M.S.M.: Onderwys in die Kaap-Kolonie gedurende die eerste sewe jaar van die Bestuur van Dr. Thomas Muir as S.G.O., 1892-1899. (Ongepubliseerde tesis vir Graad M.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch, 1935.
- Brill, J.: The Teaching of the Dutch Language in South Africa. (42 p.) Londen, 1904.
- Cillie, G.G.: Onderwys aan die Kaap. (Populair Wetenskaplike Leesboek, Deel II, Kaapstad, 1919.)
- Clarke, W.E.C. en ander: Papers on Cape Education read before the British Association. (32 p.) Kaapstad, 1905.
- Coetzee, J.C.: Die Moderne Opvoeding. Pretoria, 1939.
- Coles, E.E.: The Land, the People and the Schools of South Africa. (Herdruk uit die Quarterly Journal of the University of North Dakota, Deel VII, no. 4, Julie 1917.
- Cruse, H.P.: Geskiedkundige Oorsig van Kleurlingonderwys. (Herdruk uit Verslag van Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, 1937, Bylaag 48.)
- Cuthbert, J.R.: Educational Progress of South Africa. (19 p.) Kaapstad, 1911.
- Dale, Langham: Parting Words to Teachers. An Address. 1892.
- Donaldson, S.A.: Education in South Africa - our Opportunity and our Duty. (In East and West, bls. 390 - 401, Oktober 1903.)
- Duffett, P.S.: The Administration of Education in the Cape. (Herdruk in Educational News of South Africa, Julie 1937.)
- Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland, 1652 - 1939. Pretoria, 1940.

- Du Toit, P.S.: Figure in die Kaapse Onderwysdepartement. (In Suid-Afrika, 1939-1940, Geillustreerde Jaarboek onder beskerming van die V.L.V.)
- Eybers, E.: Hoofstukke uit die Geskiedenis van Opvoeding en Onderwys in Suid-Afrika. (In Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Mei 1925 en April 1927.)
- Francken, J.L.M.: Huisonderwys aan die Kaap, 1692-1732. (Annale Universiteit van Stellenbosch, Julie 1934.)
- Fuller, T. E.: Cecil John Rhodes. Londen, 1910.
- Golightly, T.S.: Reminiscences of a South African School Inspector. Kaapstad, 1923.
- Griffiths, A.E.: Some Objectives in South African Education. (13 p.) Kaapstad, 1911.
- Henchman, L.K.: Education within the Cape Colony. (8 p.) Cradock, 1899.
- Henchman, L.K.: Our Education Problem and how to solve it. (16 p.) Cradock, 1904.
- Hofmeyr, C.: 'n Oud-skoolinspekteur kyk terug. (In Die Huisgenoot, 4 Januarie 1935, 1 Februarie 1935, en 8 Maart 1935.)
- Hofmeyr, J.H.: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr. Kaapstad, 1913.
- Hoge, J.: Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de Eeu. (Annale Universiteit van Stellenbosch, Julie 1934.)
- Hughes, J.L. & Klemm: Progress of Education in the Century, Hoofstuk XIII. Londen, 1907.
- Jones, T.J.: Education in Africa. New York, 1922.
- Joubert, E.: Rise and Progress of the S.A.T.A. Kaapstad, 1932.
- Kamp, J.: De School behoort aan de Ouders. Potchefstroom, 1912.
- Kellermann, J.E.: Die Geskiedenis van die Opleiding van Blanke Onderwysers in Suid-Afrika, 1652-1936. (Ongepubliseerde proefskrif vir Graad D.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch, 1936.)

Kidd, A.S.: Higher Education in Cape Colony, 1874-1910. (48 p.)  
Grahamstad, 1910.

Kipps, G.B.: Handbook of Report of Education Commission 1912.  
Kaapstad, 1912.

Knothe, G.: Kijkjes in de Ontwikkelings Geschiedenis van ons Hoger Onderwijs. (In Jaarboek van de Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, No. IV, 1913,  
Hoofstuk XI.

Kolbe, F.C.: Educational Needs. (In Catholic Magazine, Mei 1908.

Malherbe, E.G.: Ontwikkeling van Onderwys in Suid-Afrika. (In Het Zoeklicht, September en Desember 1924.)

Malherbe, E.G.: Die Geskiedenis en Ideale van ons Inspeksiestelsel. (In De Unie, Maart 1920.)

Malherbe, E.G.: Education in South Africa 1652-1922. Kaapstad, 1925.

Mansvelt, N.: Het Onderwijs in Zuid Afrika. (58 p.) Amsterdam, 1902.

Marais, J.I.: Opvoeding en Onderwijs: Een Terugblik, 1837-1897.  
(In Gereformeerde Maandblad, 1897.)

Martinius, M.E. (mev. McKerron): A Sketch of the Development of Rural Education in the Cape Colony, 1652-1910.  
Grahamstad, 1922.

McKerron, M.E.: A History of Education in South Africa, 1652-1932. Pretoria, 1934.

Metrovitch, F.C.: The Development of Higher Education in South Africa, 1873-1927. Kaapstad, 1929.

Meiring, P.G.J.: Aftrede van Dr. Muir. (In De Kerkbode, 24 Junie 1915.

Muir, Thos.: Addresses so Called. (Manuskrip in Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.)

Muir, Thos.: University Addresses. (Manuskrip in Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.)

- Muir, Thos.: Newspaper Cuttings, etc. bearing on the Life and Work of Thomas Muir. (Drie dele.) Muir-versameling, Openbare Biblioteek, Kaapstad.)
- Murcott, H.C.: The History and Development of the Matriculation Examination in South Africa. (Ongepubliseerde tesis vir Graad M.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch, 1938.
- Pells, E.G.: The Story of Education in South Africa, 1652-1938. Kaapstad, 1938.
- Ritchie, W.: The History of the South African College. (Twee dele.) Kaapstad, 1918.
- Roman, F.W.: The New Education in Europe. Londen, 1923.
- Russell, A.F.: The School Board Act, No. 35 of 1905. Geredigeer met aantekeninge. Kaapstad, 1906.
- Stucki, M.J.: Die Skool op Blaauwvallei en my Werk Aldaar. (154 p.) Stellenbosch, 1935.
- Theal, G.McC.: Geschiedenis van Zuid Afrika. Kaapstad, 1910.
- Venter, E.L.J.: Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika. Amsterdam, 1929.
- Victoria-kollege, Gedenkboek. 1918.
- Walker, E.A.: Lord de Villiers and his Times 1842-1914. Londen, 1925.
- Walker, T.: Notes on the History and State of Education in Cape Colony. (In Science in South Africa, bls. 448-456. Kaapstad, 1905.)
- White, B.: The Language Question. (44 p.) Bloemfontein, 1926.

## B.

Tydskrifte en Koerante:

- Cape of Good Hope Teachers' Annual, 1898-1899, 1900, 1903, 1904.
- De Unie, 1905-1916.

- Educational News of South Africa, 1890-1916.
- South African Education Yearbook, 1906.
- South African Educator, 1896-1903.
- Cape Argus, 1890-1915.
- Cape Times, 1890-1915.
- De Volksbode, 1890-1896.
- De Zuid Afrikaan, 1890-1895. (Later verenig met Ons Land.)
- De Burger, 1915.
- Ons Land, 1895-1915.
- South African News, 1890-1910.

C.

Rapporte oor die Onderwys.

Jaarrapporte van die Superintendent-Generaal van Onderwys van Kaapland, 1890-1916.

Jaarrapporte van Skoolinspekteurs, 1895-1915.

Rapporte en Kaarte oor Oopoedkundige Opmeting, 1893-1899.

Preliminary Report on the State of Education in the Colony of the Cape of Good Hope, by Donald Ross, M.A., F.R.S.E., 1883.

Board of Education: Special Reports on Educational Subjects, Deel V. Londen, 1901.

Report of Education Commission, 1863.

Report of Education Commission, 1879.

Report of Education Commission, 1891. (Drie dele.)

Rapport van Onderwyshommissie, 1912.

Rapport van Kommissie oor Salarisse van Onderwysers, 1914.

Rapport van Kommissie oor Hollandse Taal, 1917.

Rapporte van Gekose Komitees:

Oor Landbouskole, 1894.

Oor Pensioene, 1895.

Oor Tegniese Onderwys en Landbou, 1895.

Oor Onderwyserspensioene-wetsontwerp, Skoolradewetsontwerp en Bywoningsradewetsontwerp, 1896.

Oor Onderwyssake, 1896.

Oor Industrieskole, 1896.

Oor Skoolgeboue, 1898.

Oor Landbouskole, 1898.

Oor die Bestuur van Sekere Eerste- en Tweedeklasskole, 1900.

Oor Skoolrade en Onderwysers, 1902.

Oor die Hollandse Taal, 1906.

Oor die Opleiding van Hoërgraad-onderwysers, Inspektors en Eksamens, 1906.

Oor Skoolrade, 1906.

Oor Onderwyssake, 1907.

Oor Onderwyswetgewing, 1908.

Oor Naturelle-onderwys, 1908.

Oor Taal (Unie-regring), 1911.

Oor Onderwyssake (Provinsiale Raad), 1912.

Ander Amptelike Uitgawes:

Debatte van die Kaapse Wetgewende Raad, 1890-1910.

Debatte van die Kaapse Wetgewende Vergadering. (Hansard.)  
1890-1910.

Debatte van die Unie-volksraad, 1910-1912.

Education Act of 1865 and Regulations promulgated thereunder, together with additional related Legislation and all Regulations that have appeared in reference to Education since the passing of Act No. 13 of 1865. (G.97-1904)

Education Acts and Regulations framed thereunder. (Compiled by Sir Henry Juta.) 1898.

Education Manual, 1895.

Notule van die Wetgewende Raad, 1890-1910.

Notule van die Wetgewende Vergadering, 1890-1910.

Onderwys-gaset, 1901-1915.

Pamflette van die Kaapse Departement van Onderwys.

Placaats, Resolutions, Proclamations, Government Advertisements, Minutes, etc. on Education from 1676-1861. (Bylaag V by Report of Education Commission 1863.)

Provinsiale Koerant, 1910-1915.

Staatskoerant, 1890-1910.

---